UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VAN CALVYN NA ZWINGLI: DIE VRAAGSTUK VAN DIE KINDERNAGMAAL IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.

Deur Petrus Johannes Kriel

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die graad
Magister Artium (Teologie)

In die fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria.

Studieleier: Prof. C.J. Wethmar

Junie 2004

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DANKWOORD.

Graag betuig ek my dank aan prof. C.J. Wethmar vir die akademiese vryheid en die wyse leiding wat hierdie studie moontlik gemaak het, vir die finansiële ondersteuning van my ouers Jan en Vera Kriel en die geloofskeuse van die Nederduitse Gereformeerde kerkraad en gemeente van Levubu om die Gereformeerde nagmaalsoortuiging en nagmaalsbeoefening in stand te hou wat my as leraar gehelp het om hierdie bydrae tot die besinning oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk se bediening van die nagmaal aan kinders te kon maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

**From Calvin to Zwingli: The questionnaire regarding the children-communion within the Dutch Reformed Church**

The so-called "simple" confession through which children should qualify in order for them to participate in communion within the framework of the Dutch Reformed Church, originates from the Zwinglian confession concerning the presence of the Lord in communion.

What the Dutch Reformed Church presents as the new exegetical insights within the scripture references regarding the communion, as well as a new Biblical theology on behalf of the participation in communion by children, is the ancient exegetical insights of Zwingli, as well as the ancient known theology of Zwingli concerning the presence of the Lord within communion.

By allowing children, with a so-called "simple" testimony, to the communion, the Dutch Reformed Church rejected the concept regarding the communion in its own confessions, in favour of the Zwinglian concept regarding the communion, which is expressly rejected in the confessions of the Dutch Reformed Church.

The Dutch Reformed Church currently practices and teaches the concept regarding the communion according to Zwingli, under the firm conviction that this is the Reformed conviction regarding the communion, with only a new application on behalf of the children.

Within the decision of the Dutch reformed Church to allow children by way of a so-called simple confession to participate in communion, another decision was intrinsically included: the decision regarding who the present Lord Jesus within the communion would be.

This decision regarding who the present Lord Jesus within the communion would be, was the discerning and determining question regarding both the content, as well as the ministry of the communion for amongst others, Calvin.

Calvin's reaction as reply to this was that all of us do obtain, in and through the communion, part in the present human-being of Jesus Christ. Through and due to this, the concept regarding the communion according to the teaching of Calvin is to be discerned from thàt of Zwingli.

The Dutch Reformed Church has accepted in their faith creeds the confession pertaining to who the present Lord Jesus in the communion is, according to which they clearly rejected the concept regarding the communion according to the doctrines, which Zwingli supports.

The Dutch Reformed Church has not yet justified himself in the decision regarding the present human-being of the Lord Jesus Christ within the communion.

The children-communion caused the participation of the believer on behalf of the present human-being of the Lord Jesus Christ within the communion to be lost, being part of the faith experience of the communion.

In the place of the present human-being of the Lord Jesus the Dutch Reformed Church chose for the participation of the believer on the social and religious fellowship of the congregation.

The fellowship of the covenantal family, as well as the cell-groups, has replaced the faithful fellowship with the present human-being of the Lord Jesus Christ in the communion.

Without the repositioning of the concept of Calvin and the Reformed Churches regarding the communion, towards the concept regarding the communion according to Zwingli, the Dutch Reformed Church would not allow children with a so-called "simple" confession of faith to participate in the communion. These transfers were necessary on behalf of the institution of the communion for children within the Dutch Reformed Church.

**Van Calvyn na Zwingli: Die vraagstuk aangaande die Kindernagmaal binne die Nederduitse Gereformeerde kerk.**

Die sogenaamde "eenvoudige" belydenis waardeur kinders moet kwalifiseer om aan die nagmaal te mag deelneem binne die verband van die Nederduits Gereformeerde Kerk, spruit vanuit die Zwingliaanse belydenis rakende die teenwoordigheid van die Here in die nagmaal.

Wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorhou as nuwe eksegetiese insigte in die nagmaalstekste, sowel as 'n nuwe Bybelse teologie ten opsigte van die gebruik van die nagmaal deur kinders, is die ou eksegetiese insigte van Zwingli, sowel as die ou bekende teologie van Zwingli aangaande die Here se teenwoordigheid in die nagmaal.

Deur kinders met 'n sogenaamde "eenvoudige" belydenis tot die nagmaal toe te laat, het die Nederduitse Gereformeerde kerk die nagmaalsopvatting in sy eie belydenisse verwerp ten gunste van die Zwingliaanse nagmaalsopvatting wat uitdruklik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisse verwerp word.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beoefen en leer nou die nagmaalsopvatting van Zwingli, onder die vaste oortuiging dat dit die Gereformeerde nagmaalsopvatting is, met slegs 'n nuwe toepassing ten opsigte van die kinders.

Binne in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se besluit om kinders deur 'n sogenaamde eenvoudige belydenis tot die nagmaal toe te laat, was daar 'n ander besluit opgesluit: die besluit oor wie die teenwoordige Here Jesus in die nagmaal sou wees.

Hierdie besluit oor wie die teenwoordige Here Jesus in die nagmaal sou wees, was die onderskeidende en die bepalende vraag aangaande beide die inhoud en die bediening van die nagmaal vir onder andere Calvyn gewees.

Calvyn se reaksie as antwoord hierop was dat ons almal in en deur die nagmaal deel verkry aan die teenwoordige mens-wees van Jesus Christus. Hierdeur word Calvyn se nagmaalsopvatting onderskei van die nagmaalsopvatting van Zwingli.

Die Gereformeerde Kerke het die belydenis van Calvyn oor wie die teenwoordige Here Jesus in die nagmaal is, aanvaar in hul geloofsbelydenisse, waarmee hulle die nagmaalsopvatting van Zwingli uitdruklik verwerp het.

DieNederduitse Gereformeerde Kerke het homself in geen deel van die debat òf besluite oor die teenwoordige menswees van die Here Jesus in die nagmaal verantwoord nie.

Die kindernagmaal het die deelname van die gelowige aan die teenwoordige mens-wees van die Here verlore laat raak as deel van die geloofsbelewenis van die nagmaal.

In die plek van die teenwoordige mens-wees van die Here Jesus het die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekies vir gelowiges se deelname aan die gemeente se sosiale en godsdienstige samesyn.

Die samesyn van die verbondsgesin en selgroepe het die geloofsgemeenskap met die teenwoordige mens-wees van die Here Jesus in die nagmaal vervang.

Sonder die verskuiwing van die nagmaalsopvatting van Calvyn en die Gereformeerde kerke na die nagmaalsopvatting van Zwingli, sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie kinders met 'n sogenaamde "eenvoudige" geloofsbelydenis tot die nagmaal kon toelaat nie. Hierdie verskuiwing was nodig ten opsigte van die instelling van die kindernagmaal in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bl.

I INLEIDING 4

II DIE EET EN DRINK VAN CHRISTUS SE LIGGAAM EN BLOED VOLGENS CALVYN. 9

1. Die Institusie (1539 – 1559). 9
2. *Instruction et confession de foy dont on use en l'église de Genéve* (1537) en *Genfer Catechismus (Catechismus prior)* (1537). 18
3. *Catechismus ecclesiae Genevensis.( Catechismus posterior)*(1542) 22
4. *Les Ordonnances ecclésiastiques: Projet d'ordonannaces sur le offices ecclésiastiques* (1541) 26
5. *Confessio fidei de eucharistia* (1537). 29
6. *Petite traicté de la saincte céne.* (1541). 31
7. *Dilucida explicatio sanae doctrinae de vera participatione carnis et sanguinis Christi in sacra coena ad discutiendas Heshusii nebulas.* (1561) 36
8. Samevatting. 43

III DIE EET EN DRINK VAN CHRISTUS SE LIGGAAM EN BLOED VOLGENS ZWINGLI. 45

1. Om Christus te eet en te drink is om vergifnis te ontvang deur geloof in sy plaasbekledende dood aan die kruis. 46
2. Ons het geen gemeenskap met Christus as mens in die hemel nie, net met Hom in sy kruisiging. 47
3. Die brood en wyn is simbole van Christus se kruisiging, nie sakramente nie. 49
4. Die brood en wyn deel nie gemeenskap met Christus se liggaam mee nie, maar die gemeente roep Christus se kruisdood in herinnering. 51
5. Die gemeente op aarde, nie Jesus as mens in die hemel nie, is die liggaam van die Here waarmee ons gemeenskap het in die nagmaal. 53
6. Die nagmaal as visuele hulpmiddel om ons geloof te bevestig . 58
7. Die nagmaal is 'n simbool waardeur ons 'n eed van getrouheid teenoor God aflê. 61
8. Opsomming: 'n Fees vir spiritualiteit. 63

IV DIE GEREFORMEERDE KERKE SE KEUSE VIR CALVYN TEEN ZWINGLI. 65

1. Die Geneefse geloofsbelydenis 1536 artikel 16 en die Franse Hugenote Geloofsbelydenis (Confessio Gallicana) 1559 artikel 36. 65
2. Die Nederlandse geloofsbelydenis. (*Confessio Belgica*) 1561 artikel 35 67
3. Die Skotse geloofsbelydenis. 1560 72
4. Die Heidelbergse Kategismus. 1563 75
5. Die tweede Switserse belydenis (*Confessio Helvetica posterior*) 1566 artikel 21. 85

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6. Die Westminister geloofsbelydenis 1647 Hoofstuk 29 artikel 7 89
7. Die Gereformeerde Kerke se belydenis oor hoe ons die liggaam en die bloed van die Here Jesus Christus eet en drink. 90
8. Die verwerping van die nagmaalsoortuiging en gebruik van Zwingli deur die Gereformeerde Kerke. 92
9. Een maaltyd vir almal ! 94

**V DIE INTERPRETASIE VAN 1 KORINTIËRS 11 EN CALVYN** 96
1. Die interpretasie van 1 Korintiërs 11 verse 17 tot 34. 96
1.1. Die oortuiging van 'n nuwe Bybelse teologie as alternatief op die tradisionele teologie en die belydenisskrifte. 96
1.2. Die eksegese van 1 Kor. 11 in kommentare wat kies vir die nuwe eksegetiese insigte. 98
1.2.1 Fee 99
1.2.2 Orr en Walther. 100
1.2.3 Hays. 101
1.3 Die Zwingliaanse vertrekpunt van die nuwe eksegese. 102
1.4 Die teks- en Skrifgetrouheid van eksegese wat nie kies vir 'n Zwingliaanse uitleg van die nagmaalstekste nie. 105

2. Die interpretasie van Calvyn se nagmaalsbeskouing. 113
2.1 Dr. H. Bavinck. 113
2.2 B.A. Gerrish. 115
2.3 W.F. Dankbaar. 119
3. Die bewese verskil tussen Calvyn en Zwingli. 121

VI DIE NED. GEREF.KERK SE KEUSE VIR DIE ZWINGLIAANSE NAGMAALSBESKOUING DEUR DIE INSTELLING VAN DIE KINDER- OF GESINSNAGMAAL. 122

1. Die doelbewuste afwesigheid van ons eenheid met Christus se mensheid in die hemel, as die wesenlike saak van die nagmaal - ook vir kinders. 122
2. Die keuse vir 'n Zwingliaanse opvatting in die besluite van die Algemene Sinode 17 Oktober 1998. 125
2.1 "Kinders aan die nagmaaltafel" Verslag van die Algemene Sinode 1998. 126
2.1.1 'n Alternatiewe gemeenskap vir die eenheid met die menswees van Christus.
2.1.2. 'n Alternatiewe geloof vir deelname aan die nagmaal op die aanvaarding van ons deelname aan die mensheid van Christus in die hemel. 128
2.2 Die Bybelkor handleiding: "Brood en wyn vir groot en klein". 129
2.3 "Saam aan tafel." Cas Vos. 132
2.4 Handboek vir die kategeet Graad 4-6 Blourondte. 136
2.5 "Die plek van die kind aan die verbonddis" J.D. Louw. 140
2.6 "Die Kinderkommunie" deur F.J. Clasen. 146

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.6.1 Die "korporatiewe persoon" van Christus as alternatief op die teenwoordige mensheid van Christus. 146
2.6.2 Die teenstelling "wie" en "hoe" as teenstelling tussen die teenwoordige mensheid van Christus en die gemeentelede as liggaam van Christus. 147
2.6.3 Die ontlediging van die Skrif van die teenwoordige mensheid van Christus t.w.v. die teenwoordige gemeentelede. 148
2.6.4 Die korporatiewe karakter van die gemeente as alternatief op die teenwoordige mensheid van Christus. 153
2.6.5 Die nagmaal se alternatiewe waarde op die verseëling van die eenheid met die teenwoordige mensheid van die Here: die nagmaal as opvoedingsmiddel van die gemeente. 155

3. Samevatting. 156

VII 'N NAGMAALSVIERING VOLGENS DIE VROOMHEID VAN DIE NED. GEREF. KERK. 158

1. Die oorsprong van die keuse vir die Zwingliaanse nagmaalsopvatting binne die Ned. Geref. Kerk. 158
2. Die toekoms van die Zwingliaanse nagmaalsopvatting binne die Ned. Geref. Kerk. 167

2.1 Van sakrament tot net nog een van baie simbole. 168
2.2 Van brood en wyn tot olie: van deelname in die mensheid van Christus tot deelname in sy Godheid deur die Gees. 170
2.3 Van ampsdraers tot geestelike bemiddelaars. 173
2.4 Van gemeentemaal tot enkelingdis. 175

VIII SAMEVATTING 179

BRONNELYS 188

# I INLEIDING

Die voorstanders van die kinder- of gesinsnagmaal in die Ned Geref. Kerk het aan die lidmate voorgehou dat die keuse waarvoor hulle gestel word, is om vir of teen kinders se gebruik van die nagmaal te kies. Dit was nie so nie. Die werklike keuse waarvoor die lidmate gestel is, was om te kies tussen twee verskillende geloofsopvattings oor wie Christus in die nagmaal is, onder die voorwendsel dat dit oor kinders se gebruik van die nagmaal sou gaan.

Die nagmaal gaan oor Christus en ons eenheid met Hom. In die kinder- of gesinsnagmaal het die Ned. Geref. Kerk bewustelik homself losgemaak van die eenheid wat Hy met Christus gehad het volgens sy belydenisskrifte en het hy vir 'n nuwe eenheid met Christus gekies. Dit was die keuse oor die kerk se verbintenis tot Christus wat geneem is in die die besluit of kinders nagmaal kan gebruik of nie.

Die beweegrede om te kies vir 'n ander eenheid met Christus in die nagmaal lê, nie in nuwere beskouings oor die nagmaal, die moderne kind of die moderne verstaan van die kind nie - soos wat die voorstanders van die kinder- of gesinsnagmaal graag hierdie verskuiwing sou wou verstaan nie. Dit lê in die geleefde geloof in en toewyding aan Christus in die gewone gang van die Ned. Geref. Kerk. Hierdie geleefde geloof in en toewyding aan Christus kon nie meer binne die eenheid met Christus wat die Ned. Geref. Kerk in sy belydenisskrifte glo, gevoed en versterk word nie. Dit het geroep om 'n nuwe teken wat pas by die eenheid en geloof wat lidmate van die Ned. Geref. Kerk met Christus in die gewone gang van hulle lewe het: die geloof en toewyding soos dit deur die evangeliebediening van die Ned. Geref. Kerk gevorm is.

'n Vraagsin is 'n stelsin in vraagvorm. Daarom bepaal die vraagstelling die antwoord. Die vraagstelling van die Reformasie oor die nagmaal was: hoe eet 'n lidmaat die liggaam van Jesus Christus en hoe drink 'n lidmaat sy bloed? Die verskillende antwoorde op hierdie vraag het die opstel van belydenisskrifte en die konstituering van kerke bepaal.

Die Rooms-Katolieke Kerk het in die dertiende sessie in hoofstuk een, kanons een tot elf op 11 Oktober 1551 van die konsilie van Trente die oortuiging bekragtig dat die

elemente van brood en wyn Christus se werklike liggaam en bloed is, na die konsekrasie deur die priester.

Luther het in sy ubikwiteitsleer bely dat die werklike liggaam en bloed van Christus in die tekens bevat word, sonder dat die brood en wyn sy liggaam en bloed word. Hierdie belydenis is opgeneem in die belydenisskrifte waarin die Lutherse kerk gekonstitueer is en soos dit in die Formula Concordiae (1577) vasgestel is. In artikel 7 en 8 van die Formula Concordiae, word die ubikwiteitsleer teenoor die Gereformeerde belydenis oor die liggaam en bloed van Christus in die nagmaal, as die enigste wyse van Christus se liggaamlike teenwoordigheid aanvaar.

Zwingli het bely dat gelowiges in die nagmaal net herinner word aan die kruisiging van Christus. Daarom eet en drink hulle Christus deur saam met die gemeente in Hom te glo.

Calvyn se belydenis, dat ons die werklike liggaam en bloed van Christus ontvang deur die Heilige Gees in die tekens van die nagmaal, is opgeneem as kerklike belydenisse in Consensus Tigurinus 1549, die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica1561), die Heidelbergse Kategismus 1563, die Franse Geloofsbelydenis (Confessio Gallicana 1559), die Skotse Geloofsbelydenis 1560, die tweede Switserse Geloofsbelydenis (Confessio Helvetica posterior 1566) en die Westminster belydenis 1647.

Die nagmaal as herinneringsmaal vir die wat hulleself met Jesus Christus in sy heilswerk identifiseer (artikel 1 en 3 Confessio Schlattensis), is in die sewe artikels wat Michael Sattler opgestel het, deur die sinode te Schleitheim aanvaar as 'n belydenisskrif (Confessio Schlattensis 1527) vir die Anabaptiste.

Hierdie vraagstelling, en die geloofsbelydenisse waarin hierdie vraagstelling geantwoord is, het die werklike saak in die nagmaal aan die orde gestel: die vraag oor ons eenheid en gemeenskap met die teenwoordige Christus na sy menswees as Middelaar vandag.

Die saak waaroor die nagmaal gaan is altyd die persoon van Christus en ons gemeenskap met Hom as persoon in die hede.

Die instellingswoorde van die Here oor die nagmaal kan geen onsekerheid laat waaroor dit in die nagmaal gaan nie: dit gaan oor sy liggaam en sy bloed: oor Hom as mens. Dit gaan oor die eet en drink van sy liggaam en sy bloed: oor ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy menswees in die hemel.

Die verskille wat in al die standpunte en belydenisse gestel was, was daarom nie maar net 'n tegniese verskil oor liturgiese variasie in die gebruik en bediening van die elemente van die nagmaal nie. Dit was verskille oor Jesus Christus. Hierdie verskille het gefokus op wie Hy is in ons eenheid en gemeenskap met Hom – vandag.

Dit is juis die aksent wat die nagmaal op Christus plaas: wie Hy vandag tydens die nagmaalgebruik is en nie maar net wie Hy was tydens sy lewe, sterwe en opstanding nie. Die werklike teenwoordigheid van Christus – na sy menswees vandag – is die saak van die nagmaal.

Buite om hierdie vraag en antwoord: "hoe eet en drink ons Christus vandag tydens die nagmaal"?, kan die inhoud van die Reformasie in sy erediensvernuwing, sy kerklike opbou, sy gemeenskapsinvloed en sy belydenisse gewoon net nie na reg erken of verstaan word nie.

Dit is die mees uitstaande kenmerk van die hele beweging wat die instelling van die kindernagmaal in die Ned. Geref. Kerk aangevoer het, en tans nog aanvoer, dat hierdie vraag en antwoord in sy geheel afwesig is: hoe eet en drink ons die liggaam en die bloed van die Here vandag?

Hierdie afwesigheid van die mees sentrale inhoud van die nagmaal is nie toevallig nie. Dit gaan oor die antwoord wat in die vraag opgesluit is waarmee die nagmaal aan die orde gestel is. Die grondliggende vraag van die aanvoerders van die kindernagmaal is: hoekom nie kinders nie? Met hierdie ingesteldheid: "Hoekom nie?", het hulle die Bybel en belydenisskrifte benader en die antwoord gekry: die Bybel en

belydenisskrifte gee geen uitdruklike antwoord op die vraag: "Hoekom nie kinders nie"?

Om hierdie vraag dan wel geantwoord te kry, word 'n benadering gevolg van afleidings en gevolgtrekkings maak uit Bybeltekste en dogmatiese beginsels met die onderbou van hoe kinders sielkundig, opvoedkundig en sosiaal van geaardheid is. Op hierdie wyse word die hele Skrif en geloofsleer binne die ervaringswêreld van die kind gekontekstualiseer as die wyse waarop die kerk hom oor die nagmaal moet verantwoord.

Hierdie hele ondersoek word gedoen in die afwesigheid van die reformatoriese ingesteldheid: "Wat sê die Skrif oor hoe moet ons Christus vandag eet en drink"?

Teenoor die vraag in die Reformasie wie Jesus Christus in die nagmaal is, het die voorstanders van die kindernagmaal met 'n alternatiewe vraag gekom: wie is die kind in die nagmaal?

In hierdie studie wil ons aantoon dat met die kindernagmaal die saak nie gaan oor kinders of nie kinders nie, maar oor 'n alternatiewe inhoud vir die gemeenskap met Christus, wat die Gereformeerde kerke het. Daarom gaan dit dus ook oor 'n alternatiewe teenwoordige Christus vir kinders sowel as volwassenes.

Hierdie kind-gekontekstualiseerde Christus is die alternatief op die Christus wat die Gereformeerde kerke in sy belydenisskrifte bely. Dit is ook geen nuwe Christus of verstaan van Christus nie. Dit is 'n oortuiging oor Christus wat die Reformasie reeds geken en as leeg en inhoudloos verwerp het.

Die wyse waarop ons hierdie werklike saak, wat ter syde gestel word met 'n sogenaamde kinder- of gesinsnagmaal, aan die orde gaan stel, is om eers die antwoord van Calvyn op hoe ons Christus eet en drink, aan te toon deur 'n uitleg van sy tekste.

Die rede vir hierdie uitvoerige uitwys van sy antwoord uit sy manuskripte, is omdat daar 'n onkunde oor hierdie saak is. Hierdie onkunde is van so 'n omvang dat Calvyn

se oortuigings in die vergaderinge en debatte van die kerk gewoon ontken word as sou hy ooit sulke oortuigings gestel het.

Daarna sal ons aantoon dat dit nie net Calvyn se oortuiging is nie. Sy oortuiging is in verskeie belydenisskrifte aanvaar as die geloofsoortuiging van kerke waarin hulle hulleself onderskei en afgeskei het van gemeenskappe wat nie hierdie oortuigings oor Christus in die nagmaal deel nie.

Daarna sal ons die oortuigings van Zwingli oor 'n alternatiewe teenwoordigheid van Christus in die nagmaal as dié wat die Gereformeerde Kerke bely, aan die orde stel.

Die rede vir hierdie deel sal van die begin af duidelik wees: die voorstanders van die kindernagmaal het juis Zwingli se oortuigings aan die orde gestel as sou dit die Gereformeerde belydenis oor die nagmaal verteenwoordig.

Ons sal ook na die begronding van die kindernagmaal deur 'n sogenaamde nuwe uitleg en eksegese van 1 Korintiërs 11 kyk en aantoon dat hierdie eksegese niks anders is as 'n die Zwingliaanse uitleg van die teks nie. Daarmee saam sal ons die verskil in nagmaalsbeskouing van Calvyn en Zwingli wat ons aan die orde gestel het, aan die hand van enkele skrywers se interpretasies toets.

Hierna sal ons die stellings en teksuitleg van die voorstanders van die kindernagmaal voorhou en aantoon dat hulle die Skrif en Gereformeerde belydenisse binne die konteks van 'n kind se gemoed en ervaringswêreld herinterpreteer om 'n alternatiewe teenwoordigheid van Christus in die nagmaal te bedien. Hierdie kind-gekontekstualiseerde eenheid met Christus is niks anders as om die geloofsoortuiging van Zwingli, wat deur die Gereformeerde Kerk verwerp is, as die ware bedoeling van die Gereformeerde geloof in Christus te bely nie.

Hierdie alternatiewe belydenis oor ons eenheid met Christus vir die belydenis van ons eenheid met Christus in die Ned.Geref. Kerk se belydenisskrifte, word voorgehou as sou dit maar net 'n herstelde praktyk wees om kinders ook in die nagmaal in te sluit - soos wat dit eintlik volgens Calvyn en die Gereformeerde Kerke se bedoeling ook sou gewees het.

# II DIE EET EN DRINK VAN CHRISTUS SE LIGGAAM EN BLOED VOLGENS CALVYN.

## 1.Die Institusie (1539 – 1559).

"Niemand behalwe een wat heeltemal oneerbiedig is, sou ontken dat Christus die brood van die lewe is waardeur gelowiges tot die ewige saligheid gevoed word nie. Maar oor die wyse waarop ons deelgenote in Hom word, stem almal nie so goed ooreen nie. Party verklaar kort en klaar dat om Christus se vlees te eet en sy bloed te drink niks anders is as om in Christus te glo nie. Maar dit lyk vir my asof Christus dit ietwat uitdrukliker en meer verhewe wou leer in die voortreflike rede waarin Hy ons opdra om sy vlees te eet,[29] naamlik dat ons deur waaragtige deelname aan Hom lewendig gemaak word en dat Hy hierdie deelname ook met die woorde *eet* en *drink* beskryf het sodat niemand moes dink dat die lewe wat ons van Hom verkry, deur eenvoudige kennis verkry kan word nie. Want soos nie die blote sien van brood nie, maar die eet daarvan ons liggaam voed, so moet die siel waarlik en volkome in Christus deel om deur sy krag met die oog op die geestelike lewe gevoed te word. Intussen erken ons dat hierdie eet nie anders is as die eet van die geloof nie- soos geen ander eet versin kan word nie. Tussen my woorde en hulle s'n is daar inderdaad dié verskil dat *om te eet* vir hulle slegs beteken *om te glo*, ek sê egter dat ons Christus se vlees eet deur te glo omdat Hy deur die geloof ons eie gemaak word en dat so 'n eet die vrug en gevolg van die geloof is. Of, as jy dit nog duideliker wil hê, vir hulle is hierdie eet die geloof maar ek meen dat dit eerder 'n gevolg van die geloof is. In die woorde is daar weliswaar 'n geringe verskil maar in werklikheid is dit 'n groot onderskeid. Hoewel die apostel trouens leer dat Christus deur die geloof in ons harte woon, sal niemand hierdie inwoning as geloof vertolk nie." [1]

In hierdie gedeelte sê Calvyn hoe ons Christus as brood van die lewe moet ontvang. Die brood wat ons voed en die wyn wat ons verkwik is nie die brood en wyn as tekens in die nagmaal nie. Christus is ons brood en wyn. Daarom beteken deelname aan die nagmaal om deel te wees van en deel te neem aan Christus.

Die wyse waarop ons deelneem aan Christus is dat ons waaragtig, waarlik en volkome deel in sy mensheid in die hemel. Hierdie deelname aan Christus is om deur geloof ons eenheid met Hom in sy menswees te aanvaar. Dit is wat Calvyn kwalifiseer as die verskil om in Christus te glo, teenoor om deur geloof ons eenheid met Christus te aanvaar. Uitdruklik stel hy dat in die nagmaal spesifiek hierdie kwaliteit van geloof aan die orde gestel word: om deur ons geloof in Christus ons eenheid met Hom in sy menswees te aanvaar.

Hierdie wyse waarop Christus aanvaar word as ons eie, is wat gevra word van gelowiges as hulle die brood en wyn moet eet en drink: hulle moet hulle eenheid met Hom as mens in die hemel aanvaar.

---

[1] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. Vertaal deur prof. Dr.H.W. Simpson, Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, p. 1680

Hy stel dat ons nie hierdie deelname deur eenvoudige kennis verkry nie. Hierdie "eenvoudige kennis" verwys na Zwingli wat stel dat ons moet glo dat Christus vir ons sondes gekruisig is en gesterf het. Die verskil is tussen: glo in wat Christus gedoen het in die verlede en waarby ek baat, teenoor - om deur die geloof in wie Christus as die gekruisigde en opgestane Here is, ons eenheid met Hom in sy teenwoordige menswees vir ons te aanvaar.

Daarom maak hy ook die onderskeid tussen "glo" en die "gevolg van geloof". Hierdie gevolg van geloof moet ons nie op 'n dualistiese wyse sien as dit wat God doen as ons glo nie. Die "gevolg" van die geloof is die mens se doelbewuste aanvaarding van sy eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus in die hemel.

Die deelname aan Christus kan dus hier ook nie maar net as 'n daad van God aangetoon word, teenoor die geloof, as sou geloof dan 'n daad van die mens wees en dit dan op 'n sunergistiese wyse sou werk dat ons moet glo en Christus ons laat deel aan Hom nie.

Deelname gaan oor 'n aktiewe geloofsaanvaarding dat Christus se teenswoordige menswees in die hemel my eie is. Dit is wat met eet en drink as 'n aktiewe geloofsdaad van die mens bedoel word. Ek aanvaar Christus se menswees is my eie.

Hierdie onderskeid is volgens Calvyn in woorde gering maar saaklik groot. Dit is saaklik so groot dat dit die verskil geword het tussen die Gereformeerde kerke teenoor die Lutherse en Zwingliaanse oortuigings.

> "Samevattend kom dit hierop neer: dat ons siele deur Christus se vlees en bloed gevoed word soos brood en wyn ons liggaamlike lewe beskerm en onderhou. Die vergelyking met die teken sou trouens nie geklop het tensy ons siele hulle voedsel in Christus gevind het nie. Dit kan egter nie gebeur tensy Christus waarlik met ons een word en Hy ons deur die eet van sy vlees en die drink van sy bloed verkwik nie. Hoewel dit egter ongelooflik lyk dat Christus se vlees oor so 'n groot afstand na ons kan deurdring, moet ons daaraan gedagtig wees hoeveel die verborge krag van die Heilige Gees bo al ons sintuie uitstaan en hoe dwaas dit is om sy onmeetlikheid aan ons maat te wil meet. Die geloof moet derhalwe begryp wat ons verstand nie begryp nie, naamlik dat die Gees waarlik dinge verenig wat ver van mekaar verwyder is.
> Nou betuig en beseël Hy ook die heilige gemeenskap van sy vlees en sy bloed waardeur Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet asof dit in murg en been indring. Dit doen Hy weliswaar nie deur 'n sinlose leë teken aan ons voor te hou nie, maar Hy bewys daar die krag van sy Gees waardeur Hy volbring wat Hy beloof. En Hy bied en hou daarin die betekende

saak aan almal voor wat by daardie geestelike eetmaal aansit." [2]

Deurgaans is die vlees en bloed van Christus die mensheid van Christus in die hemel wat vir ons op aarde teenwoordig is. Dit stel hy deur op die ongelooflikheid daarvan te wys dat Christus se vlees oor so 'n groot afstand deel van ons op aarde kan word. Dit is vanuit die hemel waar Hy aan die regterhand van God is. Die verwyderdheid dui op dieselfde: ons op aarde en Christus as mens in die hemel.

Die krag van die Heilige Gees is om ons met Christus as mens in die hemel te verenig. Dit is die teenwoordige gemeenskap met Christus: dat ons werklik in en deur die Heilige Gees in Christus se mensheid wat in die hemel is, hier op aarde deel. Hierdie deelname is nie maar net 'n geestelike inlewing van die mens se gees in Christus nie. Dit is werklik. Sy lewe as mens deurdring ons eie. Dit word in ons "oorgegiet". Die gemeenskap is werklik: sy menswees is ons s'n en ons s'n is syne.

Die tekens van die nagmaal is juis hierdeur heilsmiddele. In en deur hierdie tekens is dit wat Christus self aan ons meedeel: eenheid met Hom in sy menswees in die hemel. Hierdie gemeenskap van ons met Christus in sy mensheid in die hemel, wat deur die krag en werking van die Heilige Gees met ons teenwoordig is op die aarde, is ons voedsel en drank. Dit is die betekende saak in die tekens van brood en wyn.

Deurgaans bedoel Calvyn dat ons eenheid met Christus in sy mensheid in die hemel deur hierdie aktiewe geloofsaanvaarding – hier en nou –ons voedsel en drank is. Dit is die gemeenskap wat ons geestelike lewe: ons gebedslewe, ons gehoorsaamheidslewe en ons lewe van liefde en toewyding, voed en sterk.

Indien iemand hierdie eenheid en gemeenskap anders sou wou opneem, word dit in Calvyn se verduideliking hiervan teenoor die opvatting van transsubstansiasie onbetwisbaar en onomwonde gestel. Teenoor die transsubstansiasie stel hy:

> "Want ons het geen twyfel daaroor dat Christus se liggaam volgens die ewige aard van die menslike liggaam begrens is en deur die hemel ingesluit word waarin dit opgeneem is totdat Hy weer sal kom om te oordeel nie. So ag ons dit beslis 'n sonde om sy liggaam weer onder hierdie verganklike elemente in te trek of ons te verbeel dat dit oral teenwoordig is. Dit is in elk geval nie nodig om gemeenskap met Hom te geniet nie want die Here skenk ons hierdie weldaad deur sy Gees sodat ons na liggaam, gees en siel een met Hom kan word. Die Gees van Christus is dus die band van hierdie verbintenis waardeur

---

[2] Calvyn, Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , p. 1686

ons aan mekaar verbind word – wel soos 'n kanaal waardeur alles wat Christus is en het, na ons gelei word. Want as ons bemerk dat die son sy strale op die aarde laat skyn om die vrugte daarvan voort te bring, te koester en te laat groei en tog op 'n sekere wyse die wese daarvan op die aarde oordra, waarom sou die bestraling van die Gees van Christus te minderwaardig wees om die gemeenskap met sy vlees en bloed aan ons oor te dra.? Wanneer die Skrif oor ons deelname aan Christus praat, skryf dit daarom die hele krag daarvan aan die Gees toe."[3]

Christus is vandag mens in die hemel met al die beperktheid van menswees in tyd en ruimte. Hy kan net op een plek wees en vandag is dit in die hemel. Christus se menswees kan nie alomteenwoordig wees nie. Daarmee word sy menswees vergoddelik deur die eienskappe van God aan sy menswees toe te skryf. Daarom noem Calvyn dit sonde.

Hierdie beperktheid van Christus in sy volwaardige menswees in die hemel beteken egter nie dat ons uitgesluit is van sy menswees nie. Die verbintenis tussen ons as mense op aarde en Christus in sy menswees in die hemel, is die persoon en werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is nie 'n alternatief op ons verbintenis met Christus in sy menswees in die hemel nie. Dit is juis die persoon wat ons verenig met Christus in sy menswees: 'n eenheid na liggaam, siel en gees met Christus as mens. Dit is wat verduidelik word met die voorbeeld van die son se strale: dit dra die wese van die son oor op die aarde en juis hierdie wesenseenheid is die voedingskrag vir die aarde.

Dit is wat in die teken van die nagmaal deur Christus aan ons geskenk word en wat ons moet aanneem: eenheid met Hom in sy menswees in die hemel.

> "Ons sê dat Christus sowel deur die uiterlike teken as deur sy Gees na ons neerdaal om ons siele waarlik deur die wese van sy vlees en van sy bloed lewendig te maak. Iemand wat nie agterkom dat daar in hierdie paar woorde baie wonderwerke aanwesig is nie, is meer as onnosel. Niks is immers meer strydig met die natuur as dat ons siele hulle geestelike en hemelse lewe aan vlees ontleen wat sy ontstaan uit die aarde ontvang het en aan die dood onderworpe was nie. Niks is ongelooflikер as dat sake wat so ver as hemel en aarde van mekaar verskil, nie alleen in so 'n groot verskeidenheid plekke saamgevoeg word nie, maar ook verenig word sodat ons siele voedsel uit die vlees van Christus kan ontvang." [4]

Hiermee word enige vergeesteliking en spiritualistiese verstaan van die nagmaal nou uitgesluit. Ons natuurlike ingesteldheid is om krag vir ons geestelike lewe te soek in

[3] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , pp. 1689-1690
[4] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV., p. 1710

goddelikheid en nie in menslikheid nie. Die krag vir ons geestelike en hemelse lewe lê egter in die aardsheid en mensheid van Christus. Dit is hoe Christus ook vandag mens in die hemel is: aards omdat hy vlees en bloed is soos ons.

Christus is egter alleen ons voedsel en drank in ons vereniging met Hom. Hierdie vereniging is nie maar net 'n samevoeging soos om twee dele bymekaar te bring nie. Dit is eenwording. Ons deel werklik volkome in sy mensheid in die hemel en Hy in ons s'n op aarde.

Hierdie eenheid is wesenlik en werklik – in die woorde van Calvyn: substansieel.

> "Ek sê dus soos dit altyd in die kerk aanvaar is en alle regsinniges dit vandag nog leer, dat die heilige misterie van die nagmaal uit twee aspekte bestaan, naamlik uit *liggaamlike tekens* wat, wanneer dit ons voor oë gestel word, sienlike dinge vir ons weergee vanweë die swakheid van ons begrip; en uit *'n geestelike waarheid wat* juis deur tekens uitgebeeld en getoon word.[69] Wanneer ek vertroulik wil aantoon wat die aard daarvan is, poneer ek gewoonlik drie aspekte, naamlik die *betekenis,* die *stof* waarvan dit afhang en die *krag* of *resultaat* wat uit beide hiervan volg. Die *betekenis* is geleë in die beloftes wat op 'n sekere wyse met die teken verbind is. Ek noem Christus met sy dood en sy opstanding die *stof* of *substansie.* Onder die *gevolg* daarvan verstaan ek die verlossing, geregtigheid, heiligmaking, die ewige lewe en al die ander weldade wat Christus vir ons meebring. Hoewel al hierdie dinge verder op die geloof sien, laat ek nogtans geen geleentheid vir die drogredenasie as sou ek bedoel dat Christus slegs deur die verstand en verbeelding ontvang word wanneer ek sê dat Hy deur die geloof ontvang word nie. Die beloftes bied Hom trouens vir ons aan - egter nie so dat ons aan die aanskouing alleen en die blote kennis sou bly hang nie, maar dat ons ware gemeenskap met Hom kan geniet. En ek sien in elk geval nie hoe iemand kan vertrou dat hy in die kruis van Christus verlossing en geregtigheid en in sy dood die lewe het nie tensy hy besonderlik op die gemeenskap met Christus steun. Al hierdie seëninge sou ons immers nie kon bereik as Christus Homself nie vooraf ons eie maak nie. Ek sê dus dat Christus waarlik in die sakrament van die nagmaal deur die tekens van brood en wyn aan ons gegee word, en daarom ook sy liggaam en sy bloed waarin Hy alle gehoorsaamheid om vir ons geregtigheid te verkry, vervul het. Sy doel was naamlik ten eerste dat ons met Hom tot een liggaam moet saamgroei; ten tweede dat ons deelgenote in sy substansie moet word, en ook sy krag in die gemeenskap van al sy seëninge moet ervaar. "[5]

Christus as mens in die hemel, as die een wat gekruisig was en uit die dood uit opgestaan het, is die stof of die substansie van die nagmaal. Ons gemeenskap met die weldade van Christus noem Calvyn die gevolge van hierdie geestelike waarheid van die nagmaal.

Hierdie onderskeid beklemtoon dat ons nie maar net deur God deelgemaak word van die weldade van Christus nie. Hierdie weldade is nie die substansie waarmee en waarin ons verenig word nie. Die substansie is Christus na sy mensheid self. Die deelwees in sy weldade is maar net die gevolge van die vereniging met Christus as

---

[5] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , p. 1688

mens self. Die weldade steun op die gemeenskap met Christus en nie andersom nie. Hierdie weldade kan nie ons eie word nie, tensy Christus ons Sy eie maak: bedoelende ons laat deelneem aan Homself as die gekruisigde en opgestane mens in die hemel.

Wanneer Calvyn ons eenheid met Christus as geestelik aandui, gaan dit nie om 'n vereniging met sy Gees as God nie. Geestelik beteken by Calvyn nie in die substansie van die brood en wyn nie, maar met die substansie van Christus se menswees in die hemel, dus tog substansieel. Hierdie tipe geestelikheid waar ons deelgenote is van die Gees van God sonder om te deel in sy mensheid in die hemel, stroop Christus van sy menswees en maak Hom inhoudloos. Dit roof die gemeenskap met Christus van sy substansie: die liggaam en bloed van Christus.

> "Daarbenewens stel diegene my ook nie tevrede nie wat wel erken dat ons 'n sekere gemeenskap met Christus het, maar wanneer hulle dit wil aantoon, maak hulle ons slegs deelgenote van sy Gees sonder enige vermelding van sy vlees en bloed. Net asof die woorde verniet gesê is, naamlik dat sy vlees waarlik voedsel is en sy bloed waarlik drank; dat niemand die lewe het nie behalwe as hy sy vlees eet en sy bloed drink, en dergelike stellings met dieselfde strekking. ... Ek sal trouens langer teen die buitensporige leraars betoog wat Christus ook van sy vlees stroop en Hom in 'n skim verander wanneer hulle vanweë hulle onverstandigheid 'n absurde manier van eet en drink regverdig ..." [6]

Hierdie eenheid met Christus en ons gemeenskap met sy weldade in hierdie eenheid, is wat die Here self ons aanbied in die tekens van die nagmaal. Hier moet ons goed onderskei dat die tekens nie maar simbole is wat ons laat dink aan Christus of wat God se genade sigbaar sou wou vertoon nie. In die tekens gee Christus Homself op so 'n wyse dat Hy ons laat deel in sy mensheid in die hemel.

Daarom is dit nie maar net 'n inbeelding of 'n verstandelike waarneem van die feitelikheid van Christus in 'n simboliese voorstelling nie. Dit is werklik 'n daad van Christus waarin Hy ons verenig met Hom in sy menswees en opneem in 'n gemeenskap waarin alles wat in Hom is ons eie word en wat ons in ons sonde is, sy eie word. Sonder hierdie eenheid en gemeenskap met Christus in sy menswees sal die nagmaal sy hele sakramentele betekenis verloor en net 'n simbool word vir die mens se verstand en gees - sal die mens hom inleef en indink in 'n voorstelling.

---

[6] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV , p. 1682

Eet en drink is volgens Calvyn dus om ons eenheid met Christus as mens in die hemel en ons gemeenskap aan sy weldade in die tekens van die nagmaal te aanvaar. Dit is hierdie geloof wat vir hom anders is, as om maar net te glo dat Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het.

Dit is ook wat die sakrament beseël en bekragtig. Die sakrament beseël en bekragtig nie ons geloof nie. Dit beseël en bekragtig die belofte dat Christus se menswees in die hemel as die gekruisigde en opgestane ons eie is en ons in ons geestelike lewe versterk. Dit beseël en bekragtig Christus se liggaam as ons voedsel en drank.

> "Die belangrikste funksie van die sakrament is dus nie om Christus se liggaam doodeenvoudig en sonder dieper betekenis aan ons te bring nie. Dit is eerder om daardie belofte waarvolgens Hy betuig dat sy vlees waarlik voedsel en sy bloed waarlik drank is, te beseël en te bekragtig. Hy verklaar ook daardeur dat Hy die brood van die lewe is en dat iemand wat daarvan eet, tot in ewigheid sal lewe." [7]

Die belofte van ons eenheid met Christus se mensheid is volgens Calvyn die Woord van God waarin en waardeur die tekens seëls word.

Dit is belangrik dat die elemente van die brood en wyn en die gebruik van hierdie elemente net sakramente kan wees, indien dit met hierdie belofte van die eenheid met Christus as Woord by die sakrament bedien word. Sonder hierdie belofte is hierdie elemente geen sakrament nie: "En die mense sê oor die algemeen dat 'n sakrament uit die woord en uit 'n uitwendige teken bestaan. Onder die woord moet ons immers nie iets verstaan wat sonder betekenis en geloof ingefluister is en slegs deur die geluid soos deur 'n towerformule die krag het om die sakrament te heilig nie, maar die verkondigde woord wat ons laat begryp wat die sigbare teken bedoel." [8]

Calvyn kry hierdie definisie by Augustinus: "Augustinus leer egter iets heeltemal anders van die woorde van die sakramente. Hy sê: "Laat die Woord by die element kom en dit sal 'n sakrament word. Waarvandaan kry water immers sulke groot krag dat dit die liggaam kan aanraak en die hart skoon kan was tensy dit deur die toe-

---

[7] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV., p. 1678
[8] Ibid., p. 1579

doen van die Woord is? En dit nie omdat die Woord verkondig word nie, maar omdat dit geglo word." [9]

Die klem wat Calvyn lê op die geloof in die gebruik van die nagmaal gaan juis oor hierdie saak - dat sonder hierdie belofte die elemente en die gebruik van die elemente geen nagmaal is nie. Wanneer die geloof in die gebruik van die nagmaal weggeneem word, dan word die Woord van God - die belofte – weggeneem. Dan is dit nie meer 'n sakrament nie.

Die belofte in die nagmaal is spesifiek: ons eenheid en gemeenskap met Jesus Christus in die hemel. Die nagmaal kan net bedien word met hierdie Woord van God dat in en deur die nagmaal ons hierdie eenheid geskenk word en ons dit deur die geloof aanvaar. Die tekens van brood en wyn is juis bedoel om spesifiek hierdie belofte oor ons eenheid met Christus in sy mensheid in die hemel uit te beeld as die belofte wat ons in die tekens ontvang. Sonder hierdie belofte, en ons geloof in hierdie belofte, is die tekens van brood en wyn geen sakrament meer nie.

Is hierdie geloof waarin ons ons eenheid en gemeenskap met Christus aanvaar moeilike en gevorderde intellektuele kennis? Dit was die beskuldiging van die Rooms-Katolieke Kerk teen hierdie nagmaalsbeoefening van die Protestante.

> "'n Weerlegging van die klag dat die Protestante so verknog is aan die rede dat hulle God se almag tekort doen.
> Maar die skande van hierdie leuen kan nie heeltemal uitgewis word sonder dat ons ook 'n tweede klag weerlê nie. Hulle spog trouens dat ons so aan die menslike rede verslaaf is dat ons aan God se mag niks meer toeken as wat die natuurorde ons toelaat en die algemene gevoel ons voorsê nie. Teen sulke onregmatige beskuldigings beroep ek my juis op die leer wat ek onderrig het. Dit toon duidelik genoeg aan dat ek hierdie sakrament glad nie aan die maatstaf van die menslike rede meet of aan die wette van die natuur onderwerp nie. Nou vra ek jou: het ons van natuurwetenskaplikes geleer dat Christus ons siele uit die hemel net so met sy vlees voed as wat ons liggame deur brood en wyn gevoed word? Waaruit kry sy vlees hierdie krag om ons siele lewendig te maak? Almal sal sê dat dit nie van nature gebeur nie. Net so weinig sal dit die menslike rede bevredig dat Christus se vlees tot ons deurdring om vir ons voedsel te wees. Kortom: elkeen wat aan ons leer geproe het, sal meegesleur word tot bewondering vir die verborge mag van God. Hierdie goeie voorstanders daarvan skep egter vir hulleself 'n wonder-werk, maar as dit tot niet gemaak word, verdwyn God saam met sy mag. Ek wil hê dat my lesers weer eens gewaarsku moet wees dat hulle noukeurig moet oorweeg wat ons leer meebring, of dit van die algemene gevoel afhang, en of dit waarlik op vleuels van die geloof bo

[9] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , p. 1580

die wêreld uitstyg en tot in die hemel opstyg. Ons sê dat Christus sowel deur die uiterlike teken as deur sy Gees na ons neerdaal om ons siele waarlik deur die wese van sy vlees en van sy bloed lewendig te maak. Iemand wat nie agterkom dat daar in hierdie paar woorde baie wonderwerke aanwesig is nie, is meer as onnosel. Niks is immers meer strydig met die natuur as dat ons siele hulle geestelike en hemelse lewe aan vlees ontleen wat sy ontstaan uit die aarde ontvang het en aan die dood onderworpe was nie. Niks is ongeloofliker as dat sake wat so ver as die hemel en aarde van mekaar verskil, nie alleen in so 'n groot verskeidenheid plekke saamgevoeg word nie, maar ook verenig word sodat ons siele voedsel uit die vlees van Christus kan ontvang."[10]

Calvyn wys op die onlogiese en a - intellektuele van die geloof in Christus waarmee ons die nagmaal ontvang. Die geloof laat ons in 'n mistieke eenheid met Christus deel. Dit maak nie vir ons Christus duidelik of verstandelik aanvaarbaar nie. Dit laat ons deel in Christus. Ons vereniging en gemeenskap met Christus werk nie volgens die menslike verstand of volgens natuurwette nie. Volgens Calvyn is die volgende teen enige verstaan volgens menslike rede en teen enige natuurwetmatigheid:

1. dat Christus ons siele voed met sy menswees na liggaam en siel in die hemel net soos ons liggame met brood en wyn gevoed word.
2. dat Christus se menswees na vleis en bloed die krag het om siele lewend te maak.
3. dat Christus se vlees in die hemel tot ons op die aarde deurdring om vir ons siele voedsel te wees.
4. dat Christus werklik deur die uiterlike teken van die nagmaal en sy Gees tot ons op aarde neerdaal om ons siele lewend vir God te maak deur die wese van sy vlees en bloed.
5. dat ons siele hulle geestelike en hemelse lewe ontvang uit die aardsheid van Christus as mens in die hemel.
6. dat Christus in die hemel met ons op die aarde verenig is, al bly Hy mens in die hemel.
7. dat alle gelowiges oor die hele aarde en oor alle tye met Hom as mens in die hemel verenig is.

Hiervan is niks te verstaan nie. Dit kan nie deur leringe duideliker word nie en dit kan nie met groter volwassenheid meer verstaanbaar word nie. Dit is en bly 'n wonderdaad van God wat in en deur die geloof aanvaar word.

---

[10] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , p. 1709

Hierdie gemeenskap waarin ons ons eenheid met Christus se liggaam en bloed in die hemel en ons gemeenskap met sy weldade aanvaar, is 'n daad van kinderlike geloof. Die aanvaarding van hierdie eenheid is nie 'n verstaanspoging nie. Die verstand kan nie hierdie misterie deurdink of verduidelik nie. Daarom is die aanvaarding van hierdie eenheid 'n kinderlike geloofsdaad.

> "Ek sien tewens dat ek dit nie voldoende met my verstand kan begryp nie en ek erken dit met graagte om te voorkom dat iemand die verhewenheid daarvan aan die geringe maat van my kinderverstand sou meet. Ja, ek spoor my lesers aan om hulle begripsvermoë nie tot daardie uiters eng grense in te perk nie maar om hulle in te span om baie hoër uit te styg as waartoe hulle onder my leiding in staat is. So ver dit my aangaan, lyk dit vir my asof ek nog te min gesê het oor die waarde van hierdie onderwerp wanneer dit onder bespreking kom en ek probeer het om alles daaroor te sê. Hoewel my verstand meer vermag wanneer ek daaroor nadink as my tong wanneer ek dit tot uitdrukking probeer bring, word my verstand nogtans deur die gewigtigheid van die onderwerp oorweldig en oorstelp. Gevolglik bly daar vir my uiteindelik niks anders oor as om in bewondering vir hierdie misterie uit te bars nie omdat my verstand nóg by magte is om dit te deurdink nóg my tong om dit te verduidelik."[11]

Die geloof wat Calvyn dus deurgaans beskryf as die wyse waarop ons Christus eet en drink, is vir hom kinderlike geloof. Naas hierdie wyse van glo is daar nie by Calvyn 'n nog eenvoudiger geloof nie. 'n Geloof wat nie hierdie aanvaarding van ons eenheid en gemeenskap met Christus se liggaam en bloed in die hemel in die tekens van die sakrament aanvaar nie, word as ongeloof afgewys.

## 2. ***Instruction et confession de foy dont on use en l'église de Genéve (1537) en Genfer Catechismus (Catechismus prior) (1537).***

Op 16 Januarie 1537 lê drie predikante, Eli Coraud, Farel en Calvyn 'n kerkorde voor aan die stadsraad van Genéve: *Articels concernant l' organsation de l'eglise et du culte á Genéve.* Hierdie kerkorde handel oor hoe kinders gekatkiseer moet word. " This instruction is important, we read, for their profession of faith. The ministers are to draw up a brief and simple summary of the faith that all children must learn. A few times a year the children should meet with the ministers to be examined and to receive further instruction until they are sufficiently trained. The Council should see to it that parents train their children in the catechism and have them meet with the ministers at the appointed time."[12]

---

[11] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV. , p. 1683

[12] De Greef, W. The Writings of John Calvin An introductory guide Translator Lyle D. Bierma, Grand Rapids: Baker Books, 1993, p.132

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is egter dadelik uitgebrei vir die hele gemeenskap. Toegang tot die nagmaal in Genéve is van die inhoud van hierdie belydenis afhanklik gemaak. Hierdie eerste kategeseboek van Calvyn het die hoofindeling van die Institusie gevolg. Dit is 'n kort opsomming van die Institusie. "Dieser war ursprünglich für die Unterweisung der Jugend geplant, gewann jedoch, vielleicht unter dem Druck der Notwendigkeiten, schon bei der Abfassung größeres Gewicht: mit ihm sollte den Bürgern der Stadt der neue Glaube in klarer und biblisch gegründeter Form dargelegt werden, wobei zu verdeutlichen war, wie dieser Glaube sich im Leben des einzelnen und in allen Lebensbereichen der Gemeinde darstellt. Nicht zufällig folgte Calvin dabei der Kapiteleinteilung der INSTITUTIO von 1536: der Katechismus von 1537 ist ein dogmatisches Kompendium und enthält die Grundgedanken des theologischen Hauptwerkes. Der Katechismus wurde auf Kosten der Stadt gedruckt. Durch Ratsbeschluß vom 29.7. 1537 mußten die Bürger Glaubensbekenntnis und Kirchenordnung beschwören. Zulassung zum Abendmahl, Bürgerrecht und Aufenthaltsgenehmigung in der Stadt wurden davon abhängig gemacht." [13]

"Das Abendmahl

Die Verheißung, die mit dem Abendmahl verbunden ist, verkündet in aller Klarheit, warum es eingesetzt und wozu es bestimmt wurde. Dieses Mysterium gibt uns die Gewißheit, daß der Leib des Herrn jenes *eine* Mal für uns hingegeben wurde, so daß er jetzt und für alle Zeiten der unsere ist, und daß das Blut des Herrn *einmal* für uns vergossen wurde, so daß es für immer unser ist. Die sichtbaren Zeichen dieses Mysteriums sind Brot und Wein; unter beiden bietet uns der Herr die wahre Kommunikation mit seinem Leib und seinem Blut an. Diese Gemeinschaft ist geistiger Art, und es genügt dazu das Band des Heiligen Geistes. Sie fordert nicht die gegenständliche Anwesenheit weder seines Leibes in der Gestalt des Brotes noch seines Blutes in der des Weines. Denn obwohl der zum Himmel aufgefahrene Christus diese irdische Wohnstätte, in der wir noch Pilger sind, verlassen hat, kann dennoch keine Entfremdung seine Macht auflösen, durch die er die Seinen mit sich selbst stärkt und durch die er sie, obschon sie von ihm entfernt sind, in sichtbarer Weise mit seiner Gemeinschaft beschenkt. Der Herr gibt uns im Abendmahl eine so offenbare Belehrung, wie wir sie brauchen, um ohne jeden Zweifel versichert zu sein, daß Christus mit der Fülle seiner Gaben im Abendmahl uns nicht weniger gegenwärtig ist, als wenn wir ihn mit unseren Augen sähen und mit unsern Händen berührten. Macht und wirksame Gegenwart Christi bewirken im Abendmahl in uns nicht nur das feste Vertrauen auf das ewige Leben, sondern auch die Gewißheit, daß unser Fleisch unsterblich ist, denn es wurde schon von seinem unsterblichen Fleisch belebt und hat gewissermaßen an seiner Unsterblichkeit teil. Körper und Blut sind deshalb in der Gestalt von Brot und Wein dargestellt, damit wir nicht nur begreifen, daß sie unser sind, sondern vielmehr, daß sie uns Leben und tägliche Nahrung bedeuten. Wenn wir also das dem Leibe Christi geweihte Brot anschauen, so müssen wir sofort das Gleichnis erkennen: wie das Brot das Leben unseres Leibes stärkt und erhält, so ist der Leib Christi Nahrung und

---

[13] Mohn, G. Jean Calvin: Christliche Unterweisung Der Genfer Katechismus von 1537 Gütersloh: Gütersloher verlagshaus, 1978, p.76

> Bewahrung unseres geistigen Lebens. Und wenn der Wein uns als Zeichen des Blutes gegeben wird, so müssen wir gleichfalls bedenken, daß wir vom Blute Christi geistig die gleichen Wohltaten empfangen, wie sie der Wein dem zu preisen und dankend zu feiern. Schließlich werden wir durch dieses Sakrament noch aufgefordert, uns einander zu einer Gemeinschaft zusammenzufügen, bei der die Teile, wie die Glieder eines Körpers untereinander verbunden, ein Ganzes bilden. Kein stärkerer Ansporn konnte uns gegeben werden, unter uns die Liebe zueinander zu entzünden und zu entfachen, als wenn Christus, indem er sich uns gibt, durch sein Beispiel auffordert, uns einander zu geben und zu weihen. Und nicht nur dies: indem er sich allen eint, vereint er uns alle in sich selbst." [14]

In die tekens van die nagmaal skenk Christus ons werklike gemeenskap met sy liggaam en bloed. Alhoewel Christus na sy menswees opgevaar het na die hemel en nie op aarde met ons is nie, kan hierdie verwydering nie keer dat Hy ons gemeenskap skenk aan Hom in sy menswees in die hemel nie.

Dit is juis die versekering wat Christus in die tekens van die nagmaal aan ons skenk. Ons deel net so seker in sy mensheid in die hemel teenswoordig op aarde as wat ons hier op aarde aan die tekens van brood en wyn vat.

Hierdie teenswoordige gemeenskap met Hom in sy menswees in die hemel is geestelik. Nie geestelik omdat ons met sy Gees verenig word nie. Geestelik omdat dit die krag en werk van die Heilige Gees is om sy mensheid op aarde aan ons te skenk terwyl Hy steeds in die hemel is.

Hierdie gemeenskap met Christus in sy liggaam en bloed gee ons ook die versekering van die wederopstanding van ons eie vlees: na liggaam, siel en gees as mens. Omdat ons met Hom in sy menswees verenig is en Hy lewe, deel Hy ook in hierdie vereniging ons die wederopstanding van ons eie vlees mee.

In hierdie tekens ontvang ons die mensheid van Christus as die krag waarin en waardeur ons ook opgewek word tot 'n nuwe lewe.

Hierdie gemeenskap verseker ons nie net dat Hy ons eie is in sy mensheid nie, maar dat hierdie eenheid ons lewe en voedsel is. In hierdie gemeenskap voed en sterk Hy

---

[14] Mohn, G. Jean Calvin pp. 62-76

ons geestelike lewe: dit is ons gebedslewe, ons gehoorsaamheidslewe en ons lewe in geloof en liefde.

Dit is nie ons eet en drink van die tekens wat ons voed en sterk nie, maar ons aanvaarding van ons eenheid met sy liggaam en bloed: van ons eenheid met Hom as mens in die hemel. Die brood en wyn wys ons dat alle weldade wat ons van Christus ontvang – heiligheid, geregtigheid, vergifnis van sonde, wedergeboorte en die opstanding van die vlees – ons deur ons eenheid met Hom in sy menswees in die hemel ontvang.

Die nagmaal verplig ons ook om ons te voeg by die gemeenskap van gelowiges. Hier is dit belangrik om te onderskei waartoe Christus ons verenig in die nagmaal en dit waartoe die nagmaal ons oproep as plig. Die nagmaal roep ons op om ons te voeg by die gemeenskap van gelowiges soos 'n lid van een liggaam. Die nagmaal is egter nie 'n teken van hierdie liggaam waartoe ons ons as lid voeg nie. Die nagmaal is teken van die liggaam van Christus in die hemel waarin ons almal verenig is. Uit hierdie eenheid moet ons onsself voeg by die gemeenskap van gelowiges met mekaar.

Dit is tog heel duidelik dat ons nie ons self by Christus se liggaam in die hemel as 'n lid voeg nie. Met sy liggaam in die hemel waarvan die brood en wyn tekens is, is ons een, nie lede asof Hy nie sy eie ledemate van sy eie liggaam het nie. Dit is ook nie ons wat na die hemel opstyg om daar met Christus in die hemel een te wees nie. Dit is Hy wat deur die Heilige Gees ons met Homself verenig.

Die wyse waarop ons Christus in die nagmaal ontvang, is deur dít te herken wat Hy ons in die tekens aanbied en dit te aanvaar: sy liggaam en bloed in die hemel. Nie net dit nie, in hierdie tekens moet ons erken dat ons eenheid met Hom as mens die voedsel en krag is wat ons vir God lewendig sal maak en lewendig sal hou. Wie Christus in die tekens so herken en erken vir homself – eet en drink die bloed en liggaam van die Here as hy die tekens van die nagmaal gebruik.

Hierdie inhoud is die inhoud wat toegang tot die nagmaal verleen het. Wie die nagmaal so aanvaar het, is deur die kerkraad van Genéve toegelaat tot die nagmaal.

b16603746
i17698960

Wie die nagmaal nie so aanvaar het nie, maar dit as transsubstansiasie, konsubstansiasie of net as 'n herinneringmaaltyd gevier het, is daavan uitgesluit. "Der Katechismus wurde auf Kosten der Stadt gedruckt. Durch Ratsbeschluß vom 29.7. 1537 mußten die Bürger Glaubensbekenntnis und Kirchenordnung beschwören. Zulassung zum Abendmahl, Bürgerrecht und Aufenthaltsgenehmigung in der Stadt wurden davon abhängig gemacht." [15]

Ons moet onthou dat hierdie 'n kategismus vir kinders is. Hierdie wyse waarop die nagmaal gebruik moet word, was nie onderwerp aan 'n houding dat kinders anders nagmaal kan gebruik as die wyse waarop dit hier bely is, net omdat hulle kinders is nie. Die kategese is juis die wyse waarop kinders in dieselfde geloof en gebruik as dié van die volwassenes voorberei is tot hulle eie gebruik van die nagmaal.

3. ***Catechismus ecclesiae Genevensis.( Catechismus posterior)* (1542)**

Calvyn het in 1542 hierdie kategismus opgestel vir gebruik in die gemeente van Genéve. Hierdie plaaslike doelstelling is gou uitgebrei om al die Franse gemeentes, die Waldensiese kerke en vlugtelingkerke in te sluit: "By sy terugkeer na Genéve kry die kategismus 'n breër doelstelling naamlik om leiding in die verbondsonderrig aan al die reformatories gesinde Franse gemeentes, aan die Waldensiese kerke en aan die vlugtelinkerke te gee."[16] Die Latynse vertaling en uitgawe van 1545 was opgedra aan die predikante in Oos Friesland: "On November 28, 1545, Calvin dedicated die Latin translation on his catechism ( Catechismus ecclesiae Genevensis, hoc est, formula erudiendi pueros in doctrina Christi ..) to the "faithful ministers of Christ who preach the pure doctrine of the gospel in East Friesland". People in East Friesland, where his writings were being read, had asked him for this dedication. In the dedication Calvin states that he has written this catechism in Latin in order to bring to expression the unity of the churches. They may be far apart from each other in distance, but they are one with each other in the confession of the same faith." [17]

---

[15] Mohn, G. Jean Calvin , p.76

[16] Calvyn, J. Die kategismus van die kerk in Genéve Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson, Silverton: Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 1981, pp. II

[17] De Greef, W. The Writings of John Calvin An introductory guide Translator Lyle D. Bierma, Grand Rapids: Baker Books, 1993, p.133

Die verskil tussen Calvyn se nagmaalsbeskouing en díe van Zwingli word hierin duidelik aan die orde gestel. Die letter "L" staan vir leraar en die letter "S" vir seun.

"341. **L:** Kom ons gaan nou oor tot die eetmaal. Eerstens wil ek van jou weet wat die betekenis daarvan is. **S:** Die eetmaal is deur Christus ingestel om ons te leer om ons siele gereed te maak vir die ewige lewe deur die deelname in sy liggaam en in sy bloed en om ons daarvan te verseker.

342. **L:** Waarom word sy liggaam met brood en sy bloed met wyn uitgebeeld?

S: Hier word ons geleer watter krag brood het om ons liggame te voed en ons lewe hier te onderhou en dat dieselfde krag ook in die liggaam van Christus is om ons siele geestelik te voed. Soos die mens se hart hom verbly in wyn, soos dit sy kragte herstel en die mens daardeur volkome versterk word, word ons geleer dat ons siele dieselfde voordeel put uit die bloed van die Here.

343. **L:** Eet ons dan die liggaam en die bloed van die Here? S: Ja, want aangesien ons vertroue op ons saligheid volkome daarop gevestig is dat ons die gehoorsaamheid wat ons van Hom ontvang het en wat Hy aan die Vader getoon het, aan Hom moet betoon en net asof Hy aan ons behoort moet ons Hom ook in besit neem. Want Hy deel sy seëninge nie op 'n ander wyse met ons as net om Hom deel van ons te maak nie.

344. **L:** Het Hy hom dan nie op die stadium toe Hy hom aan die dood bloot gestel het, aan ons gegee om ons met die Vader te versoen nadat Hy ons van die oordeel van die dood verlos het nie?

**S:** Dit is inderdaad so, maar dit is nie vir ons genoeg as ons Hom nie ook sou aanneem sodat die gevolg en vrug van sy dood ons ook kan toekom nie.

345. **L:** Bestaan die wyse van aanneming verder uit die geloof of nie?

**S:** Ja, maar ek voeg terselfdertyd by dat dit nie geskied omdat ons glo dat Hy gesterwe het om ons van die dood te verlos en dat Hy opgewek is om vir ons die lewe te verwerf nie, maar ook bely dat Hy in ons lewe en dat ons met so 'n soort eenheid aan Hom verbonde is as wat die ledemate met die hoof 'n eenheid vorm sodat ons deur die weldaad van hierdie eenheid ook deelgenote in al sy seëninge word.

346. **L:** Kry ons hierdie deelname slegs deur die eetmaal? S: Nee, want volgens Paulus word Christus ook deur die evangelie aan ons meegedeel. Paulus leer ons dit ook met reg omdat ons by hom verneem dat ons vlees is van sy vlees en been van sy been en dat Hy self die lewende brood is wat uit die hemel neergedaal het om ons siele te voed en dat ons een is met Hom soos Hy een is met die Vader, en soortgelyke verklarings. ...

348. **L:** Watter betekenis is daar dan in die simbool van die brood?

S: Dit dat die liggaam van Christus nou ook aan ons gegee word soos Hy dit eenmaal geoffer het om ons met God te versoen sodat dit ons kan verseker dat hierdie versoening ook op ons betrekking het.

349. **L:** Watter betekenis is daar in die simbool van die wyn? S: Dit dat Christus soos Hy eenmaal sy bloed ter voldoening van al ons sondes as prys vir ons verlossing vergiet het, sy bloed nou ook aan ons voorsit om te drink daarvan sodat ons die vrug wat ons daaruit moet pluk, kan voel. ...

354. **L:** Maar het ons slegs afbeeldinge van die dinge waarvan jy gepraat het in die eetmaal of word dit ook in werklikheid daar aan ons geskenk?

S: Aangesien Christus, ons Here, self waarheid is, bestaan daar hoegenaamd geen twyfel daaroor dat Hy die beloftes wat Hy daar aan ons gee ook volbring en met die tekens ook sy waarheid daaraan toevoeg nie. Daarom het ek geen twyfel daaroor nie dat Hy ons ook deelgenote aan sy wese maak soos Hy in woorde en tekens getuig sodat ons een in lewe saam met Hom kan toeneem.

355. **L:** Ja, maar hoe kan dit gebeur as Christus se liggaam in die hemel is en ons nog op die aarde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertoef? S: Hy bewerkstellig dit met die wonderlike en verborge krag van sy Gees. Dit is nie moeilik om met sy Gees om te gaan nie, al sou sy liggaam ver van ons af wees.

356. L: Jy stel dit dus so voor dat sy liggaam nie in die brood ingesluit is nie en sy bloed ook nie in die beker nie? S: Hoegenaamd nie; ek voel eerder dat ons die tekens deur sy krag in besit neem en dat ons ons gemoedere na die hemel moet verhef waar Christus is vanwaar ons Hom as Regter en Verlosser verwag, maar dat daar tevergeefs en ook verkeerd na Hom gesoek word in hierdie aardse elemente.

357. L: Om dus saam te vat wat jy gesê het: jy verklaar dat daar twee sake in die eetmaal is, naamlik brood en wyn wat met die oë gesien, met die hande aangeraak en deur smaak waargeneem kan word. In die tweede plek dan ook Christus op wie ons siele diep binne in ons soos op spyse van hulle eie voed?

S: Ja, en dit is inderdaad so dat die opstanding van ons liggame daar bevestig word asof 'n borg daarvoor aan ons gegee is aangesien ons liggame juis in die simbole van die lewe deel."[18]

Volgens vraag 341 is ons deelname aan Christus as mens in die hemel nie maar net 'n aspek van die nagmaal nie. Dit is die hele doel van die nagmaal. Vraag 342 wys dat dit juis is waarom die tekens van die nagmaal wyn en brood is en nie byvoorbeeld die vleis van 'n lam nie. Dit wys dat die liggaam van Christus in die hemel ons geestelike voedsel en drank is. Sy menswees is ons krag. Daarom is die antwoord op die vraag of ons sy bloed drink en sy vleis eet: "Ja". Ons kan op geen ander manier aan die seëninge van die Here - dit is versoening, vergifnis, heiligheid, geregtigheid en wedergeboorte – deelkry, anders as dat Hy ons deelmaak van Homself as mens in die hemel nie.

Dit bepaal die wyse waarop ons Christus in die nagmaal aanneem. In vraag en antwoord 345 kry ons die kwalifiserende onderskeid oor hoe en wat ons in die nagmaal glo. Die kwalifisering "ja, maar nie , maar omdat" wys op hoe Christus in die nagmaal aanvaar word. Hierdie kwalifisering is elke keer gerig op die oortuiging en belydenis wat Zwingli gestel het as die wyse waarop ons Christus in die nagmaal aanvaar.

Calvyn stel dit uitdruklik: ons aanvaar nie Christus in die nagmaal deur te glo dat Hy vir ons sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het nie. Hierdie geloof is nie die wyse waarop Christus in die nagmaal aanvaar kan word nie. Die nagmaal gaan oor gemeenskap. Hierdie gemeenskap bestaan in die aanvaarding dat ons een is met Hom as mens in die hemel, op so 'n wyse dat dit wat Hy as mens is in ons leef. In hierdie

---

[18] Calvyn, J. Die kategismus van die kerk in Genéve Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson, Silverton: Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 1981, pp. 62- 66.

eenheid aanvaar ons dat al sy seëninge: vergifnis, heiligheid, geregtigheid e.a., ons alleen toekom deur hierdie eenheid wat Hy met ons het as mens in die hemel.

Vir die onderskeid tussen Zwingli en Calvyn is vraag 344 net so belangrik. Dit is nie vir ons genoeg dat Christus aan die kruis gesterf het en ons oordeel in die dood gedra het nie. Hierdie weldaad moet ons aanvaar om te deel in die vrug daarvan. Die wyse waarop ons Hom aanvaar is om Hom te aanvaar soos Hy Hom in die nagmaal gee: om ons in te sluit en te laat deel in sy mensheid in die hemel.

Vraag 346 wys op die eenheid tussen die Woordbediening en die sakrament. Ons ontvang nie Christus net in die nagmaal as mens in die hemel nie. Dit is presies ook wat ons ontvang in die Woordbediening. Wat Christus ons skenk is dieselfde in Woord en sakrament. Hoe Hy dit in die Woord en sakrament gee, verskil. Daarmee word hierdie belydenis oor ons deelname aan Christus in sy menswees in die hemel aangewys as die hart van die hele evangeliebediening, nie net die sakramentsbediening nie.

Vraag 348 en 349 wys weer op die verskil tussen Calvyn en Zwingli. Die Here wat Homself aan die kruis aan die Vader oorgegee het, is dieselfde Here wat Homself aan ons gee. Die gawe wat die Here aan die Vader gegee het, is ook die gawe wat Hy aan ons gee. Die wyse waarop Hy dit egter aan die Vader gegee het, is anders as die wyse waarop Hy dit aan ons gee. Aan die Vader het Hy sy liggaam as offer gegee. Aan ons gee Hy sy liggaam as voedsel en drank. Daarom is die brood en wyn nie maar net tekens nie. In en deur hierdie tekens gee die Here sy eie menswees in die hemel aan ons as ons geestelike voedsel en drank waardeur ons godsdienstig opgewek word en lewe.

Dit is weereens kritiek op die nagmaalsbeskouing van Zwingli. By Zwingli gee Christus nie sy liggaam in die hemel aan ons as ons voedsel en drank nie. Ons dink net aan die offer wat Hy op Golgota vir ons sondes gebring het. In hierdie tekens is die Here wat ons deelname aan sy mensheid in die hemel in die nagmaal gee, afwesig. Daarom is die nagmaal nie 'n geestelike herdenking van mense wat saam voel, saam dink, saam glo en geestelik saam eendragtig is nie. Dit is om wesenlik een met Christus as mens in die hemel te wees. Dit is wat vraag 354 stel: die elemente van die

nagmaal is nie maar afbeeldings waarin ons geestelike waarheid moet raaksien nie. Dit is werklik Christus wat werklik Homself in hierdie tekens ons wesenlik in sy mensheid laat deel in die hemel sodat al is Hy in die hemel en ons op aarde, ons in een lewe – sy lewe - kan toeneem.

Vraag en antwoord 355 neem enige onduidelikheid weg oor wat met liggaam en bloed in hierdie vrae as geheel bedoel word: dit gaan oor Hom as mens in die hemel wat ons op aarde in sy menswees in die hemel inlyf. Dit gaan nie om die eenheid van ons gees met die Gees van God nie, of om ons geesteseenheid met Christus se voorbeeld, sy lewenswaardes, sy moed, sy verset, sy altruïtiese oorgawe van Homself nie. Sy liggaam en bloed, sy menswees nou in die hemel as dieselfde mens wat gekruisig was – is ons voedsel en ons drank.

Vraag 356 verduidelik nog 'n aspek van die geestelike aksie wat die nagmaal vra: om ons gemoed of hart na die hemel te verhef. Hierdie aksie is ten nouste verbonde aan die mensheid van die Here in die hemel. In ons gebruik van die nagmaal vestig ons nie ons gemoed op die tekens in die erediens nie. In hierdie tekens verhef die Here ons gemoed op na Hom in sy geregtigheid, heiligheid en liefde in die hemel. So aanvaar ons dan Hom as ons voedsel en drank in die hemel.

### 4. ***Les Ordonnances ecclésiastiques: Projet d'ordonanannces sur le offices ecclésiastiques* (1541)**

Calvyn het aan hierdie kerkorde aandag gegee direk na sy terugkeer na Genéve. "When Calvin returned to Geneva in 1541, he planned to stay only temporarily. His wife had remained behind in Strasbourg. After the Council immediately granted his request to draw up a written church order, however, he promised the Council that, as far as he was concerned, he would always be the servant of Geneva. Six members of the Council were assigned to the task. Calvin and the four other ministers of Geneva also formed part of the committee. Meanwhile, arrangements were made for Calvin's wife and their belongings to be brought over to Geneva. On September 26 the committee presented its draft to the Little Council. The Council of Two Hundred

endorsed it on November 9, and on November 10 it was taken up and approved by the General Council."[19]

In die artikels van hierdie kerkorde van Genéve is daar 'n artikel op die nagmaal sowel as 'n artikel wat spesifiek oor die kinders handel: "die orde wat onderhou moet word ten opsigte van klein kinders".

> "Of the Supper
> Since the Supper was instituted for us by our Lord to be frequently used, and also was so observed in the ancient Church until the devil turned everything upside down, erecting the mass in its place, it is a fault in need of correction, to celebrate it so seldom. Hence it will be proper that it be always administered in the city once a month, in such a way that every three months it take place in each parish. ... The Sunday before the celebration, intimation is to be made, in order that no child come before it has made profession of its faith as proved by examination by the Catechism, and also that all strangers and newcomers may be exhorted first to come and present themselves at the church, so that they be instructed and thus none approach to his own condemnation."[20]

> "The Order to be observed in the case of little Children
> All citizens and inhabitants are to bring or convey their children on Sundays at midday to Catechism, of which something has been said. A definite formulary is to be composed by which they will be instructed, and on this, with the teaching given them, they are to be interrogated about what has been said, to see if they have listened and remembered well. When a child has been well enough instructed to pass the Catechism, he is to recite solemnly the sum of what it contains, and also to make profession of his Christianity in the presence of the Church. Before this is done, no child is to be admitted to receive the Supper; and parents are to be informed not to bring them before this time. For it is a very perilous thing, for children as for parents, to introduce them without good and adequate instruction; for which purpose this order is to be used. In order that there be no mistake, let it be ordained that children who come to school assemble there before twelve o'clock, and that the masters conduct them in good order in each parish. The fathers are to bring the others or have them conducted. In order that there be the less confusion, the distinction of parishes in this connection is to be observed as far as possible, as has been said above concerning the sacraments. Those who contravene these regulations are to be called before the company of the elders, and, if they will not yield to good advice, they must be reported to their Lordships. To advise who do their duty and who do not, elders are to keep an eye over all to give warning.[21]

Uit die artikel oor die nagmaal is dit duidelik dat kinders nie nagmaal kon gebruik voor hulle nie belydenis van geloof afgelê het nie. Daarom is daar geleentheid gegee elke Sondag voor die Sondag waarop die nagmaal gevier is, vir kinders om belydenis van geloof af te lê. Die volgende sin wys op die verhouding tussen kategese en

---

[19] De Greef, The Writings of John Calvin An introductory guide. , p.144
[20] Calvin, J. Articles concerning the organization of the Church and worship at Geneva. in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 London: SCM Press, 1954, pp. 66-67.
[21] Ibid., p.69

belydenis: "in order that no child come before it has made profession of its faith as proved by examination by the Catechism,". Die ondersoek wat gedoen was, het gehandel oor die kategese. In hierdie geval die kategese volgens die twee kategese boeke van Genéve van 1537 en 1542.

Die artikel oor die klein kinders is nog meer spesifiek. Klein kinders moet Sondagmiddae gebring word vir kategese. Die kinders moes volgens 'n leerplan onderrig en ondervra word – in hierdie geval was dit die kategeseboek van 1542 soos aangehaal.

Die onderrig was alles behalwe 'n sogenaamde "nagmaalskategese" om gou die betekenis van die nagmaal te leer. Hulle moes die kategismus verantwoord in 'n ondersoek waarin hulle deeglik ondervra is oor die inhoud van die hele kategismus, nie net enkele vrae oor die nagmaal nie. Hulle moes die samevatting van hierdie onderrig kon voordra en hulle Christelikheid verklaar in die teenwoordigheid van die kerk.

Die kerkorde stel dit uitdruklik: voor hierdie kategese, ondervraging waaraan voldoen moet word en openlike verklaring van hulle Christelikheid in die kerk, word hulle nie tot die nagmaal toegelaat nie. Die orde dat die ouers in kennis gestel word dat hulle die kinders nie voor hierdie kategese, ondersoek en openlike verklaring in die kerk hulle kinders na die nagmaal kan bring nie, stel dit duidelik: kinders kan nie die nagmaal gebruik voor hulle nie gekatkiseer het, ondersoek is en openlike verklaring van hulle Christelikheid in die kerk afgelê het nie.

Die kerkorde stel dit onomwonde: vir ouers en kinders is dit gevaarlik om voor hierdie kategese en openlike verklaring van hulle Christelikheid in die kerk nagmaal te gebruik. Dit blyk duidelik uit die sin: "For it is a very perilous thing, for children as for parents, to introduce them without good and adequate instruction;"

Die ouderlinge moes toesien dat hierdie orde gehandhaaf word en die wat nie hiervolgens optree nie, moes aangemeld en gewaarsku word. Dit is - hulle moes getug word.

Ten opsigte van die nagmaal is die nagmaalsgebruik soos in die kategismus uitgelê ook van kinders vereis: hulle moes die tekens gebruik en ontvang in die geloof dat hulle Christus se mensheid in die hemel met al die seëninge wat in Hom opgesluit is ontvang. Ook kinders moes hierdie eenheid met Christus in die nagmaal aanvaar en nie maar net glo dat Hy vir hulle sondes gesterf het en vergewe is nie.

5.***Confessio fidei de eucharistia (1537).***

Hierdie belydenis, " 'n belydenis van geloof oor die nagmaal", was nodig om die eenheid onder die Gereformeerde predikante te handhaaf. In Mei 1536 het Bucer en Capito 'n gesamentlike belydenis met onder andere Martin Luther geteken tydens 'n byeenkoms in Wittenberg, die *Formula concordiae,* wat deur Philip Melanchthon opgestel was. 'n Sinode in Bern is byeengeroep om op hierdie optrede van Bucer en Capito te reageer: "At the synod in Bern, Bucer and Capito defended their rapprochement with Luther expressed in the signing of the Wittenberg Concord. A confession written by Calvin concerning the Lord's Supper, the *Confessio fidei de eucharistia (CO* 9:711-12; *OS* 1:435), was also accepted by the Strasbourgers Bucer and Capito."[22] Met hierdie belydenis is die eenheid van Gereformeerdes gehandhaaf.

"Confession of Faith concerning the Eucharist

We confess that the spiritual life which Christ bestows upon us does not rest on the fact that he vivifies us with his Spirit, but that his Spirit makes us participants in the virtue of his vivifying body, by which participation we are fed on eternal life. Hence when we speak of the communion which we have with Christ, we understand the faithful to communicate not less in his body and blood than in his Spirit, so that thus they possess the whole Christ. Now Scripture manifestly declares the body of Christ to be verily food for us and his blood verily drink. It thereby affirms that we ought to be truly nourished by them, if we seek life in Christ. It is no small or common thing that the apostle teaches, when he asserts that we are flesh of Christ's flesh and bone of his bone. Rather he points out the great mystery of our communion with his body, whose sublimity no one is able to explain adequately in words. For the rest it is no contradiction with this that our Lord is exalted in heaven, and so has withdrawn the local presence of his body from us, which is not here required. For though we as pilgrims in mortality are neither included nor contained in the same space with him, yet the efficacy of his Spirit is limited by no bounds, but is able really to unite and bring together into one things that are disjoined in local space. Hence we acknowledge that his Spirit is the bond of our participation in him, but in such manner that he really feeds us with the substance of the body

[22] De Greef, W. The Writings of John Calvin An introductory guide, p.183

and blood of the Lord to everlasting life, and vivifies us by participation in them. This communion of his own body and blood Christ offers in his blessed Supper under the symbols of bread and wine, presenting them to all who rightly celebrate it according to his own proper institution.

This statement of our dear brothers and colleagues, G. Farel, John Calvin and P. Viret, we embrace as right doctrine, believing Christ our Lord in no sense to be diffused locally or ubiquitously in the Holy Supper, but that he has a true and finite body and remains in heavenly glory. Yet none the less, through his word and symbols, he is present in the Supper: He presents himself to us as we are by faith exalted to heaven with him, so that the bread we break and the cup through which we show Christ forth may be for us really the communion of his body and blood. Besides we hold as an error not to be tolerated in the Church that it is naked and bare signs that Christ sets forth in his blessed Supper, or not to believe that here the very body and the very blood of the Lord is received, that is the Lord himself true God and man.

Written by his own hand—Martin Bucer. Subscribed—Wolfgang Capito."[23]

In die eerste gedeelte stel Calvyn die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees aan die orde. Die Here maak ons nie deur eenwording met die Heilige Gees lewend nie. Die wedergeboorte in die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, vind nie plaas deur eenwording met die Heiliges Gees nie. Dit vind plaas deur die vereniging met die menslike liggaam en bloed van Christus in die hemel. Dit is ons eenheid en gemeenskap met Christus in sy menswees wat ons geestelik lewend maak en geestelik voed tot die ewige lewe.

Hiermee wys Calvyn enige werking van die Gees buite die mensheid van Christus in die hemel af. Ons deelname lê daarin dat die Heilige Gees ons met Christus in sy menswees verenig en dit is ons gemeenskap met die Heilige Gees.

Die volgende aksent is deurgaans vir Calvyn belangrik. Dit gaan oor die héle Christus: Christus as mens en Christus as God. Indien ons nie in Christus se mensheid deel nie, dan word die eenheid van Christus se persoon verskeur. Daarom is ons deelname nie net in die Heilige Gees nie, maar ook in die mensheid van Christus. Hierdie deelname aan die Heilige Gees buite die mensheid van Christus is nie maar net deelname aan 'n halwe Christus nie, dit is 'n valse eenheid. 'n Eenheid buite die mensheid van Christus met die Gees van God, is vals volgens hierdie belydenis oor die nagmaal: "Besides we hold as an error not te be tolerated in the Church that it is naked an bare signs that sets forth in his blessed Supper, or not to believe that here the

[23] Calvin, J. Confession of faith concerning the eucharist in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 London: SCM Press, 1954, pp.168 -169

very body and the very blood of the Lord is received, that is the Lord himself true God and man."

Hierna word die kernoortuigings weer herhaal: ons geestelike lewe word gevoed deur die liggaam en bloed van Christus. Ons godsdienstige lewe se lewe en krag lê in ons eenheid met Hom in sy mensheid vandag in die hemel. Christus se mensheid bly in die hemel en ons bly mense op aarde, maar deur die krag van sy Gees as God verenig Hy Homself met ons op so 'n wyse dat ons deel in sy mensheid. Dit is hierdie deelname wat ons in die tekens van die nagmaal geskenk word.

Hierdie eenheid verhef ons tot Hom in die hemel deur ons geloof in ons eenheid met Hom. Hierdie eenheid en gemeenskap tussen ons as mense en Hy as mens in die hemel is werklik omdat Christus ons werklik by Hom inlyf.

Weereens word die geloofsoortuigings van Luther en Zwingli afgewys. Vir ons is van belang dat Zwingli se herinneringsmaal vir hom beteken dat die tekens gestroop is van dit wat die tekens ons bied: werklike deelname aan Christus in sy menswees in die hemel. Die tekens word inhoudloos.

6.***<u>Petite traicté de la saincte céne.</u>*** **<u>(1541).</u>**

In 1540 het Calvyn die boekie: "'n Kort verhandeling oor die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus." geskryf vir lidmate in die gemeente. Lidmate was verward oor die verskillende Protestantse standpunte oor die nagmaal: "At others' insistence, Calvin wrote a treatise in 1540 (while still in Strasbourg) in which he explained for people in the pew the basic meaning of the Lord's Supper. Many did not know what to think amid all the confusing discussion about the Lord's Supper. Because this little book was intended for lay people, Calvin wrote it in French. ...In the title of the French edition of 1541, Calvin calls the little book a *Short Treatise on the Holy Supper of Our Lord Jesus Christ.* As the full title indicates, his intent was to demonstrate the true teaching, benefit, and use of the Lord's Supper, as well as to

indicate the reasons why "the moderns," by whom he meant Martin Luther, Ulrich Zwingli, and Johannes Oecolampadius, had written so differently about it."[24]

In hierdie uiteensetting het ons dus nie 'n akademiese referaat nie, maar 'n onderrig van gewone lidmate oor die betekenis van die nagmaal vir hulle as lidmate.

In hierdie werk stel Calvyn weer die hoofinhoud van die nagmaal soos ons dit in bogenoemde geskrifte gekry het. Ons wys op 'n paar aksente wat in hierdie boekie meer verduidelik word.

Dit is juis vanweë die misterie van ons eenheid met Christus as mens dat die tekens van brood en wyn as sakrament aan ons gegee word deur die Here.

> "We have already seen how Jesus Christ is the only provision by which our souls are nourished. Now what is said of the Word fitly belongs also to the sacrament of the Supper, by means of which our Lord leads us to communion with Jesus Christ. For seeing we are so foolish, that we cannot receive him with true confidence of heart when he is presented by simple teaching and preaching, the Father, of his mercy not at all disdaining to condescend in this matter to our infirmity has desired to attach to his Word a visible sign by which he represents the substance of his promises, to confirm and fortify us and to deliver us from all doubt and uncertainty. Since then it is a mystery so high and incomprehensible when we say that we have communion with the body and blood of Jesus Christ, and since we on our side are so rude and gross that we cannot understand the smallest things concerning God, it was of consequence that he give us to understand according as our capacity can bear it. For this reason, the Lord instituted for us his Supper, in order to sign and seal in our consciences the promises contained in his gospel concerning our being made partakers of his body and blood; and to give us certainty and assurance that in this consists our true spiritual nourishment;so that having such an earnest, we might entertain a right assurance about salvation."[25]

Die sigbare teken van die nagmaal, brood en wyn, stel aan ons ons gemeenskap met die liggaam van Christus in die hemel voor. Dit is hierdie eenheid met Hom wat vir ons juis so onbegryplik is. Hierdie onbegrip gaan daaroor dat ons nie in die mensheid van Christus ons krag en voeding vir ons geestelike lewe wil soek nie. Ons natuurlike ingesteldheid is juis om dit in eenheid met die goddelikheid te soek. Dit is om onmiddelik een met God se Gees te wil wees.

---

[24] De Greef, W. The Writings of John Calvin An Introductory guide, p.134

[25] Calvin, J. Short Treatise on the Holy Supper of Our Lord Jesus Christ in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 London: SCM Press, 1954, p.144

Die tekens van die nagmaal wil ons juis vasbind aan die liggaam van Christus in die hemel. Die versekering en versterking van die tekens gaan nie maar net om 'n psigiese behoefte by die mens om aanraking deur die goddelike nie. Die tekenkarakter gaan oor die sigbaarmaak van die substansie van die nagmaal: Jesus Christus as mens in die hemel is ons geestelike voedsel en drank. Waar ons gemeenskap met sy mensheid losgemaak word van die tekens, verloor die tekens hulle tekenkarakter. Dit is wat Calvyn ook as leë tekens aandui.

Calvyn stel weer die onderskeid tussen substansie en uitwerking van die nagmaal aan die orde:

> "Hence we must conclude that two things are presented to us in the Supper: Jesus Christ as source and substance of all good; and second, the fruit and efficacy of his death and passion. This is implied also by the words which are there used. For in commanding us to eat his body and drink his blood, he added that his body was delivered for us, and his blood shed for the remission of our sins. Hereby he declares, first, that we ought not simply to communicate in his body and blood, without further consideration, but to receive the fruit which comes to us from his death and passion; and second, that we can only attain to the enjoyment of such fruit by participating in his body and blood, of which it is the product. We begin now to enter into the question so much contested both in ancient and in present days: how these words are to be understood, in which the bread is called the body of Jesus Christ, and the wine his blood. This can be disposed of without great difficulty, if we remember carefully the principle which I have laid down. It is that all benefit which we ought to seek from the Supper is annulled, unless Jesus Christ be there given to us as substance and foundation of all. This agreed, we shall confess without doubt that to deny the true communication of Jesus Christ to be offered us in the Supper is to render this holy sacrament frivolous and useless—a blasphemy execrable and unworthy of attention. Moreover, if the reason for communicating with Jesus Christ is in order that we have part and portion in all the gifts which he has procured for us by his death, it is not only a matter of being partakers of his Spirit; it is necessary also to partake of his humanity, in which he rendered complete obedience to God his Father, to satisfy our debts; though rightly speaking, the one cannot be without the other."[26]

Christus as mens in die hemel is die substansie van die nagmaal. Die vergifnis, versoening en alle ander weldade is die uitwerking of vrug van ons eenheid met Hom. Hierdie twee dele kan nie van mekaar geskei word nie. Ons kan nie deel kry aan die vrug van Jesus se menswees vir ons sonder om aan Hom self te deel nie. As ons nie ons eenheid met Christus se mensheid in die nagmaal as ons eie ontvang nie, is die nagmaal se betekenis vir ons verlore. Dan word die nagmaal oorbodig. Daarom is die

[26] Calvin, in The Library of Christian Classics Vol 22 , p.146

nagmaal los van die liggaam van Christus in die hemel, godslasterlik. Ons roof die nagmaal van sy substansie. Soos Calvyn dit hier stel: " This agreed, we shall confess without doubt that to deny the true communication of Jesus Christ to be offered us in the Supper is to render this holy sacrament frivolous and useless—a blasphemy execrable and unworthy of attention."

Calvyn onderstreep dit deur weer daarop te wys dat ons nie die heilsweldade van Christus net deur sy Gees kan ontvang nie. Dit ontvang ons deur een te wees in sy mensheid. Buite sy menswees in die hemel kan die Gees ons nie in die weldade van Christus laat deel nie.

Die tekens van ons deelname aan sy mensheid is brood en wyn. Dit is tekens van sy liggaam en sy bloed. Die tekens wys ons sigbaar op die substansie van ons heil: die mensheid van Christus in die hemel. Daarom is die brood en wyn nie tekens van die Gees van die Here of die vergifnis van die Here of die versoening van die Here nie. Dit is nie die substansie waarin en waarmee ons verenig word nie. Dit is tekens van die liggaam en bloed: die mensheid van Christus in die hemel.

Ons eenheid met Christus as mens in die hemel is ook die inhoud van die herinneringskarakter van die nagmaal.

> "The second benefit which the Supper yields us is that it urges and incites us the better to recognize the blessings which we have received and daily receive, from the Lord Jesus Christ so that we may render him such offering of praise as is his due. For of ourselves we are so negligent that it is unusual for us to meditate on the goodness of God unless he rouse us from our indolence, and impel us to do our duty. Now we cannot conceive having a spur to prick us more sharply into life than when he makes us, so to say see with the eye and touch with the hand and manifestly feel a blessing so inestimable, that we feed upon his own substance. He will signify this by commanding that we show forth his death until he come. If it is, then, a thing so necessary to salvation not to overlook the gifts which God has made us, but to hold them diligently in mind and extol them to others for mutual edification, in this we see another outstanding benefit of the Supper, that it turns us from ingratitude and does not allow us to forget the good our Lord did us in dying for us, but rather induces us to render thanks to him, and, as it were, by public confession, protest how much we are indebted to him." [27]

Die Engels "but to hold them diligently in mind" is die vertaling wat in Nederlands soos volg weergegee word: "maar ze zorgvuldig in de herinnering terug te roepen" [28].

---

[27] Calvin, in The Library of Christian Classics Vol 22 , pp.148-149
[28] Calvijn, J. Korte verhandeling over her Heilig avondmaal van onze Here Jezus Christus

Die herinneringsaspek van die nagmaal gaan nie oor 'n terugdink aan die verlede nie, maar 'n herinnering aan die misterie: "that we feed upon his own substance." Die nagmaal word met 'n prikkel, soos om byvoorbeeld met 'n speld geprikkel te word, vergelyk. In die nagmaal word ons herinner dat ons voedsel Christus se liggaam in die hemel is en dat al die weldade van vergifnis, versoening en andere, in ons eenheid met Hom in die hemel is. Hierdie weldade word daarom daagliks ontvang omdat ons daagliks in gemeenskap met Hom leef as die gekruisigde en opgestane Here. In hierdie herinner van Hom in sy eenheid met ons, word ons daagliks dankbaar gestem.

Die eenheid met Christus in sy mensheid is die hart van die gemeenskap van die gelowiges ook met mekaar in die nagmaal.

> "The third benefit consists in our having a vehement incitement to holy living, and above all to observe charity and brotherly love among us. For since we are there made members of Jesus Christ, being incorporated into him and united to him as to our Head, this is good reason, first, that we be conformed to his purity and innocence, and especially that we have to one another such charity and concord as members of the same body ought to have. To understand properly this benefit, we must not suppose that our Lord only warns, incites and inflames our hearts with the external sign, for the chief thing is that he cares for us internally by his Holy Spirit, so as to give efficacy to his ordinance, which he has destined for this purpose, as an instrument by which he will do his work in us. Therefore seeing that the virtue of the Holy Spirit is joined to the sacraments when they are duly received, we have reason to hope they will afford a good means and assistance for our growth and advance in sanctity of life and especially in charity."[29]

Hoe is Christus die hoof van die kerk? Die stelling: "For since we are there made members of Jesus Christ, being incorporated into him and united to him as to our Head", wys dat ons by Hom ingesluit is en met Hom verenig is. Ons mag nie aan hierdie insluiting dink as iets náás Christus se liggaam en bloed in die hemel nie. Christus in sy mensheid is inkorporatief omdat die Heilige Gees ons met Hom een laat wees. Dit is binne Calvyn se verwysing, waar dit om die hele Christus en juis ons deelhê aan die hele Christus gaan, ondenkbaar dat daar naas Christus as mens in die hemel, nog 'n korporatiewe persoonlikheid ook sou kon wees wat die heil meedeel en bemiddel. Die kerk is een omdat Hy een is met Christus, nie omdat dit 'n korporatiewe organisasie is nie.

---

vertaal deur A.J. Dam, Opbouw reeks no. 1

[29] Calvin, J. Short Treatise on the Holy Supper of Our Lord Jesus Christ, pp.149

Dat Hy in sy mensheid Hoof van die kerk is, wys daarop dat in Hom ons alle weldade besit en dat niks in ons verwek word en onderhou word wat nie die vrug is van ons eenheid met Hom in sy menswees in die hemel nie.

Die gawes van liefde, toewyding en die wil tot barmhartigheid is die vrug van ons eenheid met Christus en dit soek die gelowige nie in 'n medegelowige nie, maar in die sakrament. In hierdie teken ontvang ons die kragvolle werk van die Gees se vereniging met Jesus in sy mensheid. In hierdie eenheid is sy liggaam en bloed ook ons voedsel en drank. Deur hierdie eenheid met Hom, wek Hy in ons die broederliefde en barmhartigheid wat ons nie van nature in onsself het nie. Daarom is die nagmaal as sakrament kragtig om die liefde te skep waardeur ons ander, wat ons glo ook in Hom verenig is, aanvaar as lede van een liggaam: die liggaam van die Here in die hemel.

In die sakrament en nie in mekaar nie, vind gelowiges die voedsel en drank tot broederliefde en eensgesindheid.

### 7. ***Dilucida explicatio sanae doctrinae de vera participatione carnis et sanguinis Christi in sacra coena ad discutiendas Heshusii nebulas.* 1561**

Hierdie is die laaste indringende werk oor die nagmaal wat Calvyn geskryf het. Hierdie werk fokus op hoe ons deel aan die liggaam en bloed van Christus wanneer ons die nagmaal gebruik. ". When the strict Lutheran Tilemann Heshusius (Calvin counted him among the apes of Luther—*CO* 18:84), who taught at the university in Heidelberg, was called to account before the elector of the Palatinate, he asserted that he could not celebrate the Lord's Supper with Calvin and Bullinger. Chancellor Georg von Erbach then asked him whether he would also not want to go to heaven if Calvin and Bullinger were there (see Calvin's letter dated October 5,1559—0017:655—56). Heshusius published the treatise *De praesentia corporis Christi in coena Domini contra sacramentarios* in Jena in 1560. Calvin got hold of it through Bullinger and answered with his *Dilucida explicatio sanae doctrinae de vera participatione carnis et sanguinis Christi in sacra coena ad discutiendas Heshusii nebulas*"[30]

---

[30] De Greef, W. The Writings of John Calvin An introductory guide. Translator Lyle D. Bierma, Grand Rapids: Baker Books, 1993, p.192

Die hooflyn van Calvyn se weerlegging van Heshusius se betoog teen Calvyn se nagmaalsbeskouing is 'n samevatting van sy eie nagmaalsleer. Ons gee die hooflyn van Calvyn se stellings oor sy eie geloof weer.

> "He gives the name of Energists to those who hold that only the virtue of Christ's body and not the body itself is in the Supper. However, he gives me Philip Melanchthon for an associate, and, to establish both assertions, refers to my writings against Westphal, where the reader will find that in the Supper *our* souls are nourished by the real body of Christ, which was crucified for us, and that indeed spiritual life is transferred into us from the substance of his body. When I teach that the body of Christ is given us for food by the secret energy of the Spirit, do I thereby deny that the Supper is a communion of the body?"[31]

Heshusius is 'n Lutheraan. Vanuit sy oortuiging van konsubstansiasie, dat Christus se menslike liggaam en bloed werklik onder die tekens ingesluit is, het hy Calvyn beskuldig dat daar geen werklike gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus in Calvyn se geloof is nie. Daarom beskuldig hy hulle dat hulle net die energie van sy liggaam deel en nie sy liggaam as mens self nie.

Calvyn stel dat dit om die werklike menslike liggaam van Christus in die nagmaal gaan: "real body" en "substance of his body" sluit uit dat dit net oor die krag of weldade van Christus se mensheid gaan.

Die gemeenskap met Hom is ook gemeenskap met sy mensheid. Deur te sê dat hierdie eenheid met Christus deur die Heilige Gees plaasvind, word juis bevestig dat dit om gemeenskap met Hom in sy mensheid gaan. Hierdie gemeenskap gaan ook nie net oor die lewendmakende krag van sy mensheid nie, maar dit gaan oor deelname aan dit wat Hy as mens is: "spiritual life is transferred into us from the substance of his body."

Hiermee ontken Calvyn dat ons gemeenskap met Christus net 'n eenheid in die krag van die Heilige Gees sou wees: in energie. Calvyn ontken weer die beskuldiging teenoor Le Coq:

> "I come now to the Cock, who with his mischievous beak declares me a corrupter of the Confession of Augsburg, denying that in the Holy Supper we are made partakers of the substance of the flesh and blood of Christ. But, as is declared in my writings more than a hundred times, I am so far from rejecting the term substance, that I simply and readily declare,

---

[31] Calvin, J. The clear explanation of sound doctrine concerning the true partaking of the flesh and blood of Christ in the holy Supper in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 redakteurs J. Baille, J.T. McNeil, H.P. van Dusen. London: SCM Press, 1954, p. 263

that spiritual life, by the incomprehensible agency of the Spirit, is infused into us from the substance of the flesh of Christ. I also , constantly admit that we are substantially fed on the flesh and blood of Christ, though I discard the gross fiction of a local compounding."[32]

In beide verklarings is die wedergeboorte en die hele geestelike lewe van die Christen - alleen deur ons eenheid met die mensheid van Christus in die hemel. Dit is deur die werk van die Heilige Gees.

Dit is wat in die nagmaal as maaltyd aangebied en uitgebeeld word in die simbole van brood en wyn. Dit wys dat Christus self, en sy lewe as mens, ons voedsel en drank is. Soos voedsel en drank lewe gee en voed, is ons gemeenskap met Christus die voedsel wat ons geestelik maak wat ons is en ons geestelik laat lewe. Die maaltyd kan nooit die brood en wyn wees nie. Die maaltyd is Christus: "When I say that the flesh and blood of Christ are substantially offered and exhibited to us in the Supper, I at the same time explain the mode, namely, that the flesh of Christ becomes vivifying to us, in as much as Christ, by the incomprehensible virtue of his Spirit, transfuses his own proper life into us from the substance of his flesh, so that he himself lives in us, and his life is common to us. Who will be persuaded by Heshusius that there is any sophistry in this clear statement, in which I at the same time use popular terms and satisfy the ear of the learned?"[33]

Calvyn gee 'n opsomming van sy verweer teen Heshusius se beskuldigings:

"After Heshusius has exhausted all his bombast, the whole question hinges on this: Does he who denies that the body of Christ is eaten by the mouth, take away the substance of his body from the sacred Supper? I frankly engage at close quarters with the man who denies that we are partakers of the substance of the flesh of Christ, unless we eat it with our mouths. His expression is that the very substance of the flesh and blood must be taken by the mouth; but I define the mode of communication without ambiguity, by saying that Christ by his boundless and wondrous powers unites us into the same life with himself, and not only applies the fruit of his passion to us, but becomes truly ours by communicating his blessings to us, and accordingly joins us to himself, as head and members unite to form one body. I do not restrict this union to the divine essence, but affirm that it belongs to the flesh and blood, in as much as it was not simply said: My Spirit, but: My flesh is meat indeed; nor was it simply said: My Divinity, but: My blood is drink indeed.

Moreover, I do not interpret this communion of flesh and blood as referring only to the common nature, so that Christ, by becoming man, made us sons of God with himself by virtue of fraternal fellowship. I distinctly affirm that this flesh of ours which he assumed is vivifying for us, so that it becomes the material of spiritual life to us. I willingly embrace the saying of Augustine: As Eve was formed out of a rib of Adam, so the" origin and beginning of life to us

[32] Ibid., p.264
[33] Calvin, in The Library of Christian Classics Vol 22 , p. 267

> flowed from the side of Christ. And although I distinguish between the sign and the thing, signified, I do not teach that there is only a bare and shadowy -figure, but distinctly declare that the bread is a sure pledge of that communion with the flesh and blood of Christ which it figures. For Christ is neither a painter, nor an actor, nor a kind of Archimedes who presents an empty image to amuse the eye; but he truly and in reality performs what by external symbol he promises. Hence I conclude that the bread which we break is truly the communion of the body of Christ. But as this connection of Christ with his members depends on his incomprehensible virtue I am not ashamed to wonder at this mystery which I feel and acknowledge to transcend the reach of my mind."[34]

Calvyn se siening van Christus as die hoof en die Christene as die liggaam, gaan oor ons eenheid met Christus as mens in die hemel. Die uitdrukking "hoof" dui daarop dat sy mensheid die bron en krag is waardeur ons wederbaar word en geestelik alles ontvang in ons self wat Syne is: heiligheid, geregtigheid, onskuld, toewyding en liefde. Hierdie eenheid en gemeenskap met Christus as mens in die hemel is die saak wat beskryf word met die uitdrukkings "hoof" en "liggaam".

Gerrish bespreek Calvyn se eksegese oor "hoof" en "liggaam" in verskeie teksgedeeltes en stel:

> "The metaphor of the head suggests to him that life of the body flows from Christ as the tree draws sap from the root; but because the *church* is the body, Calvin does not hesitate to speak of Christ as actually being and living in us. Not until we are one with him is Christ complete, for the church is the "Fullnes of him who fills all in all". As the soul quickens the body, he imparts life to his members."[35]

Die eenheid tussen ons en Christus as hoof en liggaam kan nie net handel oor Christus as Gees en ons as mense nie. Dan sou die woorde van die nagmaal gewees het: "Neem, eet! Dit is my Gees." Die hoofskap van Christus is juis dat in Hom as mens alles opgesluit is wat ons vir God lewend maak en lewend hou.

Die eenheid tussen ons en Christus is ook nie net 'n eenheid van gemeenskaplikheid soos om deel te wees van dieselfde menslikheid nie soos Calvyn dit stel: "Moreover, I do not interpret this communion of flesh and blood as referring only to the common nature, so that Christ, by becoming man, made us sons of God with himself by virtue of fraternal fellowship". Christus deel nie in ons menslikheid net as 'n daad van solidariteit of identifikasie nie. Hy as mens maak ons lewend vir God. Sy mensheid is die krag waarin ons deelkry aan die nuwe mensheid in Hom. Daarom kan die uitdrukking "hoof" en "liggaam" nie net dui op senioriteit in 'n gemeenskaplike

---

[34] Ibid., p.268

[35] Gerrish, B.A. Grace and Gratitude. Minneapolis: Fortress press, 1992, p. 187

mensheid nie. As hoof is Hy in sy mensheid (en nie die gemeente nie) die Een wat ons geestelik lewend maak.

Dit is hierdie eenheid wat werklik deur Christus aan ons gebied word in die tekens van die nagmaal. Sonder hierdie eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid sal hierdie tekens leeg word. Dit sal uitbeeldings sonder inhoud word. Dit sal maak dat God ons nie iets aanbied in die nagmaal nie, maar vir ons net 'n voorstelling gee sonder dat ons gemeenskap in en met Hom geskenk word.

Ons eenheid met Christus as mens in die hemel bepaal die verhouding tussen die Nuwe Testament en die Ou Testament.

Heshusius het Calvyn beskuldig dat die geestelike eenheid tussen ons en Jesus as mens in die hemel - bedoelende dat die Heilige Gees ons werklik substansieel een maak - maak dat Calvyn terug verval in 'n Ou Testamentiese verbond. Die gronde vir hierdie beskuldiging lê in die konsubstansiasie-opvatting. Volgens hierdie opvatting het die gelowiges in die Ou Testament net geestelik aan die tekens deelgeneem, nie liggaamlik nie. Eers na Jesus se menswording kan 'n mens deelkry aan sy mensheid in die teken van die nagmaal.

Selfs in die onderskeid Ou Testament en Nuwe Testament hou Calvyn vas aan die eenheid met die liggaam en bloed van die Here in die hemel as die gemeenskap van die gelowiges in beide Testamente:

> "Lest he should allege that he has not been completely answered, I must again repeat: As God is always true, the figures were not fallacious by which he promised his ancient people life and salvation in his only begotten Son; now, however, he plainly presents to us in Christ the things which he then showed as though from a distance. Hence Baptism and the Supper not only set Christ before us more fully and clearly than the legal rites did, but exhibit him as present. Paul accordingly teaches that we now have the body instead of shadows (Col. 2:17), not only because Christ has been once manifested, but because Baptism and the Supper, like assured pledges, confirm his presence with us. Hence appears the great distinction between our sacraments and those of the ancient people. This, however, by no means robs them of the reality of the things which Christ today exhibits more fully, clearly, and perfectly, as from his presence one might expect."[36]

---

[36] Calvin, in The Library of Christian Classics Vol 22 , p.282

Die tekens van die Ou Testament sou leeg gewees het, indien Christus nie ook in hierdie tekens werklik aan die gelowiges meegedeel was nie. Die onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament is nie net geestelike deelname aan die tekens sonder dat God werklik Christus meedeel nie, teenoor liggaamlike eet en drink van Christus in die nagmaal nie. Die onderskeid is tussen dit wat Paulus noem die skaduwee en die liggaam. Calvyn noem die onderskeid as die teenwoordigheid van die liggaam van Christus. Dit beteken dat die gelowiges in die Ou Testament deelgehad het aan Christus in die belofte van sy koms as mens, maar dat ons deel het aan sy teenwoordigheid as mens.

In sy uitleg van 1 Korintiërs 10 stel Calvyn hierdie verband soos volg:

> "There remains another question. " Seeing that we now in the Supper eat the body of Christ, and drink his blood, how could the Jews be partakers of ***the same spiritual meat and drink,*** when there was as yet no flesh of Christ that they could eat ?" I answer, that though his flesh did not as yet exist, it was, nevertheless, food for them. Nor is this an empty or sophistical subtilty, for their salvation depended on the benefit of his death and resurrection. Hence, they required to receive the flesh and the blood of Christ, that they might participate in the benefit of redemption. This reception of it was the secret work of the Holy Spirit, who wrought in them in such a manner, that Christ's flesh, though not yet created, was made efficacious in them. He means, however, that they ate in their own way, which was different from ours, and this is what I have previously stated, that Christ is now presented to us more fully, according to the measure of the revelation. For, in the present day, the eating is substantial, which it could not have been then—that is, Christ feeds us with his flesh, which has been sacrificed for us, and appointed as our food, and from this we derive life."[37]

Weereens gaan dit oor die Heilige Gees. Op dieselfde wyse as wat die Heilige Gees ons met Christus as teenswoordige mens verenig, alhoewel Hy nou in die hemel en ons op die aarde is, het die Heilige Gees hulle in Christus se komende mensheid laat deel.

Daarmee kwalifiseer hy die verskil tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament: die deelname in die Nuwe Testament is substansieel. In die Ou Testament was dit nie so nie. Dit was volgens die belofte van die koms van Christus.

Daar is dus geen ander gemeenskap met Christus as met Hom in sy mensheid in die hemel nie. Daar was nog nooit 'n ander gemeenskap met Christus nie - ook nie in die Ou Testament nie.

---

[37] Calvin, J. Commentry on the Epistels of Paul the apostle to the Corinthians [Translated from the original Latin, and collated with the author's French version by John Pringle] vol I Grand rapids: Eerdmans, 1948, pp. 319 - 320

Die laaste nota hieroor gaan oor die teken van die doop. In die doop het ons geen ander gemeenskap met God as met die liggaam van Christus in die hemel nie. Die doop en nagmaal gaan beide oor ons eenheid en gemeenskap met Jesus in sy mensheid.

> "I come now to our argument. Since Scripture plainly declares (Gal. 3:27) that we put on Christ in Baptism and are washed by his blood, we observe that there is no reason why he should be said to be present more in the Supper than in Baptism. The resemblance therefore lies not in their being both sacraments of the New Testament, but in this, that Baptism requires the presence of Christ not less than the Supper. There is another reason. As they boldly rejected whatever was produced from the Old Testament, we showed that there was no room for this evasion in Baptism. It is plain that they tried to escape by a subterfuge, when they objected that there were only shadows under the law. The distinction was not unknown to us, nor was it destroyed by our doctrine; but the matter itself forced us to show from the constant usage of Scripture what was the force of sacramental forms of speech. But since their perverseness could not be overcome in any other way than by leaving the law out of account, and showing to these new Manichees that in Baptism and the Supper, since they are sacraments of the New Testament, an analogy was to be observed, we clearly demonstrated, as was easy to do, that Baptism is called the washing of regeneration and renewal in no other sense than that in which Christ called the bread his body."[38]

Tussen die doop en nagmaal is daar geen verskil ten opsigte van die teenwoordigheid van die mensheid van Jesus Christus nie. Die doop word die bad van wedergeboorte genoem om dieselfde rede as wat die brood die liggaam van die Here genoem word - dit verwys na ons inlywing in die liggaam van Christus net soos die nagmaal wys op ons voeding uit die liggaam van Christus in die hemel. Die eenheid gaan nie daaroor dat dit al twee nuwe Testamentiese instellings is nie. Dit gaan altwee oor ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel.

Die eenheid en gemeenskap van die gelowige met die mensheid van die Here in die hemel skep 'n besondere wyse van aanbidding. Calvyn sluit hier aan by Cyprianus, Augustinus en Cyrillus in dit wat genoem word: ***sursum corda***: die harte omhoog :

> "Wat egter tevore gesê is, behoort ons van alle twyfel oor hierdie onderwerp te vrywaar. Godvrugtige gemoedere moet trouens noodwendig na die hemel opgehef word om Christus daar na behore te ontvang. Maar as die taak van hierdie sakrament is om die swak verstand van die mens enigsins by te staan om die hoogte in te styg en die hoogte van die geestelike geheimenisse te begryp, dwaal diegene wat deur die uitwendige teken in beslag geneem word, van die regte pad om Christus te soek af weg. Waarom dan so? Sal ons nie sê dat dit bygelowige diens is wanneer mense hulle voor die brood neerwerp om Christus daar te aanbid nie? Die sinode van Nicéa se bedoeling was ongetwyfeld om hierdie euwel teen te gaan toe dit ons verbied het om in nederigheid op die tekens wat daarin aan ons voorgehou word, ag te

---

[38] Calvin, in The Library of Christian Classics Vol 22 , p. 317

> slaan. Dit is ook die rede waarom dit eertyds 'n instelling was dat die kerkvolk voor die heiliging met 'n luide stem vermaan moes word om hulle harte na bo te verhef. Benewens die feit dat die Skrif die hemelvaart van Christus noukeurig vir ons vertel, waardeur Hy die teenwoordigheid van sy liggaam en die samesyn daarmee uit ons gesigsveld weggeneem het, en ten einde alle vleeslike gedagtes van ons af te skud so dikwels as wat ons Hom in herinnering roep, gebied Hy ons om in ons verstand na bo verhef te word en Hom in die hemel te soek waar Hy aan die regterhand van sy Vader sit."[39]

Ons eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid skep 'n godsdienstige gerigtheid na Hom aan die regterhand van die Vader. In sy mensheid soek ons die bron en krag van ons geestelike lewe en dit is in die hemel, nie op die aarde nie. Die geloof rig ons tot God in die hemel waar ons ons geregtigheid en heiligheid soek.

Hierdie gerigtheid is 'n afkeer om Christus in die tekens self te soek. Daarom noem Calvyn dat die sinode van Nicea lidmate verbied het om teenoor die brood en wyn 'n bepaalde houding van nederigheid in te neem. Deur die tekens word ons gerig om juis ons eenheid met Hom wat mens is in die hemel te soek. Ons verhef ons harte nie tot die tekens nie, maar tot die Here wat ons deur die tekens met Hom verenig.

## 8. **Samevatting.**

Calvyn se oortuiging oor die nagmaal was dat ons werklik deelkry aan die mensheid van Christus self. Ons kry nie op 'n ander manier deel aan sy weldade as deur met Hom in sy mensheid verenig te word nie. Dit is die betekende saak in die nagmaal wat ook deur die tekens meegedeel word. Hierdie eenheid word deur die Heilige Gees gewerk: ons substansiële eenheid met Hom in sy mensheid in die hemel. Hierdie eenheid in en met sy mensheid is geestelik maar werklik. Dit bepaal die inhoud van die geloof waarin ons die tekens ontvang: ons aanvaar ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in hierdie tekens. In hierdie eenheid en gemeenskap gaan dit oor die hele Christus. Ons kry nie net deel aan die versoening met Hom as God nie, maar ons deel ook in sy mensheid. Hierdie eenheid en gemeenskap skep 'n godsdienstige gerigtheid op God in die hemel: daar word Hy aanbid en aangeroep. Wie hierdie deel van die gemeenskap met Christus wegneem ontneem ons die gemeenskap met die volle Christus: mens en God. Ons eenheid en gemeenskap met die Here bepaal elke deel van die nagmaal: die gemeenskap met gelowiges, die

[39] Calvyn, Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV , p. 1735

oordeel, die herinnering, die danksegging en andere. Hierdie eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid is die belofte wat die tekens van die nagmaal tot sakramente maak.

Hierdie wyse waarop die Here ons geestelike voedsel en drank is, is ook die wyse waarop kinders deelhet en deelneem aan die nagmaal. Die kategesewerk van Calvyn word gedra deur die oortuiging dat daar nie 'n ander wyse van deelname aan Christus vir kinders is, as wat daar vir volwassenes is nie.

## III DIE EET EN DRINK VAN CHRISTUS SE LIGGAAM EN BLOED VOLGENS ZWINGLI.

Zwingli antwoord die vraag hoe ons Christus eet en drink in sy werk "*Expositio Christianae fidei*" van 1531 uitvoerig. In hierdie uiteensetting stel hy al die aspekte van die nagmaal soos hy dit gesien het, aan die orde. Ons gee die volledige teks van waaruit ons al die dele van sy nagmaalbeskouing aan die orde sal stel.

"To eat the body of Christ spiritually is equivalent to trusting with heart and soul upon the mercy and goodness of God through Christ, that is, to have the assurance of an unbroken faith that God will give us the forgiveness of sins and the joy of eternal salvation for the sake of his Son, who gave himself for us and reconciled the divine righteousness to us. For what can he withhold from us when he delivered up his only begotten Son?

If I may put it more precisely, to eat the body of Christ sacramentally is to eat the body of Christ with the heart and the mind in conjunction with the sacrament. I will make everything clear to your highness, 0 king. You eat the body of Christ spiritually, but not sacramentally, every time your soul puts the anxious question: "How are you to be saved? We sin every day, and every day we draw nearer to death. After this life there is another, for if we have a soul and it is concerned about the future, how can it be destroyed with this present life? How can so much light and knowledge be turned into darkness and oblivion? Therefore if the soul has eternal life, what sort of life will be the portion of my poor soul? A life of joy or a life of anguish? I will examine my life and consider whether it deserves joy or anguish."

But when you think of all the things which we men habitually do either in passion or desire, you will be terrified, and so far as your own righteousness is concerned, in your own judgment you will declare yourself undeserving of eternal salvation and will completely despair of it. But then you assure your anxious spirit: "God is good: and he who is good must necessarily be righteous and merciful and kind. For justice without kindness or mercy is the height of injustice, and mercy without justice is indifference and caprice and the end of all order. If God is just, his justice demands atonement for my sins. But because he is merciful I cannot despair of pardon. Of both these things I have an infallible pledge, his only begotten Son our Lord Jesus Christ, whom of his own mercy God has given to us that he might be ours. On our behalf he has sacrificed himself to the Father to reconcile his eternal justice, that we might have assurance both of the mercy of God and of the atonement made to his justice for our sins by none other than his only begotten Son, whom of his love he gave to us." When your soul is troubled by anxiety and despair, confirm it with this confidence: "Why are you cast down, 0 my soul? The God who alone gives salvation is yours, and you are his. You were his handiwork and creation, and you fell and perished. But he sent his Son and made him like yourself, except only for sin, that resting on all the rights and privileges of so great a brother and companion you might have boldness to lay claim to eternal salvation. What devil can frighten or terrify me when this helper stands by me to assist? Who can rob me of that which God himself has given, sending his own Son as pledge and surety[55]? When you comfort yourself in Christ in this way, then you spiritually eat his body, that is, trusting in the humanity which he assumed for your sake, you stand unafraid in God against all the onslaughts of despair.

So then, when you come to the Lord's Supper to feed spiritually upon Christ, and when you thank the Lord for his great favour, for the redemption whereby you are delivered from despair, and for the pledge whereby you are assured of eternal salvation, when you join with your brethren in partaking of the bread and wine which are the tokens of the body of Christ, then in the true sense of the word you eat him sacramentally. You do inwardly that which you represent

outwardly, your soul being strengthened by the faith which you attest in the tokens."[40]

1. **Om Christus te eet en te drink is om vergifnis te ontvang deur geloof in sy plaasbekledende dood aan die kruis.**

Om Christus te eet en te drink is om in Hom te glo. Hierdie geloof is om met jou hart en siel jou op die genade en goedheid van God te verlaat. In God se genade en goedheid skenk Hy ons vergifnis en versoening. Die sekerheid en waarborg van hierdie vergifnis en versoening is die gawe van Jesus Christus: God gee Hom as offer vir ons sonde en so voldoen Hy aan die geregtigheid van God waaraan ons nie kan voldoen nie. Om so in Christus te glo, is hoe ons Christus geestelik eet en drink.

Zwingli aanvaar nie die onderskeid van glo en deur geloof ons eenheid met die Here in sy menswees te aanvaar nie. In sy betoog teen transsubstansiasie trek hy ook 'n streep deur die onderskeid wat Calvyn maak tussen geloof en deur geloof ons deelname in Christus te aanvaar: ". "He that cometh to me shall never hunger." Note that it is he who comes that is nourished, not he who eats physically. The necessary thing is to come to him, to believe in him, as he himself immediately says: "And he that believeth in me shall never thirst." The little word "and" is here used after the Hebrew manner to denote explanation, namely, that to come to him is simply to believe in him. And why do those who would partake of flesh and blood in this sacrament speak of a hunger and thirst after the physical flesh and blood in addition to faith? For Christ says that he that cometh to him, that is, he that believeth in him shall not hunger or thirst for anything else, for any other hope or ground of comfort. This is confirmed by the words which follow, when he says: "But I said unto you, that ye also have seen me, and believe not." Here we see clearly that he does not demand any other eating but faith, setting aside entirely any external or physical perceiving or partaking, for he says; "Ye have seen me, and believe not"."[41]

In die nagmaal kan daar dus niks anders of meer gebeur as dat lidmate glo dat Jesus vir hulle sondes aan die kruis gesterf het nie. Om deur jou geloof jou deelname aan Christus te aanvaar verwerp Zwingli uitdruklik. Hiermee verwerp hy nie net

---

[40] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics. Philadelphia: The Westminister Press, 1953, pp. 258 -259

[41] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics. Philadelphia: The Westminister Press, 1953, pp. 201

transsubstansiasie en konstubstansiasie nie. Hy verwerp ook die geloof wat Calvyn uitwys as dat ons deur ons geloof ons eenheid met Christus as mens in die hemel aanvaar.

Geloof volgens Zwingli is om net op die heilsgebeure op Golgota staat te maak, nie op die heilsgebeure tussen Christus in sy mensheid vandag en ons nie. Dit blyk duidelik uit sy verwysing dat die nagmaal nie verwys na ons deelname in Christus nie, maar na die historiese gebeure op Golgota: "The first virtue: they are sacred and venerable things instituted and received by the great High Priest Christ himself. For not only did he institute baptism, but he himself received it. And he not only commanded us to celebrate the Supper, but he himself celebrated it first. The second virtue: they testify to historical facts. Of all laws, customs and institutions it may be said that they proclaim their authors and origins. Therefore if baptism proclaims symbolically the death and resurrection of Christ, it follows that these events did actually take place."[42]

2. **<u>Ons het geen gemeenskap met Christus as mens in die hemel nie, net met Hom in sy kruisiging.</u>**

Ons verbintenis tot Christus as mens is om te glo dat Hy in ons plek as mens vir ons sondes gesterf het: "When you comfort yourself in Christ in this way, then you spiritually eat his body, that is, trusting in the humanity which he assumed for your sake, you stand unafraid in God against all the onslaughts of despair." Die mensheid van Christus gaan oor die plaasbekledende sterwe waaraan ons deel het.

Zwingli ontken enige substansiële eenheid tussen ons en Christus as mens in die hemel. Hy voer hierdie ontkenning aan op hoofsaaklik twee gronde: die gelokaliseerdheid van Jesus volgens sy ware menslike natuur en Jesus se stelling in Johannes 6 vers 63: "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie. Die woorde wat Ek tot julle spreek is gees en lewe."

Oor Jesus as mens in die hemel sê hy: "But I return to my main theme. On the basis of Holy Scripture it is established that the body of Christ must truly, naturally and

---

[42] Zwingli, H. <u>An Exposition of the faith</u> in <u>Zwingli and Bullinger</u> , 1953, p. 262

properly be in one place (unless, of course, we hazard the foolish and impious assertion that our bodies too are in several places). But if this is the case our adversaries (30) must allow that according to its proper essence the body of Christ is truly and naturally seated at the right hand of the Father. It cannot therefore be present in this way in the Supper: if anyone teaches the contrary, he drags Christ down from heaven and from his Father s throne."[43]

Hierdie argument gebruik Zwingli teen konsubstansiasie en transsubstansiasie, maar dit is net so van toepassing op Calvyn se leer van ons eenheid met Christus as mens in die hemel deur die krag van die Gees. Omdat Christus waarlik mens is en daarom begrens en eindig is, kan Hy na sy mensheid net in die hemel wees. Enige eenheid of gemeenskap met Hom as mens in die hemel is vir Zwingli uitgesluit.

In Johannes 6 vers 63 vind hy die sleutel vir sy ontkenning van gemeenskap met Christus in sy mensheid: "As regards the second point, we must not be led astray by the fact that Christ does not say: "My flesh profiteth nothing." For he was not referring to any flesh except his own. He does not say: "My spirit giveth life," but simply: "The spirit." But every believer understands that he is referring to his own spirit, even though he does not say: "My spirit." As regards the third, the flesh of Christ does indeed profit us greatly as it was put to death for us. But that was something which the Jews and the disciples refused to accept, for they were thinking in terms of a carnal eating. Therefore he says that eaten it profiteth nothing, although crucified it is the greatest blessing ever experienced or received by our miserable race. Thanks be to God that our opponents cannot bring forward any other arguments apart from feeble sophistries."[44]

Jesus se woorde sou nie verwys na die verkeerde verstaan van sy woorde nie. Dit verwys na Homself in sy menslike natuur. Vir Zwingli is hierdie vers die bewysplaas dat ons nie die lewe ontvang deur te deel in Christus se mensheid nie, maar dat dit deur sy Godheid is dat ons die lewe ontvang. Die waarde van sy mensheid lê nie in ons eenheid en gemeenskap met Hom nie, maar dat Hy daarin vir ons 'n plaasbekledende offer gebring het.

---

[43] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , p. 265
[44] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger , p. 210

Hiermee maak Zwingli 'n wesenlike onderskeid tussen die gekruisigde en opgestane Christus. Die Gees van God laat ons deel in die vrug van Christus se offerdood, maar nie in Homself as mens in die hemel nie: "Zwingli precisieert: Christus is ons heil, omdat Hij uit de hemel komt (Joh. 6,33) en omdat Hij God is en niet omdat Hij geboren is uit de maagd Maria, hoewel Hij als zodanig moest lijden en sterven. Daarom moet men onder de woorden 'brood' en 'eten', 'evangelie' en 'geloof' verstaan. Christus kan alleen naar zijn menselijke natuur geofferd worden. Hij kan echter onze zaligheid alleen naar zijn goddelijke natuur zijn. De eenheid van zijn persoon sluit weliswaar zijn beide naturen in zich maar men moet ze desondanks toch onderscheiden. *Het gaat niet om de vleesgeworden Christus maar om de gekruisigde* Daarom is niet de 'gegeten' Christus (men kan Hem toch slechts naar zijn menselijke natuur eten) maar de 'gedode' Christus (Die Zichzelf voor ons geofferd heeft) ons heil; want in de Christus die voor ons heil geofferd werd, zijn de beide naturen. Wanneer Christus zegt (Joh. 6, 55) "Mijn vlees is waarlijk spijs", dan betekent dat: voor zoveel geldt dat, omdat Hij voor ons heil aan de dood werd overgeleverd. Zo is het voor ons niet het op zichzelf genomen, het gegeten vlees ons heil, maar het heil wordt ons ten deel door het vlees dat gedood en geofferd werd. Dat betekent: het gaat hier om de dood van Christus aan het kruis en niet om het eten van zijn vlees."[45]

3.**Die brood en wyn is simbole van Christus se kruisiging, nie sakramente nie**.

Calvyn behou die sakramentele betekenis van die nagmaal: dat in die tekens ons die betekende saak ontvang. Deur die teken gee die Here ons regtig deel aan sy mensheid in die hemel. Dit is die wesenlike betekenis van die nagmaal as heilsmiddel. Deur hierdie middel ontvang ons die betekende saak: Christus in sy menswees.

Zwingli ontken hierdie betekenis van die nagmaal en maak dit 'n simbool: 'n uitwendige uitbeelding van 'n inwendige saak sonder dat dit die saak wat uitgebeeld word, inwendig meedeel. Hy stel dit soos volg: "Of those who complain I ask only this: that they let the sacraments be real sacraments and do not describe them as signs which actually are the things which they signify. For if they are the things which they

[45] Balke, W. De Avondsleer van Zwingli in Bij Brood en Beker redakteurs van W. 'T Spijker, W.Balke, K. Exalto, L. Van Driel. Goudriaan: De Groot, 1980, p. 165

signify they are no longer signs: for sign and thing signified cannot be the same thing. *Sacraments,*—as even the papists maintain—are simply the signs of holy things. Baptism is a sign which pledges us to the Lord Jesus Christ. The remembrance shows us that Christ suffered death for our sake. Of these holy things they are the signs and pledges. You will find ample proof of this if you consider the pledge of circumcision and the thanksgiving of the paschal lamb."[46]

Zwingli argumenteer hier weer teen trans- en konsubstansiasie, maar trek daarmee ook meteens 'n streep deur die nagmaal as sakrament volgens Calvyn. Dit gebeur deurgaans in sy betoog: "Bereits in der 18. Schlußrede und ihrer Auslegung (Juli 1523) bestreitet Zwingli auf Grund des 'efapaks' des Hebräerbriefs den Opfer-charakter der Messe und polemisiert ausdrücklich gegen die Transsubstantiation, stillschweigend gegen jeden substantiellen Empfang des Leibes Christi. Der Tod des Herrn ist die Speise der Seele, womit die Realpräsenz des Leibes Christi in den Elementen hinfällt." [47]

Hy stel dat 'n simbool nie die betekende saak kan wees nie. Dit beteken ook vir hom dat in die teken die betekende saak nie meegedeel kan word nie. Dit blyk uit sy aanvanklike definisie wat ons aangehaal het: "when you join with your brethren in partaking of the bread and wine which are the tokens of the body of Christ, then in the true sense of the word you eat him sacramentally. You do inwardly that which you represent outwardly, your soul being strengthened by the faith which you attest in the tokens."[48]

Ons doen innerlik wat uiterlik aan ons uitgebeeld word. Die nagmaal wys ons dat Christus vir ons sondes gely het en as ons glo, doen ons innerlik wat die teken uitbeeld. God deel niks deur die teken mee nie. Die genade word deur God se Gees sonder die tekens meegedeel: "Zwingli verklaart zich nu voor diens consequente oplossing van het avondmaalsvraagstuk: "Dit is mijn lichaam" beduidt niets anders dan "Dit betekent mijn lichaam". Elk reeël verband tussen het teken en wat het 'betekent' vervalt. God is immers geest. En geest spreekt slechts tot geest. De antieke

---

[46] Zwingli, H. On the Lord's Supper, 1953, p. 210
[47] Lochner, G.W. Huldrych Zwingli in Neuer Scicht Stuttgart: Zwingli verlag Zürich, 1969, p.257
[48] Zwingli, H. An Exposition of the faith, 1953, pp. 258 -259

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tegenstelling tussen stof en geest beheerst, zoals bij zoveel humanisten van de renaissancetijd, het centrum van zijn gedachten. Hier viert het spiritualisme zijn triomf. Fel is het verzet tegen de middeleeuwse sacramentsleer waarbij de geest aan de ritus werd gebonden. "Luther heeft niet te veel maar te weinig gezegd". Zwingli is zich bewust, dat hij een grote stap verder gaat. Alle objectieve kanten worden van het sacrament afgeslagen. Het zijn bij Zwingli eigenlijk geen genademiddelen meer, maar menselijke mogelijkheden om een getuigenis te geven. Bij Zwingli geeft God geen teken meer, maar de mens geeft een getuigenis. Wijn en brood zijn in het gedachtenismaal slechts Symbolen van het lichaam en bloed van Christus. Daarmee laat Zwingli eigenlijk ook de gedachte van de presentia realis, werkelijke tegenwoordigheid van Christus in het avondmaal vallen.[49]

Die nagmaal is nie 'n mededeling van die heil nie, dit is net teken van die offerdood van die Here: "A sacrament is 'n sign of a holy thing. When I say: The sacrament of the Lord's body, I am simply referring to that bread which is the symbol of the body of Christ who was put to death for our sakes."[50]

4. **Die brood en wyn deel nie gemeenskap met Christus se liggaam mee nie, maar die gemeente roep Christus se kruisdood in herinnering.**

Die waarde van die tekens van die brood en wyn is nie dat dit ons gemeenskap met die liggaam van Christus meedeel nie, maar dat dit ons herinner aan die kruisdood van Jesus Christus.

Hierdie argument voer Zwingli aan deur die betekenis van die instellingswoorde van Christus "Dit is my liggaam", uit te lê as sou dit beteken: "Hierdie tekens verwys na my liggaam". Die woord "is" word nou uitgelê as "verwys na".

Zwingli stel dit in "On the Lord's Supper" soos volg: "Our next task is to see whether Christ's words in Matthew 26: "This is my body," can also be taken metaphorically or *tropice*. It has already become clear enough that in this context the word "is" cannot be taken literally. Hence it follows that it must be taken metaphorically or

[49] Balke, W. De Avondsleer van Zwingli in Bij Brood en Beker redakteurs van W. 'T Spijker, W.Balke, K. Exalto, L. Van Driel. Goudriaan: De Groot, 1980, p. 152

[50] Ibid., p. 188

figuratively. In the words: "This is my body," the word "this" means the bread, and the word "body" the body which is put to death for us. Therefore the word "is" cannot be taken literally, for the bread is not the body and cannot be, as we have seen already. Necessarily, then, it must be taken figuratively or metaphorically; "This is my body," means, "The bread signifies my body," or "is a figure of my body." For immediately afterwards in Luke 22 Christ adds: "This do in remembrance of me," from which it follows that the bread is only a figure of his body to remind us in the Supper that the body was crucified for us."[51]

Die nagmaal is dus net simbool. Christus deel nie sy liggaam in die nagmaal mee nie. Dan moet ons die woorde: "Dit is my liggaam" verstaan as werklik en nie simbolies nie. Deur die uitdrukking "is" na "verwys na" te verander, word dit 'n simbool wat wys op die geestelike betekenis van Christus se dood: dat dit 'n offer vir ons sonde was.

Die simbool deel nie gemeenskap mee nie, maar vra herinnering: ons moet oor onsself nadink en wat Christus vir ons gedoen het, soos hy dit uitvoerig in die aanvanklike aanhaling uitgewys het.

Die aksent op herinnering beteken dat Zwingli alle en enige gemeenskap met Christus in sy menslheid in die hemel uit die nagmaal verwyder. Die gemeenskap met Christus in dele soos 1 Kor. 11 word verander van gemeenskap met Christus na gemeenskap met medegelowiges wat nie gemeenskap deur die tekens ontvang nie, maar gemeenskap met mekaar beoefen deur saam hulle aan die offerdood van die Here op Golgota te herinner: "When Christ himself says: "Which is given for us what he means is simply this, that the bread is a sign that his body is given for us, and his next words make this perfectly clear, for he says: "Do this in remembrance of me." These words tell us why it is that he has instituted this symbolical bread, for the remembrance of Christ and his self-offering for us. Hence it follows once again that the bread is the body in the sense that it signifies the body, for by it we are reminded of the body, the body itself not being present. In 1 Corinthians Paul gives us the words in this form: "This is my body, which is broken for you." "Given for us" and "broken

---

[51]Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger , p. 225

for us are one and the same. It is simply that Paul wishes to touch on an analogy concealed at this point, namely, that as Christ is broken, that is, put to death for us, so in remembrance of him we offer one another the bread and break it, each representing and communicating with the other, as Christ did for us all."[52]

5. **Die gemeente op aarde, nie Jesus as mens in die hemel nie , is die liggaam van die Here waarmee ons gemeenskap het in die nagmaal.**

Zwingli skei die teken en betekende saak in die nagmaal. In die Reformasie was die vraag: "Hoe eet en drink ons die liggaam van Jesus Christus?" Die Rooms-Katolieke Kerk, Luther en Calvyn het almal besin en verklaar hoe ons deel het aan Christus as mens in die hemel. Die gemeenskap in die nagmaal is gemeenskap met Christus in sy mensheid. Hierdie gemeenskap is verbind aan en word in die tekens meegedeel.

Zwingli ontken enige mededeling van gemeenskap met die teenswoordige Christus in die tekens. Hy maak dit gewoon af deur sy stelling dat die teken en betekende saak nie dieselfde kan wees nie en dat Christus as mens net in die hemel kan wees. Dit beteken vir hom dat dit enige vorm van gemeenskap uitsluit. Die gemeenskaplikheid met Christus is om die genade en goedheid van God te ontvang op grond van Christus se sterwe as mens. Dit is egter geen gemeenskaplikheid met Christus nie. Dit is geen eenheid met Christus as mens in die hemel self nie en deelname aan die vergifnis is eintlik ook geen gemeenskap met Christus in sy mensheid nie. Plaasbekledend beteken dat ons juis nie saam ly en sterf nie, maar dat Hy dit in ons plek doen – in ons afwesigheid.

Die eenheid in en deur die Heilige Gees is ook nie gemeenskap met Christus in sy Godheid nie, want Zwingli self ontken dat die eienskappe van sy Godheid op sy mensheid oorgedra kan word en andersom. Deur die Gees te ontvang, ontvang ons die vergifnis en versoening, nie gemeenskap met Christus in sy Godheid nie. Dit sou immers beteken dat deur die Godheid ons aan sy mensheid deel. Binne die gemoed van Zwingli is so 'n verwisseling onhoudbaar. Die onmoontlikheid van so 'n vermenging van Christus se nature is juis die kern van sy betoog teen die konsubstansiasie van Luther.

[52] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger , p. 229

1 Korintiërs 10 stel Zwingli dus voor 'n probleem. Hier word van werklike gemeenskap gepraat" " Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie saam, een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood?"

Hierdie verse stel Zwingli voor die Skrif se verbintenis van die liggaam en bloed van die Here en ons gemeenskap met Hom. Hoe hanteer hy hierdie Skrifgedeelte se verbintenis tussen die liggaam en bloed van die Here en gemeenskap met die liggaam van die Here?

> "The real meaning is: "He praised him," that is, he gave him thanks for all the honour and favours which he had shown to himself and to Joseph and to all his house. Similarly Psalm 145 ought not to be translated: "I will bless thee daily," but, "I will daily give thee praise or thanksgiving." Once we see this point it is easy to understand the word "communion", for we have simply to give it the sense of "community" Now consider the meaning of the words: "The cup of praise or thanksgiving, with which we give praise or thanks, or which we praise, or drink with thanksgiving, is it not the community of the blood of Christ? The bread which we break, is it not the community of the body of Christ? For we are one bread and one body, one company, or community, seeing we all partake of the one bread." It is the aim of Paul to draw the Corinthian Christians away from the worship and sacrifice of idols, and the main point which he makes is this: You are not a community which ought to eat in the company of idol-worshippers: for you are the community of the body and blood of Christ. For when you offer thanks with the cup and the bread, eating and drinking together, you signify thereby that you are one body and one bread, namely, the body which is the Church of Christ, which in this sacrament confesses its faith in the Lord Jesus Christ, who gave his body and blood on our behalf. And Paul calls believers the community of the blood of Christ, as we may see clearly in the words: "For we are one bread and one body, one company, or community, seeing we all partake of the one bread." Note that he quite obviously calls us one bread and one body because we partake together of the one bread. Study Paul afresh and you will see that we are right." [53]

Uit die Hebreeus maak Zwingli die stelling dat die woord "seën" in 1 Korintiërs 10 verse 16, nie beteken om *deur God* geseën te word nie. Hy verkies die woord "dank", wat dan beteken dat dit die gemeente is wat die Here dank en nie die Here wat ons seën nie.(Die NAV het ook die woord "dank" verkies teenoor die 1933 vertaling wat "seën" vertaal het.)

Met hierdie interpretasie van 10 vers 16 lei Zwingli af dat die woord "gemeenskap" ook by die instellingswoorde van die nagmaal, dan nie dui op gemeenskap met die

---

[53] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger , pp. 236-237

mensheid van Christus nie, maar op gemeenskap as die samesyn en samehorigheid van die gemeentelede tot en met mekaar in hulle viering van die dood van Christus: "it is easy to understand the word "communion", for we have simply to give it the sense of "community"".

Die gemeente se gemeenskaplike viering van die dood van Christus is die gemeenskap met Christus. Dit is die onderskeid wat hy maak tussen "communion" en "community".

Hierdie onderskeid maak dat die hele vraagstuk oor hoe ons met die liggaam en bloed van Christus gemeenskap het as mens in die hemel, gewoon net ter syde gestel word.

In die plek van hierdie eenheid en gemeenskap met Christus as persoon word die gemeente as 'n gemeenskap van lede wat onderling met mekaar verbind is, gestel: "Im Unterschied zu Luther (und Calvin) ist nicht Christus, sondern die Gemeinde das Subjekt der Feier" der Nachdruck liegt nicht auf dem "Das ist ... " sondern auf dem "Tut das ...!"[54]

Ons eenheid met Christus is nie eenheid met Hom wat ons werklik laat deel in sy mensheid in die hede nie. In sy afwesige mensheid deel ons met mekaar in die verlossing wat Hy vir ons bewerk het: ons vergifnis en versoening deur ons geloof.

Die funksie van geloof kry nou 'n nuwe karakter. Hy stel dit so: ". For when you offer thanks with the cup and the bread, eating and drinking together, you signify thereby that you are one body and one bread, namely, the body which is the Church of Christ, which in this sacrament confesses its faith in the Lord Jesus Christ, who gave his body and blood on our behalf..."[55]

Geloof aanvaar nie meer die eenheid en gemeenskap wat Christus ons met Homself as mens in die hemel aanbied nie. Geloof skep die identiteit tussen ons en Christus. In hierdie identifikasie met Christus is ons die sosiale groep wat in ons onderlinge verbondenheid onsself identifiseer as die liggaam van Christus. Die konstituering van

---

[54] Lochner, G.W. Huldrych Zwingli in Neuer Sicht Stuttgart: Zwingli verlag Zürich, 1969, p.258

[55] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger , pp. 236-237

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eenheid en gemeenskap is dus nie meer die menswees van Christus in die hemel nie, maar die daad van identifikasie van die groep. Dit blyk duidelik uit die onderskeid wat hy maak tussen "you signify that you are one body ... namely which is the Church of Christ" teenoor "who gave his body and blood on our behalf". In Zwingli se oortuigings kan ons nooit deel kry aan die liggaam van Christus wat Hy vir ons aan die kruis as offer oorgegee het nie. Sy argument is dat dit in die hemel is en buite ons gemeenskap staan. Die eenheid van die kerk is dus ook nie sy eenheid en gemeenskap met Christus se mensheid in die hemel nie. Die eenheid van die kerk is dat Hy saam aan een vergifnis en versoening deel het, wat ons deur die Gees van God meegedeel word, sonder gemeenskap met Christus as mens in die hemel.

Ons saam-glo en saam-dank maak die kerk een: " So then, when you come to the Lord's Supper to feed spiritually upon Christ, and when you thank the Lord for his great favour, for the redemption whereby you are delivered from despair, and for the pledge whereby you are assured of eternal salvation, when you join with your brethren in partaking of the bread and wine which are the tokens of the body of Christ, then in the true sense of the word you eat him sacramentally. You do inwardly that which you represent outwardly, your soul being strengthened by the faith which you attest in the tokens."[56]

Die nagmaal is dit wat ons uiterlik doen. Die geloof wat ons het in die offerdood van Jesus Christus is wat ons innerlik doen. Deur dit saam te doen sodat die uiterlike en die innerlike dieselfde is, eet ons sakramenteel. In die nagmaal ontvang ons nie werklik die liggaam van Christus uit die hemel nie, ons konstitueer die eenheid en gemeenskap van die liggaam van die Here op die aarde in en deur ons geloof en danksegging: "The second analogy (van die nagmaal) is to ourselves. For as bread is made up of many grains and wine of many grapes, so by a common trust in Christ which proceeds from one Spirit the body of the Church is constituted and built up out of many members a single body, to be the true temple and body of the indwelling Spirit." [57]

---

[56] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , pp. 258 - 259

[57] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , p. 263

Zwingli bedoel elke keer met brood en wyn dat dit net 'n uitbeelding is sonder dat die gemeenskap en eenheid met die Here werklik deur die tekens aan ons gegee word. Die eenheid in die tekens is dat die teken net een saak uitbeeld: nie die liggaam van die Here en ons gemeenskap daarmee nie, maar sy offerdood en die versoening deur sy offerdood. Die eenheid en gemeenskap met die liggaam van die Here is dus die eenheid en gemeenskap met die kerk: die lede met mekaar.

Deurdat Zwingli die eenheid en gemeenskap met die Here in sy mensheid in die hemel ontken, word die eenheid en gemeenskap van die Here se mensheid identies met die geloof en danksegging van die gemeente. Waar daar geen eenheid met die liggaam van die Here self is nie, maar die gemeente leef in die bewussyn dat hulle sý liggaam is, neem die gemeente die posisie van die liggaam van die Here in.

Sy liggaam gee heil. Deur hierdie grensvervaging moet hierdie waarde van die liggaam ook noodwendig op die gemeente oorgedra word wat sy liggaam se plek ingeneem het: plek en waarde gaan saam.

Daardeur kry die gemeente se samesyn die heilswaarde wat die liggaam van die Here het: in die gemeente se onderlinge samesyn word ons eenheid en gemeenskap met die liggaam van die Here beleef. Die afwesige mensheid van die Here word deur 'n korporatiewe eenheid van die gemeente vervang. Die sakramentele waarde van die nagmaal, dat ons in en deur die nagmaal werklik deelkry aan die teenwoordige Christus in sy mensheid in die hemel, word nou oorgedra op die geloof en danksegging van die gemeente. In hierdie samesyn van gemeente deel die Here ons sy eenheid en gemeenskap mee ín sy liggaam: die kerk.

W.Balke beskryf hierdie sakramentele waarde van die gemeente soos volg: "*Geen transsubstantiatie van het brood maar van de gemeente in lichaam van Christus* Daarom oefent Zwingli in zijn liturgie van het heilig avondmaal de dankzegging. "Christus wil door de Heilige Geest zijn lichaam van zijn tegenwoordigheid verzekeren en tot Zich trekken in zijn goedheid. Is er een transsubstantiatie van verzameling in het lichaam van Christus? Juist daarom gaat het in het gebed van de gemeente: "O Heere.... Gij Die ons door uw Geest tot één, tot uw lichaam gemaakt hebt in de eenheid des geloofs...." Als antwoord op deze werkzaamheid van Christus

zegt de gemeente dank: daarvan komt de naam 'eucharistie'. Het gaat hierbij om een echte overgang van de mis in gereformeerde categorieën. De transsubstantiatie betreft niet meer het brood, maar de gemeente; dit lichaam van Christus is de gemeente, die zichzelf haar Heere ten dankoffer brengt. Zo bevindt zich het lichaam van Christus niet in het brood, maar in de gemeente die om het brood verzameld is. Daarom moet men zichzelf beproeven. Want wanneer men van dit symbool eet, betuigt men openlijk een lid van de kerk te zijn, want wanneer men van dit brood eet en uit deze beker drinkt, wordt men een lichaam, namelijk het lichaam van Christus".
Zo is dus bij Zwingli toch een zekere presentia realis. Werkelijke tegenwoordigheid van Christus. Deze tegenwoordigheid is echter niet in het brood, maar in het geheel van de gelovigen gegeven, die daarvan eten."[58]

6.**<u>Die nagmaal as visuele hulpmiddel om ons geloof te bevestig .</u>**

Die belofte en daarom die Woord van God in die nagmaal gaan oor ons eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid. Dit is die woorde waarin en waardeur die tekens sakramente word. Zwingli neem hierdie woord en belofte uit die nagmaal weg deur enige gemeenskap met Christus in sy mensheid in die hemel te ontken. Die nagmaal is daarom nie meer 'n beseëling van die belofte van eenheid en gemeenskap met Christus nie.

Hier kom die onderskeid na vore tussen dit wat Calvyn uitwys as 'n versterking van die geloof en dit wat Zwingli aanwys as 'n bevestiging of getuienis van ons geloof. In "*Expositio Christianae fidei*" sê hy: "First, because no external things but only the Holy Spirit can give that faith which we trust in God. The sacraments do give faith but only historical faith. All celebrations, monuments and statues give historical faith, that is, they remind us of some event, refreshing the memory like the feast of the passover amongst the Hebrews or the remission of debt at Athens, or it may be that they commemorate some victory like the stone at Ebenezer. Now the Lord's Supper, too,

---

[58] Balke, W. <u>De Avondsleer van Zwingli</u> in <u>Bij Brood en Beker</u> redakteurs van W. 'T Spijker, W.Balke, K. Exalto, L. Van Driel. Goudriaan: De Groot, 1980, p. 175

does create faith in this way, that is, it bears witness to the birth and passion of Christ."[59]

Om die geloof te bevestig beteken net dat die nagmaal ons visueel en sintuiglik wys dat Jesus vir ons sondes gesterf het, soos wat ons dit deur die Heilige Gees in ons harte glo – niks meer as dit nie. Die karakter van hierdie bevestiging lê weer in sy definisie van die sakramente: "You do inwardly that which you represent outwardly, your soul being strengthened by the faith which you attest in the tokens." [60]

Deur innerlik te doen wat die Here met 'n simbool vir jou uiterlik wys, bevestig jy vir jouself dat die geloof wat die historiese gebeurtenis van Jesus se offerdood van jou vra, in jou hart is en leef. Die versterking lê dus in jou daad van geloof self. Deur te glo wat die teken wys, bevestig jy dat die geloof in jou hart is en dit wys jou dat jy glo. Die teken bevestig dus jou geloof, dit is nie 'n verseëling van die belofte van gemeenskap met Christus in sy mensheid nie. Die teken herinner ons om te glo, dan glo ons en om te glo maak ons geloof sterk.

Zwingli moet daarom ook 'n heel nuwe werking van die nagmaal gee ten opsigte van die sintuiglike karakter van die nagmaal. Die tekens kan nie meer 'n tasbare en sigbare seël en bekragtiging van ons eenheid met die mensheid van Christus wees nie, omdat dit nie erken word nie. Dit is nie meer 'n tasbare mededeling van die heil nie. In hierdie teken word geen gemeenskap met Christus meegedeel nie.

Dit is 'n visuele hulpmiddel om ons sintuiglike gewaarwordinge op ons geloof in God se genade te fokus en nie ons sinlike begeertes nie: "The sixth: the sacraments augment faith and are an aid to it. This is particularly true of the Supper. You know, 0 king, how continually our faith is tested and tempted, for the devil sifts us like wheat, as he did the apostles. And how does he attack us? By treachery within: for he sets up the scaling-ladders of passion against our senses, and then he tries to overthrow us by way of the body as by an ancient and crumbling part of the wall. But when the senses are called away elsewhere so that they do not give ear to the tempter his attack is less

[59] Zwingli, H. <u>An Exposition of the faith</u> in <u>Zwingli and Bullinger</u> , p. 260

[60] Ibid. , p. 259

successful. Now in the sacraments the senses are not only turned aside from the enticements of the devil, but they are pledged to faith, so that like handmaidens they do nothing but what is commanded and done by their master's faith. Hence they support and strengthen faith. I will speak openly and freely. In the Supper the four most important senses, indeed all the senses, are at once released and redeemed from the desires of the flesh and placed under the obedience of faith."[61]

Die sintuie versterk ons geloof. Die sintuie word nie meer vasgevang in wêreldse begeertes en voorstellings nie, hulle word nou gefokus op God se genade en omdat die sintuie ook op die Here se genade gefokus word, net soos die geloof op God se genade gefokus word, word die geloof deur ons sintuiglike waarneming versterk en bekragtig.

Ons sintuie kry nou sakramentele waarde: die sintuie versterk die geloof omdat die tekens ons sintuie ook op die genade van God fokus. Om Christus sakramenteel te eet beteken om met geloof en sintuie op Hom te fokus, nie net met geloof nie. Deur die nagmaal 'n simbool te maak, dit is 'n teken wat waarin ons net uiterlik doen wat ons innerlik ervaar en nie 'n teken waarin Christus self ons aan sy mensheid laat deel nie, word die sintuie, nie die mensheid van Christus nie, die versterking van ons geloof. Dit is 'n heel nuwe funksie wat aan die sintuie toegeken word: 'n sintuiglike gewaarwording van God se genade waarin ons sintuie ons geloof versterk. Om God sintuiglik te ervaar, versterk die geloof in God.

In Calvyn se oortuiging is dit ons eenheid met Christus wat ons geloof versterk en nie ons sintuiglike waarneming van God se genade nie. In die sintuiglikheid van die tekens in die nagmaal word die belofte van God meegedeel – sintuiglik - en hierdie eenheid wat meegedeel word versterk ons. Ons sintuiglike waarneming van God se genade is nie 'n versterking van die geloof nie.

Die sakramente en daarom die nagmaal is dus 'n visuele en sintuiglike hulpmiddel vir die geloof. Daarin en daardeur word die sintuie die middele wat ons geloof versterk wanneer ons ons geloof bevestig deur dit te glo wat die tekens uitbeeld. Die sakramente bring harmonie tussen die siel en die liggaam: "Thus the sacraments assist

---

[61]Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , p. 263

the contemplation of faith and conjoin it with the strivings of the heart, which is something that could not happen to the same degree or with the same harmony apart from the use of the sacraments."[62]

Dit verander die sakrament van 'n heilsmiddel van God tot 'n opvoedkundige hulpmiddel van die kerk. Waar Christus self ons deelmaak van sy liggaam in die hemel deur die nagmaal, is en bly die nagmaal 'n handeling van God. Die kerk kan die tekens bedien, maar God gebruik die tekens as 'n heilsmiddel om ons by Hom in te lyf.

Waar die sakramente ons sintuiglik van God se genade bewus maak en hierdie sintuiglike gewaarwording ons geloof versterk, is die tekens middele waarin 'n mens ingelyf word in die sintuiglikheid van die gemeente. In die sintuiglikheid van die gemeente moet 'n mens nou God se genade leer ken, want die sintuiglikheid van die gemeente versterk die geloof. Die nagmaal word nou 'n opvoedingsproses waarin die sintuiglikheid van die gemeente 'n middel is om te deel in, te groei en sterk te word in die geloof van die gemeente.

## 7. Die nagmaal is 'n simbool waardeur ons 'n eed van getrouheid teenoor God aflê.

> "The seventh virtue of the sacraments is that they act as an oath of allegiance. For in Latin the word *sacramentum* is used of an oath. And those who use the same oaths are made one race and alliance, coming together as one body and one people, to betray which is perjury. So, too, the people of Christ are brought together as one body by the sacramental partaking of his body. And if anyone presumes to intrude into that fellowship without faith, he betrays the body of Christ both in its head and also in its members, for he does not discern, that is, he does not rightly value the body of Christ either as he delivered it up to death for us or as it was redeemed by death. For we are one body with him. Therefore whether we like it or not, we are forced to concede that the words: 'This is my body," cannot be taken naturally or literally, but have to be construed symbolically, sacramentally, metaphorically or as a metonymy, thus: 'This is my body that is, 'This is the sacrament of my body," or, "This is my sacramental or mystical body that is, the sacramental and representative symbol of the body which I really assumed and yielded over to death." [63]

Die nagmaal is en bly net 'n simbool van die offerdood van Christus. Daarom is vir Zwingli die "sakrament van my liggaam", "my sakramentele liggaam" en "my

[62] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , p. 264
[63] Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger , pp. 264- 265.

mistieke liggaam" sinonieme wat net 'n simbool is van die offerdood van Christus en net waarde het as ons innerlik glo in dit wat die simbool verteenwoordig: Christus se offerdood. Alle gemeenskap met Christus in en met sy mensheid in die hemel word ontken.

Hierdie ontkenning bring Zwingli tot 'n nuwe betekenis van die nagmaal: ons eed van getrouheid. Hy het in sy gemoed die beeld van 'n vaandel wat op 'n slagveld om hoog gehou word en wat die soldate saambring tot een mag deurdat hulle hulle skaar by die vaandel en deur die vaandel hulle eed van getrouheid aan mekaar herbevestig.

Die eed van getrouheid is om openlik jou liefde en toewyding teenoor die Here wat vir jou gesterf het, te verklaar. Die werking van hierdie eed wys daarop dat die gemeente vir Zwingli as sosiale eenheid die alternatief word op die gemeenskap en eenheid met sy mensheid in die hemel. Hierdie eed van getrouheid maak die lidmate nou tot een sosiale liggaam: hulle wat dieselfde eed aflê word deur die eed tot een geslag, een vennootskap, een liggaam en een gemeenskap gemaak.

Die eed van getrouheid kry sakramentele waarde: in en deur die eed word en kry ons deel aan een sosiale liggaam en gemeenskap. Hierdie eed van getrouheid konstitueer die liggaam van die Here op die aarde – dit is die gemeente- sonder enige verbintenis met die mensheid van die Here in die hemel.

Hierdie eed is 'n sakramentele eed: die mens moet met en by die simbool van die offerdood van die Here, 'n gesamentlike eed van liefde en toewyding aflê teenoor God.

Hierdie verklaring van liefde en toewyding is 'n alternatief op die eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel. Ons eenheid met Christus in die hemel is die gemeenskap waaraan ons onderling deel het by Calvyn. Dit maak ons een liggaam, nie ons verklaring van liefde en toewyding nie. Die liefde en toewyding by Calvyn is die vrug van ons eenheid en gemeenskap met die Here se mensheid, nie die wyse waarop ons een liggaam word of aan deel kry nie.

Hierdie konstituering van die eenheid en gemeenskap van die kerk deur 'n eed van getrouheid in die danksegging en aanbidding, gee aan die nagmaalsbeoefening 'n nuwe funksie – dit bemagtig die gemeente om die eenheid en gemeenskap met Christus te konstitueer. Teenoor die mag van die liggaam van Christus in die hemel word die gemeente bemagtig om in sy samesyn en saamwees dieselfde eenheid en werking as die teenwoordige liggaam van Christus te bewerk.

**8. Opsomming: 'n Fees vir spiritualiteit**.

Zwingli het in wese die vraagstuk van die Reformasie soos dit deur Luther en Calvyn aan die orde gestel is, vermy. Beide Luther en Calvyn het die vraagstuk: "Hoe eet en drink ons die liggaam van Jesus Christus?" teenoor Rome hanteer.

Rome, Luther en Calvyn het die vraag verstaan as hoe kry ons deel aan die mensheid van Jesus Christus terwyl Hy mens in die hemel is en ons mense op aarde is. Hierop is die antwoorde: deur transsubstansiasie, deur konsubstansiasie en deur die werking van die Heilige Gees!

Zwingli ontken doodgewoon enige eenheid met Christus as mens in die hemel en stel daarmee die vraag hoe ons Christus se liggaam eet, ter syde sonder om dit te hanteer.

Dit plaas hom egter in die posisie om te verduidelik wat beteken die woorde van Paulus in 1 Kor. 10 dat ons gemeenskap het met die liggaam en die bloed van Christus. Hy kry die antwoord in die gemeenskap van gelowiges met mekaar wat in God glo, aan sy offerdood dink, hulle liefde en toewyding verklaar en Hom dank.

Hierdie gemeenskap is en word die liggaam van die Here as alternatief op die menslike natuur van die Here in die hemel. Daardeur kry die gemeente sakramentele waarde: in die geloofgetuienis, die herinnering aan en dank teenoor God, die verklaring van liefde en toewyding en die sintuiglikheid van die gemeente, deel ons in die liggaam van Christus. Daardeur word die gemeente 'n korporatiewe liggaam van geloof, herinnering, liefdesverklaring en sintuiglikheid naas die mensheid van Christus in die hemel.

Hierdie eenheid met Christus in die geloof , liefdesverklaring, danksegging en sintuiglikheid van medegelowiges is spiritueel. Dit is 'n binne-geestelikheid. Dit vind in die gees van die mens plaas deur die Gees van God sonder eenheid met die mensheid van Christus in die hemel.

Die mensheid van die Here bestaan hier net in die gemoed en sintuiglikheid van die gelowige en dit is iets anders as sy mensheid in die hemel. Die menslike gees bepaal hier die inhoud en karakter van die eenheid en gemeenskap met 'n binne-menslike mensheid van Christus wat iets anders is as sy mensheid in die hemel.

Die nagmaal is hier 'n spirituele fees van geloof, danksegging, verklaring van liefde en toewyding en sintuiglikheid. Dit is nie meer 'n heilsmiddel waarin Christus ons aan sy mensheid laat deel nie. Ons voedsel en ons drank is nie meer ons eenheid met die mensheid van Christus nie. Ons voedsel en drank is ons geestelikheid: ons geloof, ons danksegging, ons verklarings van liefde en toewyding en ons sintuiglikheid.

Myns insiens is dit 'n fees van selfbemagtiging. Met sy gemeenskaplike geestelikheid bemagtig die gemeente homself om dit wat deur die teenwoordige liggaam van Christus as mens moes gebeur het, nou deur die gemeenskaplikheid van die lidmate se geestelikheid te laat gebeur.

Die gemeente kan nie meer hulle eenheid met die liggaam van die Here in die hemel sien as die bron van alle weldade waarin hulle deel nie. Hulle sien hulleself as die liggaam wat die posisie wat die mensheid van Christus in de hemel het, inneem. Deur hulleself in daardie posisie te sien, sal hulle die waarde wat hierdie posisie van Christus het ook in hulle self opneem. Dit is net 'n kwessie van tyd en omstandighede wat hierdie geloofskonsekwensie sal voltrek.

# IV DIE GEREFORMEERDE KERKE SE KEUSE VIR CALVYN TEEN ZWINGLI.

Daar is 'n groot verskil tussen 'n individu se geloofsoortuigings en 'n kerk se geloofsbelydenis. Die geloofsoortuiging van Calvyn oor hoe ons die liggaam van die Here eet en drink het nie sy eie gebly nie. Dit het die amptelike geloofsbelydenis van die Gereformeerde kerke geword in amptelike geloofsdokumente: "Maar de hoofdgedachte by Calvijn, dat er in het avondmaal door de Heiligen Geest eene geestelijke gemeenschap geoefend wordt met den persoon en dus ook met het lichaam en bloed van Christus en dat de geloovigen daardoor gespijsd en gelaafd worden ten eeuwigen leven, is in verschillende Gereformeerde belijdenisschriften overgenomen en gemeengoed geworden van de Gereformeerde theologie. [64]

In hierdie hoofstuk wil ons uitwys dat hierdie kerke die geloofskeuse gemaak het om teenoor die wyse waarop Zwingli die eet en drink van die Here se liggaam gesien het, te kies vir die geloofsoortuiging van Calvyn.

## 1. Die Geneefse geloofsbelydenis 1536 artikel 16 en die Franse Hugenote Geloofsbelydenis (Confessio Gallicana) 1559 artikel 36.

Die Geneefse geloofsbelydenis was deel van die kerkorde wat Eli Coraud, Farel en Calvyn op 16 Januarie 1537 aan die stadsraad van Genéve voorgelê het in *Artikels concernant l' organisation de l'eglise et du culte á Genéve.* Volgens Beza was Calvyn die opsteller van hierdie belydenis, waarskynlik omdat hierdie belydenis die hooftrekke van die Institusie volg.[65]

Die Franse geloofsbelydenis het ontstaan tydens die vervolging van die Franse Hugenote in September 1557. Hierdie gelowiges het aan Calvyn 'n geloofsbelydenis gestuur wat uit agtien artikels bestaan het, met die versoek om vir die Franse Hugenote in Frankryk 'n geloofsbelydenis op te stel. Hierdie geloofsbelydenis het uit sewe-en-dertig artikels bestaan.[66]

---

[64] Bavinck, H. Gereformeerde Dogmatiek Vierde deel. Kampen:Uitgeversmaatschappij J.H. Kok 1976, p.534

[65] Cochrane, A.C. Reformed Confessions of the 16th Century. London: SCM Press, 1966, p.119

[66] Ibid., p. 138

Hierdie geloofsbelydenis is op 'n geheime sinode in Parys op 23 Mei 1559 as geloofsbelydenis vir die Franse Hugenote in Frankryk aanvaar. Hierna het dit wye erkenning verkry: "At the Seventh National Synod held at La Rochelle in 1571 the Confession was confirmed by all the Churches of France. It was approved and signed by representatives of three national Churches — Admiral Coligny for the French Church, Theodore Beza for the Church of Geneva, and by Jeanne d'Albret, Queen of Navarre (mother of Henry IV, future king of France) . For this reason the Confession is also known as "the Confession of La Rochelle". It is also referred to as the Gallican Confession. In a Declaration of Faith the Reformed Church of France in 1936 expressly reaffirmed the Confession of La Rochelle. In Germany it was recognized by synods in Wesel (1568) and Emden (1571) . The Confession, together with the Discipline, influenced the faith and policy of Reformed Churches in Holland, England, and Scotland."[67]

Die belydenis oor die nagmaal in die Geneefse belydenis lui soos volg:

" **16.** The Holy Supper

The Supper of our Lord is a sign by which under bread and wine he represents the true Spiritual communion which we have in his body and blood. And we acknowledge that according to his ordinance it ought to be distributed in the Company of the faithful, in order that all those who wish to have Jesus for their life be partakers of it. In as much as the mass of the pope was a reprobate and diabolical ordinance subverting the mystery of the Holy Supper, we declare that it is execrable to us, an idolatry condemned by God; for so much is it itself regarded as a sacrifice for the redemption of souls that the bread is in it taken and adored as God. Besides there are other execrable blasphemies and superstitions implied here, and the abuse of the Word of God which is taken in vain without profit or edification."[68]

In die Franse geloofsbelydenis word die nagmaalsinhoud soos volg bely:

"ART. XXXVI

We confess that the Lord's Supper, which is the second sacrament, is a witness of the union which we have with Christ, inasmuch as he not only died and rose again for us once, but also feeds and nourishes us truly with his flesh and blood, so that we may be one in him, and that our life may be in common. Although he be in heaven until he come to judge all the earth,[115] still we believe that by the secret and incomprehensible power of his Spirit he feeds and strengthens us with the substance of his body and of his blood. We hold that this is done spiritually, not because we put imagination and fancy in the place of fact and truth, but because the greatness of this mystery exceeds the measure of our senses and the laws of nature. In short, because it is heavenly, it can only be apprehended by faith."[69]

---

[67] Cochrane, Reformed Confessions of the 16th Century., p. 139
[68] Ibid. , p. 124
[69] Ibib. , p. 156

Die Geneefse belydenis stel dat die brood en wyn ons regte gemeenskap met die liggaam en bloed van die Here deur die Heilige Gees verteenwoordig. Die deelname aan die nagmaal gaan oor deelname aan die lewe van Christus as mens.

In die Franse geloofsbelydenis word dit uitdruklik as teken van ons eenheid met Christus bely. Hierdie eenheid kwalifiseer die geloof waarmee die nagmaal gebruik word, nie net as geloof in die offerdood en opstanding van die Here nie, maar as die aanvaarding dat ons werklik met Hom as mens een is en een lewe met Hom deel - sy lewe as mens. Die Heilige Gees maak deur sy krag as God, Christus se mensheid ons geestelike voedsel en drank. Hierdie eenheid is nie 'n gedagte of gevoel nie – dit is werklik. Daarom kan hierdie eenheid net in die geloof aanvaar word.

In hierdie belydenisse word daar 'n geloofskeuse gemaak waarin die opvattings van Zwingli oor die nagmaal verwerp word – daarom die verwysings dat hierdie 'n wesenlike en substansiële eenheid is en nie net maar in ons gemoed en verbeelding is nie.

2.**Die Nederlandse geloofsbelydenis. (*Confessio Belgica*) 1561 artikel 35**

Hierdie belydenis word in 1559 opgestel deur Guido de Brés met behulp van die Franse geloofsbelydenis: " Bij de opstelling ervan heeft De Brés gebruik gemaakt van de Confessie Gallicana, d.i. de Franse Geloofsbelijdenis. Naar het voorbeeld van Genève hadden de hervormden in Frankrijk zich verenigd tot gemeenten, die in 1559 te Parijs hun eerste nationale synode hielden. Daar werd een belijdenis en een kerkorde aangenomen, beide naar een ontwerp van Calvijn. Nadat deze tevoren was geraadpleegd, zond hij drie van zijn collega's met zijn conceptbelijdenis van 35 artikelen naar Parijs. De synode breidde het aantal artikelen uit tot veertig: de Confessie Gallicana. Het was met behulp van deze, dat Guido de Brés de zijne opstelde, die 37 artikelen telde. ... Het is van belang erop te letten, dat erbij deze belijdenissen rechte lijn loopt van Genève (Calvijn) over Parijs (nationale synode van 1559) naar de Nederlanden en De Brés."[70]

[70] De Graaf, W. De Herkomst van onze Belijdenisgeschriften Utrecht: B.V. Uitgeverij "De Banier" [s.a.] p. 35

De Graaf wys daarop dat de Brés die belydenis aan verskeie mense vir kommentaar gestuur het: Calvyn, wat groot waardering vir die belydenisskrif uitgespreek het, Adrianus Saravia, Herman Moded, Petrus Datheen, Caspar Heidanusen en Jean Taffin.[71]

Die geloofsbelydenis is gou deur kerklike vergaderinge tot amptelike belydenisskrif aanvaar: "Reeds in 1563 werd zij op de Franse provinciale synode van Armentières als kerkelijke belijdenis aangenomen. Van de ambtsdragers in haar ressort werd instemming en ondertekening gevraagd. Nadien zijn er nog wat wijzigingen en bekortingen in aangebracht, het eerst in 1566 op de synode van Antwerpen, waarvan ook Saravia lid was. Latere synoden hebben zich eveneens ermee bezig gehouden, zoals die van Emden, 1571; Dordrecht, 1578; Middelburg, 1581; en vooral de grote nationale synode van Dordrecht, 1618/1619, waar de confessie na herziening eenparig werd goedgekeurd en vastgesteld. Na die tijd heeft zij steeds gegolden als één van de belijdenisgeschriften van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Van het begin af werd ook in ons land instemming met en ondertekening van de Nederlandse Geloofsbelijdenis gevraagd. In alle gereformeerd georiënteerde kerken in ons land is dat nog steeds het geval."[72]

In Suid Afrika is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerke en die Afrikaanse Protestantse kerk aan hierdie belydenisskrif verbind.

Die belydenis oor die nagmaal is vervat in artikel 35:

> "*Artikel 35* Die heilige nagmaal
>
> Ons glo en bely dat ons Verlosser Jesus Christus die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin die kerk ingelyf het. Nou het dié wat weergebore is tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie maar slegs die uitverkorenes van God. So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort soos die lewe self aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit in stand te hou het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel

---

[71] De Graaf, W. De Herkomst van onze Belijdenisgeschriften Utrecht: B.V. Uitgeverij "De Banier" [s.a.] pp. 36 -39

[72] Ibid. , p. 42

neergedaal het naamlik Jesus Christus; Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as 'n teken van sy bloed ingestel. Hy gee ons daarmee dit te kenne: So waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink en dit daarna ons lewe in stand hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof - dit is die hand en mond van ons siel - die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser. Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig is nie met die mond nie, maar met die gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie. Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet. Hy voed versterk en vertroos ons arme troostelose siel as ons sy liggaam eet, en Hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink. Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die Towenaar albei wel die sakrament ontvang, maar nie Christus wat daardeur voorgestel word nie; Hy word slegs aan die gelowiges gegee. Ten slotte,ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen. Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel eet en drink as hy van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink nie (1 Kor. 11:29). Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg. Daarom verwerp ons alle brousels en verwerplike uitdinksels wat mense by die sakrament bygevoeg en daarmee vermeng het, as verontheiligings daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die instelling wat Christus en sy apostels ons geleer het en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het." [73]

Dit wat ons eet en drink in die nagmaal is die eie, natuurlike liggaam en bloed van die Here Jesus Christus as mens in die hemel. Dit is die kern van hierdie belydenis. "natuurlike liggaam" beteken met die natuur van menswees. Dit is die liggaam as vleis en bloed, beperk en lokaal. Die ware liggaam en bloed van Christus in die hemel is die geestelike kos: die voedsel en drank - wat ons in ons siele deur die geloof ontvang. Ons siel word gevoed deurdat ons deel het aan sy liggaam en ons word verkwik omdat ons deel het aan sy bloed. Polman wys dat hierdie belydenis direk aansluit by die belydenis van Calvyn op die sinode van Bern in 1537: "Wij belijden, 'dat het geestelijk 'leven, dat Christus ons verleent, niet bloot daarin gelegen is, dat Hij

[73] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 pp. 127-128

door Zijn Geest ons 'levend maakt, maar dat Hij ons door de kracht van Zijn Geest ook deelgenoten maakt van Zijn levendmakend vlees. Door het deelgenootschap daaraan worden we gevoed 'tot het eeuwige 'leven. Derhalve verstaan we, als we over de gemeenschap, die de gelovigen met Christus hebben, spreken, dat zij niet minder met Zijn vlees en bloed 'gemeenschap hebben dan met de geest, zodat zij zo de gehele Christus bezitten. Daar immers wanneer de Schrift openlijk getuigt, dat het vlees van Christus ons waarlijk tot spijs is en Zijn bloed waarlijk tot drank, vaststaan moet, dat wij daarmee gevoed worden, zo wij het leven in Christus zoeken. Verder leert de apostel niet iets gerings of alledaags, wanneer hij beweert, dat wij vlees van Christus' vlees en been van Zijn gebeente zijn,.."[74]

Dit is waaroor die maaltyd in die nagmaal gaan: ons sit aan by 'n geestelike maaltyd waar ons voedsel en drank die Here self is: Hy laat ons deel in Homself in dit wat Hy as mens in die hemel is en so kry ons aan sy verdienste deel – vir ons is dit weldade. Daarom is die Here self die gasheer van hierdie maaltyd: Hy laat ons deelneem aan Homself as mens deur die krag van die Heilige Gees.

Dit is wat die tekens nie net vir ons wys nie, maar ook aan ons meedeel. De Brés stel dat die Here alles met ons doen wat ons in die tekens sien.

Die tekens van brood en wyn is spesifiek om hierdie geestelike eet en drink van Christus - om deel te neem aan sy mensheid in die hemel - vir ons voor oë te stel. Dit is nie maar 'n algemene teken van God se goedheid en liefde nie. Dit is juis die krag van die teken om ons te wys dat ons werklik deelkry en deelneem aan die mensheid van Christus as die wyse waarop ons geestelike lewe gevoed en gesterk word. Daarom vind ons geestelike lewe "in gemeenskap met die liggaam van Christus plaas". Hierdie liggaam waarmee ons gemeenskap het, is sy mensheid in die hemel.

Die geloof waarmee ons hierdie gemeenskap met die Here aanneem, is weer die geloof soos Calvyn dit gedefinieer het: om deur die geloof ons eenheid met Christus toe te eien en te ontvang. Dit is iets anders as om net te glo dat Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf het. Polman stel in sy kommentaar op hierdie belydenis: " Dit geldt

[74] Polman, A.D.R. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: Verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden deel 4, Franeker: T. Wever, [1951?] p. 237

ook van het avondmaal in volstrekte zin. Ieder gevoelt hoe heel deze belijdenis gedragen wordt door het zelfgetuigenis van Christus, in Jhs. 6 ons meegedeeld. De echt Gereformeerde opvatting daarvan treedt reeds klaar aan de dag, wanneer beleden wordt, dat het eten van dit levende brood uit de hemel plaats vindt, als het toegeëigend en ontvangen wordt door het geloof in de geest." [75]

Die sigbaarheid en tasbaarheid van die tekens gaan oor ons onsigbare en ontasbare eenheid met die mensheid van Christus. Dit is nie maar net tekens waarin die goedheid en liefde van God sigbaar en tasbaar gemaak word, so asof die wese van God daardeur sigbaar word nie. Dit gaan om dit wat ons juis nie kan indink of voorstel met ons sintuie – dat ons as mense werklik volkome een is en deel het aan Jesus wat mens is in die hemel. Polman verduidelik dit soos volg: "Daar nu dit mysterie van de geestelijk vereniging met Christus naar haar aard onbegrijpelijk is, zo geeft Hij ons daarvan een figuur en afbeelding in zichtbare tekenen, die voor onze kleine maat zeer geschikt zijn, ja Hij verzekert ons door gegeven panden en tekenen daarvan zo, alsof het met de ogen werd aanschouwd, want deze zo bekende gelijkenis dringt tot de botste verstanden door, dat de zielen niet anders gevoed worden met Christus, als het brood en de wijn het 'lichamelijke 'leven onderhouden. Zo wordt het doel van deze mystieke zegening duidelijk."[76]

Tussen die doop en die nagmaal is daar wat die betekende saak aan betref, geen verskil nie: in die doop gaan dit ook oor ons eenheid met die mensheid van die Here in die hemel. Die verskil gaan net oor die verskil van inlywing in die liggaam van Christus teenoor die opneem van die gemeenskap met die liggaam van Christus. In die doop word ons van ons inlywing in Hom in sy mensheid in die hemel verseker. In die nagmaal word Hy as die voeding en instandhouding van hierdie eenheid en gemeenskap aan ons verseël.

De Brés wys daarop dat die betekende saak in die nagmaal - ons eenheid en gemeenskap met die liggaam en bloed van die Here in die hemel - net deur die geloof aangeneem kan word. Daarom kan goddelose mense nie hierdie gemeenskap ontvang nie, al gebruik hulle die tekens.

---

[75] Polman, A.D.R. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: Verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden deel 4, Franeker: T. Wever [1951?],p. 229
[76] Ibid. , p. 230

Hierdie gemeenskap met die Here kwalifiseer die nederigheid, die gedagtenis, die danksegging, die belydenis en die selfondersoek in die nagmaal. Die nederigheid is nie maar 'n algemene houding van nederigheid nie, maar die erkentlikheid dat die liggaam en bloed van die Here in die hemel ons voedsel en drank is. Ons geestelike lewe het geen krag, of groei nie deur geestelike oefeninge nie, maar net in ons eenheid en gemeenskap met die Here. Die gedagtenis gaan oor ons gemeenskap met Hom in die hemel as die gekruisigde en nie as net 'n oproep van 'n daad in die verlede nie. Die danksegging gaan juis oor die voeding en verkwikking van sy liggaam en bloed wat ons lewe is. Die belydenis van geloof in die nagmaal is ook die belydenis van ons gemeenskap en eenheid met die liggaam en bloed van die Here.

Daarom moet daar ook onderskei word, net soos by Calvyn, tussen die gemeenskap met die liggaam en bloed van die Here in die hemel, en die gemeenskap waartoe hierdie geestelike ete ons verkwik: die naasteliefde tot en met ons medegelowiges.

### 3.<u>Die Skotse geloofsbelydenis. 1560 hoofstuk 21.</u>

Die Skotse geloofsbelydenis is in hoofsaak die werk van John Knox. In die jare 1554 tot 1559 vertoef hy as vlugteling in Frankfurt-op-die-Main en veral in Genéve. Hier bestudeer en neem hy kennis van Calvyn se werk en van die Geneefse en Franse Hugenote belydenis: "Knox was no doubt the chief author of both. He had experience in the preparation of such documents, as he was consulted about the Edwardine Articles of Religion, prepared the Confession for the English congregations in Geneva, and must have been familiar with the Swiss Confessions." [77]

Die Skotse parlement het vir die eerste keer op 1 Augustus 1560, na die onttrekking van die Franse troepe wat die Katolieke geloof namens koningin Maria de Guise in Skotland afgedwing het, vergader. Tydens die parlementsitting is 'n versoekskrif aan die parlement oorhandig van 'n groep wat deur Knox se prediking tydens die byeenkoms gelewer is: "Es hieß: 'Darum bitten wir Euer Ehren demütig, daß solche Lehre und solcher Götzendienst, die durch Gottes Wort verdammt sind, durch Gesetz

[77] Schaff, P. <u>The Creeds of Christendom, with a History and Critical Notes Vol 1</u> New York: Harper and Brothers, 1881, p.681

des gegenwärtigen Parlamentes abgeschafft werden." „Jetzt hat Gott über alles menschliche Erwarten, Euch sozusagen zu Richtern in der Sache Gottes gemacht."

Nachdem diese Petition im Parlament verlesen war, wurden die evangelischen Prediger und Barone beauftragt, "to draw, in playne and severall heidis, the summe of that Doctrine, quhilk thay wald menteyne, and walt desyre that present Parliament to establische, as hailsome, trew, and onlie necessarie to be beleivit, and to be resavit within that Realme". Es wurde eine Kommission von sechs Theologen eingesetzt: John Knox, John Winram, John Spottswood, John Hillock, John Douglas, John Row. In vier Tagen konnten diese bereits dem Parlament eine „Summe der Lehre" legen, eben das Schottische Bekenntnis."[78]

Die artikel oor die nagmaal, hoofstuk 21, lees soos volg:

"CHAPTER XXI THE SACRAMENTS

As the fathers under the Law, besides the reality of the sacrifices, had two chief sacraments, that is, circumcision and the passover, and those who rejected these were not reckoned among God's people; so do we acknowledge and confess that now in the time of the Gospel we have two chief sacraments, which alone were instituted by the Lord Jesus and commanded to be used by all who will be counted members of His body, that is, Baptism and the Supper or Table of the Lord Jesus, also called the Communion of His Body and Blood. These sacraments, both of the Old Testament and of the New, were instituted by God not only to make a visible distinction between His people and those who were without the Covenant, but also to exercise the faith of His children and, by participation of these sacraments, to seal in their hearts the assurance of His promise, and of that most blessed conjunction, union, and society, which the chosen have with their Head, Christ Jesus. And so we utterly condemn the vanity of those who affirm the sacraments to be nothing else than naked and bare signs. No, we assuredly believe that by Baptism we are engrafted into Christ Jesus, to be made partakers of His righteousness, by which our sins are covered and remitted, and also that in the Supper rightly used, Christ Jesus is so joined with us that He becomes the very nourishment and food of our souls. Not that we imagine any transubstantiation of bread into Christ's body, and of wine into His natural blood, as the Romanists have perniciously taught and wrongly believed; but this union and conjunction which we have with the body and blood of Christ Jesus in the right use of the sacraments is wrought by means of the Holy Ghost, who by true faith carries us above all things that are visible, carnal, and earthly, and makes us feed upon the body and blood of Christ Jesus, once broken and shed for us but now in heaven, and appearing for us in the presence of His Father. Notwithstanding the distance between His glorified body in heaven and mortal men on earth, yet we must assuredly believe that the bread which we break is the communion of Christ's body and the cup which we bless the communion of His blood. Thus we confess and believe without doubt that the faithful, in the right use of the Lord's Table, do so eat the body and drink the blood of the Lord Jesus that He remains in them and they in Him; they are so made flesh of His flesh and bone of His bone that as the eternal Godhood has given to the flesh of Christ Jesus, which by nature was corruptible and mortal, life and immortality, so the eating

[78] Niesel, W. Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort Reformierten Kirche Zürich: Theologische Buchhandlung, 1985, p.80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and drinking of the flesh and blood of Christ Jesus does the like for us. We grant that this is neither given to us merely at the time nor by the power and virtue of the sacrament alone, but we affirm that the faithful, in the right use of the Lord's Table, have such union with Christ Jesus as the natural man cannot apprehend. Further we affirm that although the faithful, hindered by negligence and human weakness, do not profit as much as they ought in the actual moment of the Supper, yet afterwards it shall bring forth fruit, being living seed sown in good ground; for the Holy Spirit, who can never be separated from the right institution of the Lord Jesus, will not deprive the faithful of the fruit of that mystical action. Yet all this, we say again, comes of that true faith which apprehends Christ Jesus, who alone makes the sacrament effective in us. Therefore, if anyone slanders us by saying that we affirm or believe the sacraments to be symbols and nothing more, they are libellous and speak against the plain facts. On the other hand we readily admit that we make a distinction between Christ Jesus in His eternal substance and the elements of the sacramental signs. So we neither worship the elements, in place of that which they signify, nor yet do we despise them or undervalue them, but we use them with great reverence, examining ourselves diligently before we participate, since we are assured by the mouth of the apostle that " whosoever shall eat this bread, and drink this cup of the Lord, unworthily, shall be guilty of the body and blood of the Lord." [79]

Hierdie belydenis verwerp die beskuldiging dat die nagmaal niks meer as simbole is nie. Dit is duidelik 'n verwerping van die standpunt van Zwingli. Die feit dat hierdie tekens nie "naked and bare signs" is nie, gaan oor die eenheid en gemeenskap met Christus self binne die nagmaal. Die eenheid en gemeenskap met Christus staan teenoor die leë tekens van Zwingli.

Die doop en nagmaal gaan hier ook oor ons eenheid met Christus: die doop wys op ons inlywing en die nagmaal op die waarheid dat ons vereniging met Christus ons geestelike voedsel is.

Al die elemente van die Calvinistiese nagmaalgebruik word hier bely: ons is so een met Christus in sy mensheid, dat ons werklik vlees van sy vlees en bloed van sy bloed is. Hierdie daad is die werk van die Heilige Gees en die Vader wat dieselfde lewe wat Hulle aan die Seun gegee het, ook aan ons gee. Die geloof waarmee ons die nagmaal gebruik, is ons geloof in ons eenheid en gemeenskap met die Here in sy mensheid. Al is Christus mens in die hemel, is ons eenheid en gemeenskap met die Here as mens nog steeds werklik. Hierdie vereniging gebeur deur die Heilige Gees.

Twee eie aksente is dat 1) die belofte wat die nagmaal verseël, die belofte is van ons eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid en dat 2) die eenheid nie net

---

[79] Cochrane, A.C. Reformed Confessions of the 16th Century London: SCM Press, 1966, p. 179

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaroor gaan dat Hy in ons is nie, maar dat ons ook in Hom is: Syne is myne en myne is Syne.

4.**Die Heidelbergse Kategismus. 1563**

Die Heidelbergse Kategismus is saamgestel deur 'n hele aantal rolspelers: "Beteiligt sind an der Entstehung und der Herausgabe des Katechismus fünf Kreise; der Große Rat von Heidelberg, die Theologische Fakultät der Universität, das Pastorenkollegium, die presbyterialen Kirchendiener und der Hof. Aus diesen Kreisen treten als hauptverantwortliche Verfasser Ursin, Olevian und Friedrich III. hervor, an deren Spitze wiederum Ursin zu stehen scheint. Der endgültigen Fassung des Katechismus liegen drei Vorlagen zugrunde, die alle von Ursin stammen: die „Theologische Gesamtdarstellung (Summa theologiae)", der Große Katechismus mit 323 Fragen und der Kleine Katechismus mit 108 Fragen." [80]

Die Heidelbergse Kategismus het baie gou die leerboek vir die grootste deel van die Gereformeerde Kerke geword: "Der Heidelberger Katechismus stellt einen Teil der Pfälzer Kirchenordnung dar und ist mit dieser Kirchenordnung zusammen herausgegeben worden. Sehr bald gewann er stark zunehmende Verbreitung in den europäischen Ländern, die sich der Reformation erschlossen hatten. So wurde er zum Beispiel 1568 durch die Gemeinde unter dem Kreuz in Wesel angenommen, 1573 in Ostfriesland, 1574 in den Niederlanden, 1576 am Niederrhein, 1577 in Ungarn, 1581 in Nassau und um 1600 sogar in Anhalt, Brandenburg, Leipzig, 1602 in Lippe und 1717 in Preußen. Übersetzt ist er in alle europäischen und verschiedene asiatische Sprachen, dazu ins Hebräische. Ein Bekenntnisbuch von ökumenischer Verbreitung, Weite und Bedeutung, auf das dann auch der Weltruf des Namens Heidelberg zurückgeht."[81]

Die gedeelte wat handel oor die liggaam en bloed van die Here in die nagmaal is Sondag 28 tot Sondag 30. Ons sal aantoon dat die eet en drink van die liggaam en bloed van die Here, as die aanvaarding van die eenheid en gemeenskap met die

---

[80] Jacobs, P. Theologie Reformierten Bekenntnisschriften in Grundzügen Neukirchen: Neukirchen verlag, 1959, p.59

[81] Ibid. , p.60

mensheid van die Here, die sentrale tema by al hierdie vrae is. Dit is volgens Zacharius Ursinus, die opsteller self.

"75 Vraag Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antw. Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof (a) eerstens, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Tweedens, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet. (a) Matt. 26:26-28; Mark. 14:22-24; Luk. 22:19, 20; 1 Kor. 10:16, 17; 11:23-25; 12:13." [82]

Ursinus gee die volgende kommentaar op hierdie vraag en antwoord: "En daarmee wordt de zaak, door de ceremonie betekend..... verklaard, en de gebruikers bij het wettig gebruik toegeëigend, n.l. het waarachtig gekruisigde lichaam en het waarachtig vergoten bloed van Christus; zo ook het eten en drinken ervan, d.w.z. onze vereniging met Christus door het geloof, waardoor wij — Hem en al Zijn weldaden deelachtig geworden (zijnde) — uit Hem, zoals de ranken uit de wijnstok...... het eeuwige leven scheppen. Aan deze onze vereniging of gemeenschap met Christus herinnert ons niet alleen de belofte, die bij het teken gevoegd is, zodat het teken het vermogen bezit om te verzegelen...... maar ook de overeenkomst van het teken met de betekende zaak; waardoor ons vooral deze twee zaken voorgesteld worden, n.l. de offerande van Christus, én de gemeenschap met Hem, omdat het brood niet alleen gebroken, maar ook ons te eten gegeven wordt."[83]

Ursinus se kommentaar op vraag 75 hou die volgende in:

1. Die betekende saak in die nagmaal is tweeledig: die werklikheid van die offer van die Here aan die kruis en die werklikheid van ons eenheid met sy liggaam en bloed. Hiermee word Zwingli se standpunt dat dit net oor die offerdood aan die kruis gaan afgewys.
2. Ons kry deel aan die betekenis van die Here se offerdood deur ons vereniging met Christus se liggaam en bloed.

---

[82] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 p. 150

[83] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol 2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 73

3. Die ooreenkoms tussen die tekens van gebreekte brood en wyn wat uitgestort word, wil ons juis wys op hierdie vereniging met Christus in sy mensheid. Daarom word die tekens gegee om geëet en gedrink te word. Die eet en drink wys op hierdie vereniging.
4. Die belofte wat in die nagmaal verseël word, is die Woord oor ons eenheid met die Here in sy mensheid. Hierdie belofte oor eenheid en gemeenskap maak die tekens 'n sakrament.
5. Hierdie eenheid en gemeenskap met die Here is die geestelike voedsel en drank waaruit ons geestelike lewe kom, soos met die ranke vanuit 'n wingerdstok.
6. Die maaltyd waaraan die gelowige deelneem in die gebruik van die tekens, is om hierdie eenheid en gemeenskap met die Here toe te eien.

Dit is duidelik dat hierdie vraag en antwoord se hele betekenis sentreer in die belydenis van ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel.

Ursinus se uitleg word gedeel met die keurvors van Palts, Frederik III. Die Heidelbergse Kategismus het deur sy toedoen tot stand gekom. In sy testament stel hy die volgende getuienis wat deur Barger en Telemann's as deel van die uitleg van H.K. 75 gestel word:

"want de Heere Christus heeft deze uitdeeling en nuttiging van brood en wijn daartoe ingesteld, dat zij zijner daarbij zouden gedenken en zijnen dood zouden verkondigen, totdat hij komt, dat wil zeggen, dat zij allereerst herinnerd worden ... n.l. dat het lichaam van Christus voor hen in den dood is gegeven en zijn bloed voor hen vergoten is, hun tot eene vergeving der zonden, en als zij dit met een waarachtig geloof aangrijpen en aannemen, dat deze hun in waarheid tot geestelijke spijs en drank des eeuwigen levens worden, zooals het zichtbare brood en de zichtbare wijn een spijs en drank van het tijdelijke leven zijn, daar zij in Christus, als leden in het lichaam en als de rank in den wijnstok, door zijnen Geest worden ingelijfd, ... Daarom gelooven en bekennen wij, dat in het heilige nachtmaal van onzen Heer Jezus Christus, indien het volgens zijn eigen instelling gehouden wordt, aan de geloovigen,wien dit avondmaal alleen bevolen is, evengoed als aan de jongeren in het eerste avondmaal, het ware vrijwillig geofferde en gekruisigde lichaam van Christus, met al zijne hemelse schatten en goederen, welke hij door zijnen dood voor de zijnen verworven heeft, tot een spijs voor hun hongerige zielen, en zijn bloed, hetwelk Hij vergoten heeft tot eene vergeving der zonden, tot een drank door Christus zelf toegereikt en gegeven wordt.

En evenmin als vroeger "distantia temporis" zijne jongeren gehindert heeft, d.w.z. het verschil in den tijd, n.l. dat hij zijn lichaam nog niet overgegeven had en hat laten kruisigen en zijn bloed nog niet vergoten had, en zij de jongeren, toch volgens het bevel van Christus zijn natuurlijk, menschelijk lichaam, dat uit de reine maagd Maria geboren werd, en voor hen allereerst moest worden overgegeven, en en zijn werkelijk bloed, dat voor hen nog eerste moest vergoten worden, aten en dronken alsof het reeds voor hen overgegeven en vergoten wás: zoo min hindert ook ons en allen geloovigen "distantia loci", dat is het verschil in plaats, nl. Dat wij met de apostelen volgens de instelling des Heeren dat lichaam van Christus eten en zijn bloed drinken, hoewel hij, de Heere Christus , met zijn natuurlijke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lichaam thans niet hier op aarde, maar in den hemel aan de rechterhand Gods, zijn hemelshen Vaders zit, ..."[84]

Die inhoud en selfs die woordelikse uitdrukkings waarmee Ursinus hierdie vraag en antwoord uitlê, word deur Keurvors Frederik III weergegee. Dit wys dat hierdie inhoud nie maar net 'n "geleerde" geloof was nie, maar die passie en oortuiging van die lidmate. Hierdie was gekende en bekende geloofsinhoude.

"76 Vraag Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antw. Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c), al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word (e). (a) Joh. 6:35,40, 47,48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh. 6:55, 56. (c) Ef. 5:29, 30; 3:16; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 3:24; 4:13. (d) Kol. 3:1; Hand. 3:21; 1 Kor. 11:26. (e) Joh. 6:57; 15:1-6; Ef. 4:15, 16."[85]

Hierdie vraag en antwoord kwalifiseer die geloof waarmee die lidmaat die nagmaal gebruik. Ursinus lewer die volgende kommentaar: "Dus betekent het eten van Christus' vlees en het drinken van Zijn bloed niets anders dan geloven, dat wij om Zijn verdiensten in genade aangenomen worden, en door dat geloof vergeving der zonden ontvangen en met God verzoend worden; en dat Gods Zoon — het Woord! — Die de aangenomen menselijke natuur personeel met Zich verenigd heeft....... in ons woont, en dat Hij ons met Zich en Zijn aangenomen natuur verenigt, door het feit dat Hij Zijn Heilige Geest in ons uitstort, door Wie Hij ons wederbaart en in ons weer het licht, de gerechtigheid en het eeuwige leven brengt, zoals dat in Zijn aangenomen natuur uitblinkt. Kortom, het vlees van Christus eten, betekent: 1. geloven, of door het geloof vergeving der zonden ontvangen; 2. met Christus verenigd, en het leven van Christus deelachtig worden, of aan Christus gelijkvormig worden door de Heilige Geest, Die in Christus én in ons enerlei zaken werkt. Dit eten is onze gemeenschap met Christus, zoals de Schrift die leert, en die wij in de Geloofsartikelen belijden, n.l. de geestelijke gemeenschap met Christus, zoals die er is tussen de leden en het Hoofd,

---

[84] Barger, H.H., Thelemann's, O. De Heidelbegshe Categismus Utrecht: Kemink & Zoon, 1914, pp.505 – 507.

[85] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983, p. 150

en tussen de ranken en de Wijnstok. Dit eten van Zijn vlees leert Christus in Johannes 6, en bevestigt dat in het Avondmaal door uiterlijke tekenen." [86]

In hierdie kommentaar op vraag 76 word dus die volgende gestel:

1. Die onderskeid tussen die offerdood van die Here aan die kruis en ons vereniging met Hom in vraag en antwoord 75 word hier nou deel van die inhoud van die geloof.
2. Die tweeledige betekenis van geloof by Calvyn word daarom ook hier oorgeneem: die geloof aanvaar die vergifnis van sonde én die eenheid met die Here waarin ons sy lewe deelagtig word en aan Hom in sy mensheid gelykvormig word.
3. Om Christus se vlees te eet en sy bloed te drink is om deur ons geloof nie net die weldade van Christus te aanvaar nie, maar ook ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid toe te eien, wat die bron van sy weldade vir ons is.
4. Hiermee word Zwingli se definisie, dat geloof beteken om te glo dat die Here vir ons gesterf het, dus verwerp.

"77 Vraag Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antw. By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui: (a): "Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: 'Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.[5] Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.[5] Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom" (1 Kor. 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: "Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor. 10:16). (a) Matt. 26:26-28; Mark. 14:22-24; Luk. 22:19, 20." [87])

Hierdie vraag en antwoord is 'n uitleg van die Skrifgedeeltes wat handel oor die instellingswoorde van die nagmaal. In hierdie vraag en antwoord word die hele Reformasie se verstaan van hierdie Skrifgedeeltes in 'n belydenisskrif saamgevat.

---

[86] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 80

[87] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 pp. 150 - 151

Ursinus gee hierdie uitleg soos volg weer: "De instelling van het Avondmaal bevestigt de waarachtige en zalige gemeenschap aan het lichaam en bloed van Christus. Daarom dient men de rechte betekenis van de instellingswoorden ijverig te onderzoeken."[88] Met hierdie uitgangspunt word elke deel van die instellingswoorde van die Here direk verbind aan die mensheid van die Here in die hemel.

Dat Jesus brood geneem het word verklaar: "Want het wordt genuttigd als voedsel, niet voor de lichaam, zoals gewone brood .... , maar voor de ziel d.w.z. tot bevestiging van het geloof en van de vereniging met Christus.[89]

Die uitdrukking "Dit is my liggaam" in die instellingswoorde word verklaar as die liggaam van die Here in die hemel en "eet" as om die betekende saak in die nagmaal aan te gryp: ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid. Ook die woorde "Doen dit tot my gedagtenis" kry betekenis uit hierdie misterie: "*Tot Mijne gedachtenis.* Het doel waartoe het Avondmaal gevierd moet worden, is de gedachtenis aan Christus. En dat is niet slechts een denken, gedachtenis of overdenking der Historie, maar vooral geloof en dankbaarheid. Want het geloof is een gedenken aan, en toepassing van Christus' dood en weldaden; de dankbaarheid is een gedenken aan, en grootmaking van Zijn liefde jegens de Gemeente. Daarom is dus het Avondmaal door Christus ingesteld, opdat het een gedenkteken zou zijn, d.w.z. een vermanend sacrament, waardoor ons in gedachtenis gebracht wordt, door welk een verschrikkelijke dood en door welke grote pijnen Hij ons zulke grote goederen verkregen heeft. Dus worden wij daardoor opgewekt tot publieke grootmaking ervan en tot dankzegging. Want in het Avondmaal herinnert Hij ons niet alleen aan ons ambt — zoals sommige dwaalgeesten beweren — maar herinnert Hij ons allereerst aan de weldaden van Christus, en dan pas aan ons ambt. Want het Avondmaal leert ons allereerst, dat Christus ons dit gedenkteken om Zijns Zelfs wil geeft als een onderpand van Zijn liefde en weldaden, daarna vermaant het ons ook tot dankbaarheid. Want wij zouden niet dankbaar kunnen zijn, als wij geen weldaden ontvingen. Dit is dus de betekenis. „Doet dit tot Mijne gedachtenis", alsof Hij zeggen wilde: Als gij dit doet overdenkt dan Mijn weldaden; weldaden die Ik door deze ceremonie u in gedachten

---

[88] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 81
[89] Ibid. , p. 83

breng en verzegel, en dankt Mij er dan voor met een openbare belijdenis voor God en Zijn heilige Engelen."[90]

Omdat ons eenheid en gemeenskap met Christus se liggaam die inhoud van die nagmaal is, kwalifiseer dit ook die daad van herinnering. Hier word nou uitdruklik teen Zwingli stelling ingeneem. Herinner gaan nie oor die terugdink aan die geskiedenis van Golgota soos Zwingli dit gedefinieer het nie. Herinner word hier direk gekoppel aan geloof en dankbaarheid. Die geloof waarmee ons Christus in die nagmaal omhels, is om Hom in sy eenheid en gemeenskap met ons aan te neem. Ons kan nie anders aan Hom herinner word as in hierdie eenheid nie. Ons dankbaarheid gaan oor die weldade wat ons eie is, omdat ons met Hom een is in sy mensheid in die hemel.

Net so bepaal hierdie eenheid die betekenis van " Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is" volgens Ursinus: "Want een houten, glazen, zilveren of gouden drinkbeker kan in eigenlijke zin niet het Nieuwe Verbond of de verzoening met God genoemd worden, dan alleen door betekening, n.l. wat betreft het feit, dat het een teken is van het Nieuwe Verbond, dat ons de verzoening met God door Christus' bloed, en de vereniging met Christus verzegelt; of wat betreft het feit, dat de ceremonie des Avondmaals betuigt, dat wij met God verzoend zijn door en om het vergoten bloed van Christus, wanneer wij deze weldaad met waar geloof omhelzen." Want een houten, glazen, zilveren of gouden drinkbeker kan in eigenlijke zin niet het Nieuwe Verbond of de verzoening met God genoemd worden, dan alleen door betekening, n.l. wat betreft het feit, dat het een teken is van het Nieuwe Verbond, dat ons de verzoening met God door Christus' bloed, en de vereniging met Christus verzegelt; of wat betreft het feit, dat de ceremonie des Avondmaals betuigt, dat wij met God verzoend zijn door en om het vergoten bloed van Christus, wanneer wij deze weldaad met waar geloof omhelzen.[91]

---

[90] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 87

[91] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 89

Dit bring ons by 1 Korinthiërs 11. Volgens hierdie belydenis gaan hierdie teks oor ons eenheid en gemeenskap met die liggaam van die Here in die hemel "*Is de gemeenschap des bloeds van Christus.* Gemeenschap is een zaak die aan velen gemeen is, of een gelijkelijk deelhebben aan één gemeenschappelijke zaak. Dus is de gemeenschap aan Christus, aan de éne Christus met al Zijn weldaden, aan alle gelovigen gemeen; of ze is een geestelijk gezelschap der gelovigen met Christus, zoals de leden met het Hoofd en de ranken met de Wijnstok, Johs. 15 : l, Ef. 5 : l, 1 Johs. 1:3. Daarvan belijden wij in de Geloofsartikelen: „Ik geloof...... de gemeenschap der heiligen". En het brood en de drinkbeker des Avondmaals zijn de gemeenschap aan het lichaam en bloed van Christus, in dezelfde zin, als de drinkbeker het Nieuwe Testament is, d.w.z. door een figuurlijke spreekwijze, die bij de sacramenten gebruikelijk is. Want dit zijn tekenen van onze gemeenschap met Christus' lichaam en bloed, of met Christus Zelf en Diens weldaden. Want uitwendige en lichamelijke zaken zijn of kunnen eigenlijk geen innerlijke en geestelijke gemeenschap genoemd worden. En dit uiterlijke eten getuigt ervan, dat Christus' lichaam en bloed en al Zijn verdiensten de gelovigen werkelijk gemeen gemaakt of meegedeeld worden, zodat zij én met Christus én onder elkaar één lichaam worden. Daarom verklaart de Apostel in het kort, dat deze gemeenschap daarin bestaat, dat wij velen één lichaam zijn, d.w.z. dat Christus het Hoofd is en wij de leden zijn." [92]

Ons gemeenskap is met Christus en sy weldade. Hierdie is Calvyn se onderskeid tussen substansie en vrug: Christus self as mens in die hemel en die voordele wat ons uit hierdie eenheid met Hom verkry. Die gemeenskap van die gelowiges gaan oor ons eenheid en gemeenskap met Christus wat een mens na liggaam en siel in die hemel is. Omdat ons in Hom in sy mensheid ingesluit is en deel in sy lewe, is ons onderling tot mekaar verbind. Hierdie eenheid met Christus is dus die gemeenskap van die gelowiges.

Die geloofsbelydenis het net een wyse van verstaan van die instellingswoorde van die Here: dit is in hierdie instellingswoorde waar die Here beloof het dat sy liggaam en bloed in die hemel ons geestelike voedsel op die aarde sal wees. Die instellingswoorde van die Here kan nie aan 'n ander belofte verbind word nie.

[92] Ibid. , p. 90

Die verstaan van die uitdrukking "gemeenskap" in 1 Kor. 11 word in die volgende vraag en antwoord onlosmaaklik verbind aan die mensheid van Christus in die hemel.

"79 Vraag Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antw. Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê:

Hy wil ons daarmee leer dat soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het. (a) Joh. 6:55. (b) 1 Kor. 10:16."[93]

1 Korinthiërs 11 word nou direk aan die oortuiging van Calvyn verbind, dat ons deur die Heilige Gees aan die ware liggaam en bloed van die Here in die hemel deelkry. Dit is die eenheid en gemeenskap met die Here waardeur ons deel in sy plaasbekledende lyding en sterwe.

Ursinus verbind hierdie gedeelte ook direk met die verse wat handel oor die waardige en onwaardige gebruik van die nagmaal met die oordeel wat jy oor jouself eet en drink. "5. De goddelozen eten en drinken zichzelf een oordeel, 1 Kor. 11 : 29. Dus nuttigen zij niet het lichaam en bloed des Heeren. Dat volgt uit het feit, dat deze dingen met elkaar in strijd zijn en niet samen kunnen bestaan. Want zichzelf een oordeel eten wil zeggen, dat men vanwege ongeloof en misbruik des sacraments, van Christus en al Zijn goederen vervreemd en verstoten wordt; of, dat men door misbruik van het sacrament, omdat het zonder geloof en bekering genuttigd wordt....... God zwaarlijk vertoornt, en zo, als men zich niet bekeert, zichzelf tijdelijke en eeuwige straffen op de hals haalt. Daarentegen wil „Christus eten" zeggen: door het geloof aan Christus en al Zijn goederen deel krijgen; omdat niemand Christus eten kan, als hij niet tevens aan Zijn verdiensten, kracht en goederen deel krijgt. Daarom kan dus niemand Christus eten én zichzelf een oordeel eten."[94]

Ursinus se kommentaar op vraag 77 se inhoud is opsommend:

1.Die oordeel van die Here word direk verbind aan die eet en drink in die nagmaal.

---

[93] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 pp. 152

[94] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol 2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, p. 142

2. Dit gaan oor die gebruik van die tekens sonder om Christus geestelik te eet en te drink.
3. Om Christus geestelik te eet en te drink is om deur geloof jou eenheid met sy liggaam en bloed in die hemel te aanvaar en op so 'n wyse aan al sy weldade te deel.
4. Wie Christus so aanvaar, kan dus nooit 'n oordeel oor homself eet en drink nie.
5. Wie Christus nie so in die geloof ontvang nie – in ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid in die hemel – sy liggaam en bloed – eet en drink 'n oordeel oor Homself.
6. Die oordeel lê dus in ongeloof: om nie ons eenheid en gemeenskap met Christus te aanvaar nie. Die betekenis is dus dat ons buite die gemeenskap met die mensheid van Christus ons heil soek, en daardeur ons net God se oordeel vind.

"Sondag 30 Vraag 80 Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis? Antw. Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis daarenteen leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is (e). (a) Heb. 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh. 19:30; Matt. 26:28; Luk. 22:19. (b) 1 Kor. 10:16, 17; 6:17. (c) Joh. 20:17; Kol. 3:1; Heb. 1:3; 8:1. (d) Matt. 6:20, 21; Joh. 4:21; Luk. 24:52; Hand. 7:55; Kol. 3:1; Fil. 3:20; 1 Tess. 1:10. (e) Heb. 9:26; 10:12, 14."[95]

In hierdie gedeelte word die geestelike oefening bely dat ons ons harte tot die hemel verhef , wat vir Calvyn die geestelikheid is wat spesifiek aan die mensheid van die Here in die hemel verbind is. In hierdie belydenis word dit die geestelikheid waartoe die hele kerk in die nagmaal verbind is: ons wil Christus dáár aanbid waar Hy ook as mens liggaamlik mens is: in die hemel.

Opsommend kan ons sê dat die eenheid en gemeenskap met Christus as mens in die hemel die inhoud is wat deur elke deel van die Heidelbergse Kategismus aan die orde gestel word. Dit kwalifiseer die geloof, die herinnering, die dankbaarheid, die gemeenskap met medegelowiges, die selfondersoek en die oordeel by die gebruik van

[95] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 pp. 152

die nagmaal. Indien hierdie inhoud uit die nagmaal verwyder word, hetsy deur onkunde, hetsy deur ongeloof, is die hele betekende saak uit die nagmaal weggeneem - Christus self.

5. **Die tweede Switserse belydenis (*Confessio Helvetica posterior*) 1566 artikel 21.**

Heinrich Bullinger is die opsteller van die tweede Switserse belydenis. Hy het hierdie belydenis as 'n persoonlike geloofsbelydenis saamgestel in 1562. Frederik III was onder druk van die Lutherane wat hom as ketter uitgemaak het na die publikasie van die Heidelbergse Kategismus. Hy het Bullinger versoek om 'n geloofsbelydenis op te stel waarin hy homself kon verweer. Bullinger het sy belydenis aan die keurvors deurgestuur wat dit met welslae gebruik het tot sy verdediging. In Switserland het daar intussen 'n behoefte ontstaan aan 'n meer uitgebreide belydenis as die eerste Switserse belydenis. Bullinger se belydenis is op 'n paar plekke verander en die nuwe belydenis is op 12 Maart 1566 gepubliseer. [96]

Hierdie belydenisskrif is dwarsoor Europa aanvaar en het ook ingang gevind in die Balkangebied. "The Helvetic Confession is the most widely adopted, and hence the most authoritative of all the Continental Reformed symbols, with the exception of the Heidelberg Catechism. Besides the Swiss Cantons and the Palatinate, in whose name it was first issued, the Reformed Churches of Neuchatel (1568), Basle, France (at the Synod of La Rochelle, 1571), Hungary (at the Synod of Debreczin, 1567), Poland (1571 and 1578), and Scotland (1566) gave it their sanction. It was well received also in Holland and England. It was translated not only into German, French, and English, but also into Dutch, Magyar, Polish, Italian, Arabic, and Turkish."[97]
Barnabas Nagy wys daarop dat hierdie belydenis al vyf keer in Tjeggies en een keer in Slovaaks vertaal is en deel geword het van die Balkanstate. [98]

Die gedeelte oor die nagmaal is hoofstuk 21:

"*Chapter XXI.* of the Holy Supper of the Lord

*A Memorial of God's Benefits.* By this sacred rite the Lord wishes to keep in fresh remembrance

---

[96] Schaff, P. The Creeds of Christendom, with a History and Critical Notes Vol 1 New York: Harper and Brothers, 1881, p.392
[97] Ibid., p.384
[98] Nagy, B. Das Bekenntnis in der Tschechoslowakei in Glauben und Bekennen Vierhundert Jahre Confessio Helvetica posterior redakteur J. Staedtke, Zürich: Zwingli verlag, 1966, p.178

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

that greatest benefit which he showed to mortal men, namely, that by having given his body and shed his blood he has pardoned all our sins, and redeemed us from eternal death and the power of the devil, and now feeds us with his flesh, and gives us his blood to drink, which, being received spiritually by true faith, nourish us to eternal life. And this so great a benefit is renewed as often as the Lord's Supper is celebrated. For the Lord said: " Do this in remembrance of me." This holy Supper also seals to us that the very body of Christ was truly given for us, and his blood shed for the remission of our sins, lest our faith should in any way waver.

*The Sign and Thing Signified.* And this is visibly represented by this sacrament outwardly through the ministers, and, as it were, presented to our eyes to be seen, which is invisibly wrought by the Holy Spirit inwardly in the soul. Bread is outwardly offered by the minister, and the words of the Lord are heard: "Take, eat; this is my body"; and, "Take and divide among you. Drink of it, all of you; this is my blood." Therefore the faithful receive what is given by the ministers of the Lord, and they eat the bread of the Lord and drink of the Lord's cup. At the same time by the work of Christ through the Holy Spirit they also inwardly receive the flesh and blood of the Lord, and are thereby nourished unto life eternal. For the flesh and blood of Christ is the true food and drink unto life eternal; and Christ himself, since he was given to us and is our Saviour, is the principal thing in the Supper, and we do not permit anything else to be substituted in his place.

But in order to understand better and more clearly how the flesh and blood of Christ are the food and drink of the faithful, and are received by the faithful unto eternal life, we would add these few things. There is more than one kind of eating. There is corporeal eating whereby food is taken into the mouth, is chewed with the teeth, and swallowed into the stomach. In times past the Capernaites thought that the flesh of the Lord should be eaten in this way, but they are refuted by him in John, ch. 6. For as the flesh of Christ cannot be eaten corporeally without infamy and savagery, so it is not food for the stomach. All men are forced to admit this. We therefore disapprove of that canon in the Pope's decrees, *Ego Berengarius (De Consecrate* Dist. 2). For neither did godly antiquity believe, nor do we believe, that the body of Christ is to be eaten corporeally and essentially with a bodily mouth.

*Spiritual Eating of the Lord.* There is also a spiritual eating of Christ's body; not such that we think that thereby the food itself is to be changed into spirit, but whereby the body and blood of the Lord, while remaining in their own essence and property, are spiritually communicated to us, certainly not in a corporeal but in a spiritual way, by the Holy Spirit, who applies and bestows upon us these things which have been prepared for us by the sacrifice of the Lord's body and blood for us, namely, the remission of sins, deliverance, and eternal life; so that Christ lives in us and we live in him, and he causes us to receive him by true faith to this end that he may become for us such spiritual food and drink, that is, our life.

*Christ as Our Food Sustains Us in Life.* For even as bodily food and drink not only refresh and strengthen our bodies, but also keeps them alive, so the flesh of Christ delivered for us, and his blood shed for us, not only refresh and strengthen our souls, but also preserve them alive, not in so far as they are corporeally eaten and drunken, but in so far as they are communicated unto us spiritually by the Spirit of God, as the Lord said: "The bread which I shall give for the life of the world is my flesh " (John 6:51), and "the flesh" (namely what is eaten bodily) "is of no avail; it is the spirit that gives life " (v. 63). And: "The words that I have spoken to you are spirit and life."

*Christ Received by Faith.* And as we must by eating receive food into our bodies in order that it may work in us, and prove its efficacy in us — since it profits us nothing when it remains outside us — so it is necessary that we receive Christ by faith, that he may become ours, and he may live in us and we in him. For he says: " I am the bread of life; he who comes to me shall not hunger, and he who believes in me shall never thirst " (John 6:35) ; and also, " He who eats me will live because of me ... he abides in me, I in him" (vs. 57, 56).

*Spiritual Food.* From all this it is clear that by spiritual food we do not mean some imaginary food

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

I know not what, but the very body of the Lord given to us, which nevertheless is received by the faithful not corporeally, but spiritually by faith. In this matter we follow the teaching of the Savior himself, Christ the Lord, according to John, ch. 6.

*Eating Necessary for Salvation.* And this eating of the flesh and drinking of the blood of the Lord is so necessary for salvation that without it no man can be saved. But this spiritual eating and drinking also occurs apart from the Supper of the Lord, and as often and wherever a man believes in Christ. To which that sentence of St. Augustine's perhaps applies: "Why do you provide for your teeth and your stomach? Believe, and you have eaten."

*Sacramental Eating of the Lord.* Besides the higher spiritual eating there is also a sacramental eating of the body of the Lord by which not only spiritually and internally the believer truly participates in the true body and blood of the Lord, but also, by coming to the Table of the Lord, outwardly receives the visible sacrament of the body and blood of the Lord. To be sure, when the believer believed, he first received the life-giving food, and still enjoys it. But therefore, when he now receives the sacrament, he does not receive nothing. For he progresses in continuing to communicate in the body and blood of the Lord, and so his faith is kindled and grows more and more, and is refreshed by spiritual food. For while we live, faith is continually increased. And he who outwardly receives the sacrament by true faith, not only receives the sign, but also, as we said, enjoys the thing itself. Moreover, he obeys the Lord's institution and commandment, and with a joyful mind gives thanks for his redemption and that of all mankind, and makes a faithful memorial to the Lord's death, and gives a witness before the Church, of whose body he is a member. Assurance is also given to those who receive the sacrament that the body of the Lord was given and his blood shed, not only for men in general, but particularly for every faithful communicant, to whom it is food and drink unto eternal life.

*Unbelievers Take the Sacrament to Their Judgment.* But he who comes to this sacred Table of the Lord without faith, communicates only in the sacrament and does not receive the substance of the sacrament whence comes life and salvation; and such men unworthily eat of the Lord's Table. Whoever eats the bread or drinks the cup of the Lord in an unworthy manner will be guilty of the body and blood of the Lord, and eats and drinks judgment upon himself (I Cor. 11:26-29). For when they do not approach with true faith, they dishonor the death of Christ, and therefore eat and drink condemnation to themselves.

*The Presence of Christ in the Supper.* We do not, therefore, so join the body of the Lord and his blood with the bread and wine as to say that the bread itself is the body of Christ except in a sacramental way; or that the body of Christ is hidden corporeally under the bread, so that it ought to be worshipped under the form of bread; or yet that whoever receives the sign, receives also the thing itself. The body of Christ is in heaven at the right hand of the Father; and therefore our hearts are to be lifted up on high, and not to be fixed on the bread, neither is the Lord to be worshipped in the bread. Yet the Lord is not absent from his Church when she celebrates the Supper. The sun, which is absent from us in the heavens, is notwithstanding effectually present among us. How much more is the Sun of Righteousness, Christ, although his body he is absent from us in heaven, present with us, not corporeally, but spiritually, by his vivifying operation, and as he himself explained at his Last Supper that he would be present with us (John, chs. 14; 15; and 16). Whence it follows that we do not have the Supper without Christ, and yet at the same time have an unbloody and mystical Supper, as it was universally called by antiquity.

*Other Purposes of the Lord's Supper.* Moreover, we are admonished in the celebration of the Supper of the Lord to be mindful of whose body we have become members, and that, therefore, we may be of one mind with all the brethren, live a holy life, and not pollute ourselves with wickedness and strange religions; but, persevering in the true faith to the end of our life, strive to excel in holiness of life.

*Preparation for the Supper.* It is therefore fitting that when we would come to the Supper, we first examine ourselves according to the commandment of the apostle, especially as to the kind of faith we have, whether we believe that Christ has come to save sinners and to call them to re-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pentance, and whether each man believes that he is in the number of those who have been delivered by Christ and saved; and whether he is determined to change his wicked life, to lead a holy life, and with the Lord's help to persevere in the true religion and in harmony with the brethren, and to give due thanks to God for his deliverance.[99]

Bullinger het die hele Calvinistiese oortuiging oor die nagmaal in hierdie belydenis vervat. Ons lig enkele punte ter toeligting uit.

1. Die herinnering in die nagmaal gaan oor die werklike liggaam van die Here as mens wat deur 'n ware geloof as ons voedsel aanvaar word. Bullinger verwerp dus Zwingli se interpretasie as net 'n "herinnering" wat net 'n geloof sou wees in dit wat op Golgota gedoen is. Herinnering is dus om in en deur die gemeenskap met Christus herinner te word dat sy mensheid ons geestelike voedsel is: "Dies sind die Hauptelemente von Bullingers Lehre: Christi Einsetzung als fortwährende Kraft, die Sakramentshandlung als Erinnerung und Vergegenwärtigung und die geistliche Kommunion des Glaubens, welche wiederum durch das Sakrament gestärkt und geleitet wird. Doch mit der «Erinnerung» will Bullinger nicht -wie Zwingli in seinen früheren Kontroversen – die «Gegenwart» leugnen, sondern nur die «Wiederholung», und mit «geistlich» will er nicht «Realität» leugnen, sondern nur «Physisches»."[100]

2. Die nagmaal het juis 'n tekenkarakter omdat dit ons wys op die geestelike eet en drink van die liggaam van die Here in die hemel. Weereens gaan dit nie maar net oor 'n algemene simbool van God se goedheid en genade soos by Zwingli nie. Dit gaan juis oor die analogie van die teken en die betekende saak. Sonder hierdie analogie sal die teken sy verseëlende karakter verloor.
3. Die sakrament is nie leeg nie. In en deur die sakrament ontvang ons die betekende saak: ons deelwees van die liggaam van die Here in die hemel deur die werking van die Heilige Gees: "Die Gläubigen empfangen das Dargebotene: Christus selbst als für uns Hingegebene is das *praecipuum Coenae*." [101]
4. Die onwaardige eet en drink gaan oor die skeiding van die tekens en die substan-

---

[99] Cochrane, A.C. Reformed Confessions of the 16th Century London: SCM Press, 1966, pp. 283 - 288
[100] McLelland, J.C. Die Sakramentslehre in Glauben und Bekennen Vierhundert Jahre Confessio Helvetica posterior redakteur J. Staedtke, Zürich: Zwingli verlag, 1966, pp. 380 –381.
[101] McLelland, J.C. Die Sakramentslehre in Glauben und Bekennen Vierhundert Jahre Confessio Helvetica posteroir redakteur J. Staedtke, Zürich: Zwingli verlag, 1966, p. 382

sie van die nagmaal: die mensheid van Jesus Christus in die hemel. Onwaardig eet is om die tekens te eet sonder om die substansie van die nagmaal te ontvang: die eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel.

5. Bullinger maak die "ophef van die harte na die hemel" van Calvyn ook deel van die geloof waarin ons ons eenheid met sy liggaam in die hemel aanvaar.

6. **Die Westminister geloofsbelydenis 1647 Hoofstuk 29 artikel 7**

Die Westminister vergadering is belê deur die parlement met die opdrag: "to effect a more perfect reformation of the Church of England in its liturgy, discipline, and goverment on the basis of the Word of God, and thus to bring it into agreement with the church of Scotland and the Reformed Churches on the Continent."[102] Hierdie vergadering was 'n ekumeniese poging tussen die kerk in Engeland en die kerk in Skotland. Veertig afgevaardigdes uit Skotland het die vergadering bygewoon.

Volgens Schaff is hierdie belydenis beïnvloed deur die sinode van Dordt wat groot invloed op Engeland uitgeoefen het en wat die belydenis van Dordt verreken het in hulle eie werk. Die inhoud van hierdie belydenis is egter grondliggend bepaal deur die nege-en-dertig artikels van die Anglikaanse kerk (1571), die Lambeth artikels van die Anglikaanse Kerk (1595) en ook deur die Ierse artikels van 1615.[103]

Die gedeelte oor die nagmaal is hoofstuk 29 en vir ons verwysing is punt 7 belangrik: "VII. Worthy receivers, outwardly partaking of the visible elements in this sacrament, do then also inwardly by faith, really and indeed, yet not carnally and corporally, but spiritually, receive and feed upon Christ crucified, and all benefits of his death: the body and blood of Christ being then not corporally or carnally in, with, or under the bread and wine; yet as really, but spiritually, present to the faith of believers in that ordinance, as the elements themselves are, to their outward senses.[104]

Die woorde "really and indeed" gaan oor die werklike teenwoordigheid van die liggaam en bloed van die Here in die nagmaal. Ons ontvang Christus self in die

[102] Schaff, P. The Creeds of Christendom, with a History and Critical Notes Vol 1 New York: Harper and Brothers, 1881, p.730
[103] Ibid. , p.761
[104] Schaff, P. The Creeds of the Evangelical Protestant Churches Vol 2 New York: Harper and Brothers, 1881, p.663

nagmaal en daardeur deel ons ook in sy weldade. Die analogie van die tekens en betekende saak gee aan die sakrament sy krag. Dit is net deur geloof dat die Here se liggaam as geestelike voedsel ontvang kan word.

7. **Die Gereformeerde Kerke se keuse vir die nagmaalsoortuiging van Calvyn in die belydenis oor hoe ons die liggaam en die bloed van die Here Jesus Christus eet en drink.**

Ons kan uit hierdie belydenisskrifte 'n duidelike oorsig kry oor hoe die Gereformeerde kerke 'n duidelike, openbare en besliste keuse gemaak het vir die nagmaalsbeskouing van Calvyn.

7.1. Die sentrale vraag en inhoud is deurgaans oor hoe ons die liggaam van die Here eet en hoe ons sy bloed drink. Hierdie vraag en inhoud bepaal die hele saak en gebruik van die nagmaal.

7.2. Die liggaam van die Here waarmee ons een is en gemeenskap het, verwys na sy mensheid in die hemel as die een wat gekruisig was, uit die dood opgestaan het en nou as mens vandag in die hemel lewe.

7.3. Ons word werklik met Hom in sy mensheid verenig en deel deur hierdie eenheid met Hom in al sy weldade: vergifnis, regverdigmaking, heiligmaking, e.a.

7.4. Die Heilige Gees is die persoon wat ons insluit in Christus se mensheid op so 'n wyse dat ons ten volle aan Hom deel het, al is Hy na sy mensheid in die hemel en ons op aarde.

7.5. Hierdie eenheid en gemeenskap met die Here in sy mensheid is die geestelike maaltyd waaraan ons deel het en wat ons geestelike lewe voed en verkwik.

7.6. Die teken van die nagmaal is 'n middel waarin en waardeur die Here hierdie eenheid en gemeenskap aan ons verseël en waarborg as die ware voedsel en drank vir ons geestelike lewe.

7.7. Die krag van die tekens van brood en wyn is dat dit heenwys na die mensheid

van Christus as die voedsel en drank wat ons siele voed en verkwik. Los van Christus se liggaam en ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid, verloor die tekens hulle heenwysende en daarom verseëlende krag.

7.8. Ons eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid in die hemel is nie in ons verbeelding, in ons gees of in ons gevoelens nie. Dit is werklik omdat die Here dit werklik doen - net so seker as wat Hy aan ons die tekens van die brood en wyn gee.

7.9. Die belofte van die Woord (verbond) wat deur die tekens van die nagmaal verseël word, is die belofte van ons eenheid en gemeenskap met die werklike liggaam en bloed van die Here in die hemel.

7.10. Dit is hierdie belofte oor eenheid en gemeenskap met Christus in sy mensheid wat die tekens sakramente maak. Sonder hierdie belofte sal die tekens leeg wees: dit sal net simbole wees en nie meer sakramente waarin die Here eenheid en gemeenskap met sy mensheid werklik meedeel nie.

7.11. Deur hierdie eenheid deel ons werklik in Christus en sy lewe, maar deel Hy ook in ons en ons lewe: sy geregtigheid is ons eie en ons ongeregtigheid is Sy eie.

7.12. Die instellingswoorde van die Here tydens die eerste nagmaal is die belofte dat sy mensheid in die hemel ons geestelike voedsel en drank is. Hierdie eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel kwalifiseer elke deel van die nagmaal. Dit beteken dat die kerk bely dat hierdie Skrifgedeeltes verwys na sy mensheid.

7.13. Die woorde: "Dit is my liggaam" verwys na die mensheid van die Here waarin ons een is en waarin ons deelhet.

7.14. Die herinneringsopdrag gaan oor die dink aan Christus in ons verbondenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid in die hemel, nie net aan die offerdood aan die kruis in die verlede nie.

7.15. Die danksegging gaan oor ons geloof en liefde wat uit die krag van ons eenheid en gemeenskap met sy liggaam en bloed gewek en gesterk word. Net soos ons vir kos en drank dankbaar is, is ons dankbaarheid dat sy liggaam en bloed ons voedsel en drank is.

7.16. Die nederigheid waarmee ons die Here in die nagmaal nader, gaan ook oor hierdie eenheid en gemeenskap. Ons nederigheid is dat ons erken dat ons geen eie krag tot 'n geestelike lewe het buite ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel nie.

7.17. Hierdie eenheid en gemeenskap bepaal ook ons selfondersoek en die oordeel wat ons oor onsself eet en drink. Die selfondersoek gaan altyd oor ons berou, bekering en toewyding op so 'n wyse dat ons in Hom ons krag soek. Die oordeel gaan oor 'n gebruik van die tekens sonder dat Christus in sy eenheid en gemeenskap met ons aanvaar en toegeëien word.

7.18. Daar is net een wyse waarop ons Christus kan eet en drink – deur ons eenheid en gemeenskap met Hom in sy mensheid vir onsself deur die geloof toe te eien. Daar bestaan geen ander wyse van eet en drink as om Hom deur die geloof te aanvaar nie.

7.19. Hierdie eenheid en gemeenskap verhef ons harte tot die hemel waar die Here aan die regterhand van die Vader sit.

7.20. Die gemeenskap wat ons met medegelowiges het, is ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel. Hierdie gemeenskap sterk ons ook om mekaar in wedersydse liefde te aanvaar as lede van een liggaam: die mensheid van die Here in die hemel. Hierdie eenheid met die liggaam van Christus as mens verbind ons tot onderlinge sorg en diens met mekaar as lede van een liggaam.

## 8. <u>Die verwerping van die nagmaalsoortuiging en gebruik van Zwingli deur die Gereformeerde Kerke</u>.

Die Gereformeerde kerke het openlik gekies vir die oortuigings van Calvyn en die oortuigings van Zwingli uitdruklik verwerp, hetsy deur dit openlik te verklaar, hetsy

deur Calvyn se oortuigings te verkies. Hierdie keuse is gedoen in die wete dat ons hier nie met 'n aanvullende of net so aanvaarbare standpunt te doen het nie. Die inhoud van Zwingli se nagmaaloortuigings het die nagmaalsoortuiging van die Gereformeerde Kerke in wese aangetas. Daarom is dit as vreemd aan die inhoud van die nagmaal verwerp.

Die volgende oortuigings van Zwingli is deur die Gereformeerde kerke verwerp:

8.1. Die oortuiging van Zwingli dat ons nie met Christus se mensheid in die hemel gemeenskap het nie en dat dit nie deel is van die nagmaal nie, is verwerp.

8.2. Die oortuiging dat die nagmaal nét 'n simbool van die kruisdood van Christus is, is verwerp as 'n leë sakrament.

8.3. Die oortuiging dat ons net deelkry aan die vergifnis van sonde en die versoening met God, is verwerp.

8.4. Die standpunt dat die Heilige Gees ons deelmaak van die vergifnis van sonde, sonder die eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel, is verwerp.

8.5. Die standpunt dat die nagmaal net geloof vra in die offerdood van die Here, sonder om die eenheid en gemeenskap bewustelik deur die geloof te aanvaar, is verwerp.

8.6. Die standpunt dat Christus alleen deur die geloof teenwoordig sou wees, sonder 'n werklike teenwoordigheid van sy mensheid deur die Gees, is verwerp.

8.7. Die standpunt dat die belofte (verbond) by die tekens van die nagmaal net sou wees dat die Here ons vergewe en versoen, is verwerp.

8.8. Die standpunt dat die Heilige Gees in ons 'n nuwe lewe sou wek, anders as deur ons eenheid en gemeenskap met die mensheid van die Here in die hemel, is verwerp.

8.9. Die standpunt dat die instellingswoorde van die Here: "Dit is my liggaam" na die kerk en nie na die menslike liggaam van die Here in die hemel sou verwys nie, is in spesifieke artikels uitdruklik verwerp.

8.10. Die standpunt dat die herinnering in die nagmaal net na die kruisdood van die Here sou verwys, is verwerp.

8.11. Die uitleg van Zwingli dat die "gemeenskap" in 1 Korinthiërs 11 na die lidmate en nie na die eenheid met die liggaam van die Here in die hemel sou verwys nie, is in spesifieke artikels uitdruklik verwerp.

8.12. Die standpunt dat die liggaam van die Here se gemeenskap sou bestaan uit danksegging, herinnering, verklarings van toewyding en verkondiging, word verwerp. Hierdie sake is nie die gemeenskap met die liggaam van die Here nie, maar die vrug van die gemeenskap met die Here se liggaam.

8.13. Die betekenis van die nagmaal as 'n simbool waarin ons toewyding en liefde aan die Here verklaar, is verwerp.

8.14. Die betekenis dat ons sintuie in die gebruik van die nagmaal ons geloof versterk, is verwerp.

8.15. Die verwysing van die tekens na die goedheid en genade van God buite die spesifieke analogie van sy liggaam in die hemel as ons geestelike voedsel, is verwerp.

8.16. Die standpunt dat ons ons eie geloof bevestig deur die simbool van die nagmaal, is verwerp.

9. **Een maaltyd vir almal !**

Hierdie keuse van die Gereformeerde kerke dat hulle die nagmaal gebruik in die geloofsoortuigings soos Calvyn dit aangedui het, met 'n uitdruklike verwerping van die oortuigings van Zwingli, was 'n keuse vir kinders en volwassenes.

Al die kategese-onderrig van die Gereformeerde kerke is juis gefokus om die kinders in dieselfde nagmaalsete te laat deel as die volwassenes: die eet en drink van die werklike liggaam en bloed van die Here in die hemel.

# V DIE INTERPRETASIE VAN 1 KORINTIËRS 11 EN CALVYN

In hoofstukke II tot IV het ons die oorspronklike oortuigings en menings van Calvyn, Zwingli en die Gereformeerde Kerke aan die orde gestel. Uit interpretasies van ander kommentare oor 1 Korintiërs 11, en ander skrywers oor die verskil tussen Calvyn en Zwingli, kan ons nou die interpretasie van hierdie skripsie in II.8, III.8 en IV. 7, 8 en 9 kontroleer en toelig.

## 1. Die interpretasie van 1 Korintiërs 11 verse 17 tot 34.

### 1.1. Die oortuiging van 'n nuwe Bybelse teologie as alternatief op die tradisionele teologie en die belydenisskrifte.

Die invoering van die gebruik van die kindernagmaal in die NG Kerk is gedra deur die oortuiging dat daar met nuwe wetenskaplike en eksegetiese insigte gewerk word, waarin die inhoud van die belydenisskrifte van sekondêre belang sou wees. Dit blyk duidelik uit die antwoord van die ad-hoc kommissie van die sinode van Noord Transvaal op stellings wat die kindernagmaalstandpunt getoets het aan die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 76.

"1.2 Ds Kriel se beredenering berus op die aanname dat die standpunte van die "Gereformeerde Reformatore" nie met genoeg erns bejeen is nie. Dit is nie waar nie. Die bevindinge van die kommissie berus op deeglike wetenskaplike navorsing wat oor jare gedoen is en alle tersaaklike standpunte is in ag geneem. Op grond van ons studie is ons daarvan oortuig dat ons aanbevelinge oor kinderkommunie in lyn is met die wesenlike reformatoriese teologie. 1.3 Die kommissie se benadering was nie om net te probeer vasstel wat die "Gereformeerde Reformatore" oor die saak te sê het nie. Dit was eerder vir ons belangrik om opnuut 'n Bybelse teologie te probeer formuleer oor die plek van kinders in die geloofsgemeenskap en aan die nagmaalstafel. Ons is daarvan oortuig dat ons standpunt op grondige teologiese beredenering berus."[105]

Hierdie skeiding van 'n nuwe "Bybelse teologie", teenoor die veronderstelde tradisionele teologie, berus hoofsaaklik op die sogenaamde nuwe eksegese van 1 Korintiërs hoofstuk 11.

In die debat was hierdie nuwe eksegese van 1 Korintiërs 11 die toetssteen gemaak vir standpunte oor die nagmaal. Die motivering van die beswaar van die sinode van Noord Kaapland aan die Algemene Sinode van 2002, wys die omvang van hierdie nuwe eksegese uit.

"In ons huidige Afrikaanse vertaling lui 1 Kor. 11:29 soos volg: "want hy wat eet en drink sonder om te besef (**diakrinein**) dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself." ...

---

[105] Handelinge , Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Ad-hoc Kinderkommunie:Tweede verslag, (Müller J.C. en Botha W.J.) Pretoria 1997, p.155

Die tradisionele uitleg van die teks gaan uit van die veronderstelling dat die **liggaam** waarvan hier sprake is, die liggaam van Christus is wat in die nagmaal aan die gemeente gegee word. In die beste Griekse manuskripte staan egter nie die woorde "van die Here" na die woord "liggaam" nie, maar dit kom wel in latere (maar nie die betroubaarste nie) manuskripte voor. In hierdie latere tekste kom ook nog die Griekse woord, wat die ou vertaling weergee met "onwaardige wyse" (eet en drink), wat vanaf vers 27 hier ingesluip het, voor. Heel tereg laat die nuwe vertaling dit weg, maar verbasend genoeg word steeds die woorde "van die Here" na die woord "liggaam", ingesluit. Die rede kan alleen die druk van die tradisie wees wat geglo het dat dit gaan hier om die gekruisigde liggaam van Christus net soos in vs 27. Terwyl in laasgenoemde vers egter verwys word na die **liggaam** én die **bloed** van die Here, is in vers 29 alleen sprake van die **liggaam**. Dit klop met die gebruik van die woord "liggaam" in hoofstuk 10:17 waar dit dui op die gemeente: " Omdat dit een brood is, is ons al is ons baie, saam **een liggaam**, want ons het almal deel aan die een brood. Die liggaam waavan in vs 29 sprake is, is dieselfde liggaam waaraan die hele hoofstuk 12 gewy word. Ook hoofstuk 11 vanaf vs 17 handel oor die onderlinge optrede binne die gemeente tydens die nagmaal. Die probleem wat in die gemeente bestaan, het hoegenaamd niks daarmee te make dat hulle nie begryp dat die brood en wyn aanduidings is van die liggaam en bloed van Christus nie. Dit is 'n totaal vreemde gedagte binne die konteks en selfs in stryd met hulle siening van die nagmaal soos blyk uit hoofstuk 10 (sien later by volgende punt) Wat die gemeente moet **diakrinein**, is hulleself as liggaam (van Christus). ... Die siening dat dit in 1 Kor 11 : 29 gaan om die onderskeiding van die nagmaalsbrood en wyn as liggaam (van die Here ), het die afgelope eeue 'n besliste rol gespeel in die weiering om aan heel jong kinders die nagmaal te bedien. ... Die aangeleentheid ten opsigte waarvan die gemeente hulle self moet beoordeel, het dan ook niks te make met of hulle intellektueel begryp dat die brood en wyn aanduidings is van die liggaam van Christus nie, maar of hulle teenoor mekaar die nodige eerbied en respek betoon. ... Daar bestaan immers die nouste verband tussen die gemeente as liggaam (corpus mysticum) en die gekruisigde liggaam en bloed van Christus ( corpus crucifixum). Eersgenoemde, die kinders inkluis, is die vrug van laasgenoemde. Wie die kerk as liggaam van die Here nie onderskei (reg oordeel) nie deur die wyse van optrede by die nagmaal, bring daardeur 'n oordeel oor hulleself (vs 29). Dieselfde gedagte vind ons in hoofstuk 8:12: "Deur so teen die broeders te sondig en 'n las op hulle gewetens te lê, sondig julle teen Christus. Die saak ten opsigte waarvan die gemeente opgeroep word tot die regte beoordeling is nie of hulle begryp dat die nagmaalsbrood en wyn verwys na die liggaam en bloed van Christus nie, maar of hulle met die nodige respek optree teenoor hulle medegelowiges. ... 1 Kor. 11 is 'n ernstige waarskuwing om nie teen gemeentelede (kinders inkluis) te diskrimineer nie. ...8. Ons konklusie moet dus wees dat die tradisionele beroep op 1 Kor 11: 29 om kinders uit die nagmaal uit te sluit, berus op 'n totaal verkeerde uitleg van die teks, omdat dit nie rekeing hou met die konteks nie."[106]

Hierdie standpunt gee die opvatting van die voorstanders van die kindernagmaal, dat dit in die kindernagmaal om 'n keuse tussen 'n nuwe Bybelse teologie teenoor die tradisionele teologie sou gaan, baie goed weer.

Die tradisionele teologie word voorgehou as sou hulle die woord "liggaam" in vers 29 *uitsluitlik* op die gekruisigde liggaam van die Here sou wou laat dui, net soos hulle dit in vers 27 sou doen. Dit sou dan ook die tradisionele teologie se standpunt wees dat, omdat die kind nie die brood en wyn as tekens van die Here se liggaam kan onderskei nie, hulle nie die nagmaal sou kon gebruik het nie.

---

[106] Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae 15.3 Beswaar van die sinode van Noord Kaap, Pretoria, 2002 pp. 225 – 256.

Hierdie tradisionele teologie sou dan nie die konteks van hierdie Skrifgedeelte verreken nie. Die konteks wat in die nuwe teologie verreken word, maar nie in die tradisionele teologie nie, is die sosiale konteks van die gemeente in Korinte.

Die tradisionele teologie sou dan ook 'n intellektuéle insig en onderskeiding vereis tussen die liggaam van die Here en die tekens van die nagmaal.

Die ontdekking van die nuwe Bybelse teologie is dat die woord "liggaam" in vers 29, *uitsluitlik* dui op die gemeente en nie op die liggaam van die Here nie. Hierdie nuwe ontdekking sou wees omdat die beste Bybelse manuskripte die woord "Here" in vers 29 weglaat; omdat in vers 29 net na die liggaam en nie na die liggaam én bloed van die Here verwys word nie; omdat hierdie betekenis ooreen sou kom met 10 vers 17 waar die woord "liggaam" nie na die Here sou verwys nie; in hoofstuk 12 die woord "liggaam" ook nie na die Here sou verwys nie.

Die nuwe sosiale insig wat die Bybelse wetenskappe sou bybring, is dat die onderskeiding van die "liggaam" glad nie sou gaan oor die onderskeiding van die liggaam van die Here in die tekens van die nagmaal nie, maar *uitsluitlik* oor 'n sosiale en morele onderskeiding in die omgang met medelidmate: om respek vir mekaar te hê, om nie teenoor mekaar te diskrimineer nie en om nie teenoor mekaar te sondig nie.

Die kern van hierdie nuwe ontdekkking sou dan wees dat verse 23 - 27 *uitsluitlik* oor die gekruisigde liggaam van die Here gaan (corpus crucifixum), en vers 29 *uitsluitlik* oor die gemeente as organiese eenheid (corpus mysticum).

Die verhouding tussen vers 27 en vers 29 gaan dan daaroor dat 'n morele oortreding teenoor 'n medelidmaat per implikasie 'n oortreding teen die gekruisigde Christus sou wees. Daarom handel hierdie verse glad nie oor die onderskeiding van die tekens van die liggaam van die gekruisigde Here nie.

1.2. **Die eksegese van 1 Kor. 11 in kommentare wat kies vir die nuwe eksegetiese insigte.**

Ons kan hierdie nuwe eksegetiese insigte, wat volgens die voorstanders van die kindernagmaal nader aan die bedoeling van die Bybel as die geloofsoortuiging van

Calvyn en die Gereformeerde belydenisse sou wees, toelig aan enkele van die kommentare wat hierdie nuwe eksegese verteenwoordig.

1.2.1 Gorden Fee.

Fee stel die betekenis van vers 29 as volg: "The Corinthians are missing the meaning of the "body" given in death; but Paul's present concern is with the further sense, the church as that body. If then Paul is announcing judgment on them for their abuse of the body, why did he use the verb "recognizing/ discerning" and what does it mean? The answer to this seems to lie in the wordplays on the theme of "judgement" that dominate the paragraph. No other forms of this verb would be appropriate for expressing the need properly to take cognizance of the whole church that is seated as one body at this meal; The meaning here probably comes close to the English word "discern," meaning to distinguish as distinct and different . The Lord's Supper is not just any meal; it is *the* meal, in which at a common table with one loaf and a common cup they proclaimed that through the death of Christ they were one body, the body of Christ; and therefore they are not just any group of sociologically diverse people who could keep those differences intact at this table. Here they must "discern/ recognize as distinct" the one body of Christ, of which they all are parts and in which they all are gifts to one another. To fail to discern the body in this way, by abusing those of lesser status, is to incur God's judgement." [107]

Die manier waarop Fee tot hierdie uitleg kom, hang ten nouste saam met sy uitleg van verse 23b en 24. Hier stel hy:

"The identification of the bread with the body is semitic imagery in its heightened form. As in all such identifications, he means "this signifies/represents my body." It lies quite beyond both Jesus' intent and the framework within which he and the diciples lived to imagine that some actual change took place, or was intended to take place, in the bread itself. Such a view could only have arisen in the church at a much later stage when Greek modes of thinking had rather thoroughly replaced Semitic ones. ... The use of the term "body" has elicited considerable discussion: does it mean "himself" or his "flesh"? Most likely it means neither, but refers to his actual body, which was about te be given over in death."[108]

Fee maak weer die skeiding dat in verse 23 – 26 dit oor die gekruisigde liggaam van die Here gaan en dat dit in vers 29 oor die onderlinge eenheid van die lidmate gaan. Hy kies dat die uitdrukking "Dit is my liggaam", niks anders kan beteken as dat dit verwys na die menslike gekruisigde liggaam van die Here nie. Dus nie die liggaam wat Hy aan die gemeente meedeel nie.

In vers 29 kies hy weer vir die betekenis dat die lidmate, deur saam die tekens van die nagmaal te gebruik, hulle self as een liggaam verklaar.

Vir hierdie keuse gee hy die volgende eksegetiese redes aan: die gebruik van "liggaam" in vers 29 verwys na 10 vers 17, en gaan dus nie oor die die liggaam van

---

[107] Fee, G.D. The First Epistle to the Corinthians. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing co., 1987 p.564.
[108] Ibid. P.550

die Here nie, maar oor die gemeente se eenheid tussen rykes en armes; die weglating van die uitdrukkings " van die Here" en " die bloed van die Here" wys dat die woord "liggaam" heeltemal iets anders is as in verse 27; die hele gedeelte vanaf verse 17 – 32 gaan oor die onderlinge eenheid van die gemeente.

Met hierdie verwysing word vers 27 ook só verstaan, dat deur die eenheid van die lidmate onderling te misken, maak jy jouself een wat verantwoordelik gehou word vir die dood van die Here. Vers 27 verwys dan ook nie na die liggaam van die Here nie. Dit gaan oor die gemeente as "liggaam".

1.2.2 **William F. Orr en James Arthur Walther.**

In hierdie kommentaar se uitleg word elke verwysing na die woord "liggaam" 'n heenwysing na die gemeente. Die kern van hulle betoog lui as volg:

"The corporate significance of the meal has already been introduced at 10:16. The term "body" was applicable to the Passover societies that were formed for the festival; the group joining in the meal became a new kind of entity with such a close binding connection that all of the persons are members of each other (an idea which Paul develops in 12:12-26). This idea grips his mind, for he elsewhere calls the church the body of Christ. ... He thought of the body of Christ as present, active, and purified for his manisfestation to the world after he was no longer present in the flesh. The body in which he is now present is the body of believers. Paul regularly refers to the physical, historical existence of Jesus Christ on earth by the term "flesh". ... *Body*, then, in this passage may be understood to refer to the church, here recognized in its chief act of common worship, the Lord's Supper." [109]

In die lig hiervan lê hulle vers 24 as volg uit: die woord "dit" word 'n heenwysing gemaak na die brood. Volgens hulle lê die klem op die woorde "dit", wat na die brood verwys en nie na die woord "is" nie. Hieruit lei hulle dan af:

"So *this* may be referred to the observance of the supper, and the action of the distribution of bread was the beginning of this meal as it was of common Jewish meals. The meal is participated in by all the assembled company as an appropraite recollection of Jesus Christ. ... This usual general reference of *touto* suggests that in both instances in 11:24 it has to do with the cicumstance just decribed, that is, the dedication of the meal, which in turn draws the diciples together into a table fellowship."[110]

Met hierdie uitleg word die woord "liggaam" selfs in die nagmaalswoorde van die Here al 'n direkte heenwysing na die lidmate se onderlinge samehorigheid en nie na die liggaam van die Here nie.

Met hierdie veronderstelling word die woord "liggaam" in vers 29, op 'n besondere wyse aan die gemeente in sy samekoms gelykgestel. Omdat Christus in sy afwesige

---

[109] Orr, W., Walther, J.A. I Corinthians: a New Translation. The Anchor Bible . New York: Doubleday, 1976, p. 273

[110] Ibid. pp. 271, 272.

mensheid deur hierdie vergadering verteenwoordig word, is die byeenkoms van lidmate in die gemeente identies met die teenwoordigheid van Christus op aarde. Die gemeente is Christus op aarde:

"If *body* means the people of the church celebrating the supper together, judgement comes because they do not discriminate the divine nature of this fellowship and are guilty of splitting it apart and mistreating its humbler members. ... Failure to discriminate his body is the same as failure to discriminate ourselves, and this means failure to recognize that people together in the church constitutes the very precence of Christ and are te be treated appropriately."[111]

Hierdie skrywers gaan dus verder. Waar die meeste "nuwe eksegese" hulle beperk tot vers 27, en 29 en verse 23 –26 nie verantwoord nie, word verse 23 – 26 ook deel van die uitleg van verse 27 en 29. Indien die woord "liggaam" in hierdie verse sou verwys na die gemeente, moet dit 'n innerlike samehang met verse 23 –26 hê. Die logiese konsekwensies is deur die skrywers deurgetrek: die woord "liggaam" en "bloed" verwys ook na die gemeente. Die gemeente verteenwoordig Christus op aarde.

Hierdie uitleg kom vreemd voor tot dit met die uitleg van 1 Korintiërs 10 verse 16 en 17 by Zwingli vergelyk word:

"The real meaning is: "He praised him," that is, he gave him thanks for all the honour and favours which he had shown to himself and to Joseph and to all his house. Similarly Psalm 145 ought not to be translated: "I will bless thee daily," but, "I will daily give thee praise or thanksgiving." Once we see this point it is easy to understand the word "communion", for we have simply to give it the sense of "community" Now consider the meaning of the words: "The cup of praise or thanksgiving, with which we give praise or thanks, or which we praise, or drink with thanksgiving, is it not the community of the blood of Christ? The bread which we break, is it not the community of the body of Christ? For we are one bread and one body, one company, or community, seeing we all partake of the one bread."[112]

Hulle is gewoon net besig met 'n konsekwente toepassing van die nagmaalsoortuiging van Zwingli. Hulle verklaar nie die teks anders op grond van nuwe ekesegetiese insigte nie.

1.2.3 Richard Hays.

Hays stel ook dat die woord "liggaam" in vers 29 geen verbintenis het met die liggaam van die Here nie.

"Discerning the body" here cannot mean "perceiving the real presence of Christ in the sacramental bread."; this would be a complete non sequitur in the argument. For Paul, "discerning the body" means recognizing the community of believers for what it really is: the one body of Christ. Paul has already used this image for the church in 10: 16-17, and he will develop it at greater length in 12:12-31a. Those who are failing to "discern the body" are those who act selfishly, focusing on their own spirituality and

[111] Ibid. p. 274.
[112] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger pp. 236-237

exercising their own social privileges while remaining heedless of those who share with them in the new covenant inaugurated by the Lord's death."[113]

Vanuit hierdie interpretasie word vers 27 se inhoud herlei na sosiale konflik. Die hele vers se verwysing na die liggaam en bloed van die Here beteken doodeenvouding om te dink hoe jou optrede by die nagmaal jou medelidmate raak.

"Pauls, call to self-scrutiny must therefore be understood not as an invitation for the Corinthians to probe the inner recesses of their consciences but as a straightforward call to consider how their actions at the supper are affecting brothers and sisters in the church, the body of Christ."[114]

Die woorde "liggaam en bloed van die Here" in vers 27 moet volgens hierdie mening gelees word as bedoelende die gemeente.

Hays maak ook die onderskeid dat in verse 23- 26 dit oor die dood van die Here gaan en nie oor sy liggaam nie, terwyl dit in vers 29 oor die kerk as sy liggaam gaan.

Vanuit hierdie onderskeid dui die woorde " Hierdie beker is die nuwe verbond" ook nie op die eenheid met die liggaam van Christus nie, maar op die nuwe onderlinge verhoudinge in die gemeente.

Dit is volgens hom die enigste belang van die instellingswoorde van die nagmaal en daarom gee hy geen verdere aandag aan die inhoud van die instellingswoorde nie. Dit is vir hom vir hierdie skrifgedeelte gewoon net nie ter sake nie.

"Thus, in Paul's rendering of the tradition, two closely linked themes stand out: the sharing of the Supper calls the community to think of Jesus' death for others, and that death is understood to inisiate a new covenant. To be in covenant relation with God is to be bound together by responsibilities to God and to one another; the character of this new covenat should be shown forth in the sharing of the meal."[115]

Die nuwe onderlinge verhouding tussen lidmate, wat saam aan Jesus se dood dink, is die verbond. Die verbond word ook beskryf as 'n verhouding van onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar en teenoor God.

1.3. **Die Zwingliaanse vertrekpunt van die nuwe eksegese**.

---

[113] Hays, R.B. First Corinthians Interpretation a Bibel Commentary for Teaching and Preaching. Louisville: John Knox Press, 1997, p.200
[114] Ibid. p. 200
[115] Ibid. p. 199

Hierdie drie voorbeelde van die nuwe eksegetiese weg wys wat die "nuwe" in hierdie eksegese is. Die nuutheid is nie nuwe grammatikale ontdekkings, nuwe sosiale feite of sintaktiese insigte in die Skrifverstaan nie. Al hierdie sake is en word verreken in die kommentare wat nie vir hierdie nuwe eksegetiese weg kies nie.

Die nuwe van hierdie eksegetiese weg is dat dit konsekent ooreenkom met 'n Zwingliaanse uitleg van die teksgedeeltes.

Die veronderstelling is dat van Jesus se eie menslike liggaam alleen sprake kan wees as 'n gekruisigde liggaam in die verlede, in die hede kan daar alleen van die gemeente as die liggaam van die Here sprake wees. Dit is sonder enige eenheid tussen die menslike liggaam van die Here in die hemel en die gemeente.

Met hierdie veronderstelling word die betekenis van die woorde "liggaam" en "bloed" van verse 23 – 26 gewoon gereduseer tot die historiese gebeure van Jesus se dood. Enige gemeenskapsbetekenis, as sou ons deel in die liggaam en bloed van Christus as mens, word gewoon net ontken as 'n moontlikheid wat in die teks self opgesluit sou lê. Dit word veronderstel sonder om dit te verantwoord.

Vir die sinode van Noord Kaap gaan dit in verse 23 – 26 net oor die corpus crucifixum. In hierdie verse is daar vir hulle geen gemeenskap met Christus as mens nie. Die enigste gemeenskap is volgens hulle in vers 29. In die gemeente is die corpus mysticum opgesluit.

Hierdie is die Zwingliaanse onderskeid van die Here se gekruisigde liggaam wat in die hede afwesig is teenoor die gemeente wat as die liggaam van die Here teenwoordig is. Dit is met die veronderstelling dat daar geen gemeenskap met die liggaam van die Here self kan wees nie. Die teks word met hierdie veronderstelling gelees.

Dieselfde gebeur met Fee se eksegese. Sy uitleg van verse 23 – 26 kom direk ooreen met die Zwingliaanse definisie vir die nagmaal. Hy stel dat "Dit is", beteken dat "dit" beteken "verwys" na sy liggaam. Dit is die Zwingliaanse oortuiging oor die betekenis

van die woorde: " "Dit is". Selfs die taalargument oor die Hebreeuse betekenis is 'n Zwingliaanse argument.

Hy gaan verder deur die Zwingliaanse oortuiging te stel dat dit in die nagmaalteks daaroor gaan dat die lidmate met die gebruik van die tekens hulle self verklaar as lede van die liggaam – dit is die gemeente. Daarom kan hy ook nie anders nie as om "liggaam" net te sien as die sosiale samehorigheid van die gemeente sonder enige gemeenskap met Christus se eie liggaam en bloed nie.

Orr en Walther se interpretasie vandie teks kom ook direk ooreen met die Zwingliaanse uitgangspunt. Hulle sien die gemeente as die teenwoordige liggaam van die Here in sy liggaamlike afwesigheid as mens.

Die identiteit wat hulle stel tussen die gemeente en die woord "liggaam", as sou dit die liggaam van Christus op aarde wees, is nie eksegetiese insig in taal en sintaksis nie. Dit is 'n teologiese veronderstelling: die Zwingliaanse veronderstelling oor die gemeente as liggaam van Christus met die totale afwesigheid van sy eie liggaamlikheid.

Daarom kan selfs die uitdrukking "liggaam en bloed" van die Here vir hulle net na een saak verwys: die gemeente.

Hays stel hom ook in sy uitleg op die Zwingliaanse standpunt dat die liggaam en bloed van die Here net na sy kruisdood verwys en dat die gemeenskapsbegrip gaan oor eenheid in en met die gemeente. Daar is geen gemeenskap met Christus as mens in die instellingswoorde van die Here by die nagmaal nie. Daarom verklaar hy hierdie gedeelte van die teks as van geen waarde behalwe om op die dood van die Here en die nuwe verbondsverhoudinge in die kerk te wys nie.

Die ter syde stelling van die instellingswoorde en die uitdrukkings "liggaam en bloed van die Here", as sou dit verwys na die Here self, berus op geen gemotiveerde grammatika, sintaksis of sosiale feite nie. Dit is gewoon net die Zwingliaanse interpretasie van die skeiding tussen die Here se liggaam in die hemel en die gemeente as liggaam op aarde.

Die nuwe eksegese is niks anders as die konsekwente uitleg van die nagmaalstekste volgens die teologie van Zwingli nie. Hierdie is geen nuwe eksegese nie. Die teologie van Zwingli is net so oud soos wat die gewaande tradisionele teologie sou wees.

Die standpunt wat die NG Kerk ingeneem het dat dit in die eksegese van 1 Korintiërs 11 oor "nuwe" wetenskaplike en eksegetiese insigte sou gaan teenoor die "tradisionele" uitleg berus op niks nuuts nie. In hulle voorkeur vir kommentare wat in hulle interpretasie met die Zwingliaanse opvattings ooreenkom, stel hulle die bekende verskil tussen Zwingli en Calvyn voor as 'n keuse tussen nuwe eksegetiese insigte wat Bybels sou wees en die inhoud van die belydenisse en Calvyn se oortuiging wat tradisioneel en nie volgens nuwe eksegetiese insigte sou wees nie.

Hierdie aanbieding van die ou bekende verskil in die nagmaalsbeskouing van Zwingli en Calvyn as 'n keuse tussen nuwe eksegetiese insigte teenoor tradisionele belydenisse, getuig van sowel teologiese onkunde as 'n strategiese dualistiese denke, wat alles wat nie in ooreenstemming is met 'n opvatting wat die kindernagmaal sou regverdig nie, as onbybels, sekondêr en minderwaardig verdag maak.

Met hierdie voordoen van die Zwingliaanse nagsmaalsopvatting as nuwe en meer wetenskaplike eksegese, wat 'n meer Bybelse teologie sou nastreef teenoor 'n verouderde tradisionele teologie, is die oortuigings van Calvyn en die Gereformeerde belydenisse deur die NG Kerk gewoon net ter syde gestel of selfs voorgehou as sou dit dieselfde as die Zwingliaanse nagmaalsopvatting beteken.

### 1.4. **Die teks- en Skrifgetrouheid van eksegese wat nie kies vir 'n Zwingliaanse uitleg van die nagmaalstekste nie.**

Dit lê nie op die weg van hierdie studie om 'n uitvoerige vergelyking te maak van al die verskillende eksegetiese moontlikhede van 1 Kor. 11 nie. Dit gaan om 'n bepaalde uitgangspunt en 'n gewaande teenstelling aan die orde te stel.

Die uitgangspunt dat daar in die kindernagmaal gesoek is na ‘n Bybelse eksegese wat meer oospronklik sou wees as die Gereformeerde teologie en Skrifuitleg, en daarom ook meer gesag sou dra, is nie geldig nie.

Hierdie uitgangspunt werk met ‘n valse teenstelling: die teenstelling tussen ‘n Bybelse eksegese teenoor die eksegese van die tradisionele teologie en in die Gereformeerde belydenisskrifte.

Die eksegese van die nagmaalstekse volgens die Zwingliaanse opvatting is nie ‘n nuwe weg waarin daar nader aan die bedoeling van die Bybel gekom word as in die uitleg en oortuigings van Calvyn en die Gereformeerde belydenisse nie.

Al wat gebeur het, is dat die teksuitleg in kommentare wat met die Zwingliaanse oortuigings ooreenkom, *voorgehou* word as sou dit ‘n meer skriftuurlike weergawe van die teks wees.

Teksuitlegte wat nie met hierdie Zwingliaanse veronderstelling werk nie, is gewoon ter syde gestel as sou dit “tradisionele teologie” verteenwoordig wat nie met die werklike bedoeling van die teks erns het nie.

Hierdie vooropgesette keuse vir ‘n Zwingliaanse teksverstaan is die rede hoekom in die hele debat en besinning oor die kindernagmaal 1 Korintiërs 11:29 die sleutel gemaak is vir die nagmaalsverstaan en net met die Korintiërs teks gewerk is. Die inhoud en betekenis van die ander nagmaaltekste in die Evangelies, en hulle volle inhoud, was as net gewoon nie van belang ge-ag nie.

Op geen manier kan vers 29 as van soveel belang teenoor verse 23 tot 26 gestel word nie. Daar is geen eksegetiese rede vir hierdie belang nie. Dit is gewoon nie ‘n eksegetiese rede wat hierdie vers só vooropstel in die nagmaalsteks by Paulus en dít die kwalifiserende teks maak om die ander nagmaaltekste in die Skrif te verstaan nie.

Vanuit ‘n Zwingliaanse veronderstelling is vers 29 egter wel van wesenlike belang. Sou “liggaam” in hierdie vers *uitsluitlik* dui op die gemeente, sonder enige betekenis dat dit die Here se menslike liggaam ook insluit, dan is die instellingswoorde gewoon

net van historiese belang, sonder dat daar enige gemeenskap met die Here se eie liggaam in hierdie verse aan die orde gestel word.

Vers 29 is van belang omdat die Zwingliaanse teksuitleg dit die sleutel maak vir die hele nagmaalteks en dit die Zwingliaanse teksuitleg as die nuwe, enigste betroubare, eksegeties- en bybelsverantwoorde uitleg van die nagmaalsteks sanksioneer.

Vir die doel van hierdie studie kan ons kortliks aantoon dat die veronderstelling dat die Zwingliaanse uitleg van die nagmaaltekste nader en getrouer aan die Skrif se betekenis is, nie waar is nie.

In sy artikel: "Für euch gegeben zur Vergebung der Sünden" stel Hofius die volgende:

"Er nennt es ... "Herrenmahl". Keineswegs zufällig spricht der Apostel in den das Abendmahl betreffenden Ausführungen des 1 Korintherbriefs mehrfach ganz betont von Jesus als dem "Hernn", dem *kurios.* Zweierlei hat er dabei vor Augen: zum einen, dass Jesus als der irdishe und an das Kreuz gehende Herr in der Nacht vor seinem Sterben das Mahl gestiftet hat, zum anderen, dass der Gekreuzigte nicht tot und vergangen ist, sondern als der lebendige, erhöhte und in seiner Gemeinde gegenwärtige Herr selbst das Mahl bereitet und austeilt, wo immer und wann immer es seiner Stiftung gemäss gefeiert wird." [116]

Vir Paulus is die Here nooit 'n historiese en afwesige figuur nie. Hy is die Here wat uit die dood opgestaan het en self as die Teenwoordige die maaltyd uitdeel. Hofius wys dat die nagmaal juis daarom nooit die maaltyd van die kerk of enkele lidmate kan wees nie. Waar die kerk die nagmaal vier volgens die instellingswyse van die Here, bly die nagmaal altyd 'n handeling van die teenwoordige Here Jesus Christus,.

In die "nuwe" Zwingliaanse eksegese is daar feitlik 'n onnodigheid van die instellingswoorde van die nagmaal in die teksgedeelte, volgens die eintlike saak wat deur hulle aan die orde gestel word: die lidmate wat hulle self moet *geestelik instel* om te onthou dat die nagmaal iets anders is as die liefdesmaal. Die onderskeiding van nagmaal en liefdesmaal word bepaal deur die lidmate se morele ingesteldheid teenoor mekaar.

---

[116] Hofius, o. Für euch gegeben zur Vergebung der Sünden. Zeitschrift für Theologie und Kirche, Bd. 95, 1998, p.314.

Hofius wys daarop dat dit nie die lidmate se geestelike - of hulle morele ingesteldheid is waarin hulle die wesenlike onderskeid tussen liefdesmaal en nagmaal moet ontdek nie, maar in die sakramentele betekenis van die nagmaal:

"Was die mahlfeier der christlichen Gemeinde zum sakramentalen Mahl machte, war ja nicht das gemeinsame Essen, bzw. die menschliche oder geistliche Verbundenheit, in der man miteinander Tischgemeinschaft hielt. Es waren ausschliesslich die beiden Akte der Brotritus und des Kelchritus, denen Jesus durch seine Worte den sakramentalen Charakter verliehen hatte."[117]

Die motivering om juis die instellingswoorde te stel teenoor die gemeente se minagting van die nagmaal, is om daarop te wys dat die Here hierdie handelinge van die breek van die brood en die gee van die beker, sakramente gemaak het. Dit is nie maar soos hulle liefdesmaal net nog 'n gemeentelike en godsdienstige gemeensame ete waarin onderling met mekaar verkeer word nie.

Die ontdekking van die sakramentele waarde van die Here se instellings, en sy teenwoordigheid as die lewende Here in hierdie sakrament, is die onderskeid wat die Korintiërs moes ontdek:

"Jedes Herrenmahl, wo immer und wann immer es gefeiert wird, ist eine Forsetzung des letzten Mahles Jesu, ja es ist dasselbe Mahl. Deshalb empfängt die Gemeinde mit Brot und Kelch die gaben, von denen in den Gabenwort die Rede ist, die Jesus zu seinen Jüngern gesprochen hat."[118]

Hierdie ontdekking gaan juis daaroor dat in die sakramentele handelinge van die nagmaal, lidmate met die Here self gemeenskap het. Hulle kry deel aan sy liggaam as die teenwoordige Here.

"Ganz entsprechend geht es auch in den Abenmahlsworten Jesu um reale Anteilgabe und Teilhabe. In welche Sinne, das lassen die beiden Fragen erkennen, die wir in 1 Kor 10:16 lesen "Das Brot, das wir brechen, ist das nicht die Teilhabe an dem Leib Christi?" und " "Das Becher des Lobpreis, über dem wir Lobpreis sprechen, ist der nicht die teilhabe an dem Blut Christi? Die Gabe, von der Brot- und Kelchwort sprechen, besteht demnach darin, dass die zum Abendmahl Versammelten Anteil haben an dem an Kreuz in den Tod gegebenen Leib und an dem da vergossenen Blut Jesu Christi. Das aber bedeutet: Sie haben Anteil an ihm, dem Gekreuzigten selbst und an dem Heil, das in ihm und seiner Dahingabe in den Tod beschlossen liegt."[119]

In al drie die voorafgaande kommentare wat met 'n Zwingliaanse opvatting die teks uitgelê het, het hulle direk aangesluit by 1 Korintiërs 10 vers 17. Hulle het die vers só

---

[117] Ibid. pp. 321, 322.
[118] Hofius, o. Für euch gegeben zur Vergebung der Sünden. Zeitschrift für Theologie und Kirche, Bd. 95, 1998, p.323
[119] Ibid. p.329

uitgelê dat dit uitsluitlik op die gemeente wys en dat vers 17 geen gemeenskap met die liggaam van die Here as mens en as teenwoordige Here weergee nie.

Hofius dui op die teendeel. Die gemeenskap wat in verse 23- 26 van 1 Korintiërs 11 en ook 1 Korintiërs 10 vers 16 aan die orde gestel word, is die gemeenskap met die liggaam van die teenwoordige Here Jesus in die nagmaal. In die maaltyd gee die Here werklik lidmate deel aan sy liggaam as lewende en teenwoordige Here.

Hierdie gemeenskap met die liggaam van die teenwoordige Here in die nagmaal in verse 23 – 26 van 1 Korintiërs 11, bepaal die inhoud en uitleg van verse 27 tot 33 van hierdie hoofstuk. Juis hierdie gemeenskap met die liggaam van die teenwoordige Here bring die volle mistasting van die sosiale groepvorming in die liefdesmaaltyd, met die gepaardgaande minagting van die teenwoordige Here in die nagmaal, na vore.

Wolff wys op hierdie direkte samehang van die sosiale en morele vergryp van die lidmate met die instellingswoorde van die nagmaal:

"Aus der Herrenmahltradition (V.23-25) und Ihrer Interpretation (V.26) werden nun die Folgerungen gezogen. Die Misstände, auf die zuvor in V. 20-22 eingegangen wurde, sind als Geringschätzung gegenüber Gemeindegliedern zugleich Vergehen an der Heilstat Christi. ... Spender dieser Gaben ist der beim Mahl gegenwärtige erhöhte Kyrios; darum spricht Paulus von dessen Brot en Becher. "Leib" und "Blut" bezeichnen hier wie in der voranstehenden Abendmahlstradition und wie in 10,16 das heilbringende Sterben. "Leib" auf die Gemeinde zu deuten, geht wegen der Parallelität zu Blut und wegen V24. (für euch) nicht an."[120]

Hofius en Wolff gee dieselfde uitleg aan 1 Korintiërs 11 verse 23- 26. Dit gaan in die teksgedeelte om 'n sakramentele maaltyd: die maaltyd van die Here. Die Here Jesus is in hierdie maaltyd teenwoordig as die lewende, verhoogde Here self. Die nagmaal is 'n handeling van die verhoogde Here self waar Hy self sy genadegawes uitdeel

Verse 23-26 bepaal die hele teksgedeelte se uitleg. Paulus stel die lidmate van Korinte voor die feit dat *hulle* nagmaal nie meer die nagmaal van die *Here* is nie (vers 20). Vir hulle het die nagmaal net nog 'n gemeentelike en sosiale byeenkoms geword. Wat ontbreek in hulle nagmaal is die Here self: hulle sien Hom nie meer as die lewende en teenwoordige Here in die nagmaal wat sy eie liggaam gee as die gawe waarin hulle een word nie. Hierdie onvanpaste wyse, dit is ongelowige wyse van nagmaal vier, is

---

[120] Wolff, C. Der erste Brief des Paulus an die Korinther Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt, 1982, p. 93.

sonde teen Christus self. Wie die nagmaal vier as net 'n onderlinge godsdienstige en sosiale gemeensaamheid met mekaar, gebruik dit onwaardig. Dit minag die gemeenskap met die teenwoordige liggaam van die Here en daarom minag dit ook die lede van hierdie liggaam - die lidmate wat deel in sy teenwoordige liggaam as Here.

Die besef van "die liggaam van Christus" kan onmoontlik iets losstaande en iets anders wees as die besef dat in die tekens van die nagmaal ontvang ons die liggaam van die teenwoordige Here self, wat ons deur sy eie liggaam een liggaam maak.

Wat is die verskil in die eksegese van Hofius en Wolff teenoor Fee, Orr en Walther en Hays?

Laasgenoemde drie werk met die Zwingliaanse skeiding tussen Jesus se dood in die verlede terwyl Hy in sy mensheid in die hede afwesig is, teenoor die teenwoordige gemeente as die liggaam van die Here.

Met hierdie skeiding verval die hele sakramentele betekenis van die nagmaal, nie net in die gemeente nie, maar ook in die teks van die Bybel.

Die nagmaal in hierdie veronderstelling kan nie werklik 'n sakramentele maaltyd wees waarin die lewende en teenwoordige Here die tekens gebruik om lidmate in sy eie liggaam te laat deel nie. Dit word net 'n gemeentelike maal waarin die lidmate saam geestelik is: saam glo, saam dink aan die Here, saam sing en saam bid.

Wat met hierdie uitgangspunt in gemeentes, belydenisse en kerke gebeur, gebeur ook met die teks van die Bybel.

Die nagmaal in die teks van 1 Korintiërs 11 het vir hulle nie sakramentele betekenis nie. Daarom is verse 23 – 25 ook nie wesenlik belangrik vir die eksegese van 1 Korintiërs 11 nie. Vers 29 is wel, omdat dit die steunpunt is dat dit in die hele 1 Korintiërs 11 sou gaan om die onderlinge gesindheid van lidmate teenoor mekaar. Alle sakramentele inhoud van die hele teks word hierdeur genegeer.

Verse 23 - 25 is hoogstens van belang om vir die lidmate te wys dat die seremonies van die nagmaal hulle moet wys dat dit nie net 'n sosiale ete is nie, maar 'n godsdienstige ete. Die punt van belang word nou die morele optrede van lidmate teenoor mekaar.

In die uitgangspunt van Hofius en Wolff bepaal verse 23 – 25 die inhoud van verse 17 tot 34 en daarom ook 29. Hulle is beide Lutherane. Die uitgangspunt en eksegese van 1 Korintiërs 11 van die Lutherane, Katolieke en Gereformeerdes sal in hierdie opsig ooreenstem: in 1 Korintiërs 11 gaan dit oor 'n sakramentele ete waarin die Here self teenwoordig is en self sy eie liggaam meedeel. Hierdie gemeenskap met die liggaam van die Here bepaal die identiteit van die gemeente. Hulle is liggaam omdat hulle deel in die teenwoordige liggaam van die opgestane Here. Hoe hulle daarin deel sal 'n punt van verskil wees.

Die eksegetiese punt van verskil is dus of Paulus in verse 23-25 die nagmaal as 'n sakramentele maaltyd voorhou, waarin die teenwoordige Here self lidmate sy eie opgestane liggaam meedeel en of dit net 'n maaltyd is waarin gemeentelede godsdienstig en sosiaal gemeensaam is.

Volg die eksegese die eersgenoemde moontlikheid, dan kwalifiseer verse 23 – 25 die hele inhoud en elke onderdeel van verse 17 – 34. Volg die eksegese laasgenoemde moontlikheid, dan kwalifiseer die sosiale konteks van die gemeente van Korinte die inhoud en onderdele van verse 17 – 23. Dan is die sosiale onrus in die gemeente en hulle onvermoë om tussen die sosiale en godsdienstige gemeensaamheid van die gemeente te onderskei, die eksegetiese sleutel vir verse 17 – 34.

Vir Paulus is die nagmaal sakrament: dit is die lewende en opgestane Here wat lidmate laat deel in sy eie opgestane en verheerlikte liggaam wat vir die gemeente deur die teenwoordige Here in die nagmaal self meegedeel word. Dit is wat Paulus stel in 1 Timoteus 2 vers 5: "Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys vir almal gegee het." Om Middelaar te wees is nie net 'n daad van die Here in die verlede nie. Dit is die teenwoordige handeling van die Here. Hierdie Middelaar is "die mens Christus Jesus". Sy menswees is deel van sy teenwoordige middelaarskap.

Die voorstanders van die kindernagmaal het gekies dat die sosiale konteks van die gemeente die eksegetiese sleutel vir 1 Korintiërs 11 is. Dit is wat hulle voorhou as die nuutste wetenskaplike insig en 'n eksegese, wat nader aan die bedoeling van die Bybel sou wees as die oortuigings oor die nagmaal in die "tradisionele" Gereformeerde teologie.

Hierdie keuse kom uit 'n oortuiging dat die nagmaal 'n gemeentemaal is waarin lidmate godsdienstig gemeensaam met mekaar is. Hierdie oortuiging skei verse 23 – 25 van 1 Korintiërs 11 van verse 27 –34. In verse 23-25 van 1 Korintiërs 11 sou dit oor 'n historiese gebeure in die verlede gaan terwyl dit in verse 27- 34 oor die gemeente as die teenwoordige liggaam sou gaan.

Die aanspraak op nuutheid kan ons tenslotte met die eksegese van 1 Korinthiërs 10:17 by Zwingli en Calvyn toelig. Zwingli stel die uitleg as:

"For when you offer thanks with the cup and the bread, eating and drinking together, you signify thereby that you are one body and one bread, namely, the body which is the Church of Christ, which in this sacrament confesses its faith in the Lord Jesus Christ, who gave his body and blood on our behalf. And Paul calls believers the community of the blood of Christ, as we may see clearly in the words: "For we are one bread and one body, one company, or community, seeing we all partake of the one bread." Note that he quite obviously calls us one bread and one body because we partake together of the one bread. Study Paul afresh and you will see that we are right."[121]

Calvyn stel dit as volg:

"It is true, that believers are united together by Christ's blood, so as to become one body. It is also true, that a unity of this kind is wih propriety termed *koinonia* (communion) I make the same acknowledg ment as to the bread. Further, I observe what Pauls immediately adds, as it were, by way of explanation – that we *all become ons body, becauce we are together partakers of the same bread*. But, whence, I pray you, comes that *koinonia* (communion) between us, but from this that we are united to Christ in such a way, that we are flesh of his flesh, bone of his bones. For we must first of all be incorporated (so to speak) into Christ, that we may be united te each other."[122]

Die nuwe Bybelse eksegese van die voorstanders van die kindernagmaal is die ou Zwingliaanse oortuiging oor die nagmaal. Dit is eksegese wat die bedoeling van Paulus oor die inhoud en betekenis van die nagmaal geweld aandoen. Dit stel die

---

[121] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics Philadelphia: The Westmininster Press, 1953, pp. 236-237

[122] Calvin, J. Commentry on the Epistels of Paul the apostle to the Corinthians [Translated from the original Latin, and collated with the author's French version by John Pringle] vol I Grand rapids: Eerdmans, 1948, p. 335

wesenlike van die teks in 1 Korintiës 11 ter syde: die Here Jesus self: Hy die teenwoordige Here wat self sy eie liggaam as gawe aan die gemeente uitdeel.

Daar is 'n geweldige ironie in die motief van die Zwingliaanse eksegese as die meer Bybelse eksegese. Die Zwingliaanse eksegese maak die nagmaal uitsluitlik 'n gemeentemaaltyd. Paulus wys op die nagmaal as sakrament juis om te wys dat die nagmaal nie net nog 'n gemeentemaaltyd is nie. Toegepas is die "meer Bybelse ekgsegese" en oortuigings van Zwingli hiervolgens dan juis die onderliggende probleem wat aanleiding gegee het tot die verkeerde optrede van die Korintiërs by die nagmaal.

Die voorstanders van die kindernagmaal het met die perspektief gewerk dat hulle 'n Bybelse teologie wil skep teenoor die tradisionele teologie wat minder Bybels en meer intellektualisties sou wees. Hierdie gelykstelling van intellek met die geloofsoortuigings van Calvyn en die Gereformeerde belydenisse loop dwarsdeur die hele debat.

Met hierdie houding het hulle die erns wat die Gereformeerde teologie met die teks van die Bybel gemaak het, en steeds maak, onderskat, en vir 'n swakker eksegese van 1 Korintiërs 11 gekies, wat verder van die Bybel se bedoeling af is as die Gereformeerde uitleg van die nagmaalteks.

## 2. **<u>Die interpretasie van Calvyn se nagmaalsbeskouing</u>**.

### 2.1 **<u>Dr. H. Bavinck.</u>**

Bavinck sien Calvyn se nagmaalsbeskouing as 'n bemiddelende en versoenende standpunt tussen Luther, wat Christus se teenwoordigheid in die nagmaal vleeslik en plaaslik maak, en Zwingli, wat Christus se teenwoodigheid in die nagmaal net geestelik maak.

Die verskilpunt tussen Zwingli en Calvyn, volgens Bavinck, is dat die eet en drink van Christus se liggaam en bloed niks meer is as om net glo aan die kruisdood van Christus nie:

"Maar – en dit is het eigenlijke punt van verschil tusschen hem en Calvijn – overeenkomstig zijne exegese van Joh. VI is het eten van Christus' lichaam en het drinken van zijn bloed niets anders en

niets meer dan het gelooven in Christus als den gekruisigde, het zich toeeigenen van de verdiensten, door Christus aan het kruis verworven."[123]

Teenoor hierdie standpunt, wat Bavinck sien as 'n houding waarin negatief die Roomse standpunt wel tereg teengestaan is, maar positief daardeur te eensydig geword het, staan die bemiddelende standpunt van Calvyn:

"In de teekenen van brood en wijn is Hij zelf waarachtig en wezenlijk tegenwoordig; wij ontvangen in het avondmaal wel terdege Christus eigen lichaam en zijn eigen bloed. Wij worden, door te eten van het brood en te drinken van den drinkbeker, niet maar den Geest van Christus en zijne door sterven verworvene weldaden, maar bepaald het eigen vleesch en bloed van den gekruisten en nu verheerlijkten Zaligmaker deelachtig. ... Hij kan schier geen woorden krachtig genoeg vinden, om te doen uitkomen, dat hij de werklijke, wezenlijke, waarachtige tegenwoordigheid van Christus' eigen vleesch en van zijn eigen bloed in het avondmaal vasthoud." [124]

Bavinck wys ook daarop dat hierdie mistieke eenheid nie net in die nagmaal gebeur nie, maar dat Christene altyd in hierdie mistieke eenheid met die Here deel.

Volgens Bavinck het Calvyn self gestel dat hy nie met die Roomse en Lutheraanse opvatting, dat ons deelkry aan die eie menslike liggaam van die Here, verskil het nie. Hy verskil in die wyse waarop ons aan Hom in sy mensheid deelkry.

Calvyn is nie teen die onlogiese en fisiese onmoontlikheid van die trans - of konsubstansiasie soos Zwingli nie. Hy is teen die afbreuk wat dit aan die waaragtigheid van die menslike natuur van Christus doen.

Die waaragtigheid van die menslike natuur van Christus is nodig vir ons eenheid met Hom as mens in die hemel:

"De mystieke unie, de verborgen gemeenschap der geloovigen met Christus is in de eerste plaats eene allernauwste, onbegrijpelijke vereeniging met den persoon van Christus, met Zijne goddelijke en menschelijke natuur, met zijn ziel en lichaam, met zijn vleesch en bloed en daarna eerst deelgenootschap ook aan zijn schatten en gaven. Tweeërlei wordt ons diensovereenkomstig ook in het avondmaal beteekend en verzegeld." [125]

Tereg wys Bavinck dat Calvyn self gesukkel het om hierdie vereniging te beskryf. Hy gebruik gereeld die woord "substansie" om aan te toon dat ons nie net aan die weldade van Christus deelkry nie, maar aan sy eie liggaam, al bly Hy as mens in die

---

123 Bavinck, H. Kennis en Leven Opstellen en artikelen uit vroegere jaren. Kampen: J.H. Kok, 1922, p.166.

124 Bavinck, H. Kennis en Leven Opstellen en artikelen uit vroegere jaren. Kampen: J.H. Kok, 1922, p.174

125 Ibid. p. 170

hemel en ons op die aarde. Calvyn self verklaar dat hy eerder hierdie eenheid ervaar as kan verwoord.

Myns insiens staan ons in die vereniging van die gelowige met Christus voor dieselfde moeilikheid waarmee die kerk gestaan het om die die verhouding tussen die twee nature van Christus onder woorde te bring.

As die kerk deur al die eeue nie meer onder woorde kon bring as die kern van die belydenis van Chalcedon nie: onvermengd, onverander, nie-gedeel, nie-geskei nie, dan is dit ook vir ons nie moontlik om van ons werklike vereniging met die menslike liggaam van die Here in die hemel veel meer te kan sê as: "een in substansie én een in weldade" nie.

Net so min as wat die onvermoë om veel meer te sê oor die twee nature van die Here as wat Chalcedon sê, die waarheid, die krag en die werklikheid van die Here se twee nature ongeldig maak, net so min verander die onvermoë om meer van ons eenheid met die Here te sê as, "een in substansie én een in weldade", die waarheid, die krag en die werklikheid van hierdie eenheid.

Hierdie onvermoë in beide sake is nie toevallig nie. In die vereniging van die twee nature van Christus staan ons voor die misterie van die persoon van die Here. In ons vereniging van met die liggaam van die Here staan ons midde in 'n misterie wat nog nooit werklik onder woord gebring is nie: die persoon van Christus.

Ten opsigte van hierdie substansiële eenheid met Christus stel Bavinck:

"Daarvoor nu een oog hebbende ontvangen, en van het heerlijke dier geheimzinnige gemeenschap doordrongen, kon Calvijn zich niet vinden in Zwingli's avondmaalsleer. ... Geen gemeenschap aan de weldade van Christus dan na en door de gemeenschap aan Zijn persoon – dat vergat Zwingli, dat stelde Calvijn op den voorgrond."[126]

Aan die einde van hierdie artikel wys Bavicnk dat hierdie nagsmaalsopvatting opgeneem is in die Nederlandse geloofsbelydenis en die Heidelbergse kategismus. Dit is ook in die klassieke nagmaalsformulier opgeneem:

---

[126] Bavinck, H. Kennis en Leven Opstellen en artikelen uit vroegere jaren. Kampen: J.H. Kok, 1922, p.177

"Hetzelfde vinden we in het avondsmaalformulier. Christus spijst en laaft ons met zijn gekruisigt lichaam en vergoten bloed zoo zeker, al een iegenlijk dit brood en dezen beker ontvangt. Door den Heilige Geest hebben wij waarachtige gemeenschap met Christus zelven en worden wij al zijner goederen deelachtig."[127]

## 2.2 **B.A. Gerrish.**

Bavinck skryf met die veronderstelling dat sy lesers Gereformeerd is. Gerrish skryf met 'n heel ander leserskring in gedagte. Hy rig hom tot 'n gemeenskap waarin Calvinisme en Gereformeerdheid skepties bejeën word, waar Gereformeerdes hoofsaaklik die Zwingliaanse oortuiging van die nagmaal huldig.

Daarom is sy aanslag apologeties, maar tog baie beslis om die inhoud van Calvyn se nagmaalsoortuiging aan die orde te stel.

In hierdie styl stel hy opsommend die volgende oor ons eenheid met die liggaam van die Here:

"It is not all surprising that stalward Reformed divines have sometimes been not merely puzzled but offended by Calvin's talk about the communiciation of Christ's life-giving flesh. They may have choose to reject it as a perilous intrusion into Reformed theology and insist that Christ's body is life-giving only because it was crucified. But in so doing they should note that Calvin's view of the Lord's Supper was bound up with a total conception of what it means to be saved and of how the historical deed of Christ reaches out to the present. It is impossible to read Calvin's ideas on Baptism and the Eucharist in their own historical context and not to notice that they were developed in part as a warning against what he took to be another peril: a mentality that reduces sacred signs to mere reminders, communion with Christ to beliefs about Christ, and the living body of the church to an association of likeminded individuals. Only a careful study of later Reformed history can show which has turned out to be the greater of the two perils."[128]

Hiermee trek hy 'n direkte lyn tussen die nagmaalsoortuiging van Zwingli en die uiteenval van die kerk in die tipiese hedendaagse vroomheid waar die nagmaal net 'n teken geword het van mense se assosiasie met die groep mense met wie hulle saam godsdienstig verkeer.

Die verskil tussen die Zwingli en Calvyn oor die betekenis van die tekens in die nagmaal stel hy as volg:

" Zwingli was reluctant to acknowledge any other causality than that of God, the first cause. Hence, the very notion of *sacramental* causality was offensive to him. It seems to detract from the immediacy of the divine activity if one assigns even an instrumental function to the creaturely elements of water, bread, and wine. Signs, for Zwingli are not instrumental, but indicative or declarative. They have a twofold use: they signal the fact that something has already been accomplished by the activity of God, and they declare the commitment of the redeemed to live in faithfulness to the God who has redeemed

---

[127] Ibid. p.181.
[128] Gerrish, B.A. Grace and Gratitude. Minneapolis: Fortress press, 1992, p.190.

them. ... in their second use the sacraments are not so much signs as tokens or emblems, like an engagement ring or the white cross that identifies a Swiss confederate."[129]

"He, too, like Zwingli, based his doctrine of the Lord's supper in part on a theory of signification borrowed from Augstine. The crucial difference is, however, that Calvin did not only *appeal* to Augustine, but also, in this respect as in so many others , *was* essentially Augustianian. The bread and the wine received in the Sacrament were for him signs and guarantess of a present reality: the believer's feeding on the body and blood of Christ." [130]

Die uitwys van hierdie tweevoudige betekenis van die nagmaaltekens by Zwingli is verhelderend. Hierdie tweevoudige betekenis skep elke keer die verwarring dat die gebruik van die tekens by Zwingli dalk iets meer kan wees vir deelnemers as net 'n verklaring en oortuiging van geloof en vroomheid. Dit is nie. Dit is net dat die nagmaal wat God aan betref, wel 'n daad is waarin Hy die kruisdaad van Christus uitbeeld as voltrek.

Zwingli se vertrekpunt oor Christus se liggaam as iets wat alleen in die kruisiging van waarde is, en die gemeenskap van die gelowiges as 'n gemeenskap wat saam deel in die versoening as 'n daad van God sonder eenheid met die liggaam van Christus, maak dat die nagmaal 'n tweevoudige betekenis kry: 'n teken van wat God in Christus in die verlede gedoen het sowel as 'n teken wat die gemeente in die hede met Christus doen.

Die nagmaal word deel van 'n dualisme van wat God doen in die teken en wat die mense in die teken doen. Die afwesigheid van die eenheid dat God in die teken Christus se liggaam meedeel en dat ons dit in die teken ontvang, laat die teken in 'n dualisme van God en mens opgaan: God én die mens handel met die nagmaaltekens.

Nie een van hierdie twee betekenisse van die nagmaal by Zwingli is in die ware sin van die woord sakrament nie.

Gerrish stel dat dit alleen maar 'n simbool word soos enige ander simbole waardeur mense 'n onderlinge gemeenskaplikheid wil verbeeld. Die nagmaal se teken het in hierdie sin 'n middel in die hand van die lidmate geword waardeur hulle aan hulle eie samehorigheid openbare uitdrukking gee.

---

[129] Ibid. 164
[130] Ibid. 165

Die dualisme van God en mens sal nie hierdie bemagtiging van die teken as 'n middel in die gemeente se hande minder maak deur te sê dat God vir hulle hierdie teken ingestel het nie.

Die vraag is nie net wie die teken ingestel het nie. Die vraag verder is wie deel wat en aan wie in hierdie teken mee. As dit die Here is wat sy eie liggaam deur die teken meedeel, is dit 'n sakrament. Dit is 'n materiële instrument waardeur God self werk.

As dit 'n teken is waardeur lidmate hulle eie geestelikheid simboliseer, word die geestelikheid van die lidmate deur die simbool openbaar bekend gemaak en verklaar. Al het God die teken ingestel. Daar vind geen mededeling van Christus se liggaam plaas in die tekens nie. Die gemeente het die nagmaal as simbool van hulle eie innerlikheid bemagtig. Dit is nie meer sakrament nie, dit is net 'n simbool.

Die vereniging van die lidmaat met die liggaam van Christus as mens in die hemel kwalifiseer en bepaal volgens Gerrish ook vir Calvyn die kerk as liggaam van Christus.

"Calvin's point in this passage is that Christ makes us not simply *one* body, but *his* body. Hence the Sacrament impresses upon us that an injury done to one of "the brethren" is an injury done to Christ in him; conversely that we cannot love Christ unless we love him in them. The main warrant for this line of thought comes, of course, a little further on in Paul's First Letter to the Corinthians – not in chapter ten, but in chapter twelve. In his commentary on 1 Corintians 12:12, Calvin asserts that Christians are " the spritual and mystical (arcanum) body of Christ.", and he notes with particular interest that in one phrase, "so it is with Christ", Paul actually uses the name "Christ" for the church. (Paul does not say, as we might expect, "Just as the body is one and has may members ... *so it is with the church*," but "so it is *with Christ*." ... Engrafting into Christ coincides so completely with entrance into the church that, when he writes of the body of Christ, it is not always possible to tell whether he means the glorified or the ecclesial body ... Calvin, like Luther, believed that only through participation in the glorified body could anyone be incorporated into the ecclesial body;"[131]

Volgens Calvyn kan daar geen lidmaatskap van die kerk wees sonder eenheid met die mensheid van die Here in die hemel nie. Alleen deurdat ons deel het aan die liggaam van die Here is ons deel van die kerk.

Hierdie standpunt negeer die standpunt van die voorstanders van die kindernagmaal dat ons deur die verbond deel van die kerk is. Die verbond word vervul deur Christus en Christus se meedeel van sy liggaam is die vervulling van die verbond. Daarom kan

---

[131] Gerrish, B.A. Grace and Gratitude. Minneapolis: Fortress press, 1992, pp.187, 188.

daar geen deelname aan die kerk wees sonder eenheid met die liggaam van die Here in die hemel nie.

Die eenheid van die kerk met mekaar en die eenheid met die liggaam van die Here as mens in die hemel – is identies. Daarom kan Paulus die kerk en Christus as wisselterme gebruik in 1 Korintiërs 12:12. Daarom bepaal die inhoud van 1 Korintiërs 11:23-25 ook die inhoud van 1 Korintiërs 12:12 en nie andersom nie.

In die Zwingliaanse verstaan van kerk kan ons eenheid met die liggaam van die Here in die hemel en ons eenheid as lidmate met mekaar nooit identies wees nie, want daar is gewoon net nie hierdie eenheid tussen ons en die liggaam van die Here in die hemel nie. Daarom kan hulle ook nie die "liggaam van Christus" in 1 Korintiërs 12:12 sien as een begrip wat juis die identiteit van Christus se liggaam in die hemel en die kerk uitdruk nie. Die kerk is lede wat met mekaar onderling verenig is deur 'n gemeenskaplike aandeel in die vrug van sy dood, nie deur eenheid met sy liggaam as Here nie.

Dit is hierdie skeiding tussen eenheid met die liggaam van die Here in die hemel en eenheid van die lidmate van die kerk, wat die voorstanders van die kindernagmaal vul met 'n nuwe gemeenskap: die verbondsgemeenskap met mekaar, wat geen gemeenskap met die liggaam van die Here in die hemel is nie.

### 2.3 **W.F. Dankbaar**.

Dankbaar stel die verskil tussen Zwingli en Calvyn as volg aan die orde:

"Voor de controvers tusschen Calvijn en Zwingli is vooral van belang hoe zij de verhouding tusschen eten en gelooven (manducare et credere) hebben verstaan. Zwingli stelde, naar aanleiding van Joh. 6, deze eenvoudig gelijk, waarvoor dan ook de noodzakelijkheid van het communiceeren practisch wordt opgeheven. Calvijn ziet echter ( reeds in 1539) wel de nauwe samehang tusschen gelooven en eten, maar dit laatste duidt voor hem toch een inniger betrekking aan dan een intellectueel geloof of herinnering, n.l. dat "onze ziel waarlijk en door en door Christus deelachtig wordt" ... "Dat hij daarbij niet slechts denkt aan de gemeenschap met Christus Geest, maar wel degelijk ook met Zijn vleesch, stelt Calvijn met nadruk vast."[132]

Hierdie gemeenskap met Christus is ook volgens Dankbaar gemeenskap met die eie menslike liggaam van die Here omdat dit vir Calvyn nie net om die weldade van Christus in die nagmaal gaan nie, maar oor die eenheid met die Here self.

---

[132] Dankbaar, W.F. De Sacramentsleer van Calvijn. Amsterdam: H.J Paris, 1941, pp.150-151.

Dankbaar gee 'n uitleg wat Calvyn bedoel met die uitdrukkings "substansie" en "liggaam". Met "substansie" gaan dit vir Calvijn : "om er de wezenlijke werklijkheid van de gave van Christus' lichaam en onze vereeniging met dat lichaam doot uit te drukken." [133]
Die uitdrukking "liggaam" by Calvijn gaan volgens Dankbaar om:
"dat het "lichaam" van Christus, dat de geloovigen in het Avondmaal deelachtig worden, voor Calvijn de uitdrukking is voor den vleeschgeworden en gekruisten en levenden Heiland met al zijn schatten en gaven."[134]

Myns insiens is en bly vir Calvyn die volledige persoon van Christus as Middelaar die kern van die nagmaal. Christus is as persoon mens en God. Al is sy liggaam as mens verheerlik in die hemel, is Jesus se mensheid iets wat Hy in Homself as Christus is. Jesus as die Christus hét nie net 'n menslike liggaam nie. Hy ís mens. Dit wat Hy in Homself is, is Hy ook vir ons in die hede. Hy is vir ons teenwoordig soos wat Hy as persoon is, en Hy is mens en God.

Dit is waaroor die eenheid met die liggaam en "substansie" van Jesus se menswees vir Calvyn myns insiens belangrik is. Hy is wat Hy as persoon is nie net op sekere plekke nie. Alhoewel sy menslike liggaam net in die hemel en nie op die aarde is nie, is Hy as persoon mens. Sy mensheid is deel van sy persoon, dis nie net 'n toevalligheid buite sy persoon nie.Daarom kan en is dit juis die bedoeling van die verlosssing dat ons in die hede met Hom as Christus een sal wees in dit wat Hy as mens plaasbe-kledend, nie net in die verlede vir ons gedoen het nie, maar ook in die hede vir ons is.

Christus is nie simbolies die nuwe Adam nie. Hy is net so werklik liggaamlik as die eerste Adam, die nuwe Adam. Net so werklik as wat ons een is met die eerste mens, net so werklik is ons een met die nuwe Mens, Jesus Christus. Hy laat ons deel in dit wat Hy as teenwoordige persoon, die Christus is en Hy is God én mens in die hemel.

Hierdie eenheid het Zwingli verbygegaan. In die afwesigheid van hierdie deel van die persoon van Christus, stel hy die gemeenskaplikheid van die gemeente.

Dit is myns insiens moeilik om voor te stel dat die gemeente hierdie afwesigheid in die persoon van Christus in die hede vul, sonder dat dit ook dieselfde betekenis en krag van die mensheid van Christus sal kry, volgens Calvyn, die bron van die weldade van Christus.

---

133 Ibid. p.189
134 Ibid. p.191

3. **<u>Die bewese verskil tussen Calvyn en Zwingli</u>**.

Uit hierdie interpretasie van 1 Korintiërs 11 en van Calvyn kan ons met sekerheid konstateer dat die die inhoud van die nagmaalsoortuiging van beide Zwingli en Calvyn in hoofstukke II, III en IV bewese is.

## VI **DIE NED. GEREF.KERK SE KEUSE VIR DIE ZWINGLIAANSE NAGMAALSBESKOUING DEUR DIE INSTELLING VAN DIE KINDER- OF GESINSNAGMAAL.**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in die sogenaamde kinder- of gesinsnagmaal die Gereformeerde nagmaalsoortuiging en - gebruik ter syde gestel vir die Zwingliaanse nagmaalsoortuiging en -gebruik.

Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk 'n nagmaalsgebruik aanvaar wat uitdruklik deur sy eie belydenisskrifte verwerp word, en daarmee ook die nagmaalsoortuiging wat in sy belydenisskrifte gehuldig word, ter syde gestel.

### 1. **Die doelbewuste afwesigheid van ons eenheid met Christus se mensheid in die hemel, as die wesenlike saak van die nagmaal ook vir kinders.**

In die hele debat oor die sogenaamde kinder-of gesinsnagmaal is ons eenheid met die menswees van Christus in die hemel ter syde gestel. In nie een van die debatte of dokumente van die sinodes of die algemene sinode was dit aan die orde gestel nie.

Die doelbewuste ter syde stelling van hierdie saak blyk uit die hantering van die sinode van Noord Transvaal van die pogings van ds. P.J.Kriel om die eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus, deel van die debat oor die kindernagmaal te maak.

Die sinode van Noord Transvaal het in September 1995 'n ad-hoc kommissie aangestel deur wie kommentaar van kerkrade gevra is op die kindernagmaal. Kriel het aan hierdie kommissie 'n voorlegging gemaak: "Voorlegging aan die subkommissie van die sinode van Noord Transvaal oor kinderkommunie."

In hierdie dokument is die sinode duidelik gewys op hierdie wesenlike saak van die nagmaal wat in die hele kerklike debat en al die amptelike dokumente nie aan die orde gestel was nie:

"3.<u>Die gronde van die Gereformeerde standpunt oor die regte gebruik van die nagmaal.</u>
Uit die aanhalings van Calvyn en die Heidelbergse Kategismus is dit duidelik dat hulle dit uitdruklik stel dat die kinders nog nie die liggaam van die Here kan onderskei, die dood van die Here kan verkondig, die dood van die Here kan gedenk, berou oor hulle sonde kan toon en hulle enigste heenkome in Christus soek nie of hulle self beproef of hulle in Christus is nie.

Hierdie eise wat hulle stel ten opsigte van die regte gebruik van die nagmaal is omdat hulle met die vraag geworstel het en beantwoord het: "Hoe eet 'n mens die liggaam van Jesus en hoe drink 'n mens die bloed van Jesus?"

In hierdie saak moet onderskei word tussen die gebruik van die tekens van die nagmaal en deelneem aan die saak van die nagmaal. Dit is nie hulle wat die brood eet en die wyn drink wat die nagmaal eet en drink nie. Dit is hulle wat die Here se liggaam eet en sy bloed drink wat die nagmaal eet en drink.

Daarom is daar nie 'n vraagstuk in die Reformasie soos: "Wie mag brood eet en wyn drink?" sonder dat dit presies bedoel word as: "Hoe eet 'n mens die Here se liggaam en hoe drink jy sy bloed nie?"

Hoe ons Christus se liggaam eet en sy bloed drink, word beantwoord in die belydeniskrifte:

a. "76 Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is te drink?

antw. Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem em daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken om boonop deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c), al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en regeer word.

Ons kan net op een manier Christus eet en drink: deur die hele lyding en sterwe van Christus te glo en deur te glo dat sy liggaam as mens vir ons die bron en voeding van die ewige lewe is. Die kategismus is duidelik dat hierdie tweede deel van "eet en drink" wesenlik noodsaaklik is om Christus te "eet en drink". Hierin word die gebruik van die nagmaal binne die Ned. Geref. Kerk direk gekoppel aan die saak soos Calvyn dit stel in Institusie Boek 4 4.17.5 tot 4.17.9.

Die kern van die tweede deel van Heid. Kat. 76 beskryf Calvyn as volg: "Tussen my woorde en hulle s'n is daar inderdaad dié verskil dat om te eet vir hulle slegs beteken om te glo; ek sê egter dat ons Christus se vlees eet deur te glo omdat Hy deur die geloof ons eie gemaak word en dat so eet die vrug en die gevolg van die geloof is." Dit is hierdie manier waarop Christus geëet en gedrink word wat vir al die Reformatore waarop ons belydenis teruggaan, die gronde vorm vir die regte deelname aan die nagmaal. "Daaruit volg dat ons die nagmaal nie reg gebruik nie tensy ons ons oë op God rig en omhels wat Hy ons bied nie."

Ons eet en drink Christus dus wanneer ons in die sakrament sy liggaam as mens en ons vereniging met Hom as mens in die hemel deur die Gees ontvang. Hierdie aanneming is 'n geloofshandeling waarin ek weet hoe Hy Homself gee en hoe ek Hom ontvang. Dit is alleen in hierdie aanneming van my vereniging met die liggaam van die Here in die hemel deur die Gees, dat die lyding, kruisiging en opstanding van die Here in die nagmaal geëet en gedrink word.

Wie nie in die nagmaal Christus so aanneem nie, eet nie die liggaam van die Here en drink ook nie sy bloed nie, al gebruik hy die tekens.

4. **<u>'n Algehele afwesigheid van die vraag hoe eet 'n mens die liggaam van die Here en hoe drink 'n mens sy bloed in die verslag van AKLAS/AJK.</u>**

Die behandeling van hierdie vraag wat die kern vorm van die Reformatore se standpunt oor die kinderkommunie, is totaal afwesig in die verslag van AKLAS/AJK. Hiervoor is daar 'n baie spesifieke rede: die verslag gaan oor hoekom mag kinders die brood en wyn gebruik, d.i. die verbondstekens. Die hele onderbou van die verslag is dat omdat kinders in die verbond is, mag hulle die tekens van die verbond gebruik; omdat hulle in die verbond ingesluit is, mag hulle nie van die nagmaal as verbondsteken uitgesluit word nie.

Met hierdie uitgangspunt word Heid. Kat. 81 dan so gelees as sou dit nie op kinders van toepassing wees nie. Hoe 'n mens die liggaam van Christus eet, nie die brood as teken nie en hoe 'n mens die bloed van die Here drink, nie net wyn as teken van hierdie "eet en drink" van die Here self nie, word glad nie aan die orde gestel nie.

Daarmee word die gronde van die standpunt waarvolgens die Reformasie gedoopte kinders van die nagmaal weerhou het - gewoon net genegeer asof dit nie belangrik of ter sake is nie. In die plek van die werklike gronde van die Reformasie word valslik motiewe soos "individualisme" aan die standpunt van die Reformasie toegedig."[135]

Die ad-hoc kommissie het geen bespreking van hierdie stukke toegelaat nie en ook besluit om hierdie stuk nie aan die sinode van Noord Transvaal deur te gee nie. Die aktuarius van die sinode van Noord Transvaal het Kriel aanbeveel om hierdie saak as beskrywingspunt aan die sinode deur te gee.

Die beskrywingspunt het gevra dat die sinode in sy bespreking van die kinder-kommunie o.a. die volgende stellings as bewese sou aanvaar:

"12. Die geloofsoortuiging op grond waarvan die Gereformeerde Reformatore hulle teologiese standpunte gestel het en die Skrifgedeeltes teen kinderkommunie aangevoer het, is verwoord in die Heidelbergse kategismus vr. en antw 76: hoe eet 'n gelowige die vlees en drink hy die bloed van Christus as mens in die hemel aan die regterhand van die Vader.
13. Hierdie bepalende geloofsbelydenis vir die verwerping van die kinderkommunie en die teks hantering deur die Gereformeerde Reformatore, is glad nie deur die verslae van AJK/ AKLAS aan die orde gestel of hanteer nie.
14. Die spesifieke standpunt oor kinderkommunie en die wyse waarop die Skrif t.o.v.kinder kommunie deur die Gereformeerde reformatore hanteer het, is nie weergegee deur die verslae van AJK/AKLAS nie.
15. Die standpunt wat AJK/AKLAS deurgegee het aan die kerk dat die Heid. Kat. vr. en antw. 81 nie kinders sou uitsluit nie, is in direkte teenspraak met die eie uitleg van die opstellers van die Heidelbergse kategismus wat vr. en antw. 81 as gronde aanvaar vir die uitsluiting van kinders by die nagmaal.
16. Die indruk wat die verslae van AJK/AKLAS maak dat Calvyn dit as 'n misverstand sou beskou dat volle insig in die betekenis van die nagmaal 'n kwalifikasie vir die nagmaal is, is vals. Hy het dit juis as kwalifikasie vir die deelname aan die nagmaal gestel.
17. Die opbreek van die geloof in die Evangelie in eenvoudiger, kinderliker geloofsdele teenoor meer volwasse geloofsdele is deur die Reformasie as dwaling verwerp.
18. Die veronderstelling van 'n geloofshandeling sonder die spesifieke en verantwoordbare kennis van die Evangelie is 'n dwaling." [136]

Die ad-hoc kommissie van die sinode van Noord Transvaal op die kinderkommunie het egter 'n orde-mosie op hierdie beskrywingspunt ingedien wat die bespreking daarvan ter syde gestel het "Die sinode bedank ds PJ Kriel vir sy moeite om 'n deeglike studie van die kinderkommunie te maak. Die sinode neem kennis van die memorandum/ beskrywingspunt." [137] Die motivering vir hierdie ordemosie lees soos volg:

"1. In verband met die dokument wat deur ds PJ Kriel oor die kindermagmaal opgestel is en in die

---

[135] Kriel, P.J. Voorlegging aan die subkommissie van die sinode van Noord Transvaal oor kinderkommunie. Ongepubliseerde studiestuk voorgelê aan die ad-hoc kommissie van die sinode van Noord Transvaal vir verslag aan die sinode van Noord Transvaal van 1997, 1997 pp.7-9
[136] Agenda, Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Beskrywingspunt oor kindernagmaal B.12.2, (Kriel, P.J.) Pretoria 1997, p.142
[137] Handelinge , Ned. Geref.Kerk., Noord Tranvaal Sinode, Ad-hoc Kinderkommunie:Tweede verslag, (Müller J.C. en Botha W.J.) Pretoria 1997, p.155

agenda opgeneem is (49 en 142), rapporteer die kommissie soos volg:
"1.1 Die kommissie was deeglik bewus van ds Kriel se standpunte. Ds Kriel se memorandum as ook 'n verskeidenheid ander dokumente is vooraf ontvang en bestudeer en eers daarna is die verslag wat voor die sinode dien, opgestel en die aanbevelings gemaak. Trouens, ds Kriel was die enigste persoon wat sy saak persoonlik voor die kommissie kom toelig het. Ds Kriel se stukke wat in die agenda opgeneem is, kom in hoofsaak ooreen met dit wat vooraf aan die kommissie voorsien is. Hierdie nuutste dokumente is weereens sorgvuldig deur die kommissie oorweeg.
1.2 Ds Kriel se beredenering berus op die aanname dat die standpunte van die "Gereformeerde Reformatore" nie met genoeg erns bejeen is nie. Dit is nie waar nie. Die bevindinge van die kommissie berus op deeglike wetenskaplike navorsing wat oor jare gedoen is en alle tersaaklike standpunte is in ag geneem. Op grond van ons studie is ons daarvan oortuig dat ons aanbevelinge oor kinderkommunie in lyn is met die wesenlike reformatoriese teologie. 1.3 Die kommissie se benadering was nie om net te probeer vasstel wat die "Gereformeerde Reformatore" oor die saak te sê het nie. Dit was eerder vir ons belangrik om opnuut 'n Bybelse teologie te probeer formuleer oor die plek van kinders in die geloofsgemeenskap en aan die nagmaalstafel. Ons is daarvan oortuig dat ons standpunt op grondige teologiese beredenering berus."[138]

Hierdie beskrywingspunt is tog wel onder die aandag gebring van die Algemene Sinode deur 'n besluit van die sinode van Noord Transvaal: "Voorstel: Beskrywingspunt B.12.2 (PSHF Strümfer/PB Naude – goedgekeur: Word verwys na die AJK as 'n beskrywingspunt wat wél afgekeur is, maar aandag verdien." [139]

Uit hierdie stukke is dit duidelik dat die eenheid met Christus as mens in die hemel deeglik onder die aandag van die Ned. Geref. Kerk gebring was. Ten spyte hiervan is dit ter syde gestel.

## 2. <u>Die keuse vir 'n Zwingliaanse opvatting in die besluite van die Algemene Sinode 17 Oktober 1998.</u>

Die Algemene Sinode se besluit ten opsigte van Kinderkommunie lui soos volg: " 8.13 Kinders by die nagmaal (432 en 434) 1.Die Algemene Sinode besluit dat * gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, en * aan die vereistes van 1 Kor.11 voldoen, en * die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word. ... 8.15 Ouderdom by belydenis van geloof (435:2.12.2 ) Die Algemene Sinode besluit: 1.By die toelating van kinders tot die nagmaal verval belydenisaflegging as toelatingsvoorwaarde vir die nagmaal. 2.Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode " [140]

---

[138] <u>Handelinge</u> , Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Ad-hoc Kinderkommunie:Tweede verslag, (Müller J.C. en Botha W.J.) Pretoria 1997, p.155
[139] <u>Handelinge</u> , Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Ad-hoc Kinderkommunie: eerste verslag, Pretoria , 1997, p.178
[140] <u>Handelinge</u> , Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Besluite register, Pretoria, 1998 p.515

Om die motivering waarmee en die oortuiging waarin hierdie besluite geneem is, aan te toon, gaan ons eers die bronne wat gerig is op die lidmate van die kerk toelig. Die eerste is die verslag van die Algemene Sinode wat as motivering vir die besluite gedien het. Die tweede is die handleiding: "Brood en wyn vir groot en klein" van Bybelkor. Die derde is "Saam aan tafel" van Cas Vos en die vierde is die eerste kategesehandleiding waarin die kindernagmaal aan kinders voorgehou word.

In hierdie stukke word die nagmaal aan lidmate weergegee. Daarna sal ons kyk na die wetenskaplike begronding van hierdie besluite en inligting.

## 2.1 **"Kinders aan die nagmaaltafel" Verslag van die Algemene Sinode 1998**.

### 2.1.1. **'n Alternatiewe gemeenskap vir die eenheid met die menswees van Christus.**

Hierdie verslag stel in die plek van die gemeenskap met die menswees van Christus in die hemel, 'n alternatiewe gemeenskap as voorwaarde vir die gebruik van die nagmaal – die "verbondsgemeenskap".

"Almal wat aan die verbondsgemeenskap behoort, het die reg van deelname aan hierdie maaltyd. Kinders is ingesluit by die verbondsgemeenskap en het in oud-Israel as babas die besnydenis as teken daarvan ontvang. Daarom het kinders deel gehad aan die godsdienstige feeste en was hulle ook betrokke by die pasgaviering. In die Nuwe Testament dien die doop as teken van insluiting in die verbondsgemeenskap. Dit impliseer die reg van deelname aan die verbondsmaaltyd, die nagmaal. Die vraag is op watter wyse van hierdie reg gebruik gemaak kan word. Daar is egter min inligting in die Nuwe Testament oor die wyse waarop die nagmaal gevier is."[141]

Die reg tot nagmaal gaan nie meer oor die gemeenskap met die mensheid van Christus nie. Hierdie reg lê nou in dit wat genoem word die "verbondsgemeenskap". Met hierdie alternatiewe gemeenskapsbegrip, word die gemeenskap met die menswees van Christus gewoon net ter syde gestel. Die nagmaal is teken van die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus. Calvyn en die Gereformeerde Kerke het hierdie gemeenskap met Christus as die gemeenskap gestel waaraan elke persoon moes deel om aan die nagmaal deel te kan neem.

In hierdie alternatiewe "verbondsgemeenskap" word die gemeenskap met Christus in sy mensheid, soos deur die Gereformeerde Kerk bely, ter syde gestel.

---

[141] Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae A6-1 Kinders aan die nagmaaltafel, Pretoria, 1998 p.117

Hierdie ter syde stelling blyk uit die stelling dat: "Daar is egter min inligting in die Nuwe Testament oor die wyse waarop die nagmaal gevier is". Die wyse waarop Christus geëet en gedrink moet word in die nagmaal, word genoegsaam en volledig beskryf. Dit gaan oor al die Skrifgedeeltes waarin gestel word dat ons " in Christus" is. Om te sou wou beweer dat daar nie genoeg inligting in die Nuwe Testament is oor hoe Christus se liggaam geëet en sy bloed gedrink moet word in die nagmaal nie, sou beteken dat daar nie genoeg inligting in die Nuwe Testament is hoe om te deel in Christus se mensheid in die hemel nie.

Die bedoeling van die verslag is dus dat daar nie genoeg sosiale en maatskaplike inligting is oor die deelnemers en deelname aan die seremonie van die nagmaal in die Nuwe Testament nie.

Waarom moet die reg van kinders om aan die nagmaal deel te neem, gemeet word aan die sosiale en maatskaplike samestelling van die gemeenskap waarin die nagmaal gebruik was? Dit wys op wat in hierdie verslag met "verbondsgemeenskap" bedoel word - dit is die gemeenskap van die lidmate as godsdienstige groep - uit hulle sosiale en maatskaplike samestelling as groep word die wyse van deelname aan die nagmaal afgelei. Daarom word dit ook direk gekoppel aan die "godsdienstige feeste". Die reg tot die nagmaal word gegrond in die deelwees van hierdie godsdienstige groep:

"Hierbo is aangedui dat die kinders as lede van die gemeente die reg het om deel te neem aan die nagmaal."[142] "Daar word tans groter aksent geplaas op die gemeente as die liggaam van Christus. Dit het ook besondere implikasies ten opsigte van die kind se plek in die gemeente en sy betrokkenheid in alle aspekte van die lewe en die werk van die kerk. Verder word nuwe aksente in die geloofsonderrig gelê op die feit dat die kind allereers nie leer deur kognitiewe inhoude te ontvang nie, maar deur te belewe en betrokke te wees. ... Dit is van die grootste belang dat bogenoemde agtergronde by die invoering van kinderkommunie verreken word. Dit sal dus op so 'n wyse moet geskied dat aan die spesifieke behoeftes van waaruit by die kinderkommunie uitgekom is, voldoen word.

Samevattend kan veral die volgende behoeftes as oorsake genoem word:

- Die noodsaaklikheid dat die kind moet beleef dat hy ten volle deel van die geloofsgemeenskap is. Dit hang in besonder ook saam met die kind se behoefte aan geborgenheid en die behoefte om te voel dat hy "behoort aan".
- Die feit dat 'n kind se geloofslewe deur wat hy leer, beleef en doen gevorm word.
- Die noodsaaklikheid dat die kind ook in die gemeentelike betrokkenheid die eenheid van die gesinsband moet beleef"[143]

---

[142] Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae A6-1 Kinders aan die nagmaaltafel, Pretoria, 1998 p.118

[143] Ibid. , p.119

Een van die behoeftes van waaruit die kindernagmaal sou kom, sou wees dat die kind sal beleef dat hy ten volle deel van die "geloofsgemeenskap" is. Hierdie geloofsgemeenskap verwys na die gemeentelede se godsdienstige verbintenis tot mekaar. Dit blyk duidelik uit die noue verband wat gelê word tussen die "eenheid van die gesinsverband" en "gemeentelike betrokkenheid."

Die gemeenskap is dus "verbondsgemeenskap", "geloofsgemeenskap" en "gesinsverband". Hierdie gemeenskap word gebruik om aan die kindernagmaal betekenis te gee. Die gemeenskap met die menswees van Christus in die hemel is gewoon net nie aan die orde gestel nie. Hoe anders kan dit dat op hierdie wyse die gemeenskap van die gemeentelede en gesinslede met mekaar, die alternatief word op die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus? Die afwesige menswees van Christus moet gevul word. Dit sal noodwendig gebeur dat die inhoud en betekenis van die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus oorgedra word op die gemeentelede en gesinslede se sosiale verbintenis tot mekaar.

### 2.1.2. **'n Alternatiewe geloof vir deelname aan die nagmaal op die aanvaarding van ons deelname aan die mensheid van Christus in die hemel.**

Hierdie nuwe gemeenskapsbegrip konstitueer 'n nuwe geloof waarin die nagmaal gebruik word:

"Kinders word nie outomaties tot die nagmaal toegelaat nie.
Met kinders, wat vir die eerste keer nagmaal wil gebruik, moet 'n gesprek gevoer word waarin vasgestel word of die merktekens van die geloof in die kind se lewe sigbaar is en of hy die betekenis van die nagmaal verstaan. Elke kerkraad is verantwoordelik vir die gesprek en besluit in die lig van plaaslike omstandighede, hoe om dit te voer.

'n Gesprek word met kinders, wat aan die nagmaal wil deelneem, gevoer oor die betekenis van die nagmaal waarin die volgende sake aangeraak word:

- die brood en wyn wys op die middelaarswerk van Jesus Christus wat vir ons gesterf het;
- deur die genadetekens verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van al ons sondes;
- deur deel te neem aan die nagmaal sê ons dat ons glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons God liefhet en vir Hom alleen wil lewe."[144]

Die tekens van die nagmaal wys op die middelaarswerk van Christus – dat Hy vir ons sonde sterwe. Deur die tekens word ons van die vergifnis van ons sonde verseker en

---

[144] Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae A6-1 Kinders aan die nagmaaltafel, Pretoria, 1998 p.119

ons deelname aan die nagmaal is 'n verklaring van ons geloof, 'n verklaring van ons liefde en 'n verklaring van ons toewyding.

Die hele betekenis van geloof as ons aanvaarding van ons eenheid met die mensheid van Christus in die hemel – is hier afwesig. Die gemeenskap in hierdie geloof - dat Christus vir ons sonde gesterf het en dat ons deur die nagmaal ons toewyding aan God verklaar - is nie gemeenskap met die menswees van Christus in die hemel nie. Die gemeenskap is die verbondsgemeenskap met die gemeentelede: hulle gemeenskaplike deelname in die vergifnis van sonde en hulle gemeenskaplike toewyding en geloof.

Die geloof waarmee kinders die nagmaal moet gebruik, word 'n geloof leeg van die teenwoordige menswees van Christus. Die tekens wat die geloof omhels is ook leeg van die teenwoordige menswees van die Here.

"Die geloof moet derhalwe begryp wat ons verstand nie begryp nie, naamlik dat die Gees waarlik dinge verenig wat ver van mekaar verwyder is.Nou betuig en beseël Hy ook die heilige gemeenskap van sy vlees en sy bloed waardeur Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet asof dit in murg en been indring. Dit doen Hy weliswaar nie deur 'n sinlose leë teken aan ons voor te hou nie, maar Hy bewys daar die krag van sy Gees waardeur Hy volbring wat Hy beloof. En Hy bied en hou daarin die betekende saak aan almal voor wat by daardie geestelike eetmaal aansit." [145]

## 2.2 Die Bybelkor handleiding: "Brood en wyn vir groot en klein".

Prins gee die inhoud van wat 'n kind moet glo om aan die nagmaal deel te neem soos volg weer:

"Die pad wat die Algemene Sinode aanbeveel om kinders tot die nagmaal toe te laat, is 'n gesprek. Daar moet met die kind gesels word oor die betekenis van die nagmaal sodat hy/ sy dit duidelik kan verstaan. Die volgende sake moet in so 'n gesprek aandag geniet: + Die brood en die wyn wys vir ons dat Jesus in ons plek aan 'n kruis gesterf het om ons sonde weg te neem. Ons weet ook dat Hy uit die dood opgestaan het.+. Deur dié tekens verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van al ons sondes. + Deur aan die nagmaal deel te neem, sê ons dat ons aan die Here behoort, ander mense liefhet en vir hulle omgee."[146]

Die nagmaal verwys na die plaasbekledende sterwe van Christus aan die kruis, die liefde en vergifnis van God en dit is ook 'n verklaring van ons kant dat ons aan God behoort. Die nuwe element wat Prins toevoeg is dat deur die nagmaal lê ons 'n verklaring van ons liefde vir ander mense af en van ons barmbartigheid jeens ander mense.

---

[145] Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV Vertaal deur prof. Dr.H.W. Simpson, Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, p. 1686

[146] Prins, R. Brood en wyn vir groot en klein Ouers en kinders saam aan die nagmaaltafel. Wellington: Boland Drukpers, 1999, p.12

Die betekenis van die nagmaal moet volgens Prins aan kinders van 8 tot 12 jaar verder uitgelê word.

**"Die nagmaal is 'n onthou-ete**

Die nagmaal is 'n spesiale ete waar ons daaraan dink dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Die Here Jesus het ons die opdrag gegee om dit vir hierdie doel te gebruik. Jy kan Luk. 22:19 laat lees en dan vra wat die laaste reël beteken. Vra ook waarom dit nodig is dat ons elke keer weer deur die nagmaal daaraan herinner moet word. In 'n wêreld waar mense so besig is met hulle eie dinge en daar so min aan die Here en sy offer vir ons sonde gedink word, is dit nodig dat die nagmaal ons telkens daaraan herinner.

**Die nagmaal is 'n waarborg**

Lees Matt. 26:26 en 28 en verduidelik dat die brood en die wyn nie regtig die liggaam en bloed van Jesus is nie, maar die tekens wat ons aan sy liggaam en bloed herinner. Die Here verseker ons: net soos ons seker is dat ons die brood eet en die wyn drink, net so seker kan ons weet dat Jesus die straf vir ons sonde gedra het Ons hoef nie te twyfel aan wat die Here in sy Woord sê nie. Jesus het verseker vir ons sonde gesterf Maar omdat ons swak is en die duiwel ons ook wil laat twyfel, twyfel ons partykeer daaraan. Daarom het die Here die nagmaal vir ons gegee as waarborg dat Hy vir ons gesterf het.

**Ons behoort aan mekaar**

Met die nagmaal vier ons ook die feit dat ons aan die Here Jesus Christus en aan mekaar behoort. Ons geniet saam die maaltyd van die Here om vir mekaar te sê dat ons soos broers en susters een groot huisgesin is: die huisgesin van God. Ons is aan mekaar verbind en het mekaar lief. 1 Kor. 10:17 verduidelik dit met die beeld van die brood.

**Ons verwag dat Jesus weer kom**

Deur die viering van die nagmaal sê ons ook dat ons lewe as mense wat die wederkoms van Jesus Christus verwag. Ons weet dat ons almal wat kinders van die Here is, eenmaal by Hom sal wees. Lees 1 Kor. 11:26.

**Die nagmaal is 'n vreugdefees**

Die nagmaal is 'n vreugdefees omdat ons die verloste kinders van God is en vir altyd by Hom gaan wees. Soos wat mense 'n feesmaal hou as hulle bly is oor iets, vier ons die nagmaal met blydskap omdat ons weet dat die Here ons sonde vergewe het en ons sy kinders is.

**Nagmaal is dankiesê-tyd**

Die nagmaal is 'n fees van dankbaarheid om die Here te dank vir sy groot genade. Ons dank Hom vir wat Hy gedoen het om ons sonde te vergewe. Ons doen dit nie net met die lippe nie, maar ons gee ook opnuut ons lewe aan Hom om vir Hom te lewe.

**Uitnodiging om deel te neem**

Nadat die formulier gelees is, word almal wat in hulle hart seker is dat hulle die Here Jesus liefhet en Hom wil dien, genooi om aan die nagmaal deel te neem."[147]

Ons eenheid met die menswees van Christus het hier in al die fasette van die nagmaal verval.

Die herinnering gaan oor die sterwe van Christus en die offer wat Hy in die verlede vir ons sonde gebring het. Die herinnering van ons eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus, as die wesenlike deel van die herinnering, het verval.

Die waarborg dat ons werklik substansieel met Hom een is – dat ons deel in sy menswees – word nie meer genoem nie. Die waarborg is dat Hy die straf vir ons sonde gedra het. Die heenwysende karakter van die brood en wyn verval ook. Christus

[147] Prins, R. Brood en wyn vir groot en klein Ouers en kinders saam aan die nagmaaltafel. Wellington: Boland Drukpers, 1999, pp. 26-27.

is ons waarborg. Ons eenheid met Hom in sy menswees is ons waarborg. Omdat hierdie inhoud verval gee Prins hierdie betekenis nou aan die brood en die wyn.

Ons behoort aan die Here en aan mekaar. Hierdie verbintenis tot mekaar sou met die beeld van die brood in 1 Kor. 10:17 verduidelik word. Hierdie toebehoort aan mekaar word nie verbind aan ons gemeenskap aan die mensheid van Christus, wat die kernbetekenis van 1 Kor. 10:14-21 is nie. Dit verval.

Ook in die vreugde en dank gaan dit net oor die vergifnis van sonde. Dit wil sê dit gaan oor die weldade van Christus. Dit gaan nie meer oor ons gemeenskap met Christus self nie.

'n Heel nuwe en eie waarde wat nie by Zwingli terug te vind is nie, is dat die waarde van Christus se mensheid op die brood en wyn oorgedra word. Die brood en wyn gee waarborg, nie meer die teenwoordige mensheid van Christus soos by Calvyn of die Gees van God soos by Zwingli nie.

Hoe totaal die waarde van Christus se teenwoordige mensheid op die gemeente as godsdienstige en sosiale groep oorgedra word, blyk uit die wyse waarop Prins die eise van 1 Kor. 11:27-34 aantoon.

> "Die sinode het besluit dat daar aan die vereistes van 1 Kor. 11 gehoor gegee word. Die verse wat duidelik van toepassing is, is vers 17-34. Volgens 1 Kor. 11:27-34 moet die nagmaalganger kan verstaan dat dit die "liggaam" en "bloed" van Christus is en selfondersoek doen. Verder moet hy/sy die nagmaal nie op 'n ongepaste wyse eet en drink nie. Wat is hierdie "ongepaste wyse" om die nagmaal te vier? Wat is hierdie "selfondersoek" en hoe eet en drink ons " sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is"?
>
> Uit die verband waarin hierdie vereistes gegee word, is dit duidelik dat die gemeente se liefdeloosheid en verdeeldheid ook by die nagmaaltafel sy kop uitgesteek het. Dit is 'n saak wat Paulus by herhaling hanteer: die klieks wat hulle gevorm het (1:2), hulle meerderwaardigheid (4:6) en die geestelike hoogmoed (5:6). Die eenheid van die liggaam van Christus is die saak waaroor dit gaan. Hulle nagmaalgebruike het hulle gebrek aan eenheid openbaar. Die bevoorregtes wag nie vir die armes (waarskynlik slawe wat langer ure gewerk het) by die tafel nie. Dit is die ongepaste wyse van brood eet en uit die beker drink. Daaroor moet die selfondersoek van die gemeente gaan: Is ons almal hier? Is daar nie sommige van ons oorgeslaan nie? Die slawe, die eenvoudiges, die ongerekendes is diegene wat uitgelaat is by die bediening van brood en wyn. Daarom is dit opmerklik dat Paulus direk hierna oorgaan om meer besonderhede oor die funksionering van die gemeente as liggaam van Christus te skryf. (1 Kor. 12)"[148]

---

[148] Prins, R. Brood en wyn vir groot en klein Ouers en kinders saam aan die nagmaaltafel. Wellington: Boland Drukpers,1999, p. 25.

Die nuwe selfondersoek, waardige wyse van eet en drink van Christus en onderskeiding van sy liggaam en bloed word met hierdie vraag weergegee: " Is ons almal hier? Is daar nie sommige van ons oorgeslaan nie"

In hierdie selfondersoek is daar geen plek of betekenis meer van ons eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus oor nie. Die eenheid met die liggaam van Christus volgens hierdie selfondersoek gaan oor die eenheid van die gemeente in sy groepvorming - "klieks", die sosiale status van sy lede – "meerderwaardigheid", hulle geestelike ingesteldheid – "geestelike hoogmoed" en "liefde" en samehorigheid.

Die eenheid en gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus in die nagmaal word vervang met die teenwoordige gemeente. Die geloofsdaad om Christus in die brood en wyn te aanvaar in sy teenwoordige mensheid, word vervang met die geloofsaanvaarding en die eenheid, onderlinge samehorigheid en tussen-menslike-liefde van die gemeentelede met mekaar.

Die gemeente as sosiale en godsdienstige groep het die hele waarde van die teenwoordige mensheid van Christus oorgeneem. Dit is die werklike rede hoekom daar nie plek is in hierdie nagmaalsviering vir die eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus nie.

### 2.3 **"Saam aan tafel." Cas Vos.**

Vos gee die nuwe betekenis van die kindernagmaal weer in 'n nuwe nagmaalsformulier wat hy opgestel het:

"Die sakramente (die doop en die nagmaal) behoort tot die hart van die geloofsgemeenskap. Dis feeste wat die gemeente vier. 'n Formulier se funksie is om die sakramente te verduidelik. Deur die formulier word die gemeente geleer. Die formulier stel klein en groot in staat om te hoor sodat hulle kan verstaan wat hier gebeur.
Kinders wat aan die nagmaal wil deelneem, moet saam met hulle ouers luister na 'n formulier wat hulle kan verstaan. Hier volg 'n voorbeeld van 'n formulier vir klein en groot om saam aan tafel te verkeer. Jy kan hierdie formulier aan jou kind(ers) voorlees. Dit kan ook as formulier by die nagmaal gelees word:

Liewe broers, susters, jongmense en kinders.

Ons is lidmate van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ......................... Toe ons klein was, het ons deur ons doop lidmate van die gemeente van die Here geword. By ons doop het die Here vir ons gesê: "Ek is jou God. Ek belowe om altyd by jou te wees en jou te help." Hy het toe sy Naam oor ons uitgeroep: "Julle is gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Hiermee het die Here aan ons gevra om Hom te vertrou en om Hom te volg. Ons doop vra ook van ons om Naamdraers van die Here te wees. Almal moet kan sien dat ons aan die Here behoort en dat ons sy

te glo en om Hom lief te hê.

Die Here het vir sy kinders die nagmaal gegee. Hier op die tafel sien ons die brood en die wyn. Die brood en die wyn wys soos vingers na die liefde van die Here. Brood en wyn is die bewyse van die Here se liefde. Die brood sê dat Jesus sy liggaam vir ons sondes laat breek het. En die wyn sê dat Jesus sy bloed vir ons sondes laat vloei het. As ons die brood eet en die wyn drink, sê ons dat ons dit glo. Ons sien met ons eie oë wat Jesus vir ons gedoen het. En ons proe hoe lief die Here ons het. As ons die brood eet en die wyn drink, loop ons harte oor van blydskap. Want Jesus het ons só lief en ons het Hom net só lief. En ons het mekaar ook lief.

Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, maak dit ons geloof in die Here sterk. Dit maak ons sterk om te stry teen alles wat die Here se Naam deur die modder sleep en ons naaste in 'n swak lig stel. Die nagmaal gee ons krag om met mekaar en ander mense oor God te praat, na mekaar en ander te luister en die Here te dien en te volg. Ons kry ook krag om na ons naaste se belange te soek en hom/haar met ons liefde en diens by te staan. As iemand honger het, moet ons aan hom/haar brood gee; as iemand dors is, moet ons aan hom/haar water gee en as iemand val, moet ons hom/haar optel. Ons moet mense wat moed verloor het, help om weer moed te skep. En ons moet mense wat hartseer is, troos.

Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, word daar 'n verlange by ons wakker dat die Here Jesus sal terugkom. Ons sien met verlange daarna uit om saam met God op die nuwe hemel en die nuwe aarde te bly. Die Heilige Gees hou hierdie verlange by ons lewend.
Kom laat ons nou ons geloof hardop bely. Ons sê die Twaalf Artikels saam op.

Ons aanbid U, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons dank U dat ons deur Jesus Christus u kinders kan wees en dat die Heilige Gees ons van ons kindwees verseker. Hier by u fees wil ons u vaderskap en ons kindwees vier. Ons bid dat wanneer ons die brood eet, ons u liefde op ons tonge sal proe, en wanneer ons die wyn drink, ons u vergifnis sal smaak. Voed en versterk ons geloof in U en ons liefde vir U en vir mekaar. Maak ons u vrolike en dankbare kinders. Ons vra dit alles in die Naam van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees."

*Kom ek verduidelik weer vir julle wat die Here self oor die nagmaal gesê het. Dit het alles die nag gebeur toe Jesus gevang is. 'n Rukkie voor Hy gevang is, het Hy saam met sy getrouste volgelinge geëet. Hy het die brood gevat en vir God daarvoor dankie gesê. Hy breek die groot stuk brood toe in kleiner stukke en deel dit uit. Terwyl Hy dit doen sê Hy: "Dit is my liggaam wat net so gebreek word. Julle sal baie daarby baat. Elke keer wat julle dit eet, moet julle dink aan wat Ek alles vir julle gedoen het."*"[149]

## Hierdie nagmaalsformulier moet gelees word saam met die nuwe eise waaraan 'n kind moet voldoen om die nagmaal te kan gebruik.

"Hierdie tekste staan in Matteus 26:26-28; Markus 14:22-24; Lukas 22:19-20; Johannes 6:53-58 en 1 Korintiërs 11:23-26. Bespreek die tekste met jou kind en maak dit vir hom/haar duidelik. Jy moet ook seker maak dat jou kind op die volgende vrae "ja" kan antwoord:
Glo jy dat toe jy gedoop is, die Here gesê het dat Hy jou God is?
Glo jy dat die Here deur jou doop die weg vir jou oopgemaak het om Hom ook lief te hê? /
Glo jy dat Jesus in jou plek vir jou sondes gesterf het en dat die brood en die wyn die bewyse daarvan is?
Het jy die Here waarlik lief en wil jy vir Hom leef?
Glo jy dat die Heilige Gees geloof aan jou gee?
Glo jy dat die Heilige Gees in jou hart bly?
Glo jy dat die Heilige Gees alles wat God aan jou in die Bybel belowe het waar maak?
Glo jy dat die brood en die wyn jou geloof in die Here sterk maak?
Wil jy graag 'n getroue lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ................ wees?"[150]

---

[149] Vos, C. Saam aan tafel. Kaapstad: Lux Verbi, 1999, pp.45,46.
[150] Vos, C. Saam aan tafel. Kaapstad: Lux Verbi, 1999, p.41

Naam groot maak. Omdat die Here Hom aan ons verbind het, maak Hy dit vir ons moontlik om in Hom

Uit hierdie formulier en vrae is die volgende duidelik.

1.Die doop is 'n teken dat kinders deel van die gemeente geword het en aan God behoort. Die doop word nie aangedui as 'n teken van die inlywing in die mensheid van Christus in die hemel nie.

2. Die nagmaal is 'n teken van die plaasbekledende dood van Christus in die verlede. Die geloof wat die nagmaal vra is geloof dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Daar is geen vermelding van die teenwoordigheid van die liggaam van Christus – sy eie liggaam nie. Daarom is die herinnering ook net 'n herinnering van die verlede en nie van die teenwoordige menswees van Christus nie:

"By die nagmaal het die brood en die wyn ook 'n *herinneringsfunksie*. Deur die brood te eet en die wyn te drink word ons daaraan herinner dat die verlossing wat God aan ons gee, sy Seun se lewe gekos het. Die spreekwoord "die een se dood, is die ander se brood" word by die nagmaal letterlik waar. By die nagmaal word ons herinner aan Jesus Christus se dood. Ons sien sy dood in die brood. Die brood herinner ons nie net aan sy dood nie, maar ook aan die *lewe* wat deur sy dood kom. By die nagmaal word ons gevoed met die brood van die lewe. En die wyn herinner ons daaraan dat Hy sy lewe (bloed) gegee het om ons sondes te versoen. Ons vier dié versoening in die nagmaal."[151]

Die lewe waaraan ons deelkry is ook nie die eie menswees van Christus in die hemel nie, dit is die lewe wat Calvyn as die vrug van die vereniging met Christus aandui: ons nuwe geestelike lewe.

3. Daar is geen verwysing na die nagmaal as 'n gemeenskapsmaal waarin ons deel in die mensheid van Christus nie. Die gemeenskap is met God en met mekaar as gelowiges.

4.Die nagmaal word hier ook 'n eed van getrouheid:ons kom en verklaar met die tekens aan God ons geloof in Hom – ons sê ons glo. Hierdie getrouheidseed word verder gevul as 'n teken waardeur ons vir God sê hoe baie lief ons Hom het. Hierdeur word die tekens van die nagmaal ook tekens waardeur ons ons liefde vir God verklaar. Vos neem die motief wat Calvyn by Zwingli afgewys het, op as 'n deel van die nagmaal se betekenis: "

"Die woord *sakrament* kom nie in die Bybel voor nie. Tertullianus (ongeveer 150/155-222/223) het dit die eerste keer gebruik. Die Latynse woord *sacramentum* het twee betekenisse. Dit is in die eerste plek die borgsom wat twee persone wat in 'n regsgeding betrokke is, in die tempel neersit. In die tweede plek is dit 'n krygseed, 'n eed van trou wat 'n soldaat aan die vaandel aflê. Tertullianus het waarskynlik

---

[151] Ibid. , p.27

die tweede betekenis in gedagte gehad toe hy van die sakrament van die water en van die sakrament van die eucharistie (nagmaal) gepraat het."[152]

5.Vos neem ook dieselfde motief as Prins op deur aan die brood en wyn die waarde te gee wat die mensheid van Christus het – hy stel uitdruklik dat die brood en wyn as tekens ons geloof sterk maak. Ons geloof word gesterk deur die menslike liggaam van Christus en ons eenheid met sy menswees. Die brood en wyn kan nie geloof versterk nie. Dit is ons eenheid met die mensheid van Jesus Christus in die hemel wat ons geloof versterk. Deur die tekens word ons van hierdie eenheid verseker. Sonder hierdie eenheid is die tekens kragteloos.

6.Vos dui die werk van die Gees aan as die gee van vergifnis en die wedergeboorte met die nuwe lewe uit die wedergeboorte. Die werk van die Gees waardeur die mensheid van Christus vir ons 'n teenwoordige mensheid is, is afwesig.

"Hierdie belofte van 'n nuwe hart is deur Jesus waargemaak. Sy Gees vervang die ou kliphart met 'n nuwe hart. En op dié hart skryf die Gees God se wil. Die Gees maak dit nou vir ons moontlik om God se wil van harte te doen. Die Gees laat hierdie hartsvervanging plaasvind omdat Jesus deur sy bloed, dit wil sê sy lewe, vergifnis aan sondaars gee. En ons vier Jesus se vergifnis en die hartsverandering deur die Gees in die nagmaal."[153]

7.Die geloof waarmee die nagmaal gebruik word, is om te glo dat Jesus vir ons gesterf het, vir ons innerlik nuut maak en ons vergeef. Die geloof as die aanvaarding van ons eenheid met die mensheid van Christus is nie deel van hierdie geloof nie.

8.Vos erken glad nie meer die teenwoordige mensheid van Christus in die nagmaal nie: ons gemeenskap is met God wat by ons is, sy Gees wat ons laat deel in sy versoeningsdood en in God se vergifnis en met die gemeentelede. Dit is die oortuiging oor die Heilige Gees wat in die "Confessio fidei de euchristi" afgewys is: "We confess that the spiritual life which Christ bestows upon us does not rest on the fact that he vivifies us with his Spirit, but that his Spirit makes us participants in the virtue of his vivifying body, by which participation we are fed on eternal life. Hence when we speak of the communion which we have with Christ, we understand the faithful to communicate not less in his body and blood than in his Spirit, so that thus they possess the whole Christ." [154]

Die brood en wyn is by Calvyn en die Gereformeerde Kerke tekens van die teenwoordige mensheid van Christus. In soverre as hierdie tekens ons wys op die

---

152 Vos, C. Saam aan tafel. Kaapstad: Lux Verbi, 1999, p.22

153 Ibid. , p.25.

154 Calvin, J. Confession of faith concerning the eucharist in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 redakteurs J. Baille, J.T. McNeil, H.P. van Dusen. London: SCM Press, MCMLIV, pp.168 -169

menswees van Christus is dit sakramente. Die sintuiglikheid van die nagmaal wys ons op die liggaamlikheid van die teenwoordige Christus.

Omdat hierdie mensheid van Christus by Vos afwesig is, kry die nagmaal as sakrament nou 'n nuwe betekenis: dit maak God in sy Gees, sintuiglik.

"Daar is ook 'n tweede manier waarop die verseëling (bevestiging) van ons verlossing plaasvind: *wanneer ons dit met ons hele hart glo.* Ons sien die brood en die wyn by die *nagmaal.* Dit maak 'n honger en 'n dors na God se genade by ons los. Maar méér as dit gebeur. Ons ervaar God se gemeenskap en teenwoordigheid en ons proe God se genade en liefde. By die nagmaal word ons geloof ook gevoed en versterk. Daarom is die sakramente ook in eie reg verlossingsmiddele."[155]

Die gemeenskap en teenwoordigheid wat hier beleef word is met God self. Die tekens van die nagmaal is 'n ervaring van God se gemeenskap, teenwoordigheid, liefde en genade. Dit is nie meer 'n ervaring van die eenheid met die mensheid van Jesus Christus in die hemel nie. Dit is 'n ervaring van die gemeenskap, teenwoordigheid, liefde en genade van Godself in sy Gees, in die afwesigheid van sy mensheid.

Zwingli het ook hierdie gemeenskap met God as die gemeenskap met die Gees van God aangedui. Ook Zwingli het van die nagmaal 'n visuele hulpmiddel gemaak waarin die gemeenskap met die Gees van God self sintuiglik word. Ook Vos maak hierdie gemeenskap met God self - sintuiglik. In die sakramente word God sintuiglik ervaar. Hierdie sintuiglike ervaring van God in sy Godheid word dan aangewys as dat die sakramente verlossingsmiddele in hulle eie reg is.

## 2.4 **Handboek vir die kategeet Graad 4-6 Blou rondte.**

Die eerste katkisasieboek wat die kindernagmaal aan kinders verduidelik is die "Handboek vir die kategeet. Graad 4-6. Blou rondte. " Vir die graad vier tot en met graad ses kinders word die nagmaal soos volg geleer:

"En soos 'n mens baie voorbereidings tref voor 'n partytjie, moet jy ook voorbereidings tref voordat jy die nagmaal gebruik. Jy kan nie sommer net die nagmaal gebruik nie. Daar is 'n paar dinge wat jy voor die tyd moet doen. Kyk of julle uit die volgende gedeelte kan hoor hoe ons ons op die nagmaal moet voorberei. Blaai in julle Bybels na 1 Korintiërs 11:27-34. Gee *genoeg tyd sodat elke kind die gedeelte kan opsoek* Ek gaan hierdie verse hardop lees terwyl julle in julle Bybels volg. Onthou om te kyk of julle kan sien watter dinge 'n mens moet doen voordat jy die nagmaal kan gebruik.

*Lees 1 Korintiërs 11:27-34 stadig sodat selfs die stadigste kind jou goed in die Bybel kan volg, Nadat jy die gedeelte gelees het, gee aan die kinders die geleentheid om jou vraag te antwoord.*

---

[155] Vos, C. Saam aan tafel. Kaapstad: Lux Verbi, 1999, p.23.

*Wys die volgende drie punte aan hulle uit Elkeen moet kans kry om die betrokke punt in sy/haar eie Bybel op te soek:*

1. Ons mag die nagmaal nie op 'n ongepaste manier gebruik nie (vers 27).
2. Ons moet onsself eers ondersoek voordat ons die nagmaal gebruik (verse 28 en 31).
3. Ons moet weet wat die nagmaal beteken (vers 29).

Ek sal probeer om aan julle te verduidelik wat al hierdie vereistes beteken.

**Ons mag die nagmaal nie op 'n ongepaste manier gebruik nie (vers 27)**

*Laat een van die kinders die eerste sleutelwoord ophou.*
Die mense in die Bybelse tyd het elke Sondag nagmaal gevier en dan ook sommer kos saamgebring om na die nagmaal saam te eet. Hulle het dit "liefdesmaaltye" genoem en almal was veronderstel om dit saam met mekaar te geniet. Ongelukkig was daar mense wat nie regtig lief was vir die ander nie. Die arm mense het nie altyd kos gehad om saam te bring nie en moes dan maar sit en kyk hoe die ryk mense al die kos opeet. Die rykes wou nie hulle kos met die armes deel nie. Die rykes het meer aan die lekker kos en die saamkuier gedink as aan die nagmaal self. Hulle was baiekeer ongeskik met die arm mense en het te veel geëet. Dit het nie meer vir hulle om Jesus se dood aan die kruis gegaan nie, maar om ander, minder belangrike dinge. Die Here wil nie hê dat ons die nagmaal op so 'n **ongepaste** manier moet gebruik nie. Jesus moet die belangrikste by die nagmaal wees. Daar moet niks wees wat ons aandag van Jesus aftrek nie. By die nagmaal moet Jesus wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het, vir ons die belangrikste wees. Ons moet tydens die nagmaal dink aan alles wat Jesus vir ons gedoen het.

**Ons moet onsself eers ondersoek voordat ons die nagmaal gebruik (verse 28 en 31)**

*Vra 'n kind om die tweede sleutelwoord te wys.*
Om jouself te **ondersoek** beteken om mooi na te dink oor jou lewe. 'n Mens kan nie die nagmaal gebruik as jy nie die sonde in jou lewe wil laat staan nie. As jy nog vir iemand kwaad is of iemand nie wil vergewe nie of aan die Here ongehoorsaam is, moet jy die Here eers om vergifnis vra. Jy moet besef dat hierdie verkeerde dinge Hom hartseer maak en Hom dan vra om jou te vergewe. Jesus het aan die kruis gesterf vir al hierdie sondes en deur die nagmaal wil Hy juis vir jou sê dat Hy al hierdie dinge wil vergewe. Jy mag dus maar vir Hom sê dat jy jammer is daaroor.

Sê gou vir my - watter sondes doen julle elke dag? *Laat die kinders reageer op die vraag. Hulle kan byvoorbeeld sondes opnoem soos om te vloek, jaloers te wees, te jok en ongehoorsaam te wees aan hulle ouers.* Dit is hierdie verkeerde dinge waaroor julle moet nadink voordat julle die nagmaal gebruik. Julle moet besef dat dit verkeerd is en die Here vra om julle te vergewe. Voordat ons die nagmaal mag gebruik, moet ons eers gaan regmaak. Ons moet met God regmaak deur Hom te vra om ons sondes te vergewe. Maar ons moet ook met ander mense gaan regmaak. Ons moet byvoorbeeld vir iemand om verskoning gaan vra wanneer ons iets verkeerds aan hom/haar gedoen het

**Ons moet weet wat die nagmaal beteken (vers 29)**
*Laat een van die kinders die laaste twee sleutelwoorde ophou.*

Wat beteken die nagmaal? Wat beteken die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink? *Laat die kinders reageer op albei vrae. So kry jy die geleentheid om hulle kennis te evalueer en aan te vul.* Die Here wil hê dat ons eers mooi moet verstaan wat die nagmaal beteken voordat ons dit gebruik. Wie van julle het al alleen julle gesin se motor bestuur? Wie van julle het al met julle pa se geweer of rewolwer geskiet? *Gee die kinders kans om op hierdie vrae te reageer.* Julle bestuur nog nie motors nie en skiet nog nie omdat dit te gevaarlik vir julle is. Dit is nie vir 'n grootmens so gevaarlik soos vir julle nie, want hulle weet hoe om 'n motor te bestuur en 'n vuurwapen te hanteer.

Iets hiervan is ook waar van die nagmaal. Ons moet weet hoe om die nagmaal te gebruik, anders kan dit gevaarlik wees. Ons moet **weet** wat dié nagmaal **beteken** anders gebruik ons dit nie reg nie. Wanneer ons die nagmaal gebruik, sê ons eintlik daarmee dat ons kinders van die Here is. Daarom mag iemand wat nie 'n kind van die Here is nie, nie die nagmaal gebruik nie. Wanneer iemand die nagmaal gebruik, maar nie met sy/haar sondes wil ophou nie, sal dit die Here teleurstel.

Terwyl ons die nagmaal gebruik, dink ons terug daaraan dat Jesus aan die kruis vir ons sondes gesterf het Hy is in ons plek doodgemaak sodat ons hemel toe kan gaan. Wanneer ons die nagmaal wil gebruik, moet ons al hierdie dinge verstaan. Ons moet weet dat ons kinders van die Here is en dat Hy vir al ons sondes aan die kruis betaal het. Eers dan mag ons die nagmaal gebruik.
Kan julle nou sien hoe belangrik dit is dat 'n mens reg voorberei moet wees voordat jy die nagmaal gebruik? Nog baie meer as wat ons ons voorberei op 'n partytjie, moet ons ons voorberei om die nagmaal te gebruik."[156]

Die kernwaarheid van hierdie verduideliking word soos volg saamgevat: "Ek weet wat die nagmaal is en ek is gereed daarvoor."[157]

Die kind moet nou aan 'n hele reeks vereistes voldoen. Die kind moet Jesus die belangrikste laat wees in die nagmaal. Dit moet die kind doen deur aan alles wat Jesus vir hulle sondes gedoen het, te dink en hulle volle aandag net op Jesus te vestig tydens die nagmaal.

Verder moet die kind in 'n volledige selfondersoek ingaan wat handel oor watter en hoeveel sondes hulle gedoen het. Hierdie sondes moet voor die nagmaal nou eers met God en ook met mense reggemaak word. Die wyse waarop die kinders hierdie sondes moet regmaak, is: hierdie sondes moet erken word as verkeerd, hulle moet vir God en mense sê dat hulle jammer is dat hulle dit gedoen het en dan moet hulle God vra om hulle sondes te vergewe.

Saam met hierdie selfondersoek moet die kind volgens hierdie handboek ook eers besef wat beteken die nagmaal. Die nagmaal is 'n verklaring vanaf die kant van die kind dat hy/sy 'n kind van die Here is. Hierdie verklaring wat die kind aflê moet gepaard gaan met 'n onderneming om nie weer sonde te doen nie.

Hierdie selfondersoek en verklaring moet gedoen word terwyl die kind dink aan wat Jesus in die verlede vir hulle sonde aan die kruis gedoen het.

---

[156] Botha E, Dressel L, Els H, Muller J, Muller L, Roux , van Heerden O & van Rooyen MG. Handboek vir die Kategeet Graad 4-4 (Blou rondte). Bloemfontein: N.G. Kerk- Jeugboekhandel, 2000, pp.132-133.
[157] Ibid. , pp.132-133.

Hierdie selfondersoek, eedverklaring en herinnering is so voorwaardelik dat die kind dit eers alles moet doen en verstaan volgens hierdie handboek: "Eers dan mag ons die nagmaal gebruik"[158]

Die eis wat in hierdie katkisasiehandboek gestel word as voorvereiste tot die gebruik van die nagmaal, is die bekering volgens die wet: erkenning en belydenis van sonde, berou oor sonde en die voorneme om nie weer sonde te doen nie.

Hierdie eis tot bekering gaan saam met 'n geloof wat niks meer is as 'n herinnering aan die kruisiging van Christus in die verlede nie.

Hier is die nagmaal nou heeltemal gestroop van enige gemeenskap met Christus. Die kind sien of glo nie meer dat die tekens die wyse is waarop Christus sy eie menswees in die hemel aan ons aanbied nie. Daar is in hierdie voorbereiding van al die kinders van agt tot tien jaar oud – die enigste katkisasie hieroor beskikbaar vir hulle in die Ned. Geref. Kerk – geen geloof in die teenwoordige mensheid van Christus deur die tekens nie. Die tekens word hier simbole van sondebelydenis en 'n eed van getrouheid waarin die kinders deur die tekens verklaar dat hulle kinders van God is.

In geen handboek of leerboek van die Ned. Geref. Kerk van graad een tot en met graad elf word die nagmaal verkondig as die eenheid met Christus in sy mensheid nie. Dit ontbreek totaal.

Die laaste keer wat so iets in die Ned. Geref. Kerk geleer was, was in die katkisasie van 1973. Hierdie was die laaste jaar waarin "Die Katkisasieboek" as leerboek in die Ned. Geref. Kerk gebruik was.

In hierdie leerboek was dit nog as belangrik geag dat die kinders, voor hulle die nagmaal kon gebruik, die nagmaal aanvaar as 'n teken van hulle eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus, in onderskeid van Zwingli se oortuigings:

"a) *Zwingli.*

---

[158] Botha E, Dressel L, Els H, Muller J, Muller L, Roux , van Heerden O & van Rooyen MG. Handboek vir die Kategeet Graad 4-4 (Blou rondte). Bloemfontein: N.G. Kerk- Jeugboekhandel, 2000, p.133.

Vir Zwingli, die hervormer van Switserland, was Christus nie plaaslik en liggaamlik teenwoordig in die Nagmaal nie, ***maar wel geestelik deur die geloof.*** Verder was die Nagmaal vir hom 'n ***belydenis en gedagtenismaaltyd*** waarin die nagmaalganger deur gebruik daarvan sy geloof bely en sy dankbare ge-dagtenis vier aan wat hy voortdurend in Christus het en deur hom geniet.

(b) *Calvyn.*

Calvyn het 'n standpunt tussen, Luther en Zwingli ingeneem. Saam met Zwingli het hy beslis die plaaslike en liggaamlike teenwoordigheid van Christus in die tekens van brood en wyn verwerp. Maar die verdere beskouings van Zwingli het hom nie bevredig nie. Calvyn het dit veral daarop teë gehad *dat Zwingli die gawe van God in die Nagmaal te veel op die agtergrond gedring het en wat die gelowige daarin doen, te veel op die voorgrond. Hy het gevoel dat daar by die gebruik van die Nagmaal tog 'n mistieke vereniging is en 'n treffende gemeenskap beoefen word* tussen Christus en die nagmaalganger, 'n vereniging en gemeenskap wat nie net subjektief van die nagmaal-ganger uitgaan in belydenis en gedagtenis aan Christus nie, maar waarin Christus deur die Heilige Gees deel het. Hy het dus gesê dat alhoewel Christus nie liggaamlik en plaaslik in die brood en wyn teenwoordig is nie, Hy tog waaragtig en wesenlik met sy ganse persoon, ook met sy liggaam geniet word. Hierdie leer van Calvyn het die leer van die Gereformeerde Kerke geword.
Die dwaling van die Roomse is om te leer dat Christus op *materiële stoflike wyse* teenwoordig in die Nagmaal is en stoflik deur die mond aan die sondaar meegedeel word. Die Gereformeerdes, in aansluiting by Calvyn, leer dat Christus in die Nagmaal wel waaragtig en wesenlik teenwoordig is en aan die gelowige meegedeel word, maar dit geskied *nie op materiële, stoflike manier nie, maar wel op 'n geestelike.* Christus word deur die mond van die siel, d.i. deur *die geloof* aan die gelowige meegedeel. Die Gereformeerdes erken saam met Zwingli dat die Nagmaal ook 'n *gedagtenis* en *belydenismaal tyd* is, maar hulle sê met Calvyn dit is ook veel meer. Dit is ook 'n *gemeen skapsmaaltyd.* Die Drieënige God hou in die Nagmaal gemeenskap met die gelowiges en die gelowiges met mekaar. Hierdie gemeenskap van God en nagmaalganger is 'n misterie en moeilik om te begryp. Christus is teenwoordig in die Nagmaal en deel Homself aan die nagmaalgangers mee. Dit is 'n feit. Maar hoe Hy dit doen, weet ons nie. Ons kan net sê dit geskied *deur die werkinge van die Heilige Gees in die hart van die gelowige,* Daarby beoefen die gelowiges *gemeenskap met mekaar.* Hulle erken en bely uit een mond, ryk en arm, oud en jonk: ons was almal verlorenes in die sonde, maar nou is ons seuns en dogters van die Vader in die hemel, verlostes in Christus Jesus. Ons is almal een volk, broers en susters van mekaar, lede van een mistieke liggaam, waarvan Christus die hoof is."[159]

Met die nuwe verklaring van die nagmaal aan kinders in die katkisasie is die standpunt van Zwingli nou die amptelike wyse waarop kinders die nagmaal moet gebruik. Hierdie oortuiging soos geleer vanaf 1950 tot 1973 in "Die Katkisasieboek", is ter syde gestel.

## 2.5 <u>"Die plek van die kind aan die verbondsdis" J.D. Louw.</u>

In die BD skripsie van J.D.Louw kry ons 'n duidelike verwerping van die nagmaals-oortuiging van Calvyn ten gunste van die oortuiging van Zwingli. Louw verwerp Calvyn se oortuiging en stel Zwingli se oortuiging aan die orde as sou dit 'n alternatiewe en nuwe oortuiging wees naas dié van Calvyn en Zwingli.

---

[159] Gereformeerde Sondagskoolkommissie van die Ned. Geref. Kerke van S.A. <u>Die Katkisasieboek</u> Sewende druk Bloemfontein: Die Sondagskoolboekhandel, 1956, p.278

Calvyn se standpunt dat Christus in sy mensheid teenwoordig is ook deur die tekens van die nagmaal, verwerp Louw as 'n probleem wat Calvyn sou skep wat onopgelos sou wees en as "onopgeloste probleem" deel sou geword het van die Gereformeerde belydenisse.

"Ons vind dan dat hierdie probleem, wat nooit werklik deur Calvyn opgelos is nie, oorgedra is in die latere kerk. Die Heidelbergse Kategismus probeer ook hierdie "verborgenheid" in woorde omsit. Vraag 76 lui: "Wat beteken: die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink?" Die kern van die antwoord is dat ons , met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig word." In vraag 79 kry ons die woorde : dat ons „waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word"
Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat in dieselfde rigting as dit sê dat ons „die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Saligmaker ontvang, om effens uit die probleem te kom word bygevoeg „deur die geloof" en „in ons siele", maar ons ontkom nog nie aan die onduidelikheid wat Calvyn nagelaat het nie. Die nagmaalsformulier leer ook dat Christus ons "hongerige en dorstige siele met (Sy) gekruisigde liggaam en vergote bloed tot die ewige lewe spysig en laaf".
Ons kan nie anders as om te konkludeer dat hierdie terminologie waarna die nagmaalvierende gemeente gereeld moet luister, aanleiding kan gee tot groot verwarring by die eet en die drink van die voedsel. Aan die een kant word geleer dat die "brood en die wyn gewone voedsel is met heenwysende karakter, maar aan die ander kant is dit tog op 'besondere manier die ware liggaam en bloed van Christus.

Waarskynlik is hierdie probleem ook 'n groot oorsaak vir die huiwering om kinders toe te laat by die nagmaal. As die volwassenes sukkel om te begryp wat presies gebeur by die nagmaal, hoeveel te meer nie die kinders nie. As die brood en die wyn gevul is met mistieke, misterieuse inhoud, is die kinders dan bevoeg om te verstaan wat hulle eet en drink? Die gevaar is nie uitgesluit dat hulle dan 'n oordeel oor hulleself kan eet en drink nie."[160]

Volgens Louw is hierdie oortuiging dat die brood en wyn nie werklik die vleis en bloed van Christus is soos by die Rooms- Katolieke Kerk nie, maar tekens waarin ons verseker word van en waardeur ons deelkry aan die werklike eenheid met die mensheid van Christus in die hemel, 'n teenstrydigheid wat verwarring by die lidmate skep.

Hy maak ook die stelling dat indien dit die betekenis van die nagmaal sou wees, wat hy verwerp, dit die kinders by die gebruik van die nagmaal sou uitsluit omdat hierdie misterie nie sommer net vir enige een toeganklik is nie. Hy self skryf die ontoeganklikheid van hierdie misterie toe aan die feit dat dit nie maklik begryp kan word nie – so asof die misterie se toeganklikheid deur die verstaanbaarheid daarvan bepaal moet word.

---

[160] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.38 –39.

Verder maak hy ook self die stelling dat indien hierdie misterie die inhoud van die nagmaal is, die kinders 'n oordeel oor hulle self sou drink omdat hierdie misterie nie vir die kinders toeganklik sou wees nie.

Louw stel teenoor hierdie "onopgeloste probleem" en "verwarring" dan die oplossing van dit wat hy noem die "nuwere besinning": "Wat sou dan die werklike betekenis wees van die brood en die wyn wat ons gebruik? Op watter manier is Christus daar teenwoordig indien Hy wel op 'n besondere manier teenwoordig is?"[161]

Die verwerping van die standpunt van Calvyn weens die "verwarring" daarvan en die stel van 'n nuwe oortuiging oor die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal, is vir Louw noodsaaklik om die nagmaal vir die kinders toeganklik te maak.

Louw stel die oortuiging dat hy in 1 Kor.10:18 die oplossing vind van die teenstrydigheid in Calvyn se standpunt:

"Vanuit hierdie teks kan ons dus aflei dat die nagmaal 'n offermaaltyd is. Dit is nie 'n offer nie , (Rome) maar 'n offermaaltyd. „Het is een offermaaltijd en wel de offermaaltijd bij uitnemendheid, die van het Nieuwe Verbond. Wat men in brood en beker ontvangt zijn de offerspijzen van het Nieuwe Verbond zijn de vrugten van het Nieuwtestamentisch offerbloed".

Ons het hier 'n uiters belangrike perspektief op die pasgamaaltyd vir die verstaan van die nagmaalsgebeure. Ons kan hieruit baie duidelik verstaan waarom die brood en die wyn geen misterieuse betekenis het nie. Die voedsel wat ons eet is deur Jesus Christus self geheilig as offervoedsel, m.a.w. dit wys heen na die offer wat plaasgevind het. Wanneer ons hierdie offervoedsel eet dan het ons ook deel aan die offer wat Jesus Christus gebring het. Die heerlike vrugte en seëninge wat vanuit die offer stroom kom ook na my toe.

Daar is dus, "geen enkel reël bezwaar tegen de symbolische opvatting van de instellingswoorden. As Jesus sê "Dit is my liggaam" dan "bedoel Hy eenvoudig „Dit is die teken van my liggaam". Dit val gewoonweg onder die aanskoulike, beeldryke, simboliese manier waarop Jesus gepraat het. ' Vgl, Mt. 23.24-28; Mk. 8:15; Joh. 6:35; 10:7, 11), Verder moet mens nie te veel probeer inlees in die woordjie "liggaam" nie. As Jesus sê die brood is die teken van Sy liggaam, moet ons dit alleen maar verstaan as die teken van die offer wat Hy op die punt was om te bring. In 1 Kor. 10:16 is ook sprake van „gemeenskap met die bloed" en die "liggaam" van Christus. Indien ons hierdie uitdrukkinge letterlik wil opneem beland ons net in dwaalweë. Vers 18 verklaar die uitdrukkinge. Daarvolgens beteken dit eenvoudig dat ons deel het, gemeenskap het aan die offer van Jesus Christus en die vrugte daarvan."[162]

---

[161] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.39.

[162] Ibid. , p.40

Die "nuwere besinning" wat Louw hier aan die orde stel is niks anders as die Zwingliaanse opvatting van die nagmaal teenoor die Calvinistiese opvatting van die nagmaal nie.

Wat opvallend is, is dat die seremonie van die offer in die Ou Testament, wat vir Paulus net 'n voorbeeld is om die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus te verteenwoordig, nou 'n alternatiewe gemeenskap word: die offermaaltyd waarin 'n mens nie aan Christus self meer gemeenskap het nie, maar alleen aan die vrug van sy offerdood.

Hierdie stelling word nie uit die teks verkry nie, maar uit die verklaring dat daar geen beswaar is teen die simboliese opvatting, volgens Zwingli, dat die instellingswoorde van Christus niks meer sou wil sê as dat die tekens "beteken" die offerdood en die vrug van sy offerdood. Hierdie verklaring is nie 'n gevolgtrekking uit die teks nie, maar die nuwe perspektief waarvolgens die teks verstaan moet word.

Louw stel dat indien daar gemeenskap met die mensheid van Christus self in die nagmaal gesoek word, dit ons op dwaalweë sal laat beland. Net soos Zwingli word die opvatting van Calvyn daarmee verwerp asof dit ingesluit is in die oortuiging van transubstansiasie:

"Dit is gewone voedsel wat vir ons getuig dat ook ek deel het nie aan die liggaam of selfs die persoon van Christus in die eerste plek nie, maar dat ek deel het aan die versoening wat straal uit die dood en offerande van Christus."[163]

Louw stel Zwingli se siening dood eenvoudig as die nuwe siening voor, in die oortuiging dat dit naas Calvyn en Zwinlgi, 'n nuwe weg verteenwoordig.

Die teenwoordigheid van en gemeenskap met Christus word, net soos by Zwingli, deur Louw verander van die teenwoordigheid en gemeenskap met die mensheid van Christus in die hemel, na die teenwoordigheid van die gemeente en die gemeenskap met die Gees van Christus los van sy mensheid.

"Ons moet nou nog die vraag beantwoord hoe Christus teenwoordig is by die nagmaal. Jesus Christus is beslis by die nagmaal teenwoordig. Hoe anders - die dood van Christus, wat in die nagmaal herdenk word, is die sentrale gebeurtenis van die nuwe verbond. Dit sou egter naïef en onterend vir die grote

---

[163] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.41

Christus wees om Hom, alleen te soek in die brood en wyn. Om die waarheid te sê ons sal Hom dáár nie kry nie, want Sy plek is baie meer sentraal. Hy sit nog steeds aan die hoof van die tafel en Hy self deel die vrugte van Sy offer uit aan Sy geliefdes. Hy is steeds die Gasheer, die Uitdeler van die gawes. Die Here word wel verteenwoordig deur die ampte. Namens Hom deel hulle die offervoedsel uit, maar Sy plek is aan die hoof van die tafel. So gesien kan ons wel praat van die wonder, die verborgenheid, die misterie van Christus teenwoordig by die nagmaal. Maar dan kry die brood en die wyn ook weer hulle regte plek.

Dit is gewone voedsel wat vir ons getuig dat ook ek deel het nie aan die liggaam of selfs die persoon van Christus in die eerste plek nie, maar dat ek deel het aan die versoening wat straal uit die dood en offerande van Christus." [164]

Christus is nou teenwoordig as die een wat die vrug van sy offerdood uitdeel aan die nagmaalgangers. Hierdie teenwoordigheid van Christus as hoof van die nagmaal beteken nie dat Hy in sy mensheid teenwoordig is nie: "Christus is deur Sy Gees daar as die Gasheer teenwoordig en wil ons op 'n besondere manier ontmoet. Hy wil ons verseker dat ons ook deel het aan die verlossing wat Hy vir ons bewerk het."[165]

Louw aanvaar Zwingli se siening dat Christus deur die Gees teenwoordig is in die nagmaal en dat daar geen sprake kan wees van 'n teenwoordigheid van Christus in sy mensheid nie.

Die teenwoordige mensheid van Christus word nou deur die gemeente se menslikheid vervang: "Die Here word wel verteenwoordig deur die ampte. Namens Hom deel hulle die offervoedsel uit, maar Sy plek is aan die hoof van die tafel. So gesien kan ons wel praat van die wonder, die verborgenheid, die misterie van Christus teenwoordig by die nagmaal. Maar dan kry die brood en die wyn ook weer hulle regte plek."[166]

Die misterie word verplaas vanaf die teenwoordige mensheid van Christus self, na die teenwoordigheid van Christus deur die ampte van die gemeente. Die ampte verteenwoordig nou Christus in sy Gees, in die afwesigheid van sy eie mensheid.

Louw stel die nagmaalsoortuiging wat Calvyn en die Gereformeerde Kerke afgewys het as 'n leë teken – bedoelende dat dit van die mensheid van Christus ontledig is en so van sy inhoud geroof is – as 'n nuwe fonds voor wat die "verwarrende" deel van die nagmaal sou oorkom: "By die nagmaal word ons dus teruggewerp op, en verseker van die mees basiese in ons geloof - ons verlossing in Jesus Christus.

---

[164] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.41
[165] Ibid. , p.44
[166] Ibid. , p.41

In ons nagmaalsbelewing moet ons ons waarskynlik minder bekommer oor die „hoe" en meer sien as 'n geleentheid om God te loof vir die "dat" van ons verlossing. "[167]

Dit is belangrik dat hier gelet sal word op die feit dat die loof van God – bedoelende die erediens – 'n heel nuwe plek kry. Die erediens-byeenkoms in sy lof en aanbidding is die "hoe" gedeelte. Die mededeling van die liggaam vandie Here in die hemel is die "dat" gedeelte. Dit is eg Zwingliaans:

" "The real meaning is: "He praised him," that is, he gave him thanks for all the honour and favours which he had shown to himself and to Joseph and to all his house. Similarly Psalm 145 ought not to be translated: "I will bless thee daily," but, "I will daily give thee praise or thanksgiving." Once we see this point it is easy to understand the word "communion", for we have simply to give it the sense of "community""[168]

Die gemeente se lof en aanbidding in die nagmaal word as alternatief gestel op die teenwoordige mensheid van Christus.

Hierdie ontlediging van die tekens van die teenwoordige mensheid van Christus, maak dat Louw ook 'n ander betekenis moet kry vir die selfondersoek by die nagmaalsgebruik. Die saak waaroor die lidmaat homself nou moet ondersoek is sy eie vroomheid en nie meer sy deelwees in die mensheid van Christus nie:

"Paulus skryf dus hierdie gedeelte om die gemeente te leer dat die nagmaal 'n heilige gebeurtenis is. Dit is nie maar sommer 'n gewone maaltyd sondermeer nie. Dit is 'n heilige byeenkoms wat deur Jesus self ingestel is en besondere betekenis daaraan verleen het (vss, 23 - 25). Verder moet die "liggaam" (van die Here) onderskei of raakgesien word (vs. 29) in die nagmaal. Die term "liggaam" dui nie op 'n „geestelike liggaam" van Christus wat geëet word nie! Ridderbos wys herhaaldelik dat dit 'n teken is van die *vrug* van die offer wat ons deel word. By die nagmaal word dus die skatte van die nuwe verbond aan ons uitgedeel. Daarom is dit 'n heilige gebeurtenis en die Korinthiërs besef dit nie. In hierdie lig moet ons dan ook Paulus se vermaning verstaan dat die gemeente hom moet beproef. Hulle moet weer as gemeente en elkeen afsonderlik hulle instelling teenoor die nagmaal van die Here ondersoek. Is daar by hulle die nodige eerbied en respek, of storm hulle die heiligdomme van God binne om ligsinnig daar te verkeer? Dan kan die gemeente alleen maar die oordeel van God verwag. Hulle is onwaardige tafelgenote van God."[169]

---

[167] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.41

[168] Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics Philadelphia: The Westminister Press, MCMLIII, pp. 236-237

[169] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis., pp.43-44

Die oortuiging van Calvyn is deur Louw as 'n innerlik-teenstrydige standpunt verwerp ten gunste van Zwingli se standpunt, met die voorwendsel dat dit 'n alternatiewe weg is wat gebaseer is op nuwe insigte.

Hierdie pretensie is nie waar nie. In Louw se eie woorde is die misterie van die teenwoordige mensheid van Christus in die nagmaal die saak wat maak dat kinders nie vrye toegang tot die nagmaal het nie.

Daarom word hierdie teenwoordige mensheid gewoon net tersyde gestel en die gemeente word die liggaam wat die Gees van Christus verteenwoordig. Die gemeente in sy ampte en erediens word die nuwe misterie van die eenheid met God. Dit is die keuse vir die standpunt van Zwingli teenoor die standpunt van Calvyn en die belydenisse.

### 2.6 **"Die Kinderkommunie" deur F.J. Clasen.**

Die eenheid van die kerk met die teenwoordige menswees van Christus ontbreek ook geheel en al in die nagmaal in die studie van Clasen. Hierdie saaklike afwesigheid van dit wat as die hoofsaak van die nagmaal aanvaar is deur Calvyn, is nie toevallig nie. Dit is noodsaaklik vir die nuwe gemeenskapsbegrip wat Clasen aan die orde stel: die gemeenskap in die nagmaal is die gemeenskap van die lidmate met die gemeente.

In Clasen voltrek die Zwingliaanse uitgangspunt hom volledig. Die teenwoordige mensheid van Christus word vervang met die gemeente as die teenwoordige liggaam van Christus.

#### 2.6.1 **Die "korporatiewe persoon" van Christus as alternatief op die teenwoordige mensheid van Christus.**

In die plek van die teenwoordige mensheid van Christus kies Clasen dit wat verskillende skrywers die korporatiewe persoon van Christus noem. Die korporatiewe persoon van Christus is nie sy teenwoordige mensheid nie, maar die feit dat Hy in Homself ander verteenwoordig:

"Volgens Schnackenburg (1964:114) vorm die gedagte van die korporatiewe persoonlikheid deel van Paulus se Joodse erfenis. Ook Du Plessis (1984:226) is van mening dat dit 'n begrip is "wat ons reeds in die Ou Testament teëkom waar die stamvader of koning of 'n ander figuur sy stam of volk of

ander wat hulle met hom vereenselwig, representatief in homself saamsluit -" "n soort van korporatiewe persoon".[170]

Die eenheid van die gelowige met Christus is daarom ook nie meer die eenheid in sy teenwoordige mensheid nie. Dit is om deel te hê aan hierdie korporatiewe persoon van Christus.

Met hierdie "korporatiewe persoon" van Christus word die leegheid van die nagmaalstekens soos Calvyn dit uitwys teenoor Zwingli, oorgedra op Christus self. Sy teenwoordige mensheid word vervang met 'n beginsel van verteenwoordiging.

### 2.6.2 Die teenstelling "wie" en "hoe" as teenstelling tussen die teenwoordige mensheid van Christus en die gemeentelede as liggaam van Christus.

Clasen stel die teenwoordige mensheid van Christus heeltemal tersyde in sy uitwys van die gemeente as die liggaam van Christus.

Hy doen dit met die teenstelling van "wie" teenoor "hoe": "Oor presies wie aan die nagmaal mag deelneem, gee die Nuwe Testament geen definitiewe antwoord nie; sekere riglyne word egter wel neergelê oor hoe die nagmaal gevier behoort te word. In hierdie geval is dit veral 1 Korinthiërs 11 wat belangrik is."[171] en "Die Nuwe Testament bied geen direkte antwoord op die vraag wié die nagmaal mag gebruik nie; miskien is juis dít die rede waarom "The church's practice on admission to Holy Communion has varied through the centuries'[1] (Pritchard 1980:68).[172]

Hierdie stellings bring hom tot die volgende gevolgtrekking: " Om saam te vat; aangesien die vraag na **wie** die nagmaal mag gebruik (en dan veral met betrekking tot kinders) nie teologies of histories beantwoord kan word nie, is 'n herbesinning vanuit 'n ander perspektief nodig, naamlik die **wyse** waarop die nagmaal (deur die gemeente van Christus) gevier moet word.[173]

Uit hierdie gevolgtrekking stel hy dan sy alternatief op die teenwoordige mensheid van Christus onder die opskrif: "Die gemeente as liggaam van Christus aan die tafel

---

[170] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.18.
[171] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.119.
[172] Ibid. , p.148.
[173] Ibid. , p.221.

van die Here." : "Die vraag wat (binne die raamwerk van hierdie studie) beantwoord moet word, is dus nie wie die nagmaal mag gebruik nie, maar hoe die (gedoopte) gemeente van Christus die nagmaal moet vier om reg te laat geskied aan die Bybelse riglyne oor die deelname aan die nagmaal? Aan die hand van die volgende formulering word in hierdie hoofstuk gepoog om 'n antwoord op die vraag die bied: AS LIGGAAM VAN CHRISTUS AAN DIE TAFEL."[174]

Clasen maak 'n stelling wat innerlik teenstrydig is. Hy stel dat die Skrif nie, en daarom ook nie sy eie studie nie, werk met die vraag wie die nagmaal gebruik nie, maar stel dan terselfde tyd dat die vraag wat geantwoord moet word, is hoe die gemeente die nagmaal moet gebruik. Hiermee wys hy dat sy uitgangspunt is dat die vraag "wie" die nagmaal moet gebruik vanselfsprekend die gemeente is.

Die Refomasie het eers gevra wie is die Christus met wie ons in die nagmaal gemeenskap het en vir hierdie vraag is daar genoegsame inligting: Bybels, teologies en histories. Antwoord jy die vraag wie is Christus in die nagmaal, dan het jy ook meteens die vraag geantwoord wie die nagmaal mag gebruik: dié persone wie deel het aan Christus soos Hy Homself in die nagmaal gee.

Clasen stel glad nie Christus se teenwoordige mensheid as die inhoud van die gemeenskap met Christus in die nagmaal aan die orde nie. Dit is die rede hoekom hy dan ook nie die vraag wie die nagmaal kan gebruik aan die orde kan stel en waarskynlik ook nie wil stel nie.

Sy stellings dat die Bybel nie die inligting sou gee oor wie die nagmaal kan gebruik nie, is omdat hy nie die inligting oor wie Christus in die nagmaal is - teenwoordig as mens – wil hanteer nie. Hierdeur skep hy 'n leegheid in die Skrif en in die kerk wat hy dan met sy Zwingliaanse alternatief vul: die gemeentelede as liggaam van Christus.

### 2.6.3. **Die ontlediging van die Skrif van die teenwoordige mensheid van Christus ter wille van die teenwoordige gemeentelede.**

---

[174] Ibid. , p.229.

Clasen stel dat 1 Kor.11: 27-34 deel van die oudste weergawe van die nagmaalsformulier is wat ons in die Skrif het en deel is van die mondelinge oorlewering aangaande die instelling van die nagmaal: "Hierdie mondelinge oorlewering aangaande die instelling van die nagmaal het algaande 'n vaste vorm gekry (Groenewald 1967:147) en dit word opgeteken in vier Skrifgedeeltes, naamlik Matt. 26:26-295 Mark. 14:22-25; Luk. 22:15-20 en 1 Kor. 11:23-25 (Guthrie 1981:442). [Paulus se weergawe van die laaste maal van die Here is die oudste wat op skrif gestel is, aangesien Paulus hierdie brief geskryf het voordat die geskrewe Evangelies ontstaan het (Groenewald 1967:147).]" [175]

In sy uitleg van die betekenis van 1 Kor. 11:27-34 word hierdie tradisiegeskiedenis van die nagmaalteks heeltemal tersyde gestel vir 'n kontekstuele uitleg van die teks, waar die konteks die veronderstelde sosiale-maatskaplike samestelling van die gemeente van Korinte is. Geen een van die ander nagmaaltekste in die drie Evangelies word in hulle eie konteks uitgelê of verantwoord nie. Hulle word ter syde gestel saam met die uitleg wat met hierdie tekste gepaard gaan.

Met hierdie veronderstelling kies Clasen net kommentare wat hierdie sosiale en maatskaplike benadering tot die teks het: die verskil tussen ryk en arm mense in die ete voor die nagmaal, die liefdeloosheid tussen arm en ryk en die onderlinge samehorigheid van gemeentelede met mekaar.

Clasen gee in sy uitleg van vers sewe-en-twintig geen uitleg van wat die brood is wat ons eet of die beker wat ons drink nie. Hy gee ook geen uitleg van wat die uitdrukking beteken: "die liggaam en bloed van die Here nie". Hierdie deel van die teks word ter syde gestel vir die appél dat Jesus die insteller van die die nagmaal is en dat Hy as insteller die sentrale plek in die nagmaal moet inneem:

"In vers 23-25 het Paulus vir hulle geskryf waarom dit eintlik gaan: Christus het die maaltyd self ingestel, en daarom moet Hy altyd die sentrale plek hierin beklee. [Versteeg (1980:26) wys daarop dat "(d)e vermelding van het traditiegegevenen, dat het avondmaal werd ingesteld in de nacht waarin Jezus verraden werd doet de tegenstelling tussen ,de gezindheid van Jezus en die van de rijken in de gemeente van Korinthe het meest schril uitkomen".]
Indien Jesus die sentrale plek in die nagmaal beklee, sal die broederliefde ook na vore kom; die een lei tot die ander ~" [176]

[175] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, pp.132-133
[176] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.136

Met hierdie sosiale posisie wat aan Jesus toebedeel word – die "insteller van die nagmaal" – word sy liggaamlike teenwoordigheid wat in die teks aan die orde gestel word, waar die beker en brood sy liggaam en sy bloed genoem word – tersyde gestel.

Die teks gaan nou oor die status wat mense aan Jesus en ander mense gee: as jy aan die Here die regte status gee, sal jy aan ander mense ook hulle regte status in die sosiale gemeenskap en gemeente gee.

Met die doelbewuste tersyde stelling van die woord: "brood", "beker" en "liggaam en bloed van die Here" gaan die teks nie meer oor die eenheid met die teenwoordige mensheid van Jesus Christus nie, maar oor die onderlinge gesindheid en houding van die gemeentelede teenoor mekaar: "Die konteks waarbinne hierdie gedeelte voorkom, toon dat dit hier ten diepste gaan om die eenheid van en die gemeenskap binne die gemeente en hulle liefde vir mekaar;"[177]

Clasen skei vers agt-en-twintig en nege-en-twintig en gee aan vers agt-en-twintig 'n eie en moralistiese betekenis: "Dus: die gelowiges moet, gesuiwer van alles wat die Here sou oneer aandoen, by die tafel kom aansit."[178]

Omdat Clasen hierdie verse skei, kan hy dan aan die woorde "liggaam van die Here" in vers nege-en-twintig die betekenis gee van kerk: "Hierdie vers verskyn in die beste tekslesings in 'n korter vorm: "Want wie eet en drink, eet en drink tot sy eie oordeel, indien hy nie die liggaam onderskei nie" (Groenewald 1967:151). Aangesien hier nie pertinent sprake is van die "liggaam van die Here" nie, kan die "liggaam" moontlik hier — in aansluiting by 1 Korintiërs 12:13 - gesien word as die kerk. Binne dié konteks kan hierdie vers dan soos volg verklaar word: "To treat any member with cool, self-centred indifference at the Lord's supper is to desecrate the sacred Body" (Moffat 1938:172)."[179]

Met hierdie gelykstelling van die kerk aan die liggaam van Christus en die tersyde stelling van die teenwoordige mensheid van Christus, wat juis die eenheid van die

---

[177] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.137
[178] Ibid. , p.138
[179] Ibid. , p.139

kerk is, kies Clasen vir 'n sosiale onderskeiding wat in die nagmaal gemaak moet word: mense moet kan onderskei dat die nagmaal 'n ander tipe sosiale byeenkoms is as ander etes:

"Dit gaan dus in die maaltyd van die Here om niks en niemand anders as Christus self nie: "Here it will mean distinguishing the Lord's Supper from other meals, i.e., not regarding it as like any other meal[11] (Morris 1958:164). Dods (1888;269) vat dit treffend saam: "He who clearly understands that this is no common meal, but the outward symbol by means of which God offers to us Jesus Christ, is not likely to desecrate the Sacrament."[180]

Die keuse wat Clasen maak, stel enige liggaamlike teenwoordigheid van Christus in hierdie nagmaalteks tersyde. Dit skep 'n heel nuwe plek vir Christus in die nagmaal. Hy moet as insteller ge-eer word en die sentrale plek in die denke en dade van die lidmate inneem:

"Eksegetiese konklusies. Uit die voorafgaande word die volgende gekonkludeer:
* Die nagmaal van die Here is 'n ernstige, heilige aangeleentheid. Paulus bring dit weer onder die Korintiërs se aandag wanneer hy skryf dat Christus self die nagmaal ingestel het (vgl. 23-25). Paulus se verdere opmerkings moet in die lig hiervan verstaan word
* Die gelowiges moet hulleself ondersoek voordat hulle die nagmaal gebruik - hulle moet dus seker maak dat Christus die sentrale plek inneem in hulle denke en hulle dade. .....

Dus: op grond van die Ou-Testamentiese agtergrond, sowel as die Nuwe-Testamentiese riglyne, kan gesê word dat die nagmaal met eerbied en in liefde gebruik moet word; met eerbied omdat Christus self die nagmaal ingestel het en die sentrale plek daarin beklee; in liefde omdat hierdie maal, na sy aard en wese, in gemeenskap met Christus en met mekaar beleef moet word."[181]

Hierdie keuse van eksegese deur Clasen is 'n keuse vir die Zwingliaanse opvatting oor die nagmaal teenoor die Calvinistiese nagmaalsgebruik.

Die teenwoordige mensheid van Christus word tersyde gestel deur teksdele soos "brood eet", "uit beker drink" en liggaam en bloed van die Here" in vers sewe-en-twintig te ignoreer; deur dele wat tot mekaar hoort te skei soos verse agt-en nege-en-twintig en "liggaam en bloed van die Here in vers sewe-en-twintig en "liggaam van die Here" in vers nege-en-twintig. Hierdie keuse om dele net te ignoreer of van mekaar te skei, is eksegeties heeltemal ongemotiveerd.

---

[180] Ibid. , p.140
[181] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.146

Clasen het hierdie keuse nie verantwoord teenoor die tradisiegeskiedenis wat hyself as belangrik noem nie. Buite die konteks van die instelling van die nagmaal en die gebruik van die nagmaal verklaar hy die teks uit die sosiale en maatskaplike profiel van die gemeente van Korinte. Hy het ook nie die keuse waarom hy net hierdie nagmaalteks as belangrik beskou, gemotiveer nie.

Hy het ook nie gemotiveer hoekom hy hierdie teks net verbind aan 1 Korintiërs 12 nie. Indien hy dit ook aan 1 Korintiërs 10 verbind het, sou dit onmoontlik gewees het om die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus in die nagmaal ter syde te stel. Hy verbind hierdie teks ook glad nie aan 1 Kor. 11:23-26 nie. Hierdie skeiding tussen instellingswoorde en die uitleg van die instellingswoorde in 1 Kor.11:27-34 is uit die teks self ongemotiveerd.

Die motief vir hierdie keuse lê daarin dat die sosiale- en maatskaplike profiel van die gemeente die betekenis van die instellingswoorde van die nagmaal vervang.

Die keuse om hierdie teks buite die verband met 1 Korintiërs 10 en die ander nagmaaltekste te lees, gaan om 'n bepaalde vooropgesette keuse. Die motief vir hierdie keuses is om die uitdrukking "liggaam van die Here" in vers nege-en-twintig as die kerk te kan verstaan. Hierdie verstaan van die nagmaal is omdat Clasen met 'n Zwingliaanse keuse werk: die teenwoordige mensheid van Christus word gewoon net tersyde gestel in die nagmaal, sodat die gemeente se verbintenis tot mekaar die alternatief word op die teenwoordige mensheid van die Here: dit gaan nie meer oor 'n gemeente wat een is in sy vereniging met die teenwoordige mensheid van Christus nie, dit gaan oor 'n gemeente wat in die afwesigheid van die insteller van die nagmaal tydens die instelling in die verlede, sy teenwoordigheid daarin beleef dat hulle Hom saam sentraal stel in hulle denke en dade.

Hierdeur neem die gemeente die plek en funksie van die teenwoordige mensheid van Jesus Christus oor.

Hierdie keuse van eksegese waar die kerk se onderlinge verbintenis tot mekaar die liggaam van die Here word in 1 Kor. 11, is direk in stryd met die belydenisskrifte van

die Ned .Geref. Kerk. 1 Kor. 11 is saam met die ander nagmaaltekste die enigste tekste wat as tekste deel is van die inhoud van die kerk se geloofsbelydenis:
" Vraag 77 Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?" Antw. By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui: (a) ..."[182] en dan word spesifek 1 Kor. 11:23-26 en 1 Kor. 10:16,17 as die inhoud van die belydenis aangehaal. Met die keuse wat Clasen maak is hierdie belydenisartikel ook tersyde gestel.

### 2.6.4. <u>**Die korporatiewe karakter van die gemeente as alternatief op die teen woordige mensheid van Christus.**</u>

In die nagmaal volgens die Gereformeerde Kerke is ons verenig met die teenwoordige mensheid van Jesus Christus. Dit is sy teenwoordige mensheid waarby ons ingesluit word en dit is waarin die kerk algemeen en een is. Christus se mensheid is die korporatiewe waarin die kerk ingesluit is. Hierdie insluitende aard van die teenwoordige mensheid bepaal ook wat is die geloof waarin en waarmee die nagmaal gebruik word soos ons dit in vraag en antwoord 76 van die Heidelbergse Kategismus uitgewys het.

Clasen stel die teenwoordige mensheid van Christus nie net in die nagmaal nie, maar in die hele geloof tersyde. Hierdie korporatiewe aard van die teenwoordige mensheid van Christus dra hy nou oor op die gemeente se onderlinge samesyn.

Clasen stel 'n nuwe definisie van geloof in die plek van die geloof waarin die teenwoordige Christus in die nagmaal aanvaar word: "Geloof bestaan naamlik uit gemeenskaplike ervaringe wat geïnterpreteer word, oorgelewer word en in vieringe, prediking, gebed en allerlei vorme van aktiwiteite lewend gehou word. (Dingemans 1986:118)"[183] Die gemeenskaplike van die geloof is nie die teenwoordige mensheid van Christus nie, maar gemeenskaplike ervaringe van die lidmate. Hierdie ervaringe is die innerlike aandoeninge en geesteservarings van die gemeentelede. Clasen motiveer

---

[182] Kommissie vir die erediens. <u>Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk</u> Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 pp. 150-151
[183] Clasen, F.J. <u>Die Kinderkommunie</u>. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, p.229

hierdie definisie deur aanhalings wat gaan oor die karakter van die openbaring van God.

Met hierdie uitgangspunt dat in die gemeente se sosiale aard en nie in die teenwoordige menswees van Christus die korporatiewe karakter van die kerk gevind word, word die volgende stellings oor die gemeente in die nagmaal gemaak:

"3.Die nagmaal is in wese 'n gemeentemaal. Dit beteken dat:
* die nagmaal, op grond van die samestelling van die gemeente (as liggaam van Christus), deur die hele gemeente (volwassenes én kinders) gevier moet word en
* die lede van die liggaam onderlinge sorg vir mekaar moet dra en moet toesien dat die nagmaal op die regte wyse gevier word.
4. Binne die (gedoopte) gemeente van Jesus Christus gaan dit dus nie om die (kerkregtelike) vraag oor wie die nagmaal mag gebruik nie, maar oor die (pastorale) besorgdheid dat die nagmaal op die regte wyse deur die gemeente (as liggaam van Christus) gevier moet word.
Dit beteken dat;
* daar binne die gemeente 'n gevoel van samehorigheid en onderlinge afhanklikheid geskep moet word sodat kinders kan voel dat hulle deel is van en nodig is in die gemeente, en (saam met die res van die gemeente) voortdurend besig is om te leer wat God se wil vir sy gemeente is."[184]

Die nuwe definisie van geloof as die gemeenskaplike ervaringe van 'n groep, maak nou dat die korporatiewe aard van die kerk lê in die sosiale eenheid van die gemeente as groep.

Dit is hoekom Clasen nou die vraag wie die nagmaal kan gebruik, tersyde stel as sou dit 'n kerkregtelike vraag wees, wat in stryd is met die pastorale besorgdheid van die gemeente. Hy kwalifiseer hierdie gemeente elke keer as "liggaam" van Christus – bedoelende die gemeenskaplike ervaring van die groep of sosiale eenheid.

Waar die sosiale eenheid van die gemeente as groep die korporatiewe werking van die teenwoordige mensheid van Christus oorgeneem het, is almal wat sosiaal deel is van hierdie groep, deel van die gemeenskap van die nagmaal. Dit is nou 'n gemeenskapsmaal van mense wat onderling 'n sosiale eenheid is en gemeenskaplike ervaringe deel.

Die feit dat die nagmaal nou gaan oor die onderlinge skep van 'n gevoel van samehorigheid tussen mense, bevestig dat die gemeenskap met gemeentelede die plek van die korporatiewe aard van die teenwoordige mensheid van Christus vervang het.

Dit is ook hoekom Clasen deurlopend die stellings maak dat:

---

[184] Ibid. , pp.268-269

"1. Deur die doop word die mens ingelyf by die gemeente as liggaam van Christus. Op grond hiervan ontvang elke (gedoopte) lidmaat die reg - en voorreg - om die nagmaal te gebruik.
Dit beteken dat kinders wat (op grond van die verbond) gedoop is, volwaardige lidmate van die gemeente is met die gepaardgaande reg - en voorreg - om die nagmaal te gebruik."

Die gemeente as "liggaam van Christus" is vir Clasen die gemeente as 'n sosiale eenheid en die kind se deelwees van hierdie eenheid maak hom deel van 'n korporatiewe geloofservaring wat in die gemeente as groep gesetel is. Hierdie korporatiewe geloofservaring kwalifiseer deelname aan die nagmaal. Dit is nie meer die kind se geloofsgemeenskap met die teenwoordige mensheid van Jesus Christus nie.

Die korporatiewe werking van die teenwoordige mensheid van Christus is volledig op die gemeente oorgedra. Dit is vir Clasen die geestelike waarde van die uitdrukking gemeente as "liggaam".

### 2.6.5 Die nagmaal se alternatiewe waarde: die nagmaal as opvoedingsmiddel van die gemeente in plaas van die verseëling van die eenheid met die teenwoordige mensheid van die Here.

Die nagmaal is binne die Gereformeerde Kerk 'n heilsmiddel. Ons word in ons geloof gevoed en gesterk deur die deelname aan die teenwoordige mensheid van Christus. Christus is ons voedsel en drank – nie die brood of die wyn in die nagmaal nie. Die tasbare sekerheid en verseëling van die belofte dat ons deelhet aan die teenwoordige menswees van Christus is die krag van nagmaal. Daarom is die brood en die wyn tekens wat Christus gebruik om lidmate van hulle eenheid met sy menswees te verseker.

Clasen het hierdie betekenis van die nagmaal ter syde gestel. Die nagmaal word nou 'n opvoedkundige hulpmiddel.

Die verskil tussen heilsmiddel en opvoedkundige hulpmiddel is dat 'n heilsmiddel die verlossing meedeel - dit is die doel van die middel – om verlossing te gee, terwyl 'n opvoedkundige hulpmiddel opvoedkundige doelwitte wat deur die gemeente gestel word, uitvoer of bereik.

Clasen stel die nagmaal in die woorde van Gilbert as 'n middel wat die gemeente gebruik om algaande die volgende doelwitte met die lidmate te bereik:

1. To understand and appreciate the nature of the Sacrament of Holy Communion

a. Understanding of the Lord's Supper as instituted by "Christ, as an act of great love as recorded in Scripture.
b. Understanding that the Word of God, Holy Baptism, and Holy - Communion are all means of grace by which God loves man through Christ.
c. Ability to tell in his own words the story of Jesus's birth, life, death, resurrection, ascénsion, and coming again.
d. An assurance that in this sacrament the church believes ,.,,and celebrates the life, work, and presence of Christ in its midst.
e. A developing sense of awe and wonder before the mystery of Christ's presence and love.
f. The expectation that in eternity he will see the Saviour face to face and be with him and God's family forever.
2. To accept his place as a communicant in the "fellowship of believers".
a. Understanding the fellowship and communal aspects of Holy Communion, as instituted by Christ, and as recorded in the history of the Christian church.
b. Participating in the worshiping and teaching life of the congregation with its evidence of closeness and fellowship.
c. Recognizing and responding to the ways in which members of the congregation have shown their acceptance and concern for him.
d. Desiring to receive Holy Communion as a way of joining with others around the same Christ and for the same purpose.
e.Accepting others as relatives in the family of God.
3. To examine himself, to make confession of sin, and to receive the absolution if his sin for Christ's sake.
a.An understanding of the connection between forgiveness of sin and Holy Communion.
b. A knowledge of Bible stories about sinners brought to repentance and a love for Christ who forgives.
c. A desire and willingness to join others in asking for forgiveness and receiving forgiveness together.
d. A knowledge of the seriousness and of the joy of the Christian life, as interpreted in Scripture, prayers, hymns, and practices of the congregation, and a willingness to face the reality of evil and tragedy.
eAn indication of sorrow for sin and thankfulness for forgiveness with regard to self and others.
f. A desire to be open and honest with the pastor and other members.
g. A willingness to share his life, feelings, and abilities with all kinds of people, even with those whom he does not really appreciate or like".[185]

Hierdie verskuiwing is noodwendig omdat die geloof in die nagmaal nie meer gaan om die teenwoordige mensheid van Christus as die krag en versterking van ons geestelike lewe aan te neem nie, maar om te deel in die gemeenskaplike ervaringe van die gemeente. In hierdie keuse het Clasen konsekwent gekies vir die Zwingliaanse oortuiging.

3.**Samevatting.**

Die Ned.Geref. Kerk het in sy keuse vir die kindernagmaal die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus deur sy Gees in die nagmaal laat verval as die betekende saak van die nagmaal. Die teenwoordige gemeentelede se sosiale

[185] Clasen, F.J. Die Kinderkommunie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989, pp.256-257

verbintenis tot mekaar en die feit dat die gemeente 'n sosiale eenheid is, vervang die plek en betekenis van Christus wat in sy mensheid teenwoordig is. Só het die Ned. Geref. Kerk die nagmaalsopvatting van die Gereformeerde Kerke in hulle navolging van Calvyn tersyde gestel vir die Zwingliaanse opvatting.

## VII **'N NAGMAALSVIERING VOLGENS DIE VROOMHEID VAN DIE NED. GEREF. KERK.**

Ons kan ten slotte poog om 'n peiling te maak oor die oorsprong van hierdie keuse vir 'n alternatiewe nagmaalsopvatting in die plek van die nagmaalsoortuiging wat die Ned. Geref. Kerk in sy belydenisskrifte bely, sowel as om 'n toekomsblik te waag vir hierdie nuwe geloof.

### 1.**Die oorsprong van die keuse vir die Zwingliaanse nagmaalsopvatting binne die Ned. Geref. Kerk.**

Die Ned. Geref. Kerk het in sy keuse vir die kinder- of gesinsnagmaal teen die eenheid met Jesus Christus volgens sy eie belydenisse gekies. Die Ned. Geref. Kerk het die opvattinge van Zwingli wat uitdruklik in die Ned.Geref. Kerk se belydenisse verwerp word verkies as sy nuwe en eie belydenis oor sy eenheid met Jesus Christus.

Hierdie keuse kom uit die hart van die Ned. Geref. Kerk. Die proses wat gevolg is, het kerkrade, ringe en sinodes ingesluit. Hierdie keuse kan nie afgemaak word asof dit die ongemotiveerde en ondeurdagte gier van enkelinge was nie.

Hoe het dit gebeur dat die Ned. Geref. Kerk 'n nagmaalsviering kon instel wat hy in sy belydenisse verwerp?

Hierdie studie het grondig getoon dat dit gaan oor die geloof in Jesus Christus. Die Ned.Geref. Kerk glo anders in Christus in sy nagmaalsviering as wat hy in sy belydenisskrifte bely.

Dit is van belang om daarop te let dat dit nie maar net gaan oor 'n bepaalde opvatting oor die gebruik van die nagmaal of oor kinders by die nagmaal nie. Dit gaan om die geloof in die Here Jesus Christus self wat só anders geword het – dat die nagmaal by hierdie alternatiewe geloof in Christus aangepas moes word.

Die kern van hierdie geloofsverskuiwing in Christus is dat Christus se teenwoordige mensheid deur die werking van die Heilige Gees nie meer geglo word nie. Dit is nie meer deel van die geloofslewe van die lidmate nie. Christus word geglo vir sy heilswerk in die verlede aan die kruis en daar word na 'n gemeenskap met Christus

gesoek waar die Heilige Gees direk in die mens werksaam is buite om die eenheid met die mensheid van Christus. Saam met hierdie oortuiging word daar in die gesinsnagmaal geglo dat die gemeente die plek en werking van die teenwoordige mensheid van Christus oorgeneem het.

In die Ned. Geref. Kerk is hierdie geestelike oortuigings deel van een en dieselfde vroomheid: die Gemeenteboubeweging en die Gemeentebouteologie.
Die gemeentebouteologie en vroomheid berus op 'n dualistiese Christusbeeld. Dit blyk uit hulle prediking en lering van 'n dubbelslagtige vroomheid waar jy eers Jesus as Here aanneem en daarna, jare of selfs dekades daarna, met die Heilige Gees vervul kan word.

"Hierdie leerstuk is 'n vaste deel van die Woordbediening van die Ned. Geref. Kerk. Die hele evangelisasie-beleid soos dit in gemeentes toegepas word, staan op hierdie leerstuk. Dit was die leerstuk waarmee die Jeug landswyd in 1974 deur die Jeug-tot-Jeug-Aksie bearbei is. Vanuit hierdie aksie is dit in die evangelisasiekursus van Bybelkor: Gemeentebou, as die amptelike evangelisasie boodskap van die hele Ned. Geref. Kerk. verwerk.

Die evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk staan op twee waarhede: 1. geloof en wetsgehoorsaamheid as die weg tot saligheid en 2. die vervulling met die Gees.

Die twee geesteswaarhede van die aksies is eenvoudig, maar kernagtig vervat in twee "gespreksboekies". Hierdie twee geloofsinhoude word deur feitlik elke opgeleide geestelike werker in die Ned. Geref. Kerk geleer om aan lidmate as die inhoud van die Christelike godsdiens te kommunikeer.

Die inhoud van die leringe word in hiedie boekies as 'n gebed opgesom wat die nuwe bekeerlinge agter hulle mentors moet aanbid. 'n Uitleg van die inhoud van hierdie gebede som hierdie "Twee Weë" na God mooi op.

12.3.1 Die A.J.K kursus van 1974.

DIE WEG NA JESUS/VERLOSSING.

| | |
|---|---|
| "Liefdevolle God, ek erken dat ek 'n verlore sondaar is. Ek dank u dat Christus vir my sondes gesterf het. Ek bring al my sondes na U toe. Ek maak nou die deur van my lewe vir U Seun oop. Here kom in en reinig my van al my sonde. Neem die beheer van my lewe oor dat ek voortaan deur die Heilige Gees regeer mag word. Ek dank U dat Christus in my lewe ingekom het en dat ek nou U kind is." | 1.Erken jy is 'n verlore sondaar.<br>2.Sê dankie dat Jesus vir jou sonde gesterf het.<br>3.Lê jou sondes voor God.<br>4.Vra om vergifnis.<br>5.Maak die deur van jou lewe oop.<br>6.Vra Jesus om in te kom.<br>7.Vra God om jou te reinig<br>8.Vra God om die beheer van jou lewe oor te neem |

JESUS HET NOU INGEKOM

9.Sê dankie hy's in.
10.Sê dankie want jy is nou 'n kind van God.

DIE VERVULLING MET DIE GEES.

"Hemelse Vader, ek dank U vir wat U alreeds in my lewe gedoen het en nog wil doen. Ek dank U dat die Heilige Gees reeds in my woon. Ek bely dat ek Hom dikwels bedroef het, deurdat ek self my lewe wou beheer. Ek bid U, neem al meer die beheer van my lewe oor en stel my instaat om die oor vloedige lewe te leef. Vervul my nou voortdurend met u Heilige Gees. Laat U Gees Christus werk lik die alleenheerser van my lewe maak, sodat Hy voortaan sy godde like lewe deur my sal leef. Ek dank U dat ek nou mag weet dat U my nou met U Heilige Gees ver vul het, want U het gesê dat U ons verhoor as ons iets vra vol gens U wil."

1. Dank God vir wat Hy reeds gedoen het (redding)
2. Dank God vir wat Hy nog wil doen: wil jou vervul.
3. Dank God dat die Gees in jou is.
4. Bely dat jyself jou eie lewe wou beheer.
5. Vra God om die volle be heer van jou lewe oor te neem.
6. Vra God om jou instaat te stel om die lewe te leef.
7. Vra dat dit nou gebeur.
8. Vra dat Christus alleen jou lewe beheer.
9. Vra dat Jesus sy goddelike lewe deur jou sal leef.
10. Glo dat alles wat jy gevra het gebeur het.

12.3.2 Die Bybelkorkursus: Die Gemeenteboureeks. (Steeds in gebruik).

DIE WEG NA JESUS/VERLOSSING.

"Dankie, Here Jesus dat U ook vir my liefhet. Ek het U nodig. Ek erken dat ek 'n sondaar is en dat ek myself nie kan red nie. Dankie dat U in my plek gesterf het. Ek bring nou al my sonde skuld na U toe. Vergewe my. Ek neem U nou as my verlosser en Here aan. Ek wil U van nou af elke dag volg. Kom in en neem die beheer van my lewe oor. Is dit wat jy min of meer vir die Here wil sê ?
Jy het Jesus nou in geloof aan geneem......
Waar is die Here...."

1. Dank Jesus: Hy het jou lief.
2. Bely jy het Hom nodig.
3. Erken dat jy 'n sondaar is.
4. Erken jy kan jouself nie red nie
5. Dank Jesus dat Hy in jou plek gesterf het.
6. Bring jou sondeskuld na hom.
7. Vra om vergifnis.
8. Neem Jesus aan.
9. Bely dat jy Hom sal volg.
10. Nooi Hom om in jou lewe in te kom.
11. Vra dat Hy die beheer van jou lewe oorneem.
12. Jy moet dit vir God sê
13. Jesus kom in jou in as jy dit doen.

DIE VERVULLING MET DIE GEES.

"Dankie, Here dat ek U kind is. Vergewe my dat ek self my lewe probeer beheer het. Ek bely dat ek nog in baie opsigte 'n onge hoorsame kind is en 'n wêreldse gesindheid het.
Ek gee my hele lewe nou aan U oor. Ek bid dat U deur die werk van die Heilige Gees van nou af my lewe moet beheer.
Dankie dat ek nou kan weet dat U my gebed hoor en my lewe met

1. Sê dankie vir wat reeds de gedoen is (redding)
2. Vra vergifnis dat jy jou eie lewe wil beheer.
3. Bely dat jy 'n ongehoorsame kind van God is.
4. Bely dat jy 'n wêreldse gesindheid het.
5. Gee jou hele lewe aan God oor.
6. Vra God om jou lewe te beheer.

U Gees vul."

7.Dit gebeur.
8.Glo dit het gebeur en dank God dat dit gebeur het.

Hierdie "Twee Weë" na God is die grondslag van die evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk. Die herhaalde verslae aan die sinodes oor die omvang van hierdie kursusse, die sukses daarvan, die aanwending daarvan oor die hele terrein van die kerklike lewe sowel as die sinodes se dank en waardering wat elke keer oor hierdie kursusse uitgespreek word, getuig daarvan dat ons hier met die kern van die evangeliebediening in die Ned. Geref. Kerk te doen het."[186]

In hierdie vroomheid is daar nie 'n teenwoordige menswees van Christus nie. Jesus se offerdood aan die kruis word geglo terwyl die gemeenskap met God se Gees, 'n gemeenskap met Hom is buite om en sonder die eenheid met die teenwoordige mensheid van die Here. Daarom is dit ook 'n tweefase-vroomheid: in die eerste fase kry jy deel aan die offerdood van Christus wat as mens in die verlede plaasgevind het en in die tweede fase kry jy deel aan die vervulling met die Gees van God in die hede sonder enige verbintenis aan die teenwoordige menswees van die Here.

Hierdie geloof gaan oor 'n dualistiese Christus waar sy teenwoordige menswees in die verlede lê, maar die gemeenskap met Hom in die hede, 'n gemeenskap met die Gees van God en die heilsvoordele van sy menswees is. Die eenheid met Christus in sy teenwoordige menswees self, nie net die heilswaarde van sy menswees wat ons deel in die gawe van sy Gees, is nie deel van hierdie vroomheid nie.

Die kinder-of gesinsnagmaal is die nagmaal wat pas by hierdie geleefde dualistiese vroomheid binne die Ned. Geref. Kerk: dit is 'n vroomheid wat nie die teenwoordige mensheid van Christus as deel van sy vroomheid ervaar of sien nie, maar net die heilsweldade van sy menswees.

Saam met hierdie dualistiese vroomheid gaan die oortuigings van die gemeentebou-teologie van die identiteit tussen die gemeente en Christus.

---

[186] Kriel, P.J. Twee-in-een: Die ware en valse kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Levubu: Perskor drukkerye, 1995, pp.66-68.

Hierdie tweedeling binne die genade van God, is die struktuur wat die bedryfskunde van gemeentebou moontlik maak. Hendriks som sy eie betoog hieroor soos volg op:

"In die bespreking van Jer. 31, Eseg 36 en Sag 3 is daar duidelik gesê dat God sy volk sal bou slegs *nadat* (sic) hulle sonde vergewe is, hulle gereinig is, en hulle nuwe, skoon klere gekry het. … Die Gees sal op *elke* gelowige kom en hartsveranderende werk doen. En dit is wat op Pinksterdag gebeur het. Van dié dag af was 'n nuwe gemeenskap moontlik, 'n gemeenskap wat van sonde gereinig is, 'n gemeenskap in wie, individueel en in sy geheel, die Heilige Gees kon woon en werk. God het woord gehou."[187]

Hendriks se eie beklemtoning bevestig die punt wat hy in sy hoofstuk 2: "Basisteorie: die boumetafoor in die Bybel", deurlopend uitgelig het: die bouwerk van die gemeente is 'n proses nadat God lidmate vergewe, gereinig en geheilig het.

Hierdie kwalifisering van die bouwerk van gemeentebou as 'n proses ná vergifnis, word ook heilshistories veranker. Die verbondsbeloftes in Jeremia, Esegiël en Sagaria word soos volg aan die orde gestel:

"Vir die eerste keer is voorsien dat die Gees van die Here in elke gelowige sal moet kom woon. Die profete het ook besef dat dit eers sal kan gebeur nadat die sondaar van sonde gereinig is …Dit is teen hierdie agtergrond dat Jesus in die toekomende tyd sê " … sal Ek my kerk bou". Ons het gesien hoedat die term *ekklesia* as tegniese term vir die Nuwe- Testamentiese kerk gebruik is Die "ontstaansdatum" van die daardie kerk is Pinksterdag. Die realisering van die verbondsbelofte van Eseg 36:25 – 28 het eers met Pinksterdag moontlik geword. Die Gees kon eers ná Jesus se soenverdienste in gelowiges gaan woon en werk. Gelowiges kon dus eers na Pinksterdag in die krag van die Heilige Gees gaan lewe en werk."[188]

Gemeentebou is volgens Hendriks dus die proses van kerkopbou en kerkafbreek, na die ontvangs van die gawes van vergifnis, reiniging en heiliging. Dit is die ruimte waarbinne die moderne bestuursbeginsels gebruik word vir gemeentebou – die fase ná vergifnis, heiliging en reiniging. Gemeentebou is dus deel van die vroomheid van vervulling met die Gees na die vergifnis van sonde.

Binne hierdie dualisme kry die gemeenskaplikheid van die gemeente ook 'n eie en nuwe betekenis. Die gemeenskaplike van die gemeente is nie meer die eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus nie. Hierdie gemeenskaplikheid word na die verhouding van die lidmate met mekaar verlê.

---

[187] Hendriks, J. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing, Goodwood 1992, p.60.
[188] Ibid. , p.60.

In die begrip "koinonia" vind die gemeentebouteologie 'n alternatief op die gemeenskap van gelowiges as die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus: "*Koinonia* beskryf die diepste wese van verhoudings in die kerk." [189]

Hierdie karakter wat aan interpersoonlike verhoudings gegee word, is anders as net vriendskap of naasteliefde: " Die proses van heiligmaking en volharding kan nie sonder *koinonia* voltrek nie. Die kleingroep is die geestelike groeipunt van die gemeente. Koinonia kan nie in die erediens beleef word as daar nie koinonia in die kleingroepe is nie." [190]

Hierdie koinonia is nie iets wat in sigself binne die erediens onder die prediking van die evangelie en die bediening van die sakramente kan plaasvind volgens Hendriks nie. Dit gebeur waar lidmate onderling met mekaar in klein sosiale byeenkomste verkeer.

Hierteenoor staan die Gereformeerde standpunt:
"Wij geloven dus de gemeenschap van deze (heiligen), welke voornamelijk in die volgende zaken bestaat: 1e. In die vereniging of samevoeging van de ganse gemeente als het lichaam, met Christus als het Hoofd, door de Heilige Geest. Die én in het Hoofd én in de leden woon, en de leden aan het Hoofd gelijkvormig maakt: ...2e In de vereniging van alle leden van Christus onderling, daar dezelfde Geest van Christus in allen woont, ... 3e. In de gemeenschap of genieting van die weldaden mét Christus."[191]

Die gemeenskap van gelowiges was nog altyd die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus, die gemeenskaplike besit van Christus se mensheid en vergifnis as die weldaad van hierdie gemeenskaplike eenheid met Christus. Hierdie gemeenskap is 'n geloofsgemeenskap: ons eenheid met die menswees van Christus word geglo; nie as 'n tussen-menslike ervaring in ander lidmate belewe nie.

Hierdie geloof aan die gemeenskap van Christus is nie afhanklik van enige interpersoonlike verhouding van gelowiges binne groepsverband nie.

Ons moet net onthou dat vir die gemeentebouteologie is vergifnis van sonde die fase voor gemeentebou. Binne die gemeenskap van vergifnis is daar geen koinonia nie.

---

[189] Ibid. , p.93.
[190] Hendriks, J. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing, Goodwood 1992, p.99
[191] Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol 1 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978, pp.469 – 470

Koinonia is alleen die geestelike interpersoonlike belewenis van Christene in die tweede fase: vervulling met die Gees.

In koinonia ervaar elke geesvervulde dat in sy interpersoonlike verhoudings hy iets van Christus self aan die ander in die groep bemiddel. Koinonia is dus die fase na vergifnis waar die mens in sy persoon Christus besit en deur verhoudings Christus bemiddel. Die mens se persoon en verhoudings word in hierdie alternatiewe koinonia die instrument om Christus mee te deel. Daarom die gewraakte stelling dat sonder hierdie interpersoonlike verhoudings die proses van heiligmaking en volharding, en daarmee dus die hele gemeentebouproses, nie voltrek kan word nie.

Hier het ons die werklike gemeenskapsbegrip wat die dryfkrag agter die instelling van die kinder- of gesinsnagmaal was: die oortuiging dat daar in die gemeente se onderlinge samesyn in klein sosiale groepe soos gesinne en ander godsdienstige byeenkomste soos selle, die teenwoordige gemeenskap met Christus self meegedeel word. Die koinonia van die sosiale groep het die plek en funksie van die teenwoordige menswees van Christus verdring.

Die onderskeid van groepe as kleingroep, grootgroep, bedieningsgroep, verbondsgesin en gemeente binne die gemeentebouteologie is gewoon sosiologiese onderskeidings binne die bedryfsosiologie:

> "Groep, verbinding is óf "Gemeinschaft" óf "Gesellschaft". Gemeinschaft is het vertrouwende, intieme, huislijke, het duurzame, echte sameleven. Kenmerk van Gemeinschaft is de natuurlijke genegenheid, innerlijke, natuurlijke solidariteit. Gemeinschaft is vergelijkbaar met een levend organisme. Geschellschaft is uitwendige, koel zakelijke binding, de voorbijgaande, kortstondige, willekeurige, schijnbare samenleving, misscien beter samenwerking te noemen. Geschellschaft is vergelijkbaar met een mechanische eenheid, een machine."[192]

Hierdie sosiologiese onderskeid word nou deur gemeentebou opgeneem in 'n proses van de - en rekonstruskie van die gemeente op so 'n wyse dat die sosiale groep met sy tussen-persoonlike ervarings en bindinge as die eintlike gemeenskap met Christus voorgehou word, terwyl die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus tersyde gestel word as deel van die leer van die kerk. Dit word 'n gemeenskap wat op

---

[192] van Dijk, R. Mens en Medemens Een inleiding tot de algemene sociologie, Wageningen: N.V. Zomer en Keunigs Uitgevers, [s.a.] p.35.

'n latere leeftyd bykom by die openbare belydenis om in die ampte te kan dien – dit is om deel van kerk as geselskap te word.

Die gemeente van Christus as die gemeenskap wat deel in die teenwoordige mensheid van Christus, word gewoon net binne 'n sosiologiese rolmodel gedekonstrueer: dit is binne die hele onderskeid van die sogenaamde "instituutmodel", verkondigings-model", "liggaamsmodel" en "transformasiemodel" wat Hendriks rekonstrueer. Hierdie vierdeling is eintlik net 'n uitbreiding van die sogenaamde "Herder-kudde" model en "die liggaamsmodel" binne die gemeentebouteologie.

Hierdie alternatiewe gemeenskap op die teenwoordige menswees van Christus kan duidelik uitgelig word in die wyse waarop Hendriks hierdie dualisme van gemeenskap en geselskap gebruik.

Tot 'n "Geschellschaft" hoort die gemeentedeel waar: "Die sentrale boodskap van die Woord is dat God sondaars uit louter genade red. God bewerk hierdie versoening (redding) deur sy Seun Jesus Christus wat mens geword het. Jesus is die vleesgeworde Woord van God. Die Christologie as leer oor die verlossing van die sondige mens is die hart van die reformatoriese teologie. Die sentrale leerstuk van die verlossing staan bekend as die regverdigmaking deur die geloof alleen. Dit beklemtoon die objektiewe dimensie van verlossing."[193]

Tot 'n "Geschellschaft" hoort die deel van die gemeente waar: "Die groot leemte van die verkondigingsmodel lê waarskynlik in die soteriologie (heilsleer). Die eensydige konsentrasie op die heilswerk van Christus geskied ten koste van die belangrike gesigspunt van die heilswerk van die Heilige Gees. Teenoor Rome het die Reformasie die leer oor die regverdigmaking helder uitgeklaar, maar die leer oor die heiligmaking het nie klaar ontplooi nie. … Een van die grootse nadele van dié model is die eensydige klem op lering en verkondiging. Die model beweeg uitsluitlik op die vlak van die verstand (kognitiewe), insig- , verstaansvlak. Godsdiens word dan intellektualisties. … Die gevolg is dat daar in bepaalde omstandighede, soos in die moderne stadsgemeente, 'n gebrek aan die gemeenskap van gelowiges, warmte, meelewing, kommunikasie en die benutting van die gawes van die gelowiges ontstaan. Die erediens verloor dan sy impak omdat dit net vir 'n intellektuele kerngemeenskap toeganklik is. Dit gaan maklik by die jeug verby." [194]

Tot die "Gemeinschaft" hoort die deel van die gemeente waar: "Alle gelowiges vorm een familie. Voor God is almal gelyk. Die gemeenskap van die gelowiges .. is 'n wesenlike kenmerk van die kerk. … Die "ware kerk" konstitueer hier van "onder". By die vorige modelle het dit deur middel van die kerklike instituut en geloof plus Woordverkondiging sy beslag gekry. In die liggaamsmodel is 'n lewende verhouding met Christus en 'n lewe onder beheer van die kragtige werking van die Heilige Gees die deurslaggewende faktore. Jy moet van wedergeboorte en bekering kan getuig. … Die gemeente bestaan heel dikwels uit klein groepe wat as huiskerke, wykskerke, dissipelskapgroepe of basisgemeentes bymekaar kom." [195]

---

[193] Hendriks, J. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing, Goodwood 1992, p.20

[194] Ibid. , p.26

[195] Ibid. , p.26

Dit is heel duidelik dat Hendriks, en in hom die hele gemeentebouteologie, in die sosiologiese onderskeid van "Geschellschaft" teenoor "Gemeinschaft" 'n sosiologiese middel vind om die gemeente se aard en karakter in twee verskillende gemeenskappe te verdeel: die "'n vertrouwende, intieme, huislijke, het duurzame, echte sameleven", vir "de natuurlijke genegenheid, innerlijke, natuurlijke solidariteit." teenoor 'n "uitwendige, koel zakelijke binding, de voorbijgaande, kortstondige, willekeurige, schijnbare samenleving, ... vergelijkbaar met een mechanische eenheid, een machine."

Hiervolgens sal die onderlinge samesyn van lidmate as sosiale interaktiewe groep deel wees van die gemeenskap van die "liggaam van Christus", maar die gemeenskap met die teenwoordige menswees van Christus, sal deel wees van die leer van die kerk wat by die openbare belydenis van geloof geken en verstaan moet word as deel van die amptelike kerk se leerstukke.

Die onderbou vir die nuwe nagmaalsbeskouing is die gemeentebouteologie. Hulle "liggaamsmodel" binne hulle sosiologiese dualisme van gemeenskap teenoor geselskap is die inhoud van dit wat hulle as "liggaam van die Here" in die nagmaal weergee.

Hiermee dra hulle 'n sosiologiese begrip in die Skrif, in die belydenisse, in die sakramente en ten diepste ook binne in die persoon van Christus in, waarvolgens hulle alle skrif- en geloofsinhoude sosiaal kontekstualiseer en verstaan.

Die effek van hierdie "sosiale" of "koinoniale" gemeenskap van lidmate met Christus is dat Hy as Christus sosiologies verskeur word. Die teenwoordige gemeenskap met die mensheid van Christus word vervang met die teenwoordige "liggaamsmodel" waar die gemeente se *koinonia* met mekaar die plek en werking van die teenwoordige mensheid van Christus oorneem. So word deur die gemeenskap van lidmate met mekaar, Christus as persoon verdring tot die insteller van die nagmaal in die verlede of die gekruisigde mens in die verlede.

In die hede is die gemeenskap met Hom alleen nog met sy Godheid – heeltemal ontdaan van sy eie mensheid. Hierdie direkte gemeenskap met Christus in sy godheid

buite ons eenheid met sy mensheid – is die nuwe en alternatiewe gemeenskap met God in die nuwe nagmaalsviering van die kerk.

In die kinder- of gesinsnagmaal is dit nie net die tekens wat leeg geword het nie, Christus self het vir die gemeente leeg geword. In sy leegheid as Here vier die kerk nou die nuwe betekenis van hulle nuutgevonde gemeenskap as liggaam van die Here: in die onderlinge verbondenheid met mekaar as 'n sosiale groep, verteenwoordig hulle die afwesigheid van die Here in sy teenwoordige menswees.

Die gemeente verkry 'n Middelaarsplek en funksie en verteenwoordig die afwesige menswees van Christus in die wêreld. In die gemeenskap van die gemeentelede met mekaar het hulle 'n direkte gemeenskap met God in sy Gees buite om die teenwoordige mensheid van Christus self.

Die wyse waarop die keuse gemaak is, was nooit om die kerk openlik voor 'n keuse te stel tussen die oortuigings oor Christus in sy teenwoordige mensheid of die Zwingliaanse oortuiging dat die gemeente die afwesige mensheid van Christus verteenwoordig nie.

Hierdie geloofskeuse is voorgehou as die keuse vir of teen die kindernagmaal.

Hierdeur is die lidmate die reg ontneem om 'n verantwoordelike geloofskeuse te maak. Die keuse vir die Gereformeerde nagmaalsgebruik is binne die keuse vir of teen die kindernagmaal voorgehou as 'n verontregting van kinders.

Kinders was in hierdie keuse die slagoffers van 'n kerk wat nie openlik sy eie belydenis wou verwerp ter wille van 'n nuwe belydenis, wat in sy eie belydensskrifte verwerp word nie. In die keuse vir 'n alternatiewe nagmaal, in stryd met sy eie belydenisskrifte, is die kinders voorgehou as die moontlike verontregtes sou die kerk nie 'n nuwe nagmaalsgeloof aanvaar nie.

## 2.Die toekoms van die Zwingliaanse nagmaalsopvatting binne die Ned. Geref. Kerk.

Die Ned. Geref. Kerk het die misterie van die kerk se eenheid met die mensheid van Christus laat verval vir die eenheid van gelowiges met God in mekaar. Die implikasie hiervan is dat leraars en lidmate nou na 'n mistieke eenheid met God sal soek, in mekaar en in die gemeente. Hulle sal nie meer soek na die mistieke eenheid met die mensheid van Christus deur die Heilige Gees nie.

Die nagmaal as teken van die misterie van die kerk: ons eenheid met die mensheid van Christus, is ontdaan van enige gemeenskap met die mensheid van Christus. Dit het 'n opvoedkundige hulpmiddel geword om mense te begelei in die misterie van die gemeente se eenheid met God.

2.1 **Van sakrament tot net nog een van baie simbole.**

Die klem val hier op die woorde: ""een van baie". Die nagmaal is nou net nog een van die verskeie opvoedkundige hulpmiddels van die kerk om mense te begelei in die misterie van die eenheid van die gemeente met God.

Reeds in die verslag van die Algemene Jeugkommissie aan die Algemene Sinode van 1998 oor die kindernagmaal word die volgende gestel:

"Die nagmaalsdienste moet so ingerig word dat dit met die kind en sy behoeftes rekening hou. In die nagmaalsliturgie moet daar nie net op die verkondiging en lering gekonsentreer word nie, maar die viering en aanbidding moet ook aandag kry. Op dié manier kan die kind deur die liturgie betrek word. Aangesien die viering gekenmerk word deur 'n konsekwente gesinsgerigtheid, vra dit 'n mate van vereenvoudiging ten opsigte van taalgebruik en die hantering van die formulier. 'n Groter klem moet gelê word op die gebruik van (verstaanbare) metafore, simbole, rituele, die liturgiese kleure, ens. Kernagtigheid moet altyd die slagspreuk wees - téénoor 'n lang uitgespanne preek, gebede, formulier, ens."[196]

Die verslag stel "verkondiging en lering" teenoor "viering en aanbidding". As deel van hierdie "viering en aanbidding" word die gebruik van "metafore, simbole, rituele en liturgiese kleure" gestel.

In die eredienskommissie van Noord Transvaal se verslag aan die sinode van Noord Transvaal 2001 word die instel van simboliese liturgiese kleredrag soos volg gemotiveer:

"Simbole speel 'n belangrike rol in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens in die erediens. Daar is eerstens die simbool van taal. Die Woord van God geskied deur taal, die geskrewe woord wat in die

---

[196] Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae A6-1 Kinders aan die nagmaaltafel, Pretoria, 1998 pp. 119-120

lees en uitleg van die Bybel in die gebeure van die erediens onder leiding van die Gees in gesproke taal geskied. Maar die hoor van die Woord word onderskraag en versterk deur die meervoudige simbole wat die boodskap van die evangelie dra, soos musiek en sang, die nagmaal se brood en wyn, die water van die doop en die liturgiese handelinge daar rondom, die simbole binne die kerkgebou soos die tafel, die doopvont, die kansel en kateder met die oop Bybel, die kruis, die Christusmonogram, klede van weefstof met simbole teen die muur, ens. In die liturgiese ruimte en liturgiese gebeure word die ontmoetingsgebeure met God gedien deur die lees en verkondiging van die Skrif, die visuele karakter van die erediens, dit wat mense voel, ervaar, ruik, sien en hoor. In die Ou Testament was daar allerlei vorme van kunstige afbeeldinge: die ark, die gerubs, die tafel vir die offerbrood, die goue kandelaar, die brandoffertafel, die lampe en lig wat voortdurend brand, die priesters se kleredrag (Eks 25-28). In die Nuwe Testament gebruik Jesus tallose beelde soos die lam, herder, wynstok, lig, water en brood."[197]

Volgens hierdie verslag geskied die Woord van God deur die simbool van taal, maar die Woord van God word onderskraag en versterk deur "meervoudige simbole". Die nagmaal se brood en wyn, en die water van die doop is net van die verskeie simbole wat volgens die verslag "die boodskap van die evangelie dra". Simbole wat die boodskap van die evangelie dra is niks anders as sakramente nie.

Met "meervoudige simbole" word na al die elemente van die erediens en selfs die gebou of meubels verwys: musiek en sang, liturgiese handelinge en selfs die bak waarin die doopwater gehou word kry nou sakramentele betekenis. In hierdie handelinge, optredes en selfs die atmosfeer binne-in die gebou t.o.v. kleur en reuk, deel lidmate in die gemeente as liggaam en is die middele waarin en waardeur lidmate aan die erediens deelneem, nou sakramente.

Daarom is die water van die doop en die brood en wyn van die nagmaal net nóg simbole soos alles wat die gemeente se eie karakter uitdruk en meedeel, simbole is.

Indien die verslagskrywers hierdie nuwe sakramentele betekenis van die erediens en al die elemente van die erediens- selfs die meubels en kleure – wil verskuil in 'n nuanse verskil tussen dit wat hulle simbole noem teenoor sakramente, sal hulle twee sake nie kan verduidelik nie: 1) die waarde wat hierdie simbole het om die boodskap van die evangelie te dra. 2) die gelykstelling van die kerkgebou en die erediens met die seremoniële inrigting van die tempel en priesters van die Ou Testament.

---

[197] Agenda, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Bylae G Simboliese Liturgiese Kleredrag, Pretoria 2001, 116

Die werking van Christus dat in Hom as Middelaar die seremonies verval, word opgehef en die seremonies word weer van krag. Christus het in sy Middelaarskap die seremonies afgeskaf. Waar seremonies nou weer van krag word in die erediens, is die Middelaarskap van die Here ter syde gestel. Die wyse waarop dit ter syde gestel is, is dat die gemeente as gemeenskap nou die heilswaarde van die mensheid van Christus oorgeneem het.

In hierdie nuwe seremonies word die eenheid van die gemeente met die Gees en uitgebeeld. Die gemeente het nie net die posisie van die mensheid van die Here in die hemel oorgeneem nie. Die gemeente deel nou ook heilsweldade mee deur dieinstel van seremonies wat die gemeente uitvoer. Die gemeenskap met sy seremonies het 'n middel geword waarin en waardeur lidmate aan die Gees deelkry.

Hierdie is die plek van die nuwe simboliek waar die elemente van die doop en die nagmaal net nóg elemente is van die uitgebreide uitbeelding van die gemeente se eenheid met die Gees van God.

2.2 **<u>Van brood en wyn tot olie: van deelname in die mensheid van Christus tot deelname in sy Godheid deur die Gees.</u>**

In die nagmaal is brood en wyn die elemente wat die Here self gekies het om sy mensheid aan ons mee te deel. In hierdie elemente deel ons in die voeding en verkwikking van die mensheid van Christus.

Waar die lidmate se eenheid met die gemeente, die eenheid met Christus se liggaam vervang met eenheid in sy Godheid, word ook die elemente van brood en wyn met nuwe elemente vervang.

"Die lidmate van die NG kerk Aasvoëlkop in Johannesburg het in 'n besonderse Pinksterdiens tou gestaan om op die voorkop gesalf te word met die 'suiwerste olyfolie wat 'n mens by Woolies kan koop'. Die man wat dié eeue oue mistieke ritueel bedien het aan 'n NG gemeente wat só iets nog nooit beleef het nie, is prof Piet Naudé, moderator van die Oos-Kaapse sinode van die NG Kerk. Met 'n erdebakkie vol olie het die professor 'n hele gemeente weggevoer na 'n 'mistieke plek van ontmoeting met God wat die rede nie kan verklaar nie'. Die lidmate het hul kinders en selfs babas gebring om met die spatsel olyfolie op die voorhoof aangeraak te word. Ook die ou mense. Wat daardie dag in die NG Kerk gebeur het, is só uniek dat Naudé dit 'n 'wonderwerk' noem. Sedertdien salf hy gereeld mense 'wanneer omstandighede dit vereis' by bidure, siekbeddens en selfs huweliksbevestigings. Hy laat hom 'deur die Gees lei'. Hy glo die 'mistieke tradisie' van salwing, wat van die Ou-Testamentiese tyd dateer, moet vir die NG Kerk herwin word. 'Die Messias van die Ou Testament is die Christus van die Nuwe Testament. Christus beteken gesalfde; Christen beteken medegesalfde. Salwing bevestig bloot wat die gelowige reeds is: gesalfde van Christus.' Aan dié soort 'oopmaak van emosie op 'n geestelike

manier' is daar 'n groot behoefte in die NG tradisie 'wat vreeslik bang vir gevoel is'. Hoe gebeur só 'n ding in die NG Kerk? Dié 45-jarige NG predikant en professor in sistematiese teologie sê hy is uitgenooi om die Pinksterdiens in Aasvoëlkop, die gemeente van dr Beyers Naudé, die NG Kerk se bekendste stryder teen apartheid, waar te neem. Hy het in die diens sy vangenoot, 'een van die min profete wat uit die wit kerk gekom het', in die geheue geroep en vir die lidmate gesê Beyers Naudé se kritiese tradisie moet voortgesit word. Hy wou vir die mense die volle evangelie bring, 'die snykant wat seermaak en die salf wat gesond maak'. Hy het op 'n geestelike ingewing die olie kerk toe gevat om as salf te dien. Hy het ná sy preek 'huiwerig' van die kansel gevra of daar dalk een of twee mense is wat vorentoe wil kom om gesalf te word, en aangebied om ondertoe te gaan om dit te doen. 'En toe het die wonderwerk gebeur. Die gemeente het opgestaan. Dit was iets wat net gebeur het. God se winde waai waar hulle wil.' Hy het die lidmate 'n uur lank gestaan en salf, dit selfs reggekry om met elke salwing 'n spesiale tekswoord uit sy geheue te trek. Die olie het op 'n wonderbaarlike manier gehou. Uiteindelik het hy 'pootuit' en met 'n hempsmou vol olie op die grond gaan sit. Te moeg om die diens met die seëngroet af te sluit. Die salwing was die einde van die diens en was so diep geïntegreer in die liturgie dat dit nie soos 'n aanhangsel gevoel het nie. 'Dit was God se werk.' Salwing, sê Naudé, is 'n sakramentele handeling wat diep in die Joods-Christelike-tradisie ingebed is. Dié ritueel hoort deel te vorm van die 'groot arsenaal van simbole in die kerk', soos kerse aansteek, togas dra en klokke wat lui. Dis nie net die 'helende aanraking' wat gelowiges so nodig het nie. Dis bowenal deel van 'n mistieke Christelike tradisie waar 'n ontmoeting met God die rede te bowe gaan."[198]

Hierdie oliesalwing is 'n nuwe sakramentele handeling waarin daar gesoek word na 'n mistieke ontmoeting met God wat die rede te bowe gaan. Die mistieke ontmoeting van die kerk is sy eenheid met die mensheid van Jesus Christus in die hemel. Buite hierdie mistieke eenheid word daar nou na 'n alternatiewe mistiek gesoek. Hierdie alternatiewe mistiek word gevind in die sogenaamde mistiek van salwing in die Ou Testament. Dit is net soos die kindernagmaal teruggevind is in die eenheid van die gesin en familie, as sou dit die verbond van die Ou Testament wees.

Die salwing van Christene word aangegee as rede vir hierdie nuwe sakramentele handeling in die Ned. Geref Kerk. Deur die salwing met olie kry lidmate nou sakramenteel deel aan dit wat hulle reeds sou wees: medegesalfdes met Christus. Hierdie sakramentele betekenis van oliesalwing gaan oor die feit dat die salwing die posisie van Christene "bevestig".

In die optrede van Naude het ons dus 'n alternatiewe teken vir die nagmaal – oliesalwing. Hoekom? Omdat hierdie salwing 'n ander mistiek bevestig as die mistiek van die nagmaal. Dit bevestig die mistieke tradisie waarin mense eenheid soek met die Heilige Gees en só deelgenote van die Gees in sy goddelikheid wil wees.

In hierdie voorbeeld blyk die toekoms van die kindernagmaal. Dit gaan net een van baie alternatiewe sakramentele middele wees waarin die kerk begelei gaan word in die

[198] Waldner, Mariechen. Moderator salf lidmate; Wil ou ritueel weer instel Rapport, 27 Januarie 2002, p. 9.

mistieke eenheid van God se Gees buite en sonder die eenheid met die mensheid van Christus in die hemel.

In die kindernagmaal is die nagmaal as teken so losgemaak van Christus, dat dit net nog een van enige middel binne die erediens gaan wees waarin lidmate hulle geestelike eenheid met mekaar in die gemeente gaan uitbeeld.

In die kindernagmaal het die Ned. Geref. Kerk gekies vir 'n leë sakrament: die nagmaal is nie meer 'n teken van ons mistieke eenheid met die mensheid van Christus nie.

Hierdie keuse was strategies. Indien die nagmaal teken van hierdie eenheid met die mensheid van Christus is – is die tekens van die nagmaal genoeg. Buite die brood en wyn is geen ander tekens meer nodig nie. Juis omdat met hierdie tekens, Christus self aangedui het dat buite ons eenheid met sy mensheid, niks anders vir die volheid van ons heil en heilservaring nodig is nie. Daarom het Christus geen ander element van die Pasga en ander Ou Testamentiese seremonies gekies om ons eenheid met Hom mee te deel nie.

Maar nou is die nagmaal nie meer deel van hierdie mistiek nie. Die nagmaal is nou deel van die mistieke eenheid van die gemeente en Gees buite die eenheid met die mensheid van Christus in die hemel. Nou kan die kerk die mistiek van die eenheid met God se Gees, sonder die mensheid van Christus, sonder die elemente van die nagmaal gaan soek.

Olie is maar net die begin van 'n nuwe simboliek wat van enige teken en seremonie in die Bybel 'n sakramentele handeling gaan maak waarin na die volheid van die eenheid met die Gees van God gesoek gaan word - buite die eenheid met mensheid van Christus in die hemel.

Vergelyk maar die vindingrykheid van hierdie nuwe sakramentele beweging wat vanuit die leegheid van die kindernagmaal opstaan:

"Terwyl die lidmate op hul knieë om die nagmaaltafel staan, beweeg die predikant van persoon tot persoon en teken met 'n mengsel van as en olie 'n kruis op elke voorkop. Met hierdie baie ou eenvoudige seremonie het die NG gemente Halfweghuis in Midrand eergisteraand op Aswoensdag die begin van die Lydenstyd gevier. Ds Erik Immelman van Halfweghuis is een van 'n groeiende aantal predikante wat die ou gebruike in die tradisionele kerkjaar ontgin om lidmate te help om meer diepgang

in hul geloof te bereik. As deel hiervan word baie gemaak van Lydenstyd as voorbereiding vir die Paasfees. Tydens Lydenstyd word lidmate gelei om hul sondigheid en sterflikheid te besef, sodat die oorwinning van Paasfees vir hulle meer sal beteken. in die Woordwyser, 'n Bybelleesprogram wat deur die NG Kerk in Oos-Transvaal opgestel is, word hieroor gesê: 'Om slegs die vreugde van Paasfees te ervaar, maar nie 'n intense periode van Lydensoordenking deur te maak nie, is om die genade goedkoop te maak.' As begin van dié lydensoordenking het Immelman volgens 'n baie ou kerklike gebruik 'n kruisie wat die vorige jaar vir Palmsondag van 'n palmblaar gevou is, by die Paaskers voor in die kerk aan die brand gesteek. Die as is in 'n bakkie met olie gemeng. Tydens die diens het hy onder meer Ps 103:8-18 gelees wat oor die verganklikheid van die mens handel. Ses keer het die gemeente geantwoord: 'Die Here weet dat ons stof is.' Voordat die nagmaal bedien is, het hy lidmate genooi om vorentoe te kom om die askruis te ontvang. Die mense het voor die kansel om die nagmaaltafel gaan kniel terwyl hy met die as - 'n kruis op hul voorkop geteken het. Immelman het ook kortliks gepraat oor Christene se vas tydens die Lydenstyd. Mense kan vas van byvoorbeeld vleis en lekkers, van TV-kyk of van iets anders waaraan jy gewoond is. 'Jou klein lyding om nie tjoklits te eet nie, laat jou dink aan die groot lyding van Jesus Christus,' het hy gesê."[199]

Hier kry 'n gesekulariseerde vorm van vas nou ook 'n sakramentele betekenis. In jou klein lyding, dink jy aan die groot lyding van Christus. Dit wat ons moet ervaar in die gebruik van die nagmaal – om aan die lyding van Christus herinner te word, ervaar lidmate nou as hulle hulle van luukshede weerhou soos lekkers en TV-kyk. Die lidmaat se eie lyding herinner hom aan Christus, nie meer die nagmaal nie. Hier het die gesekulariseerde lyding van lidmate die mistieke eenheid met God geword.

Hierdie is nou 'n mistiek buite Christus en buite die nagmaal in die gewone gesekulariseerde lewe. Hier word nie die erediens nie, maar die hele gewone lewe van lidmate gesakramentaliseer. Van hierdie gesakramentaliseerde lewe is olie nou die sigbare teken.

### 2.3 **Van ampsdraers tot geestelike bemiddelaars.**

Dit is belangrik om daarop te let dat die gelykstelling van die nagmaal met omtrent enige ander simbool as teken van die geestelike mistiek van die gemeente met God, deel is van die verslag wat weer seremoniële kleredrag vir predikante wil instel.

Die sinode van Noord Transvaal het op grond van die seremoniële betekenis van kleure die volgende besluite geneem:

"3.7.2.1 Die sinode beveel die dra van stolas wat in kleur en simbool gepaard gaan met die kleursimboliek van die kerklike jaar vir liturge aan. ... 3.7.2.3 Die sinode beveel die albe as basiskleed aan om vrywillig saam met die stolas gedra te word."[200]

---

[199] Jackson, Neels. Los die tjoklits en oordenk Sy lyding; Ou gebruike van as, olie ontgin vir geloofversterking Beeld, 15 Februarie 2002, p. 12
[200] Handelinge, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Simboliese Liturgiese Kleredrag, 2001, p.259

Die amp waarin predikante staan, word in die Nederlandse geloofsbelydenis artikel 30 genoem die amp om die Woord en sakrament te bedien:

"Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm." [201]

Die bediening van die Woord en die bediening van die sakramente is die verkondiging en verseëling van Jesus Christus. Die verkondiging van Christus is nie 'n seremoniële handeling nie. Dit is die gesagvolle aankondiging van wie Jesus Christus is. Hy is die Here wat ons deur die gawe van die Heilige Gees wat Hy en die Vader ons skenk inlyf in sy mensheid in die hemel.

Hiermee saam gaan 'n nuwe rol wat aan die ampte toegeken word wat Louw al geformuleer het: "Hy is steeds die Gasheer, die Uitdeler[49)] van die gawes. Die Here word wel verteenwoordig deur die ampte. Namens Hom deel hulle die offervoedsel uit, maar Sy plek is aan die hoof van die tafel. So gesien kan ons wel praat van die wonder, die verborgenheid, die misterie van Christus teenwoordig by die nagmaal. Maar dan kry die brood en die wyn ook weer hulle regte plek."[202]

Omdat dit nie meer Christus is wat sy eie mensheid in die nagmaal meedeel nie, word dit die mense in ampte van die gemeente wat die offervoedsel, die brood en wyn uitdeel. Christus in sy mensheid word nie meer deur die brood en wyn meegedeel nie, maar deur mense in die ampte verteenwoordig. In sy afwesige mensheid is dit die mense wat in die ampte optree wat nou Christus in die erediens verteenwoordig.

In die erediens kry lidmate deel aan die gemeente as die liggaam van Christus en hierdie liggaam word verteenwoordig deur die ampte. Die ampte is nou poste wat die eenheid tussen die Gees van God en die gemeente uitbeeld of verteenwoordig. Hierin lê die nuwe seremoniële betekenis van die amp: dit wys op die eenheid tussen God en gemeente. In die seremonies van die gemeente en sy ampsdraes word die eenheid met God se Gees sigbaar

Omdat hierdie poste uitdrukking van hierdie eenheid is, kan dit nou ook met die nuwe sakramentele betekenis van klere en kleure in die erediens uitgebeeld word.

---

[201] Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983 p. 124

[202] Louw, J. D., Die plek van die kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973, p.41

Waar ons eenheid met Christus deur die Gees met sy mensheid in die hemel is, kan daar geen seremoniële waarde aan die ampte gegee word nie. Dit is nie posisies waarin die afwesigheid van Christus as mens verteenwoordig word deur alternatiewe mense nie. Dit is poste vir die bediening van die Woord oor Christus in sy eenheid met ons en die verseëling van hierdie eenheid deur die sakramente.

Daarom die betekenisvolle naamsverandering van bedienaar van die Woord na "liturg": die voorganger in die seremonies en simbole van ons eenheid met God. In sy nuwe seremoniële drag gaan die liturg die gemeente in sy misterieuse ontmoeting met God in die simbole van die gemeente se eenheid met God voor.

2.4 **Van gemeentemaal tot enkelingdis**.
Die oënskynlik mees teenstrydige besluit oor die nagmaal, na die hele voorhou van die nagmaal as 'n gemeentemaal, waarin almal, ook kinders, betrek moet word, is die besluit van die sinode van Noord Transvaal oor die sogenaamde "wydingsnagmaal":

3.5.2 WYDINGSNAGMAAL (EUCHARISTIE) goedgekeur soos gewysig: 3.5.2.1 Die sinode beveel aan dat hierdie liturgie as eksperiment binne gemeentes gebruik kan word."[203]

Hierdie sogenaamde wydingsnagmaal is niks anders as die persoonlike gebruik van die nagmaal sonder die teenwoordigheid van die mede-lidmate, sonder die deelname van mede-lidmate, buite 'n erediens en sonder Woordbediening nie.

Dit was vir die sinode soos volg gemotiveer:

" Daar is dikwels die behoefte by gelowiges om hulle verhouding en omgang met die Here op 'n persoonlike en intieme vlak te beleef. Die nagmaal is nog altyd so 'n geleentheid omdat elkeen persoonlik die elemente van die sakrament neem en dit gebruik. Om hierdie perspektief op die Nagmaal,nl dat dit ook 'n persoonlike deelname aan en viering van die dood van ons Here Jesus is, verder uit te bou kan daar by geleentheid, bv. met die Hemelvaart die Nagmaal op 'n ander wyse as normaalweg gevier word. Die fokus by hierdie geleentheid val dan op stilword voor die Here, afsondering, toewyding en persoonlike belewing.'n Geleentheid word gereël waar die kerkgebou vir 'n tydperk van byv. twee ure oop is, vroegoggend of vroegaand. Die tafel met die elemente staan op die liturgiese ruimte, reeds voorberei. 'n Leraar is die hele tyd by die tafel aan diens om die elemente aan die nagmaalsgangers uit te deel. 'n Blaadjie word vooraf voorberei wat die nagmaalsgangers by die deure ontvang en wat hulle deur 'n proses van stilword, selfondersoek en verootmoediging neem tot die gebruik van die Nagmaal.(Sien voorbeeld hierby) Die nagmaalgangers kom dan op hulle eie tyd binne die tydperk in die kerkgebou aan, neem hulle blaadjies, werk daardeur en gebruik die Nagmaal en vertrek weer op hulle eie tyd. Alles geskied in stilte met gewyde atmosfeer. Die gewyde atmosfeer kan versterk word deur die hele tyd sagte musiek te speel. Dit kan gedoen word by wyse van CD's met gewyde musiek of deur orrelspel, dalk afgewissel met liedere gesing deur die kantory."[204]

---

[203] Handelinge, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Wydingsnagmaal (Eucharistie), 2001, p.259

[204] Agenda, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Bylae E Eucharistie, Pretoria 2001, 116 p.113

Hierdie persoonlike en intieme vlak van belewenis van lidmate se verhouding en omgang met die Here word in die blaadjie met die volgende twee aksente toegelig:

"Die Nagmaal gee aan jou die geleentheid om sigbaar en tasbaar die dood van ons Here Jesus te herdenk. Deur die Nagmaal wil die Heilige Gees jou opnuut verseker hoe lief die Here jou het. Hy wil jou ook verseker van jou verlossing en vryspraak. Hierdie geleentheid is anders as die gewone Nagmaal in dié sin dat jy in 'n baie persoonlike en intieme atmosfeer met die Here kan omgaan. ... Stel jouself in op die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Geniet die musiek en atmosfeer – laat dit jou help om te fokus op die troonkamer van die verrese Heiland."[205]

Is hierdie "wydingsnagmaal" teenstrydig met die hele opvatting wat die Ned. Geref. Kerk dat die kindernagmaal 'n gemeente- en gesinmaal is?

Dit is nie.

Hierdie nagmaalsviering het albei die twee hoofpunte van die Zwingliaanse nagmaalsopvatting: dit gaan om die herinnering aan die dood van die Here en die gemeenskap met die Heilige Gees. Wat hier ontbreek is die erediens, die Woordbediening en die gemeenskaplike nagmaalsgebruik met gemeentelede.

Die sinode van Oos Transvaal het reeds die kern van die kindernagmaal blootgelê toe hulle besluit het dat die nagmaal binne-in selgroepe buite die erediens gebruik mag word.

Binne hierdie Zwingliaanse nagmaalsopvatting het die gemeente die eenheid met die liggaam van die Here in die hemel vervang. Maar wat is die kern van die gemeente? Die kern van die gemeente is net soos dit hier verwoord is: die persoonlike en intieme belewenis van die lidmaat se omgang en verhouding met God, waar die lidmaat Homself in die teenwoordigeheid van die Heilge Gees stel en fokus op die troonkamer van God.

Die mens se persoonlike en intieme omgang en verhouding met die Gees van God het die plek en werking van die mens se eenheid met die mensheid van Christus in die hemel vervang. In sy persoonlike omgang met die Gees van God, nie meer in sy eenheid met die mensheid van die Here nie, word sy hart omhoog verhef.

---

205 Agenda, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Bylae E Eucharistie, Pretoria 2001, 116

Dit blyk uit die sinode van Noord Transvaal se alternatief op die betekenis van die mensheid van die Here in die hemel: om ons harte tot God in die hemel te verhef. In die sinode van Noord Transvaal se wydingsnagmaal is dit die musiek en atmosfeer in 'n leë kerkgebou met al sy brandende kerse, veelvoudige simbole en die stille teenwoordigheid van 'n semonieel geklede liturg wat jou laat fokus op die troonkamer van die verrese Heiland. Die simboliek binne 'n leë kerkgebou het nou dieselfde waarde as die eenheid met die mensheid van die Here in die hemel: dit verhef jou hart omhoog, dit bring afsondering en toewyding aan die Here Jesus Christus.

Die hart van die sogenaamde kinder- of gesinsnagmaal is die lidmaat se persoonlike en intieme omgang met die Gees van God sonder die eenheid met die mensheid van Christus.

Die keuse of hierdie persoonlike verhouding met God in die erediens, buite die erediens, met Woordbediening, sonder Woordbediening, in selgroepe met kinders, in selgroepe sonder kinders, in leë kerkgeboue sonder lidmate en met kerkgeboue vol lidmate in die nagmaal ervaar word – is net 'n persoonlike voorkeur en aksent volgens die behoefte van die lidmaat. Binne hierdie geestelike omgang met God in sy Gees buite die eenheid met die mensheid van Christus, is dit gewoon net 'n saak van voorkeur en smaak: van spiritualiteit. Hierdie sake het nie meer wesenlike waarde vir die nagmaal waar die lidmaat een met die Gees van God is en Christus net 'n herinnering aan 'n kruis is nie.

Die instel van die sogenaamde kinder- of gesinsnagmaal het die spiritualiteit waarin die mens een is met die Gees van God, buite die teenwoordige mensheid van Christus, die hart van die Ned. Geref. Kerk se geloof gemaak.

Met hierdie soort spiritualiteit is die Ned. Geref. Kerk se nagmaal, en daardeur sy gemeentes, oop vir enige mistieke tradisie wat die eenheid met God in sy goddelikheid en nie in sy teenwoordige mensheid soek nie.

Daarom kan die Ned. Geref. Kerk die Neo-Rooms Katolieke tradisies soos kerse, klokke, oliesalwings, simbolies geklede voorgangers en nagmaalsgebruik buite die erediens en Woordverkondiging, kritiekloos aanvaar as net nog 'n variasie van sy eie spiritualiteit.

## VIII SAMEVATTING

In die Ned. Geref. Kerk se keuse om kinders met 'n eenvoudige belydenis, dat hulle in Jesus Christus glo, tot die nagmaal toe te laat, het die Ned. Geref. Kerk 'n keuse gemaak oor wie Jesus Christus as Here in die nagmaal is.

Die kerk het gekies dat Hy as Here mens was en nou deur sy teenwoordigheid as God in die nagmaal bevestig dat ons nou deel het aan die heilsweldade van sy lyding en sterwe as mens in die verlede.

Die teenwoordige mensheid van die persoon van die Here as die inhoud en saak wat die tekens van die nagmaal verseël, is in die aanvoering van die kindernagmaal in sy geheel in elke deel van die kerk se teologiese besinning, se eksegetiese motivering en se geregtelike besluite afwesig.

Hierdie keuse wat die Ned. Geref. Kerk geneem het in die besluite oor die kinders se gebruik van die nagmaal, oor wie die Here in die nagmaal is, is nie vanweë nuwe teologiese insig oor die persoon van die Here Jesus Christus of ons gemeenskap met Hom nie.

Hierdie keuse van die Ned. Geref. Kerk is 'n keuse vir die Zwingliaanse opvatting oor die gemeenskap met Jesus Christus as Here en daarom ook 'n keuse vir die nagmaalopvatting van Zwingli.

Hierdie keuse is ook nie verantwoord deur nuwe eksegetiese insigte in die Skrif of nuwe teologiese insigte oor die inhoud, die betekenis en plek van die nagmaal nie. Die Ned. Geref. Kerk het gewoon net die ou Zwingliaanse oortuigings opgediep, dit self as nuut gevind en as nuut verklaar. Die ou eksegetiese uitleg van die nagmaaltekste van Zwingli is as nuut verklaar, deurdat nuwere kommentare wie se uitleg met die van Zwingli ooreenkom, gekies is as sou dit nuwe en daarom beter insig in die betekenis van die Bybel wees as dié van Gereformeerde oortuiging.

In die keuse van 'n nagmaalopvatting waarin daar net geloof in die historiese dade van Christus is, sonder 'n lewende gemeenskap met sy teenwoordige mensheid as

persoon, het die pleitbesorgers van kinders se deelname aan die nagmaal 'n nagmaalbeoefening gevind waarin kinders tereg kan deelneem.

Van kinders word nie meer verwag, net soos met die volwasse lidmate, om met die tekens die teenwoordige menswees van die Here te ontvang en op te neem as die bron van alle heilsweldade nie.

Om net die feit dat jy glo, met die teken van die nagmaal te verklaar, sonder om die geloofsgemeenskap met die teenwoordige menswees van die Here in die nagmaal op te neem, is iets wat kinders kan doen.

Hierdie saak was só dringend vir die voorstanders van kinders se gebruik van die nagmaal, dat hulle 'n nagmaalopvatting gekies het wat in die Gereformeerde belydenisse oor wie Christus in die nagmaal is, verwerp het.

Die effek van hierdie keuse is dat die Ned. Geref. Kerk homself deur sinodale besluite van die Gereformeerde belydenis oor die nagmaal, en die Gereformeerde gebruik van die nagmaal, losgemaak het en homself aan die Zwingliaanse opvatting oor die nagmaal verbind het.

Hierdie Zwingliaanse nagmaalsopvatting waarvoor die Ned. Geref. Kerk gekies het, word in sy eie belydenisskrifte verwerp. Die Ned. Geref. Kerk het nou 'n nagmaalopvatting en - beoefening, sowel as 'n belydenis oor wie die teenwoordige Here in die nagmaal is, wat in stryd is met sy eie belydenisskrifte.

Hierdie keuse vir die Zwingliaanse nagmaalopvatting, teenoor die opvatting van Calvyn en die Gereformeerde belydenisse, is gedoen alhoewel hierdie keuse onder die aandag van die Ned. Geref. Kerk gebring was.

Met reg kan gevra word hoekom die Ned. Geref. Kerk hierdie keuse vir die Zwingliaanse nagmaalopvatting ten koste van die Gereformeerde nagmaalopvatting in die keuse vir die kindernagmaal kon maak, sonder dat hierdie keuse teenoor sy eie belydenisse op enige manier verantwoord is.

Die antwoord hiervoor lê nie allereers in die Ned. Geref. Kerk se keuse vir of teen kinders se gebruik van die nagmaal nie. Dit is geleë in die Ned. Geref. Kerk se geleefde geloof in die Here Jesus Christus. Die nagmaalopvatting bepaal nie die geloof nie, die geloof bepaal die nagmaalopvatting.

Die waarskynlikste rede hiervoor is die dualistiese vroomheid van waarskynlik die meerderheid van die Ned. Geref. Kerk se lidmate en predikante. Dit is die tipe vroomheid waarin jy Jesus aanneem deur te glo in dit wat Hy in die verlede aan die kruis gedoen het, sonder enige gemeenskap met Hom in sy teenwoordige mensheid. Dit is die tipe vroomheid waarin jy dan as 'n tweede geestelike ervaring, naas jou geloof in die gekruisigde Here, die Heilige Gees se gemeenskap ontvang.

In hierdie dualistiese vroomheid van die verkryging van Jesus se heilsverdienste in die verlede en daarna die ervaring van die gemeenskap met God in sy Gees in die hede, is daar geen gemeenskap met die teenwoordige mensheid van die Here nie. Hierdie geloofsgemeenskap met die Here in sy teenwoordige menswees ontbreek.

In die keuse om kinders met 'n sogenaamde eenvoudige belydenis tot die nagmaal toe te laat, het die geleefde geloof in en toewyding aan God van die lidmate van die Ned. Geref. Kerk, soos dit deur die evangeliebediening van die Ned. Geref. Kerk in hulle gevorm is, homself in die nagmaalviering van die Gereformeerde Kerke gewreek.

Dit is waarom dit dalk ook nie toevallig is dat die aanvoering vir die instelling van die kindernagmaal so sterk uit die Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk gekom het nie. Dit is juis uit hierdie Jeugkommissie dat hierdie tipe vroomheid deur die Jeug-tot-Jeug-aksie vasgelê is as 'n vaste kerklike bediening.

Die algehele afwesigheid van die teenwoordige menswees van die Here as die betekende saak in die nagmaal, in al die teologiese en eksegetiese besinning van die Ned. Geref. Kerk oor die kindernagmaal, wys op 'n onkunde binne die Ned. Geref. Kerk wat só diepgaande is, dat daar gewoon net nie meer 'n bewussyn is van die wesenlike verskil tussen die nagmaalsopvatting van Zwingli en Calvyn nie, ook nie van die diepgaande geestelike implikasies van hierdie verskille vir die geloofslewe van die kerk nie.

Dit is uit hierdie onkunde oor die eie inhoud van die Gereformeerde belydenis oor die teenwoordige mensheid van die Here in die nagmaal, dat die Ned. Geref. Kerk die keuse vir die Zwingliaanse nagmaalsbeskouing in die kindernagmaal gemaak het én nou voorhou as die Gereformeerde nagmaalsopvatting en die nagmaalsopvatting van Calvyn self.

Die ingrypendste gevolg van hierdie keuse van die Ned. Geref. Kerk vir die oortuigings van Zwingli gaan oor die nuwe plek en waarde van die gemeente in die nagmaal: die gemeente as sosiale - en geloofsgemeenskap neem die plek en waarde van die teenwoordige menswees van die Here in.

Dit is duidelik uit die wyse waarop die aanvoerders van die kindernagmaal 1 Korintiërs 11 vers 29 die eksegetiese en teologiese sleutel gemaak het vir die betekenis van al die nagmaaltekste in die Skrif, sowel as vir die teologiese verstaan van die nagmaal in sy geheel.

Vir hulle gevoel het hulle in 1 Korintiërs 11 vers 29 'n teks gevind waarin die sosiale - en geloofsgemeensaamheid in die gemeente die maatstaf vir die regte viering van die nagmaal is.

Hierdie "nuwe" eksegetiese ontdekking is geen nuutheid nie: dit is net die vooropgesette en konsekwente Zwingliaanse verstaan van die nagmaal.

Die gemeente in sy sosiale – en geloofsgemeensaamheid verdring die teenwoordige mensheid van die Here as betekende saak nie net in die nagmaal nie, maar in elke vers van die Bybel. Met hierdie nuwe nagmaalopvatting is daar geen Skrifgedeelte waarin die teenwoordige menswees van die Here meer die betekende saak in die nagmaal kan wees nie. Die gemeente het hierdie betekenis van die persoon van die Here in die Skrifverstaan vervang.

Vanuit hierdie Zwingliaanse Skrifverstaan as die "nuwe" Bybelse gronde is die teenwoordige menswees van die Here vervang met die onderlinge gemeensaamheid

van lidmate in die gemeente as die inhoud en bekende saak in die nagmaal wat deelname aan die nagmaal kwalifiseer.

Dit blyk uit elke handleiding waarin kinders begelei word tot deelname aan die nagmaal. Om vir deelname te kwalifiseer word hulle nie net deur 'n eenvoudige belydenis oor Jesus se kruisdood getoets nie. Hulle moet weet dat hulle lidmate van die gemeente is, hulle moet as kinders seker maak van hulle ingesteldheid teenoor mede-lidmate en hulle moet hierdie gemeensaamheid in gesinsverband of selgroepverband beleef om te kwalifiseer vir deelname. Maar geloof in en gemeenskap met die teenwoordige menswees van die Here as persoon in die nagmaal is in sy geheel afwesig as kwalifisering vir deelname aan die nagmaal.

Die gemeenskap met die teenwoordige menswees van die Here as persoon in die nagmaal, is die versterkende werking van die sakrament. Ons eenheid met sy gekruisigde en verheerlikte liggaam is die bron en versterking van ons geloof, nie die elemente van brood en wyn nie. Sonder hierdie gemeenskap met die teenwoordige menswees van die Here as persoon in die nagmaal is die elemente van die nagmaal, brood en wyn, sonder enige versterkende werking.

Die Ned. Geref. Kerk het die teenwoordige menswees van die persoon van die Here as die inhoud en betekende saak van die nagmaal laat verval deur sy keuse vir 'n Zwingliaanse nagmaalsopvatting. Maar steeds word aan die elemente van die nagmaal en die gebruik van die nagmaal 'n versterkende werking toegeskryf, sonder gemeenskap met die teenwoordige menswees van die Here.

Waarin lê die versterkende werking van die elemente as dit nie in die teenwoordige menswees van die Here geleë is nie? Dit kan nie binne die nagmaalsopvatting waarvoor die Ned. Geref. Kerk gekies het anders wees, as dat dit binne die gemeensaamheid van die gemeente met mekaar as gesinne of klein geloofgroepies lê nie. Die gemeensaamheid en deelgenootskap van gelowiges met mekaar vervang die versterkende werking van die gemeenskap met die teenwoordige mensheid van die Here in die nagmaal.

Dit is waarskynlik die aksent wat die voorstanders van die kindernagmaal lê op dit wat hulle die verbond noem. Hulle het in die verbond 'n alternatiewe gemeenskap en deelgenootskap gekry waarvan die nagmaal as versterking dien: die verbondsgemeenskap van gelowiges met mekaar. Dit is hulle alternatief op dit wat in hulle bewussyn en geloofsgemeenskap totaal afwesig is: die teenwoordige menswees van die Here in en deur die nagmaal as versterking van die geloof.

Ook hierin is die Ned. Geref. Kerk se keuse konsekwent Zwingliaans en niks nuuts nie. Die versterking van die geloof by Zwingli lê in die gemeenskaplike verklaring van geloof deur die gemeente met die teken van die nagmaal. Die versterking van die geloof lê nie in die ontvang van en deelname aan die teenwoordige menswees van die Here in die tekens van die nagmaal nie.

Daar is identiteit tussen die teenwoordige menswees van die Here en die elemente van die nagmaal. Hierdie identiteit is tussen Christus se menswees en die sintuiglike van die elemente van die nagmaal. Die uitbeelding van die elemente is ons eenheid met die menswees van die Here. Die uitbeelding van die elemente van die nagmaal is nooit die Godheid of die goddelike nie. Die Godheid van die Here en die goddelike van die Here kan nie verbeeld word nie, ook nie deur die tekens van die sakramente nie.

Hierdie identiteit tussen die elemente en die teenwoordige menswees van die Here het in die nuwe nagmaalsopvatting van die Ned. Geref. Kerk verval. Hierdie verlies het die hele wêreld van bygeloof nou 'n wesenlike moontlikheid binne in die nagmaal gemaak.

Waar die elemente se identiteit met die teenwoordige menswees van die Here verval het, kan die elemente van die nagmaal nou uitbeeldings van God se genade, liefde en goedheid word. Die elemente kan God se genade sintuiglik maak. Dit is totaal iets anders as die sintuiglike uitbeelding van die teenwoordige menswees van die Here. Die sintuiglike belewing van God se genade en liefde as sulks, buite die eenheid met die mensheid van die Here is in sy wese 'n saak van bygeloof: God word in die goddelike – sy genade en liefde - deur stoflike middele sintuiglik beleef!

Die identiteit tussen die elemente van die sakramente en die teenwoordige menswees van die Here is ook die rede hoekom die twee sakramente genoegsaam is. In die doop word die inlywing in die teenwoordige menswees van die Here verseël en in die nagmaal word die geloofsgemeenskap met die Here in sy teenwoordige menswees opgeneem.

Deur die teenwoordige menswees van die Here as die betekende saak in die nagmaal, en daarmee saam ook in die doop, te laat verval, en aan die gemeensaamheid van lidmate in die verbond en gemeente hierdie waarde van die teenwoordige menswees van die Here te gee, is die genoegsaamheid van die twee sakramente ook aangetas.

Die sosiale gemeensaamheid van die gemeente kom nie net tot uitdrukking in die doop en nagmaal nie, maar in elke teken waarin die gemeente homself as gemeente uitdruk.

Die krag en die werking van die teenwoordige mensheid van die Here – dat Hy só ons geestelike voedsel en drank is, is nou oorgedra op die gemeente: sy ampte, sy lidmate, sy eredienste en selfs sy liturgiese handelinge, ordes en voorwerpe. Dit is die wese van die nuwe seremonies in die Ned. Geref. Kerk, wat deur die instelling van die kinder-of gesinsnagmaal aan die orde gestel is: dat die krag en werking van die teenwoordige mensheid van Christus, buite Christus, in die gemeente gesoek gaan word.

In die plek van die afwesige Christus moet die kerk homself nou verdiep in medegelowiges se verhouding as medegemeentelede. Saam met lidmate as 'n nuwe mistieke liggaam, moet lidmate hulleself nou verdiep in die mistieke belewenis van God in olies, kerse, klokke, heilige geboue met mistieke simbole en 'n mistieke atmosfeer waarin seremoniële figure hulle in hulle mistieke eenheid met God voorgaan. Hierin vind hulle nou die voedsel en drank vir hulle geestelike lewe: hierin beleef hulle diepgang, omgang, versterking en versekering in God, nie meer in die mensheid van die Here wat die Heilige Gees meedeel nie.

Die sakramente van die doop en nagmaal is net nie meer genoeg om die eenheid van die gemeente met God tot uitdrukking te bring nie.

In die kindernagmaal het die Ned Geref. Kerk gekies vir 'n Zwingliaanse nagmaalsopvatting wat pas by die geleefde geloof van die kerk.

Die motivering dat hierdie verskuiwing gegrond sou wees in die verbond van God en dat die nagmaal as gesin gevier moes word, sodat die kinders daardeur hulle regmatige plek sou moes kry, is direk na die besluite oor die kindernagmaal deur die besluite oor nuwe nagmaalsvieringe as 'n innerlik - teenstrydige motivering uitgewys.

Of lidmate hierdie geloofsgemeenskap met God in sy Gees - buite die eenheid met sy mensheid - individueel, in vriendegroepe, in groepies van geesgenote, in gesinne of in die gemeente sal vier - is 'n saak van persoonlike voorkeur, oftewel soos die kerk dit noem: spiritualiteit. Dit is nie nou nie, en was ook nie met die instelling van die kindernagmaal werklik 'n beginselsaak dat die nagmaal spesifiek net in gesinsverband gevier moet word nie.

Die werklike keuse was vir 'n Zwingliaanse oortuiging teenoor die Calvinistiese oortuiging oor ons eenheid met Christus binne-in die nagmaal. Dit was die geloofskeuse wat ingesluit was in die keuse of kinders die nagmaal kan gebruik of nie.

Die verskuiwing van 'n Calvinistiese na 'n Zwingliaanse nagmaalsoortuiging was nodig omdat die geloof in Christus só ontledig van die teenwoordige mensheid van die Here is, dat 'n teken nodig was wat by hierdie ontlediging kon pas.

Die Ned. Geref. Kerk het nou 'n innerlike teenstrydigheid tussen die eenheid met Christus wat hy nou in sy nagmaal vier en die eenheid met Christus soos hy dit in sy belydenisskrifte bely.

Lidmate sal egter nooit meer hierdie teenstrydigheid bewustelik beleef nie. Die dualistiese geloof in hulle eie harte, van 'n Here wat mens in die verlede was, maar met wie hulle nou as God een in die Gees is, laat hierdie teenstrydigheid gewoon net by hulle verbygaan.

Die teenstrydigheid tussen hulle geleefde eenheid met die Here en die eenheid wat hulle in die belydenisskrifte hoor, sal ook by hulle verbygaan. Die Ned.Geref. Kerk het 'n dualisme van 'n kinderlike geloof vir die nagmaal en 'n verstaansgeloof vir die moeilike leer van die Ned. Geref. Kerk vir hullè opgerig in 'n dubbele geloofsbelydenis: een geloofsbelydenis om as kind die nagmaal te gebruik en 'n ander geloofsbelydenis om as ouderling en diaken te mag dien, nadat jy die moeilike leer van die kerk geleer het.

In hierdie dubbele geloofsbelydenis is die eenheid met die mensheid van Christus vir hulle verlore as 'n onverstaanbare intellektuele leerstelling. Dit is nie meer vir hulle 'n geleefde gemeenskap met die Here in die nagmaal deur die Heilige Gees nie – nie vir volwassenes nie, ook nie vir kinders nie.

Dit is iets wat ook nie werklik vir volwassenes se gemeenskap met die Here Jesus Christus nodig is nie. Hierdie eenheid is net 'n moeilike leerstuk waarin 'n mens geleer word om in die ampte van die kerk te dien. Volwassenes én kinders leef met 'n geloof sonder die eenheid met die Here in sy teenwoordige mensheid.

Hierdie eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus gaan in hierdie dualisme van 'n klein belydenis en 'n groot belydenis gewoon vir volwassenes en kinders verlore raak: die eenheid met die teenwoordige mensheid van Christus sal nog net as die intellektuele verstaan van 'n nuwe geleefde eenheid met die Gees van God, waarin daar geen eenheid met die teenwoordige mensheid van Jesus Christus nodig is nie, in stand gehou word.

In die keuse vir 'n Zwingliaanse nagmaalservaring, met die onderbou van die Ned. Geref. Kerk se geestelikheid, is die geloofsgemeenskap met die teenwoordige mensheid van Christus vir die Ned. Geref. Kerk se geloofservaring verlore.

Dit is verlore vir die geloofservaring van kinders én hulle ouers wat nou saam die nagmaal as 'n gemeente-ete nuttig en in mekaar dít wat hulle in Christus verloor het moet probeer terugvind.

## BRONNELYS

Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae A6-1 Kinders aan die nagmaaltafel, Pretoria, 1998.

Agenda, Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Beskrywingspunt oor kindernagmaal B.12.2, (Kriel, P.J.) Pretoria 1997.

Agenda, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Bylae E Eucharistie, Pretoria 2001.

Agenda, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Bylae G Simboliese Liturgiese Kleredrag, Pretoria 2001.

Agenda, Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Bylae 15.3 Beswaar van die sinode van Noord Kaap, Pretoria, 2002.

Barger, H.H., Thelemann's, O. De Heidelbegshe Categismus Utrecht: Kemink & Zoon, 1914.

Bavinck, H. Gereformeerde Dogmatiek Vierde deel. Kampen: J.H. Kok, 1976.

Bavinck, H. Kennis en Leven Opstellen en artikelen uit vroegere jaren. Kampen: J.H. Kok, 1922.

Balke, W. De Avondsleer van Zwingli in Bij Brood en Beker redakteurs van W. 'T Spijker, W.Balke, K. Exalto, L. Van Driel. Goudriaan: De Groot, 1980.

Botha E, Dressel L, Els H, Muller J, Muller L, Roux d, van Heerden O & van Rooyen MG. Handboek vir die Kategeet Graad 4-4 (Blou rondte) Bloemfontein: N.G. Kerk-Jeugboekhandel, 2000.

Bybel. Johannes Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1998.

Bybel. 1 Korintiërs Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1998.

Calvin, J. Commentry on the Epistels of Paul the apostle to the Corinthians [Translated from the original Latin, and collated with the author's French version by John Pringle] vol I Grand rapids: Eerdmans, 1948.

Calvijn, J. Korte verhandeling over her Heilig avondmaal van onze Here Jezus Christus vertaal deur A.J. Dam, Opbouw reeks no. 1.

Calvin, J. Short Treatise on the Holy Supper of Our Lord Jesus Christ in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 redakteurs J. Baille, J.T. McNeil, H.P. van Dusen. London: SCM Press, 1954.

Calvin, J. Articles concerning the organization of the Church and worship at Geneva. in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 redakteurs J. Baille, J.T. McNeil, H.P. van Dusen. London: SCM Press, 1954.

Calvin, J. The clear explanation of sound doctrine concerning the true partaking of the flesh and blood of Christ in the holy Supper in Calvin: Theological Treatises redakteur Reid, J.K.S. in The Library of Christian Classics Vol 22 redakteurs J. Baille, J.T. McNeil, H.P. van Dusen. London: SCM Press, 1954.

Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdiens Vol IV Vertaal deur prof. Dr.H.W. Simpson, Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992.

Calvyn, J. Die kategismus van die kerk in Genéve Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson, Silverton: Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 1981.

Cochrane, A.C. Reformed Confessions of the 16th Century London: SCM Press, 1966.

Clasen, F.J. Die Kinderkommunie Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989.

Dankbaar, W.F. De Sacramentsleer van Calvijn Amsterdam: H.J Paris, 1941.

De Graaf, W. De Herkomst van onze Belijdenisgeschriften Utrecht: B.V. Uitgeverij "De Banier" [s.a.]

De Greef, W. The Writings of John Calvin An Introductory Translator Lyle D. Bierma, Grand Rapids: Baker Books, 1993.

Fee, G.D. The First Epistle to the Corinthians Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing co., 1987.

Gereformeerde Sondagskoolkommissie van die Ned. Geref. Kerke van S.A. Die Katkisasieboek Sewende druk Bloemfontein: Die Sondagskoolboekhandel, 1956.

Gerrish, B.A. Grace and Gratitue Minneapolis: Fortress press, 1992.

Handelinge , Ned.Geref.Kerk, Algemene Sinode, Besluite register, Pretoria, 1998.

Handelinge , Ned. Geref.Kerk., Noord Transvaal Sinode, Ad-hoc Kinderkommunie:Tweede verslag, (Müller J.C. en Botha W.J.) Pretoria 1997.

Handelinge, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Wydingsnagmaal (Eucharistie), 2001.

Handelinge, Ned. Geref. Kerk, Sinode van Noord Transvaal, Simboliese Liturgiese Kleredrag, 2001.

Hendriks, J. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van Gemeentevernuwing Goodwood 1992.

Hays, R.B. First Corinthians Interpretation a Bibel Commentary for Teaching and Preaching. Louisville: John Knox Press, 1997.

Hofius, O. Für euch gegeben zur Vergebung der Sünden. Zeitschrift für Theologie und Kirche Bd. 95, 1998.

Jackson, Neels. Los die tjoklits en oordenk Sy lyding; Ou gebruike van as, olie ontgin vir geloofversterking Beeld, 15 Februarie 2002, p. 12.

Jacobs, P. Theologie Reformierten Bekenntnisschriften in Grundzügen Neukirchen: Neukirchen verlag, 1959.

Kommissie vir die erediens. Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery, 1983.

Kriel, P.J. Voorlegging aan die subkommissie van die sinode van Noord Transvaal oor kinderkommunie. Ongepubliseerde studiestuk voorgelê aan die ad-hoc kommissie van die sinode van Noord Transvaal vir verslag aan die sinode van Noord Transvaal van 1997, 1997.

Kriel, P.J. Twee-in-een: Die ware en valse kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Levubu: Perskor drukkerye, 1995.

Lochner, G.W. Huldrych Zwingli in Neuer Scicht Stuttgart: Zwingli verlag Zürich, 1969.

Louw, J. D., Die plek vandie kind aan die verbondsdis. Ongepubliseerde BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973.

Nagy, B. Das Bekenntnis in der Tschechoslowakei in Glauben und Bekennen Vierhundert Jahre Confessio Helvetica posterior redakteur J. Staedtke, Zürich: Zwingli verlag, 1966.

Niesel, W. Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort Reformierten Kirche Zürich: Theologische Buchhandlung, 1985.

McLelland, J.C. Die Sakramentslehre in Glauben und Bekennen Vierhundert Jahre Confessio Helvetica posterior redakteur J. Staedtke, Zürich: Zwingli verlag, 1966.

Mohn, G. Jean Calvin Christliche Unterweisung Der Genfer Katechismus von 1537 Gütterslöh: Gütersloher verlagshaus, 1978.

Orr, W., Walther, J.A. I Corinthians: a New Translation The Anchor Bible . New York: Doubleday, 1976.

Polman, A.D.R. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: Verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden deel 4 Franeker: T. Wever, [1951?]

Prins, R. Brood en wyn vir groot en klein Ouers en kinders saam aan die nagmaaltafel Wellington: Boland Drukpers, 1999.

Schaff, P. The Creeds of Christendom, with a History and Critical Notes Vol 1 New York: Harper and Brothers, 1881.

Schaff, P. The Creeds of Christendom, with a History and Critical Notes Vol 1 New York: Harper and Brothers, 1881.

Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol 1 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978.

Ursinus, Z. Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus vol 2 herskryf in hedendaagse Nederlands deur J. Van der Haar, Dordrecht: J.P.van den Tol, 1978.

van Dijk, R. Mens en Medemens Een inleiding tot de algemene sociologie, Wageningen: N.V. Zomer en Keunigs Uitgevers, [s.a.]

Vos, C. Saam aan tafel. Kaapstad: Lux Verbi, 1999.

Waldner, Mariechen. Moderator salf lidmate; Wil ou ritueel weer instel Rapport, 27 Januarie 2002.

Wolff, C. Der erste Brief des Paulus an die Korinther Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt, 1982.

Zwingli, H. An Exposition of the faith in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics Philadelphia: The Westminister Press, 1953.

Zwingli, H. On the Lord's Supper in Zwingli and Bullinger redakteur Bromiley, G.W. in The Library of Christian classics Philadelphia: The Westminister Press, 1953.